

'N SOSIOLINGUISTIESE ANALISE VAN

REHOBOTH-AFRIKAANS

deur

SUSARA MAGDALENA ROUX

Verhandeling voorgelê ter nakoming  
van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in

Afrikaans-Nederlands

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Studieleier: Prof. H.G.W. du Plessis

Potchefstroom

Junie 1988

ABSTRACT

A SOCIOLINGUISTIC ANALYSIS OF REHOBOTH AFRIKAANS

In the first chapter of this study variation linguistics has been investigated. The Sociolinguistics has also been examined closely.

We have concentrated in particular on the methodology that follows such a sociolinguistic study, namely the selection of the language community, the compiling of data, the identification of the language variant, data processing and data interpretation.

Besides Standard Afrikaans, three varieties of Afrikaans can be distinguished, namely Orange River Afrikaans, Eastern Boundary Afrikaans and Cape Afrikaans.

Reference has also been made to a few variation studies in Afrikaans which have a bearing on this study.

In the second chapter the view that Rehoboth Afrikaans is a sub-variety of the Orange River Afrikaans has been held. To illustrate this point Rehoboth Afrikaans has been compared with Griqua Afrikaans (also a sub-variety of the Orange River Afrikaans) as well as with Standard Afrikaans, and, on the following levels of analysis: syntactical, morphological and lexical. After the similarities and differences between Rehoboth Afrikaans, Griqua Afrikaans and Standard Afrikaans have been demonstrated the formulated hypothesis is verified.

In the third chapter we have claimed that non-linguistic variables (sex, age and level of education) have an influence on the speech of the Rehoboth Baster.

We have come to the conclusion that sex certainly plays a role in the speech of the Rehoboth Baster. The speech of the men resembles Standard Afrikaans more closely whilst that of the women bears a closer resemblance to Rehoboth Afrikaans.

The view that age also influences the speech of the Rehoboth Baster is also held. The speech of the different age groups (0-15 years, 16-25 years, 26-40 years, 41-60 years and 61 years and older) is brought under scrutiny. Rehoboth Afrikaans is mostly used by those in the 61 years and older age group whilst it is used to an ever-decreasing degree as the age level drops.

The following levels of education have also been closely scrutinized: primary school education, high school education and tertiary education. It has been held that the speech of the group with a primary school education closely resembles Rehoboth Afrikaans, those with a high school education use Rehoboth Afrikaans less frequently whilst the speech of those in possession of a tertiary education resemble Rehoboth Afrikaans least of all.

The hypothesis that the non-linguistic variables have an influence on the speech of the Rehoboth Baster is subsequently verified.

An important observation with regard to Rehoboth Afrikaans has been made, namely that Rehoboth Afrikaans is in the process of dying out with the older generation.

DANKBETUIGING

Hiermee betuig ek my opregte dank aan:

- Prof. H.G.W. du Plessis, my studieleier, vir sy bekwame leiding, aanmoediging en vriendelike inspirasie.
- Die Baster-leerlinge van Concordia-Kollege wat my aanvanklike inspirasie was om hierdie studie te onderneem.
- Al die Rehoboth-Basters wat my altyd vriendelik in hul huise ontvang het en entoesiasties meegedoen het aan hierdie studieprojek.
- Mev. Babs Mouton wat my aan al die segsmense voorgestel het. Sonder haar hulp sou hierdie studie beswaarlik moontlik gewees het.
- Maureen Rainey wat die ABSTRACT versorg het.
- Eldé Beukes vir die verskaffing van die SWA-kaart.
- Mnr. Van Zyl van die Kantoor van die Landmeter-Generaal, Windhoek vir al sy moeite om die jongste kaarte van Rehoboth-Gebiet en Rehoboth-dorp aan my beskikbaar te stel.
- Riaan vir al sy ondersteuning, aanmoediging en liefde.

---oOo---

Geldelike bystand gelewer deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie publikasie uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing toegeskryf word nie.

INHOUDSOPGAWE

|                                                                                     |     |
|-------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| HOOFSTUK 1: VARIASIETAALKUNDE .....                                                 | 1   |
| 1.1 'n Oorsig oor die Variasietaalkunde .....                                       | 1   |
| 1.2 Afrikaanse studies in die Variasietaalkunde .....                               | 30  |
| 1.3 Konteks van hierdie studie .....                                                | 48  |
| 1.4 Hipoteses .....                                                                 | 59  |
| 1.5 Inventaris .....                                                                | 60  |
| HOOFSTUK 2: REHOBOTH-AFRIKAANS AS SUBVARIËTEIT VAN ORANJERIVIER-<br>AFRIKAANS ..... | 67  |
| 2.1 Doelstelling .....                                                              | 67  |
| 2.2 'n Uiteensetting van GA .....                                                   | 67  |
| 2.3 Ooreenkomste en verskille tussen RBA en GA .....                                | 71  |
| 2.4 Slot .....                                                                      | 110 |
| HOOFSTUK 3: 'N SOSIOLINGUISTIESE ANALISE VAN REHOBOTH-AFRIKAANS                     | 111 |
| 3.1 Inleiding .....                                                                 | 111 |
| 3.2 Die nie-talige veranderlike: Geslag .....                                       | 113 |
| 3.3 Die nie-talige veranderlike: Ouderdom .....                                     | 140 |
| 3.4 Die nie-talige veranderlike: Vlak van opleiding .....                           | 181 |
| 3.5 Slot .....                                                                      | 218 |
| HOOFSTUK 4: FINALE GEVOLGTREKKINGS .....                                            | 219 |
| BYLAE A: Kaart van SA .....                                                         | 223 |

## INHOUDSOPGAWE (vervolg)

|                                                           |     |
|-----------------------------------------------------------|-----|
| BYLAE B: Kaart van Rehoboth-Gebiet .....                  | 224 |
| BYLAE C: Kaart van Rehoboth-dorp .....                    | 225 |
| BYLAE D: Vraelys .....                                    | 226 |
| BYLAE E: Resultate van vraelys .....                      | 231 |
| BYLAE F: Transkripsies van onderhoude met segsmense ..... | 236 |
| 1. Ouma Catharina van Wyk Matroos .....                   | 236 |
| 2. Ouma Polina van Wyk .....                              | 244 |
| 3. Mev. Sofia Beukes .....                                | 252 |
| 4. Mev. Lottie Volkwyn .....                              | 260 |
| 5. Mev. Sara Abrahams .....                               | 269 |
| BIBLIOGRAFIE .....                                        | 277 |

## HOOFSTUK 1

### VARIASIETAALKUNDE

#### 1.1 'N OORSIG OOR DIE VARIASIETAALKUNDE

Wanneer daar oor die Variasietaalkunde besin word, is dit duidelik dat dit om variasie in taal gaan. In hierdie studie val die soeklig op variasie binne een bepaalde taal.

Labov het in 1981 (xiii) die mening uitgespreek dat daar 'n groeiende besef is dat die basiskennis van die linguistiek in die algemene omgangstaal van die sprekers van 'n betrokke taal gesoek moet word.

Ons kan van die standpunt uitgaan dat die variasie in 'n taal ondersoek moet word ten einde die werklike taalgebruik te beskryf. Taal is 'n sosiale verskynsel, wat as 'n realiteit gesien word waaraan variasie inherent is. Daarom moet daar ondersoek ingestel word na die verband tussen die verskillende linguistiese variante aan die een kant en die sosiale faktore aan die ander kant. Linguistiese en nie-linguistiese elemente word dus in 'n variasiestudie gekombineer.

##### 1.1.1 TAAL EN DIALEK

Dit is belangrik om die verskil tussen TAAL en DIALEK te beskryf, alvorens verdere ondersoek na die Variasietaalkunde kan plaasvind.

Soos dit uit die onderskeie bronne blyk, is dit geen maklike taak om tussen die begrippe TAAL en DIALEK te onderskei nie.

Dit blyk dat die term DIALEK in die omgangstaal vir geografiese dialek gebruik word. Die meeste mense beskou egter so 'n dialek as 'n swak taalvorm wat, as dit met die standaardtaal vergelyk word, deur onopgevoedes gepraat word. Odendal (1984: 265) wys egter daarop dat dit 'n foutiewe opvatting is. Dialekte is meestal ouer, gevestigder vorme as die standaardtaal.

Daar kan onderskei word tussen geografiese dialekte en sosiale dialekte. Grense tussen gebiede waar verskillende streeksdialekte gepraat word, kom soms ooreen met natuurlike grense, soos bergreekse en riviere. In baie taalgemeenskappe bestaan daar 'n groot sosiale afstand tussen mense van verskillende sosio-ekonomiese klasse. As gevolg van die sosio-ekonomiese verskille praat hierdie groepe dan ook verskillende variëteite van dieselfde taal. Hierdie variëteite word dan sosiale dialekte genoem.

Halliday (1970: 144-145) definieer die term DIALEK soos volg: "Each speaker has learnt a particular variety of the language of his language community, and this variety may differ at any or all levels from other varieties of the same language learnt by other speakers. Such a variety, identified along this dimension, is called a DIALECT." Hy is dan ook van mening dat die streek van herkoms die dialek wat die spreker gebruik, bepaal.

In hierdie verband wys Hudson (1983: 43) daarop dat dialekte nie net geografies versprei is nie; hoofsaaklik op grond van twee redes:

1. Geografiese mobiliteit. Mense trek van een plek na 'n ander en neem hulle dialekte saam - al verander hulle dit later om by hulle nuwe omgewing aan te pas.
2. Geografie is slegs een van die faktore. Ander faktore wat 'n dialek beïnvloed is onder meer sosiale klas, geslag en ouderdom.

Ook Petyt (1980: 27) wys daarop dat alhoewel die term DIALEK gewoonlik

gebruik word om na streeksverskille binne 'n taal te verwys, dit in die afgelope tyd ook gebruik word om na die sosiale dimensie van linguistiese verskille te verwys.

De Klerk (1968: 19) is ook van mening dat daar onderskei kan word tussen geografiese dialekte en sosiale dialekte.

Chambers en Trudgill (1984: 5) meen dat die term DIALEK na variante verwys wat grammatikaal (en moontlik leksikaal) sowel as fonologies verskil van ander variante.

Aangesien variante nie bestudeer kan word sonder verwysing na die norm (standaardvorm) waarvan hulle variante sou wees nie, is 'n dialek in die algemene gebruik 'n substandaard, van lae status, en word dit algemeen geassosieer met die arbeidersklas of ander groepe wat nie prestige het nie, omdat dit gesien word as 'n soort afwyking van die norm - van die korrekte of standaardvorm van die taal (Chambers en Trudgill, 1984: 3). Hierdie interpretasie van DIALEK is egter besig om te vervaag, aangesien daar nou aanvaar word dat 'n variant nie 'n afwyking of laer vorm van 'n taal is nie, maar dat dit bloot 'n alternatiewe gelykwaardige vorm van die betrokke taal is.

Chambers en Trudgill (1984: 3) wys ook verder daarop dat DIALEK 'n term is wat dikwels op die verskillende vorme van 'n taal toegepas word, veral daardie vorme wat in meer geïsoleerde dele van die wêreld gepraat word, en wat geen geskrewe vorm het nie. Hudson (1983: 32) huldig ook die mening dat variante wat nie geskryf word nie, dialekte is.

Petyt (1980: 11) meen dat die verskil tussen taal en dialek soos volg beskryf kan word: "Forms of speech with no corresponding written form, or those used by uneducated people, are labelled dialects and contrasted with the true languages of the literate and educated." Petyt is korrek in dié sin dat dialekte nie 'n geskrewe vorm van taal is nie, maar 'n gesproke vorm. Ek stem egter nie saam met sy mening dat dit slegs deur onopgevoede mense gebruik word nie, want dialekte word nie meer beskou as 'n

laer vorm van taal nie, maar bloot as nóg 'n vorm van dieselfde taal. Ook opgevoede mense besig hulle bepaalde dialek. Petyt (1980: 11) wys ook daarop "... that dialects are the various different forms of the same language." Wanneer 'n spreker dus 'n taal gebruik, impliseer dit dat hy een van die dialekte van die betrokke taal gebruik. In hierdie verband stem Chambers en Trudgill (1984: 3) ook saam wanneer hulle sê dat dialekte gesien kan word as onderafdelings van 'n bepaalde taal.

Verskeie linguiste huldig die opvatting dat dialekte verskillende, maar WEDERSYDS VERSTAANBARE vorme van 'n taal is. Dus, as twee sprekers ten spyte van waarneembare verskille in hulle taalgebruik mekaar kan verstaan, dan besig hulle verskillende dialekte, maar as twee sprekers mekaar nie kan verstaan nie, dan besig hulle verskillende tale (Petyt, 1980: 13).

In aansluiting hierby meen Chambers en Trudgill (1984: 4) dat 'n taal 'n versameling van wedersyds verstaanbare dialekte is; terwyl ook Hudson (1983: 35) die mening huldig dat wedersydse verstaanbaarheid baie belangrik is. Hy is van mening dat as sprekers van twee verskillende variante mekaar verstaan, dan is hierdie betrokke variante deel van dieselfde taal; andersins is die betrokke variante verskillende tale.

Petyt, Hudson en Chambers en Trudgill wys egter daarop dat dit nie so eenvoudig is om tussen dialekte en tale te onderskei nie. Die beginsel van wedersydse verstaanbaarheid lewer verskeie probleme op.

Trudgill (1984: 4) verwys na die volgende probleme ten opsigte van die beginsel van wedersydse verstaanbaarheid:

1. Daar is ook TALE wat wedersyds verstaanbaar is, soos Noorweegs, Sweeds en Deens.
2. Daar is ook DIALEKTE wat NIE wedersyds verstaanbaar is nie. In Duits, byvoorbeeld, is daar dialekte wat nie wedersyds verstaanbaar is vir alle sprekers van Duits nie.

3. Nog 'n probleem is dat die beginsel van wedersydse verstaanbaarheid 'n kriterium is wat gradering toelaat. Die spreker mag dalk die hoorder nie so goed verstaan nie, terwyl die hoorder weer die spreker baie goed mag verstaan. Dit is ook waar dat byvoorbeeld baie Swede Noorweegs goed kan verstaan, maar dit is ook so dat baie Swede Noorweegs nie so goed kan verstaan nie.

4. Wedersydse verstaanbaarheid kan ook verskil ten opsigte van die rigting van die diskoers. Byvoorbeeld: Dene verstaan Noorweërs beter as wat Noorweërs Dene verstaan.

5. Wedersydse verstaanbaarheid sal ook afhang van ander faktore, soos die luisteraar se blootstelling aan die ander taal, sy opvoedingspeil en ook sy bereidwilligheid om te verstaan.

Ook Hudson (1983: 35-36) verwys in dié verband na bostaande probleme.

1. Hy het ook bevind dat variante wat ons verskillende TALE noem, wedersyds verstaanbaar kan wees; terwyl variante wat ons DIALEKTE van een taal noem, NIE wedersyds verstaanbaar is nie.

2. Hy verwys ook daarna dat wedersydse verstaanbaarheid in graad kan wissel - van volkome verstaanbaarheid tot volkome onverstaanbaarheid.

3. Hudson verwys ook na die dialekkontinuum ('n ketting van aangrensende variante) waarin die aangrensende variante wedersyds verstaanbaar is, maar variante op die onderskeie uiteindes nie wedersyds verstaanbaar is nie.

4. Hudson is ook die mening toegedaan dat wedersydse verstaanbaarheid in werklikheid nie 'n verhouding tussen variante is nie, maar tussen mense, aangesien dit hulle is, en nie die variante nie, wat mekaar verstaan. Hierdie wedersydse verstaanbaarheid hang dus van verskeie faktore af:

a. Motivering. Hierdie verstaanbaarheid is nie noodwendig wedersyds nie,

aangesien die een persoon se motivering om die ander een te verstaan dalk hoër is as dié van die ander.

b. Ondervinding. Hoeveel ondervinding het die persoon van die variant waarna hy luister? Hoe meer ondervinding (blootstelling aan die betrokke variant) hy daarvan het, hoe beter sal hy dit verstaan.

c. Dit is makliker vir 'n nie-standaardspreker om 'n standaardspreker te verstaan as andersom.

Dit blyk dus dat wedersydse verstaanbaarheid nie volkome as kriterium kan dien om tussen taal en dialek te onderskei nie.

Petyt (1980: 14) wys daarop dat indien wedersydse verstaanbaarheid nie as kriterium kan dien nie, dit vervang moet word deur 'n ander kriterium wat gebaseer word op 'n standaardtaal of op 'n geskrewe vorm van die taal wat deur al die sprekers aanvaar word. Indien twee groepe, met waarneembare verskille in hulle taalgebruik, dieselfde vorm van spraak as standaard aanvaar, of indien hulle dieselfde geskrewe vorm van die taal aanvaar, dan praat hulle verskillende dialekte eerder as verskillende tale, wat ook al die graad van wedersydse verstaanbaarheid mag wees. Die enigste voorwaarde hieraan verbonde is dat die standaardtaal of geskrewe vorm van die betrokke taal verband moet hou met die vorm van die taal wat hulle praat.

In 'n poging om die term TAAL te definieer, stel ons ondersoek in na die onderskeie definisies wat daar reeds in verband met hierdie term bestaan.

Webb (1983: 233) is van mening dat taal 'n vermoë tot kommunikasie is. Dit is dus 'n kommunikatiewe instrument wat primêr vir sosiale interaksie bestaan.

Chambers en Trudgill (1984: 5) maak die stelling: "We have to recognise that, paradoxically enough, a 'language' is not a particularly linguistic notion at all. Linguistic feature obviously come into it, but it is clear that we consider Norwegian, Swedish, Danish and German to be single languages for reasons that are as much political, geographical, historical, sociological and cultural as linguistic."

Hudson (1983: 31-32) wys daarop dat 'n taal groter is as 'n dialek. Hy sê dat 'n variant wat 'n taal genoem word meer taalitems bevat as die een wat 'n dialek genoem word. In hierdie sin kan na Engels as 'n taal verwys word - dit bevat al die dialekte (Standaardengels ingesluit). Hy wys ook daarop dat 'n taal prestige het wat 'n dialek nie het nie. Hudson kom tot die gevolgtrekking dat die enigste ware taal die standaardtaal is.

Halliday (1970: 140) glo dat 'n taal 'n versameling dialekte is wat binne die grense van 'n bepaalde land gepraat word.

De Klerk (1968: 31) wys daarop dat 'n standaardvorm van 'n taal ontstaan "waar die behoefte aan interlokale verkeer (dit wil sê buite die dialekmilieu) gevoel word en waar plaaslike verskille wedersydse verstaanbaarheid strem. So 'n gemeenskaplike taal het in die reël altyd 'n bepaalde dialek as grondslag." Hy sê dan ook dat die standaardvorm as 'n sentrale sisteem gesien kan word, aangesien dit die beste vergelykingsbasis bied.

Ook Van Rensburg (1983: 15) wys daarop dat variante nie bestudeer kan word sonder verwysing na die norm (d.w.s. die standaardtaal) waarvan hulle variante sou wees nie. Daarom is 'n standaardtaal nodig. Nie-standaardvorme is dan variante van so 'n standaardtaal.

Webb (1983: 238) stel dit dat een van die dialekte die standaardtaal vorm; die res van die dialekte vorm die substandaard. Die standaardtaal is gewoonlik die dialek van die politieke en ekonomiese maghebbers, en word deur hulle beskerm.

In hierdie verband verwys Appel (1979: 126) ook daarna dat 'n standaardvariant onder invloed van sosiaal-politiese faktore sodanig ontwikkel dat hy prestige kry en dan as die norm (standaardtaal) erken word deur die lede van 'n bepaalde gemeenskap.

In dié verband noem Odendal (1984a: 182) ook dat in elke taalgemeenskap die gebruikers van die taal bepaalde taalvorms onderskei wat hulle as navolgenswaardig beskou, wat hulle as 'n prestigevorm sien. Dit geld nie net die uitspraak nie, maar ook die grammatika. Odendal (1984a: 182) is dan ook van mening dat 'n bepaalde vorm 'n prestige-posisie op grond van nie-taalkundige redes verwerf: as die sprekers van 'n bepaalde streek of plek of van 'n bepaalde stand deur prestasies op ekonomiese, kulturele, politieke of godsdienstige gebied 'n leidende posisie verwerf en dus die groep word waarna ander groepe opsien en hulle rig, dan word ook hul bepaalde taalgebruiksvorm deur die res van die taalgemeenskap as die een met prestige, as die navolgenswaardige beskou. Odendal (1984a: 183) beskryf die standaardvorm as iets om na te streef.

Hudson (1983: 33) noem die vier prosesse waardeur 'n variant moet gaan om 'n standaardtaal te word en as sodanig erken te word:

#### 1. KEURING

Die variant moet op een of ander manier gekeur word as dié een om tot die standaardtaal ontwikkel te word.

#### 2. KODIFIKASIE

Woordeboeke en grammatikaboeke moet geskryf word om die variant vas te lê sodat almal weet watter taalvorme korrek is.

#### 3. UITBOUING VAN FUNKSIE

Dit moet moontlik wees om hierdie oekose variant in alle sfere van die samelewing te gebruik. Steyn (1980: 15) wys daarop dat taal vir baie

soorte situasies gebruik word. Ons praat met verskillende soorte mense (gesinslede, vriende, vreemdelinge, predikante, kinders, grootouers, ens.); 'n mens kan die spreker wees op 'n politieke vergadering, 'n volksfees of in die parlement; 'n mens kan navraag doen by 'n polisieman of 'n poskantoorwerker; jy lees boeke, tydskrifte, koerante, ens.; jy luister radio en kyk televisie; ensovoorts.

Op grond hiervan word daar tussen twee basiese soorte taalfunksies onderskei, nl. hoë en lae funksies. Die hoë funksies is die gebruik van taal in staatsinstellings, kerkdienste, universiteitslesings, radio en televisie. Die lae funksies (dit wil sê die geselstaal) word gebruik wanneer 'n mens grappe vertel, vloek en met vriende en familieleden gesels. Volgens Steyn (1980: 16) moet daar by die hoë funksies onderskei word tussen: (1) EKONOMIESE FUNKSIES in (a) die openbare sektor soos die staatsdiens en munisipaliteite en (b) die private sektor; (2) KULTURELE FUNKSIES soos in (a) die letterkunde, (b) massamedia, (c) godsdienst, (d) onderwys en (e) die vermaaklikheidslewe; en (3) PRAKTIESE FUNKSIES wat saamhang met die funksies onder (1). 'n Taal wat vir die staatsdiens ekonomiese funksies het, het vir die publiek praktiese waarde, bv. vir die gebruik vir telegramme, briewe aan staatsdepartemente, ens.

#### 4. AANVAARDING

Die variant moet deur die betrokke gemeenskap aanvaar word as dié variant van die gemeenskap – gewoonlik as die nasionale taal.

As die standaardtaal eers gevestig is, kan dit verpligtend raak op verskeie terreine, bv. in die hof, vir die regering, by amptelike seremonies, ens. Dit word gewoonlik ook die opvoedingsmedium (en ook die offisiële taal van die betrokke taalgemeenskap), met die gevolg dat die nie-standaarddialekte, wat in geen opsig as linguistiese sisteem minderwaardig is nie, dikwels as substandaard en onkorrek beskou word (Petyt, 1980: 12).

Van Rensburg (1983: 135) wys daarop dat die nie-standaardvorme almal van

die standaardvorm "afwyk". Nie-standaardvorme is in die reël nie geskrewe vorme nie, en kan daarom ook nie as verteenwoordigend, en algemeen, beskou word nie. Hy is egter ook van mening dat daar geen rede bestaan om aan te neem dat nie-standaardtaalvorme in enige opsig 'n "mindere" taal verteenwoordig nie.

Chambers en Trudgill (1984: 3) aanvaar ten opsigte van die standaardtaal dat dit net so veel dialek is as enige ander vorme van dieselfde taal en dat geen dialek beter is as 'n ander nie. Dit blyk dus dat 'n taal uit 'n aantal variante bestaan en dat die standaardvorm ook slegs 'n variant van die betrokke taal is.

Ook Halliday (1970: 146) is van mening dat daar geen rede bestaan om te glo dat die dialek wat gekies word as standaardtaal beter as ander dialekte is nie.

Die standaardtaal kan dus as die kommunikasievorm op hoër kulturele vlak beskou word (De Klerk, 1968: 28). Deur die aanvaarding van 'n gemeenskaplike normtaal word 'n reeks dialekte dus saangebundel in 'n taal.

Odendal (1984a: 183) en Van Rensburg (1983: 135) wys daarop dat daar drie vlakke te onderskei is wat taalstatus betref, naamlik die standaardvorm, die nie-standaardvorm en die superstandaardvorm.

Nadat ons al bogenoemde faktore in ag geneem het, kan ons nie anders as om saam te stem met Matthews nie (soos aangehaal deur Hudson, 1983: 37): "There is no real distinction to be drawn between 'language' and 'dialect' (except with reference to prestige, where it would be better to use the term 'standard language' or just 'standard', rather than just 'language')."

### 1.1.2 IDIOLEK

'n Gemeenskap bestaan uit individue en dit is belangrik om hierdie individue 'n belangrike posisie in die navorsing van taalvariasie te gee. Dit is bepaald so dat geen twee individue presies dieselfde praat nie, want die spraak van elke spreker toon sy eie unieke taaleienskappe. Hierdie taalgebruik word 'n IDIOLEK genoem. De Klerk (1968: 11) definieer 'n IDIOLEK as "die som van die spraakgewoontes van 'n individuele spreker".

Die idiolek van die individu word medebepaal deur die gemeenskap waarvan hy deel uitmaak, en die variëteit (of dialek) van die gemeenskap word gevorm deur die idiolekte van die individuele lede. 'n Variëteit (of dialek) van 'n taal, sal dus 'n versameling idiolekte insluit.

Die Variasietalkunde werk dus met die gesproke taal, met die taal van die individu. Daar is egter 'n aantal fasette wat die taalgebruik van die individu kan beïnvloed (Hudson, 1983: 12).

### 1.1.3 KODEWISSELING

Verskeie sosiale faktore kan die spreker se taalgebruik beïnvloed. Wanneer die omstandighede waaronder die gesprek plaasvind, verander of die gespreksonderwerp verander, kan die betrokke spreker verkies om 'n ander variëteit van sy taal te besig. Hierdie verandering in kode as gevolg van sosiale omstandighede word KODEWISSELING genoem (Appel, 1979: 95; Du Plessis, 1983: 52; Odendal, 1984: 274).

#### 1.1.4 STYL

Petyt (1980: 26) definieer styl as "degrees of formality". 'n Spreker het bepaalde style vir bepaalde situasies wat kan wissel van heeltemal formeel tot heeltemal informeel. Wanneer 'n persoon bv. 'n onderhoud voer sal hy 'n meer formele styl handhaaf as wanneer hy bv. sit en gesels met sy beste vriend. Die styl van 'n persoon se spraak, hang dus af van die verhouding tussen die betrokke sprekers.

#### 1.1.5 REGISTER

Halliday (1970: 141) is van mening dat elke spreker 'n aantal variante het wat hy tydens verskillende situasies kan gebruik. Dit noem hy REGISTER. Hy sê ook "Register differ primarily in form" (1970: 150).

Halliday (1970: 152-155) meen dat REGISTER onderskei kan word ten opsigte van (1) plek van gesprekvoering, (2) wyse van gesprekvoering en (3) styl van gesprekvoering.

##### 1.1.5.1 PLEK VAN GESPREKVOERING

Dit verwys na die plek waar die gesprek plaasvind (bv. 'n bespreking, 'n akademiese seminaar, die politiek, wetenskaplike registers soos Biologie en Wiskunde, ens.).

##### 1.1.5.2 WYSE VAN GESPREKVOERING

Dit verwys veral na die verskil tussen spreek- en skryftaal (bv. die

taal van koerante, advertensies, sportkommentaar, ens.).

#### 1.1.5.3 STYL VAN GESPREKVOERING

Dit verwys na die verhouding tussen die deelnemers. Daar is 'n onderskeid tussen bv. gemeensamig en formeel. Daar kom verskeie sosiaal-bepaalde verhoudings voor (bv. onderwyser en leerling, werkgewer en werknemer, ens.).

Appel (1979: 98-99) is van mening dat 'n bepaalde register dikwels 'n bepaalde styl veronderstel in taalgebruiksituasies. Die taalgebruik tydens 'n vergadering (vergaderingregister) sal gekenmerk word deur 'n betreklik formele styl.

Elke individu praat in verskeie registers. Ons kan tot die gevolgtrekking kom dat die register wat 'n bepaalde spreker gebruik, wissel na gelang die gespreksonderwerp wissel.

#### 1.1.6 FASETTE WAT DIE TAALVORM (STYL- EN REGISTERKEUSE) VAN 'N INDIVIDU BEÏNVLOED

Die volgende fasette kan 'n invloed uitoefen op die styl- en registerkeuse van sprekers (Appel, 1979: 99-109).

##### 1.1.6.1 DIE AANWESIGES

Hier speel veral die spreker en die hoorder belangrike rolle. Die sosiale afstand tussen spreker en hoorder sal 'n invloed uitoefen op die

keuse van die variëteit wat gebesig gaan word. Wanneer daar 'n groot sosiale afstand bestaan, sal die standaardvorm van die taal oor die algemeen gekies word. Geringe sosiale afstand sal lei tot die gebruik van die gewone minder informele omgangstaal (dus die betrokke variëteit).

Die toehoorders kan ook 'n rol speel in die keuse van 'n taalvorm. 'n Tandarts en sy assistent sal byvoorbeeld nie informeel met mekaar gesels as 'n pasiënt teenwoordig is nie.

#### 1.1.6.2 DIE GESPREKSONDERWERP

Linguistiese kenmerke wat dui op 'n formele styl kom meestal voor wanneer formele onderwerpe bespreek word. Die omgekeerde is ook waar.

#### 1.1.6.3 DIE VERBALE KONTEKS

Hier moet onderskeid getref word tussen die taal van die spreker en die taal van die hoorder. Die taal van die spreker is relevant vir die keuse van die taalvorm in dié sin dat die keuse aan die begin van die gesprek gemaak word en is grotendeels bepalend ten opsigte van latere keuses.

#### 1.1.6.4 PLEK

Die plek van die gesprekvoering kan oor die algemeen die kodekeuse beïnvloed (bv. die onderskeid tussen stad en platteland).

#### 1.1.6.5 STANDVERSKILLE

"Dat die laer sosiale klasse hulle deur die eeue en vandag nog rig na die taalgebruik van die toonaangewende klas, is 'n aanvaarde feit. Die verskille in taalgebruik wat met standverskille saamhang kan in bepaalde gemeenskappe 'n uiters belangrike rol speel: 'n man met die "verkeerde" uitspraak word onmiddellik gestigmatiseer en as minderwaardig beskou; sekere hoë poste sal ook vir hom geslote bly." (Odendal, 1984: 270-271)

#### 1.1.6.6. GESLAG

Volgens Appel (1979: 136-137) het GESLAG in Westerse taalgemeenskappe nie 'n groot invloed op taalvariasie nie. Daar word dikwels aangeneem dat vrouens langer vashou aan die ou taalnorme en nie juis deelneem aan taalverandering nie. Aan die ander kant is dit waar dat vrouens uit die arbeidersklas meer neig tot die gebruik van die prestige-vorme van die standaardtaal. Appel is egter van mening dat geslagsverskille in taalgebruik in 'n groot mate besig is om te verdwyn.

#### 1.1.6.7 OUERDOM

Variasie ten opsigte van ouderdom hoef nie noodwendig te beteken dat die taal verander nie. Die ouer mense praat nou eenmaal anders as die jongmense. Die individu se ouderdomsgroep (vriendekring) speel 'n groot rol in die vorming van taalgewoontes by individue (Appel, 1979: 136).

### 1.1.7 DIE METODOLOGIE VAN DIE VARIASIETAALKUNDE

Hudson (1983: 144) onderskei vyf fases in die variasietaalkundige ondersoek:

- 1.1.7.1 Seleksie van informante, die omstandighede en taalvariante
- 1.1.7.2 Versameling van data
- 1.1.7.3 Identifisering van die taalvariante en hulle variasies in die tekste
- 1.1.7.4 Verwerking van die gegewens
- 1.1.7.5 Interpretasie van die resultate

#### 1.1.7.1 SELEKSIE VAN INFORMANTE, DIE OMSTANDIGHEDE EN TAALVARIANTE

Voordat die navorser die informante kan selekteer, moet die betrokke taalgemeenskap waaroor hy sy navorsing wil doen, eers afgebaken word.

Daar bestaan verskeie definisies van 'n TAALGEMEENSKAP.

Halliday (1970: 140) meen dat 'n taalgemeenskap 'n groep mense is wat glo dat hulle dieselfde taal gebruik.

Labov (1981: 158) wys daarop dat daar nie sonder meer aanvaar kan word dat 'n TAALGEMEENSKAP 'n groep sprekers is wat almal dieselfde taalvorme gebruik nie. Hy sê: "it is best defined as a group who share the same norms in regard to language".

Ook Odendal (1984: 264) is van mening dat 'n TAALGEMEENSKAP 'n versameling mense is wat dieselfde norme het in die waardering van taalvorme.

Du Plessis (1983: 50) glo dat 'n taalgemeenskap geïdentifiseer word op grond van die bestaan van 'n gemeenskaplik-erkende variant en die gebruik

daarvan deur 'n sekere aantal sprekers en dat die grootte van die spraak-gemeenskap hoegenaamd nie ter sake is nie.

Nadat die taalgemeenskap afgebaken is, moet die navorser sekere besluite neem wat in 'n mate bepaal word deur sy hipoteses omtrent die verwagte resultate.

Die navorser gaan byvoorbeeld uit van die hipotese dat mans en vrouens in 'n bepaalde taalgemeenskap verskil in hulle gebruik van 'n bepaalde stel taalvariante; en dat ouer en jonger lede van dieselfde taalgemeenskap ook ten opsigte van bogenoemde verskil.

Om hierdie hipotese te toets, is informante nodig wat al vier kombinasies van ouderdom en geslag verteenwoordig, maar daar moet ook seker gemaak word dat geen ander faktore die resultate beïnvloed nie. As al die mans byvoorbeeld handarbeiders is en die vrouens professionele kantoorwerkers, kan die taalverskille tussen hulle as gevolg van óf hulle werk óf hulle geslag wees en geen definitiewe gevolgtrekking sal dus gemaak kan word nie. Daar moet ook gepoog word om die spraakopnames sover as moontlik onder dieselfde omstandighede te maak (Hudson, 1983: 144).

Daar is geen voorskrifte ten opsigte van die aantal informante wat gebruik moet word nie, maar Chambers en Trudgill (1984: 59) wys daarop dat die aantal informante tussen vyf en twintig en 'n paar honderd kan wissel, afhangende van die grootte van die navorsingsgebied en die spesifieke doel van die ondersoek. Labov (1981: 204) huldig dieselfde mening: "It does not require the statistical analysis of hundreds of speakers' records as linguists traditionally feared. On the contrary, we find that the basic patterns of class stratification, for example, emerge from samples as small as 15 speakers. Regular arrays of stylistic and social stratifications emerge even when our individual cells contain as few as five speakers and we have no more than five or ten instances

of the given variable of each speaker."

Die wyse waarop informante geselekteer moet word, word deur Chambers en Trudgill (1984: 57) soos volg beskryf: "Individuals are selected at random from the total population in such a way that all members of the community have an equal chance of selection, in order that the speakers investigated should be representative of the entire population."

In hierdie verband wys Schuring (1983: 301) ook daarop dat die informante wat geselekteer word, die hele taalgemeenskap so goed as moontlik moet verteenwoordig.

Dit is ook belangrik dat die informante wat genader word, bereid sal wees om aan die navorsingsprojek deel te neem (Hudson, 1983: 145).

#### 1.1.7.2 VERSAMELING VAN DATA

Omdat die variasietaalkundige sy bevindinge op die interpretasie van data baseer, kan die Variasietaalkunde nie sonder 'n databasis beoefen word nie. Op grond van die versamelde data kan die variasietaalkundige uitsprake oor besonderhede van die voorkoms - en afwesigheid - van taalvariante in die taalgebruik maak. Die uitsprake berus onder andere op sy benaderingswyse en op die aard van sy data. Daar bestaan nie 'n spesiale metode waarvolgens die ontsluiting van die data móét plaasvind nie (Van Rensburg, 1983: 9).

Die informante moet bereid wees om in hulle huise onderhoude met die navorser of veldwerker te voer en dat hierdie onderhoude op band opgeneem kan word (Hudson, 1983: 145). Hulle moet ook bereid wees om bv. 'n tweede of selfs meer here met die navorser te gesels, aangesien dit (vir die navorser) nodig mag wees om meer as een keer met dieselfde informant te gesels om om die sy data te kontroleer.

Labov (1981:208-209) identifiseer vyf metodologiese aksiomas wat aanleiding gee tot die waarnemersparadoks. Die vyf metodologiese aksiomas is:

#### 1. STYLVERSKUIWING

Daar is nie sprekers wat slegs een styl gebruik nie. Elke spreker verwissel van styl as die sosiale omstandighede en gespreksonderwerp verander.

#### 2. AANDAG

Styl wissel na gelang van die aandag wat 'n spreker aan sy spraak gee. Hoe meer die informant sy eie spraak monitor, hoe nie-spontaner sal sy taalgebruik wees.

#### 3. DIE ONGANGSTAAL

Die omgangstaal is die vorm van spraak wat plaasvind wanneer die informant sy taalgebruik die minste monitor. Die waarneming van die omgangstaal gee die mees sistematiese data wat nodig is vir die analise van linguistiese strukture.

#### 4. FORMALITEIT

'n Sistematiese waarneming van 'n informant veronderstel 'n formele situasie. Hoe formeler die omstandighede is, hoe formeler gaan die informant se taalgebruik wees en hoe verder weg gaan dit dus van die omgangstaal af wees.

#### 5. GOEIE DATA

Dit is belangrik om goeie data te verkry en Labov (1981: 209) wys daarop dat "No matter what other methods may be used to obtain samples of speech (group sessions, anonymous observation) the only way to obtain sufficient good data on speech of any one person is through an

individual, tape-recorded interview: that is through the most obvious kind of systematic observation".

Hierdie probleme bring ons dan uit by Labov se sogenaamde waarnemersparadoks: "The aim of linguistic research in the community must be to find out how people talk when they are not systematically observed, yet we can only obtain these data by systematic observation" (Labov, 1981: 209).

Die doelstelling met goeie dataversameling is dan die uitskakeling van die waarnemersparadoks. Die probleme wat aanleiding gee tot die waarnemersparadoks is egter nie onoorkomelik nie.

#### DIE OPNAME

Die navorser moet in die eerste plek seker maak dat hy 'n goeie bandopnemer gebruik. Die opnames moet van goeie tegniese kwaliteit wees anders sal die verwerking van die opnames aansienlik bemoeilik word. Die verhouding tussen navorser en informant moet van so 'n aard wees dat die informant vertroue in die navorser het en dus so ontspanne moontlik aan die onderhoude kan deelneem.

Die bandopnemer self kan egter 'n struikelblok wees in 'n poging om die informante se natuurlike taalgebruik vas te lê. Wanneer die informante heeltyd bewus is van die bandopnemer, kan hulle neig om baie formele taal te gebruik. Om hierdie probleem te oorbrug moet die navorser poog om die informant se aandag af te lei van sy taalgebruik en van die feit dat 'n bandopname van die gesprek gemaak word (Chambers en Trudgill, 1984: 59). Daar is verskeie tegnieke om hierdie doel te bereik. Die informant kan emosioneel by die gesprek betrek word deur vrae te vra soos Labov se bekende "Danger of Death"-vraag: "Have you ever been in a situation where you were in serious danger of being killed?" (Labov, 1981: 209). Wanneer 'n informant emosioneel betrek word, kan spontane taal verwag word. Labov (1981: 66) sê dan ook "Spontaneous speech refers to a pattern used in excited, emotionally charged speech when the

constraints of a formal situation are overridden".

Informante kan ook versoek word om oor alledaagse onderwerpe te gesels, soos hul kinderjare, hul familie, 'n staaltjie uit hul jeug, 'n humoristiese voorval, 'n sportsoort waarin hulle intens belangstel, of om ou kinderrympies op te sê, ens. (Van de Rhee, 1981: 418; Labov, 1981: 91).

In dié verband wys Trudgill (1984: 70) daarop dat indien die navorser informele spraak by die informant wil aanmoedig, hy die informant moet aanmoedig om redelik lank oor sake wat hom direk raak, te praat. 'n Meer formele styl sal verkry word indien die informant baie aandag gee aan die manier waarop hy praat en as hy gevra sou word om 'n prosaleesstuk voor te lees. Indien die informant gevra word om 'n woordelys te lees, sal die mees formele styl verkry word.

#### DIE VRAELYS

Dit blyk dat die noukeurige opstel van die vraelys van die uiterste belang is, aangesien die onderhoude binne die riglyne van 'n vraelys gevoer behoort te word.

'n Voordeel van die vraelys is dat dit die insameling van vergelykbare data verseker. Dit kan ook as 'n goeie kontrolemiddel dien; veral waar die eerste onderhoude wat gevoer is, gerig was op die informele.

Dit is ook belangrik om van 'n vraelys gebruik te maak om sodoende te verseker dat die onderhoudtyd nie gemors word op irrelevante materiaal nie (Francis, 1983: 52).

Francis (1983: 52-53) wys daarop dat die vraelys deur vyf fases gaan. Ná elke fase word moeilike of ontoepaslike vrae gewysig of weggelaat; nuwe vrae word bygevoeg of die volgorde van die materiaal word gewysig. Hy wys ook daarop dat geen vraelys ooit perfek is nie, omdat elke onderhoud 'n multjie is, omdat 'n mens met 'n nuwe informant werk - elke onderhoud wys op nuwe foute in die vraelys. Die vraelys kan egter nie na elke

onderhoud verander word nie, aangesien die sistematiek verlore kan gaan. Die navorser moet op 'n punt besluit dat sy vraelys reg is en dan daarna nie meer veranderinge daarop aanbring nie. (Vergelyk ook in dié verband Du Plessis, 1987a: 45).

Elke vraelys behoort die volgende algemene kenmerke te bevat:

1. Dit moet so 'n geskakeerde en tipiese keuse as moontlik van linguistiese eienaardighede van die variëteit ontlok.
2. Dit moet die kulturele omstandighede van die betrokke taalgemeenskap deeglik in ag neem.
3. Dit moet sowel die spontane reaksie van die antwoorde as die vergelykbaarheid daarvan waarborg.

Die inhoud van die vraelys moet volgens Francis (1983: 57-58) die volgende vier items insluit:

1. Genoeg gewone en algemene woorde wat die fonemiese inventaris en die belangrikste fonetiese reëls wat die navorser verwag, illustreer. Vir hierdie doel sal daar gewoonlik kort, eensillabige woordjies in die lys ingesluit word. Hy noem dat vir 'n volledige fonologiese inventaris selfs soveel as 'n duisend woorde benodig mag word, maar praktiese oorwegings soos tyd en koste moet egter in ag geneem word.
2. Dit moet heelwat leksikale items uit die kernwoordeskat bevat, bv. die selfstandige naamwoorde vir die liggaamsdele, die dae van die week, telwoorde, artikels wat in die huis gebruik word, ens.; die werkwoorde wat algemene handeling beskryf; en byvoeglike naamwoorde vir grootte, vorm, kleur, temperatuur, ens.
3. 'n Aantal leksikale items wat meer gespesialiseer in die besondere gemeenskap gebruik word, bv. vissersterme in 'n vissersgemeenskap, boer-

deryterme in 'n landbougemeenskap en mynterme in 'n myngemeenskap.

4. Items wat morfologiese variante as deel van die variëteit illustreer. Materiaal vir hierdie afdeling moet baie sorgvuldig gekies en voorberei word.

Du Plessis (1987a: 46) voeg 'n vyfde item by:

5. Konstruksie wat die verwagte sintaktiese variasie vertoon.

Die inhoud van die vraelys hang af van die doelstelling van die ondersoek.

Die gebruik van die vraelys kan ook DIREK of INDIREK wees (Du Plessis, 1987a: 46). In direkte vrae is die antwoord self aanwesig, bv.: "Hoe spreek jy twintig uit?"

By indirekte vrae wys die navorser bv. 'n prentjie van iets en vra vir die informant wat die bepaalde objek genoem word.

Die direkte vrae word nie meer in Variasietaalkunde gebruik nie.

Die gebruik van die vraelys kan ook FORMEEL of INFORMEEL wees. By die informele vraelys word die vrae nie vooraf formeel aan die veldwerkers voorsien nie, maar slegs die strekking daarvan. By die formele vraelys word die vrae reeds geformuleer en aan die veldwerker voorsien.

Die indirekte en informele vraelys duur langer as die direkte vraelys en indirekte vrae lei ook dikwels net tot een styl in die respons.

Daar kan ses vraagvorme onderskei word (vgl. Francis, 1983: 62-65 en Du Plessis, 1987a: 47):

1. BENOEMINGSVRAE

Die informant moet 'n objek wat in die situasie aanwesig is, benoem, bv. "Wat word hierdie (wys na objek) genoem?"

2. BENOEMINGSVRAE DEUR DEFINISIE

Bv. "Wat sê julle vir die insek wat heuning maak?"

3. BETEKENISVRAE

Die informant moet 'n betekenisomskrywing van 'n woord gee, bv. "Wat bedoel julle met kantien?"

4. VOLTOOIIVRAE

Die informant moet die onvoltooide vraag voltooi, bv. "n Man wat skape oppas, is 'n ....."

5. VERTELVRAE

Die vraag moet so gevra word dat 'n eenwoord-antwoord nie moontlik is nie, bv. "Hoe maak 'n mens as jy klere wil maak?" Die "Danger of Death"-vraag kan ook hier gevra word.

6. VERTALINGSVRAE

Die informant word gevra om 'n bepaalde woord of frase in sy eie variëteit te vertaal.

Daar is ook ses verskillende taalgebruikstyle geïsoleer wat die navorser kan help by die opstel van 'n vraelys (Klopper, 1993: 87):

1. VERDUIDELIKEND

Die informante word gevra om te verduidelik hoe hulle oor hulle kinders se vordering op skool voel; hoe 'n mens die een of ander gebak voorberei; hoe 'n mens klere maak, ens.

2. BESKRYWEND

Die informant word versoek om 'n reeks prente te beskryf.

3. INFORMEEL

Die informant word versoek om te vertel van 'n keer toe hy in lewensgevaar verkeer het; 'n besoek aan die tandarts; 'n keer toe hy groot geskrik het; 'n humoristiese insident wat hy beleef het.

4. PROSALEESSTUK

Die informant word versoek om 'n prosaleesstuk voor te lees.

5. WOORDELYS

Die informant word versoek om 'n woordelys voor te lees.

6. SPONTANE TAALGEBRUIK

Die informant word versoek om spontaan (gewoonweg) te praat.

1.1.7.3 IDENTIFISERING VAN TAALVARIANTE EN HULLE VARIASIES IN DIE TEKSTE

Hudson (1985: 145-146) meen dat die navorser in hierdie fase die minste probleme sal ondervind, aangesien hy reeds weet watter variante

onderskei moet word en hy dus net op die betrokke variante hoef te konsentreer.

Tog is daar 'n groot mate van subjektiwiteit betrokke by die luister en uitken van fonetiese variasies en onderskeie navorsers kan verskillende analyses maak van dieselfde teks, selfs al is hulle almal hoogsopgeleide fonetici.

Dit mag ook nodig wees om inligting ten opsigte van die nie-linguistiese omstandighede waarin elke variant gebruik is aan te teken, aangesien dit dikwels die keuse van 'n variant beïnvloed. Dit is slegs moontlik indien daar reeds 'n duidelike hipotese bestaan oor watter aspekte van die betrokke omstandighede relevant vir die studie is. Dit mag ook moeilik wees om te besluit watter woorde en konstruksies as voorbeelde van dieselfde variant beskou moet word.

#### 1.1.7.4 VERWERKING VAN DIE GEGEWENS

Die eerste stap by die verwerking van die gegewens is dat die bandopnames van die gesprekke wat gemaak is, getranskribeer moet word. Slegs wanneer 'n suiwer fonetiese of fonologiese analise gemaak word, is dit nodig om fonetiese transkripsies te maak. Indien analyses van die ander vlakke (woord-, morfeem- of sinsvlak) gemaak word, is fonetiese transkripsies nie nodig nie. Die gesprekke word dan in gewone ortografie oorgeskryf.

Hudson (1983: 146-147) wys daarop dat die verwerking van die gegewens die tel van die aantal geïdentifiseerde voorkomste van elke variant in elke teks insluit, asook om die gegewens van die onderskeie tekste met mekaar te vergelyk.

Die eerste stap is om al die gegewens na 'n persentasie te verwerk, omdat dit 'n vergelyking soveel makliker maak.

Die volgende stap is om vas te stel watter verskille tussen die tekste betekenisvol is. Omdat die antwoord gewoonlik nie so voor die hand liggend is nie, kan die navorser van statistiese toetse gebruik maak.

Dit skep ook probleme, aangesien daar baie verskillende statistiese toetse is en die navorser moet seker maak dat hy die regte toets gebruik vir sy besondere doel.

Dit is belangrik dat die navorser die gebruiksfrekwensie (Frekwensie-indekse (FI)) van die betrokke variante moet bepaal. Die FI van variante, soos dit voorkom in verskillende style, kan op die volgende wyse bereken word:

0 word telkens toegeken wanneer 'n gestigmatiseerde variant gebruik word, 1 wanneer 'n semi-gestigmatiseerde en 2 wanneer 'n hoëstatusvariant gebruik word. Daarna word die gebruiksfrekwensie per styl volgens die volgende formule uitgewerk:

$$\frac{\text{somtotaal van aantal nulle, eens en twees}}{\text{totale aantal kere wat die foneem voorkom}} \times \frac{100}{1} = \text{FI}$$

$$000120012210000112022 = \frac{17}{21} \times \frac{100}{1} = 81$$

Die FI kan egter ook op die volgende wyse bereken word:

$$\frac{\text{aantal kere wat variant voorkom}}{\text{aantal kere wat variant en norm voorkom}} \times \frac{100}{1} = \text{FI}$$

Die FI op sigself is nie van veel waarde indien dit nie verder geïnterpreteer word binne die totale konteks van die ondersoek nie.

#### 1.1.7.5 INTERPRETASIE VAN DIE RESULTATE

Die interpretasie van die resultate is in sekere opsigte die moeilikste fase, want die bevindings moet, binne die struktuur van taal en sy verhouding tot die gemeenskap en individue, in 'n algemene teoretiese raamwerk geplaas word (Hudson, 1983: 147).

Die sukses van hierdie fase berus nie net op die korrekte metodologie in al die vorige fases nie, maar ook op 'n toereikende algemene teoretiese raamwerk. So 'n teorie is op die oomblik nog besig om ontwikkel te word (Hudson, 1983: 147).

#### 1.1.8 DIE VARIASIEANALISE

Die variasietaalkundige kan die analise van die taalgebruik van 'n bepaalde taalgemeenskap op verskillende vlakke doen. De Klerk (1972: 224-237) wys uit dat die taalverskille op vier vlakke voorkom.

##### 1.1.8.1 TAALVERSKILLE OP KLANKVLAK

Taalverskille kan bloot op die vlak van uitspraak voorkom - taalgemeenskappe spreek dieselfde woorde net op verskillende maniere uit. De Klerk (1972: 224-229) bespreek 'n hele aantal voorbeelde van klankverskille.

#### 1.1.8.2 GRAMMATIESE VERSKILLE

Grammatiese verskille kom op twee sub-vlakke voor:

- a. Morfologiese verskille
- b. Sintaktiese verskille.

De Klerk (1972: 229-234) toon 'n hele aantal interessante voorbeelde van grammatiese verskille aan.

#### 1.1.8.3 LOGOTAKTIESE VERSKILLE

De Klerk (1972: 234) wys daarop dat "hoewel daar geen grammatiese weerstand teen 'n sekere aanbod bestaan nie, dit kan gebeur dat die konvensie vereis dat 'n sekere saakaanbod in een sisteem anders gemaak word as in 'n ander. Verskille op hierdie vlak is nogal talryk:

Waar die AB-spreker sê  
           die koppie staan op die rak  
 word aan die Weskus dikwels gehoor:  
           die koppie sit op die rak."

Deesdae maak hierdie logotaktiese verskille deel uit van die grammatiese of leksikale verskille.

#### 1.1.8.4 LEKSIKALE VERSKILLE

De Klerk (1972: 234) is van mening dat die opvallendste en omvangrykste verskille in Afrikaans binne die leksikon aangetref word. Hier onderskei

De Klerk (1972: 235-237) ook twee sub-vlakke:

- a. Woorde met 'n geografies-bepaalde gebruik
- b. Semantiese opposisies.

## 1.2 AFRIKAANSE STUDIES IN DIE VARIASITAALKUNDE

### 1.2.1 OUER STUDIES

In Suid-Afrika het A.N.E. Changuion reeds in 1844 'n taalgeografiese werk die lig laat sien ten opsigte van Afrikaans, nl. "De Nederduitsche taal in Zuid-Afrika". In 1844 laat blyk N. Mansvelt dat hy bewus is van dialektiese verskeidenheid in Afrikaans in sy publikasie "Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon". Nog publikasies in dié verband verskyn gedurende die daaropvolgende jare, nl. "Beitrage zur Geschichte der Cap-Holländischen Sprache" deur W.J. Viljoen in 1896; "How to speak Dutch" deur W.S. Logeman in 1896; "Di Patriotwoordeboek" in 1902 en "Beschrijvende Klankleer van het Afrikaansch" deur T.H. le Roux in 1910.

Vir 'n vollediger oorsig oor die ouer studies kan die werk van Coetzee (1951) geraadpleeg word.

Vanaf 1925 kry ons eers werklik publikasies wat spesifiek gerig is op die Variasietalkunde in Afrikaans. Om hierdie rede word slegs die werke van Von Wielligh, Rademeyer en Louw hieronder bespreek.

1.2.1.1 G.R. VON WIELLIGH: "ONS GESELSTAAL. 'N OORSIG VAN GEWESTELIKE  
SPRAAK SOOS AFRIKAANS GEPRAAT WORD"

'n Pryspraak oor Dialektiese Afrikaans wat deur die S.A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns aangekondig is, het Von Wielligh aangespoor om die gewestelike beskrywing van Afrikaans aan te durf.

Von Wielligh het 'n groot gedeelte van sy data self versamel deur aantekeninge van mense se taalgebruik te maak op sy reise deur die land om sy verpligtinge as landmeter na te kom. Hy het ook lyste van woorde en uitdrukkings opgestel, uitleggings daaromtrent bygevoeg en het dié lyste deur die hele land gestuur om met plaaslike spraak te toets en te vergelyk.

Von Wielligh is van mening dat Afrikaans nie uit dialekte bestaan nie. Hy sê "Ons praat dieselfde taal, slegs met die onderskeid dat een deel ryker is aan woorde van 'n sekere soort as die ander" (1925: 13).

Hy noem ook dat die navorser nêrens in Suid-Afrika 'n tongval sal aantref wat deur die hele Afrikaanssprekende bevolking nie verstaan sal word nie. Daar bestaan slegs afwykings wat deur sekere invloede ontstaan het. Dit is dan hierdie afwykings in spraak wat die onderwerp van Von Wielligh se bespreking is; asook die invloede wat meegehelp het om dié afwykings te bevorder.

Hy gebruik die Boland as standaard om afwykings mee te vergelyk.

Von Wielligh is van mening dat die ontstaan van Afrikaans te danke is aan die ineensmelting van die Hollanders, Duitsers en Franse in Stellenbosch, Fêrel en Riebeeck. Die samesmelting en bou van Afrikaans het reeds teen die helfte van die agtiende eeu sy voltooiing bereik, want die burgers wat in daardie tyd dieper die binneland in getrek het, het die taal saam met hulle geneem.

Die inwoners van Kaapstad aan die een kant en dié van Koeberg, die Skiereiland, Stellenbosch, Pêrel en Riebeeck aan die ander kant, het nie veel met mekaar te doen gekry nie. Die gevolg was dat daar 'n verskil in die spraak van die inwoners van Kaapstad en die buitemense ontstaan het. Die taal van die boer was meer gelykvormig met dié van sy buurman, terwyl Hoog-Hollands in die stad die toonaangewende taal was, omdat dit die taal van die amptenare en die hoë stand was. Die seemanstaal het ook 'n invloed uitgeoefen weens die gedurige aankoms van skepe, wat vir weke vasgemeer was en ook weens die aanwesigheid van die siek matrose wat vir herstel in die Kaap moes agterbly.

Die groot seehawe van Kaapstad kan dus nie as die bakermat van Afrikaans beskou word nie, maar wel die buitedistrikte wat altyd min of meer onder dieselfde invloede verkeer het. Dit is dus die platteland wat die Afrikaanse spraak geleidelik na die stad oorgebring het.

Von Wielligh wys daarop dat wanneer die betrokke partye min of meer dieselfde beskawingspeil bereik het, die spraak van die meerderheid die grootste invloed op die taal wat hulle gaan praat, uitoefen.

Wanneer die graad van beskawing deur 'n wye afstand geskei word, sal die taal van die hoër ontwikkelde party oorheersend wees. Dit hang natuurlik af van die verhouding wat tussen die betrokke partye heers: hoe intiemer, hoe groter die invloed; hoe eensydiger, hoe geringer die invloed.

Von Wielligh se gevolgtrekking ten opsigte van die invloed van een spraak op die ander, is soos volg:

1. Dit is die tweede nageslag wat eenvormig praat.
2. Die onbeduidende minderheid (hoe hoog ontwikkel ook al) laat min spore van invloed na.
3. Naas skoolinvloed geld moederspraak die meeste.

4. Wanneer die ontwikkelingspeil tussen die partye aansienlik verskil, lê die oorwinning aan die kant van die beskaafste - al is hulle ver in die minderheid.

5. Die spraak van die nuweling word in die begin as persoonlike eienaardighede beskou en word nie onmiddellik nagevolg nie.

6. Die spraak van die platteland is 'n natuurlike ontwikkeling en is minder as dorpspraak aan vreemde invloede blootgestel.

7. Die dorpspraak ly onafgebroke aan vreemde invloede.

Hy verwys daarna dat die plattelandse spraak altyd 'n ander rigting ingeslaan het as die dorpspraak, en wel om die volgende redes:

1. Die plattelanders is meestal eentalig.

2. Min uitlanders het onder hulle gewoon.

3. Die omgewing is heeltemal anders as op dorpe.

4. Latyn, Grieks en ander tale is in die reël nie in buiteskole onderrig nie.

Die inwoners van die dorpe, daarenteen, is saamgestel uit verskillende nasionaliteite. Elkeen besit dan ook 'n taal van sy eie. Die inwoners van dorpe en stede is nie 'n vaste bevolking nie. Suiwerheid van taal in besigheidsgesprekke is van minder belang solank die doel net bereik word. Daarom is die spraak van die dorpenaars soveel anders as dié van die plattelanders.

Von Wielligh is van mening dat die Bybel- en kerkinvloed 'n kragtige middel was wat verhoed het dat Afrikaans in 'n brabbeltaal ontwikkel.

Ten opsigte van die onderlinge verskille in Afrikaans is Von Wielligh van mening dat die verskil wat die gouste op die ore val, die manier van praat van persone uit die onderskeie dele van die land is.

Hy verdeel die onderlinge afwykings in drie klasse:

1. Waar verskillende voorwerpe dieselfde naam dra.
2. Waar verskillende name op een voorwerp toegepas word.
3. Ander verskille.

Von Wielligh verdeel dan ook die Afrikaanse taalgebied in tien spraak-afdelings:

1. Die Boland
2. Noordwestelike Distrikte (Kaapprovinsie)
3. Binnelandse en Karoo-streke (Kaapland)
4. Suidelike Distrikte van Swellendam tot Port-Elizabeth
5. Oostelike Distrikte van Port-Elizabeth tot Basoetoland
6. Die Vrystaat
7. Natal
8. Transvaal - oostelike deel
9. Transvaal - westelike deel
10. Griekwaland-Wes en Betsjoeanaland

#### 1.2.1.2 J.H. RADEMEYER: "KLEURLING-AFRIKAANS. DIE TAAL VAN DIE GRIEKWAS EN REHOBOTH-BASTERS"

Die doel van hierdie geskrif is om die taal van die Griekwas van Oos- en Wes-Griekwaland en van die Basters van Rehoboth te bespreek. Rademeyer beoog om die "vervormde Afrikaans" (Rademeyer, 1938: 5) van hierdie kleurlinge so getrou moontlik weer te gee.

Die twee vorme van Afrikaans wat deur die Griekwas en Basters gepraat

word, toon 'n noue ooreenkoms. Die taalgebruik van hierdie twee groepe word beskryf t.o.v. (1) die klanke, (2) die vorme, (3) die sinsbou en (4) die woordeskat, uitdrukkings, vergelykings en beelde.

Rademeyer het dit raadsaam geag om sy ondersoek by die ouer geslag te bepaal, aangesien hy gevind het dat die jonger geslag 'n mengelmoes van Afrikaans en Engels gepraat het. Hy het ook besef dat die ouer geslag langamerhand aan die uitsterf is en saam met hulle ook hulle taal (soos dit naastenby in die vorige eeu gepraat is).

Terwyl hy sy data versamel het, het hy navraag gedoen waar die oudstes woon en hulle dan besoek. Hy het gesprekke met hulle aangeknoop oor die vroegste dae op die betrokke dorpie, jagavonture, ens. Hy het dan aantekeninge gemaak. Verder het hy ook in die winkels en op straat na gesprekke tussen die inwoners gestaan en luister. Sy uiteensetting van die betrokke groepe se taalgebruik berus dus op eie waarneming.

Hy beskryf die taalgebruik van die Griekwas en Basters t.o.v.:

#### 1. FONETIESE AFWYKINGS VAN DIE AB-AFRIKAANS

Hy wys daarop dat daar tussen Kleurling- en AB-Afrikaans allerlei fonetiese verskille is; ook dat lede van dieselfde gemeenskap, en dikwels ook dieselfde individu, verskillende uitsprake het vir dieselfde woord. Hy bespreek die vernaamste fonetiese eienskappe van die Griekwas en Basters.

#### 2. MORFOLOGIE VAN DIE TAAL VAN DIE KLEURLINGE

Met die term "Morfologie" bedoel Rademeyer "Vormleer" soos dit gewoonlik verstaan word.

Die buigingsvorme van woorde wat die kleurlinge gebruik wyk sterk af van

die AB-vorme, veral onder die ouer geslag (Rademeyer, 1938: 57).

Hy wys daarop dat die taal van die Griekwas en die Basters morfologies baie ooreenkom en daar kan aangeneem word dat die vorme wat gangbaar is onder die Griekwas, ook gangbaar is onder die Basters. Hy bespreek dan die voorkoms van die:

- a. selfstandige naamwoord (meervoudsvorme, verkleiningsvorme, afstompings, ekstra uitgange, enkelvoud vir meervoud en afkortings);
- b. werkwoord (die voorvoegsel ge- voor verlede deelwoorde van die ww. wat begin met be-, er-, her-, ont-, ver-; en ander ongewone vorme);
- c. byvoeglike naamwoord (die byvoegings van agtervoegsels by b.nwe.);
- d. bywoord (enkele ongewone vorme);
- e. voornaamwoord (die besitlike hy se, hulle se, ens., meester-goed vir meester en Piet-goed vir Piet-hulle, ens.);
- f. voegwoord (die gebruik van opdat vir sodat).

### 3. SINTAKSIS

Rademeyer wys daarop dat hoewel die taal van die kleurlinge sintakties 'n noue ooreenkoms met AB toon, daar tog heelwat afwykinge voorkom. Hy bespreek hierdie afwykinge t.o.v. die infinitief-konstruksie, die staan en praat-konstruksie, negatiewe, deureenloop van woordsoorte, verswyging van die lidwoord, die met saam-konstruksie, verswyging van die verbindingswoord, verkeerde woordorde en parataktiese in plaas van hipotaktiese sinsbou.

#### 4. DIE WOORDESKAT, UITDRUKKINGS, VERGELYKINGS EN BEELDE

Rademeyer noem dat die kleurlinge soms woorde gebruik wat onbekend is aan die AB-spreker. Hulle gebruik ook woorde in 'n ander betekenisinhoud as wat die betrokke woorde in AB het.

Die Griekwa besig dikwels uitdrukings wat die lagspiere prikkel, maar wat ook tref deur hulle oorspronklikheid.

Rademeyer wys dan ook daarop dat die kleurlinge graag allerlei vreemde of vreemdklinkende woorde in hulle taal opneem.

##### 1.2.1.3 S.A. LOUW

Louw (soos vervat in Coetzee, 1951: 24-25) het 'n grondkaart opgestel met sowat 1 800 plekke waar hy medewerkers gesoek het. Louw, as taalgeograaf, het vraelyste saamgestel met 'n bepaalde doel voor oë en dit aan die medewerkers op die betrokke plekke gestuur. Hy het telkens sowat een-derde van die vraelyste terugontvang en van die gegewens is verwerk in twee bundels: "Taalgeografie - Inleidende Gedagtes oor Dialekstudie" (1941) en "Dialekvermenging en Taalontwikkeling; Proewe van Afrikaanse Taalgeografie" (1948).

Louw benader en belig taalvraagstukke dikwels anders as die ouer geslag taalmanne. By Louw kry ons begrippe soos: bakermat, kerngebied, periferie of voorpos, uitstralingsverskynsel, eilande, ekspansie, kultuurhaard en verkeersweë. Hy staan ook deurgaans krities teenoor sy besondere stof en die metode van navorsing. Hy toets dan ook sy gegewens orals om die betroubaarheid daarvan vas te stel.

Louw het met sy kaarte 'n beeld in breë trekke saamgestel van die samehang tussen die bakermat van Afrikaans (die Boland) en die res van

ons taallandskap.

Hy het aandag geskenk aan die ekspansieverskynsel. Hy het ook die ontstaan van Afrikaans vanuit 'n dialektologiese standpunt gesien.

Louw streef nie net na 'n Afrikaanse taalatlas nie, maar wys ook daarop dat ons vir die vraagstukke wat die Afrikaanse taalnavorsing lewer, behoefte het aan 'n Nederlandse taalatlas vir Suid-Afrika.

In 1959 verskyn die "Afrikaanse Taalatlas" saamgestel deur S.A. Louw dan inderdaad. Met hierdie Taalatlas lewer Louw 'n geweldige bydrae tot die ondersoek van die Afrikaanse taal.

T.H. le Roux noem in die Voorwoord van die "Afrikaanse Taalatlas" dat Afrikaans nie dialekte besit nie, maar Afrikaans besit wel deeglik baie dialektiese eienaardighede. Dis hier waar Louw deur middel van die Taalatlas aantoon hoe die lewende taal daar uitsien.

Le Roux is ook van mening dat taalondersoekers in die toekoms baie uit hierdie Taalatlas kan put vir verdere studie.

#### 1.2.2 NUWE STUDIES

Daar is in die afgelope jare baie navorsing in Variasietaalkunde in Afrikaans gedoen. Aangesien hierdie studie oor Rehoboth-Afrikaans handel, word slegs dié studies behandel wat belangrik is by die ondersoek na Rehoboth-Afrikaans.

1.2.2.1 D.J. VAN SCHALKWYK: "FONETIESE VARIASIE IN DIE TAAL VAN DIE REHOBOTH-BASTERS"

Die doel van hierdie studie was:

1. om vas te stel of daar variasie in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters voorkom en indien wel, om na te gaan wat die aard daarvan is;
2. om vas te stel of die variasie wat mag voorkom, beperk is tot sekere sprekers van Rehoboth-Afrikaans en of dit redelik algemeen voorkom;
3. om vas te stel of die variante wat Rademeyer (1938) aangetoon het, nog steeds voorkom in Rehoboth-Afrikaans en indien wel, in watter mate;
4. om die variante wat aangetref mag word, so noukeurig as moontlik aan te dui, en
5. om vas te stel of daar enige verband tussen talige en nie-talige veranderlikes in Rehoboth-Afrikaans is.

Van Schalkwyk het sy data verkry deur self al die onderhoude met informante te voer. Hy het hierdie onderhoude op band opgeneem. Daar is 150 opnames gemaak: 50 elk in Rehoboth, die Gebied en Khomasdal. Hierdie 50 is verdeel in 5 groepe: analfabete, laerskoolleerlinge, hoërskoolleerlinge, naskools tot ouderdom 40 en naskools bo die ouderdom van 40. Daar is ook onderskeid gemaak tussen manlike en vroulike informante.

Die talige veranderlikes in hierdie studie sluit slegs fonetiese veranderlikes in. Die nie-talige veranderlikes sluit in: ouderdom, kwalifikasies, tale magtig, woonplek, geslag, inkomste, variasiekeuse, lewensfeer, informantgroep en geletterdheid.

Van Schalkwyk kom tot die gevolgtrekking dat nie-talige veranderlikes, soos ouderdom, kwalifikasies, sekere tale wat die Baster magtig is, inkomste, die etnisiteit van die moeder, die variasiekeuse van die informant, lewensfeer, die informantgroep en geletterdheid as beduidende faktore kan dien by die bepaling van die uitspraakverskille van die Rehoboth-Basters. Nie-talige veranderlikes soos woonplek, sekere ander tale wat die informant magtig is, geslag, etnisiteit van die vader en die besit van 'n radio lewer nie 'n bydrae wat lei tot 'n beduidende verskil in die uitspraak van die Rehoboth-Basters nie.

Hy bevind ook dat daar geen beduidende verband bestaan tussen die nie-talige veranderlikes en nasalering en die nie-talige veranderlikes en ontronding nie.

Van Schalkwyk maak ook die volgende interessante gevolgtrekkings na aanleiding van sy studie:

1. Die analfabete (vroulik) se uitspraak lê die verste weg van Standaardafrikaans.
2. Die informante: Naskools tot 40 (manlik) is die inisieerders van klankveranderings in Rehoboth-Afrikaans.
3. Die gemiddelde indekssyfer van manlike informante is in alle gevalle, behalwe in die informantgroep: Hoërskoolleerlinge, hoër as dié van vroulike informante.

#### 1.2.2.2 M.C.J. VAN RENSBURG: "DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS IN DIE TAGTIGERJARE"

Die doelwitte van bogenoemde navorsingsprojek is soos volg uiteengesit (Van Rensburg, 1984: 4-5):

Om:

1. tot 'n doeltreffender beskrywing van, en 'n sinvoller definisie van Afrikaans te kom;

2.1 uitgaande van die onderskeiding standaard- en nie-standaardtaal-vorme, die verskille tussen die Afrikaans van die Griekwas en standaard-Afrikaans aan te toon;

2.2 hierdie verskille te beskryf, of om oorsigtelik aan te toon hoe so 'n beskrywing sal kan verloop;

2.3 'n verklaring (of verklarings) aan die hand te doen na aanleiding waarvan die rol en lotgevalle van dié vorm van Afrikaans beter verstaan kan word, asook die lotgevalle van standaard-Afrikaans, veral wat betref die rol van Hottentots in sy vestigingsgeskiedenis en die verhouding van dié (en ander) variante tot standaard-Afrikaans;

3. 'n breë basis van kennis oor navorsing in verband met Afrikaans te vestig. Kennis oor probleme wat sentreer om die beskrywing van die onderskeie vorme van gebroke Afrikaans, die insameling van die gegewens wat daarvoor relevant is en die verwerking daarvan, veldwerktegnieke en metodes, en die verantwoordelikhede van navorsers;

4. te illustreer dat spannavorsing vir die deurvoer van projekte van die omvang van hierdie projek wenslik en uitvoerbaar is;

4.1 dat hierdie spannavorsing interuniversitêr gereël kan word, en

4.2 interdisiplinêr op 'n bepaalde tema van toepassing gemaak kan word;

5. die deurvoer van hierdie soort navorsing oor Afrikaans, en die steun van die RCN en die deelnemende universiteite daarvoor, onder die aandag van die breë publiek te bring en hulle belangstelling in universitêre betrokkenheid by Afrikaans aan te moedig, asook hulle belangstelling in

die verskeidenheid van Afrikaans, en, les bes, ook die lotgevalle van Afrikaans;

6.1 'n omvattende databasis oor die Afrikaans van die Griekwas bekend te stel sodat verdere studies, ook van uiteenlopende aard, hierop gebaseer kan word, en

6.2 hierdie gegewens aan ander navorsers oor Afrikaans, ook in die buiteland, beskikbaar te stel;

7. aan te dui dat leerplanne (op skool en aan universiteite) gegewens oor die verskeidenheid van Afrikaans met vrug kan inkorporeer;

7.1 dat nagraadse studente (en in 'n mindere mate ook voorgraadse studente) met vrug gebruik kan word in die verwerking, en selfs ook insameling van gegewens vir sulke projekte;

8. aan te toon dat verskeie studies op M- en D-vlak uit die werksaamhede van die projek kan voortvloei, ook ná die beëindiging daarvan;

9.1 uit 'n vergelyking van die gegewens oor Griekwa-Afrikaans en Standaard-Afrikaans 'n hipotese te vorm oor taalverandering in Afrikaans, en

9.2 'n aanduiding te gee van die moontlike variante van Afrikaans soos dit in hierdie twee vorme voorkom.

Wanneer daar in hierdie projek na Griekwa-Afrikaans verwys word, word slegs die Griekwa-sprekers wat in dié ondersoek na Griekwa-Afrikaans ondervra is, bedoel.

Die gegewens wat vir hierdie projek versamel is, is getranskribeer in 'n vorm waar die uitgangspunt was om slegs die verskille met standaard-Afrikaans foneties aan te dui.

Die gegewens vir hierdie projek is versamel deur 'n vraelys met die informante deur te werk (soms slegs ten dele). Vir hierdie opnames is daarna gestreef om die gesprek te "rig" (ter wille van die vergelykbaarheid van die data), maar die gesprek moes nooit so "gerig" word dat dit spontane deelname in die wiede ry nie.

Daar is ook gepoog om herhaaldelik terug te gaan na die informante en opvolgopnames te maak. Sodoende is vriendskapsbande gesmee en 'n vertrouensposisie is opgebou.

Hierdie navorsingsverslag handel nie net oor grammatika-aangeleenthede (Sintaksis, Morfologie, Klankleer, Leksikon, ens.) nie, maar ook oor ander temas (die Letterkunde, die Sosiologie, ens.).

#### 1.2.2.3 H.G.W. DU PLESSIS: "ASPEKTE VAN SUIDWES-AFRIKAANS MET SPESIALE VERWYSING NA DIE AFRIKAANS VAN DIE VAN DER MERWES"

Hierdie verslag is 'n poging tot 'n bydrae tot die beskrywing van Nie-standaard-Afrikaans oor die algemeen.

Die proefgroep het al die sprekers ingesluit wat binne die betrokke geografiese gebied opgespoor kon word. Die segsmense moes Afrikaans as moedertaal aangeleer het. Die groep wat opgeneem is, word histories en linguisties as groep beskou omdat almal nasate van die sogenaamde Makvolk is wat aan die Dorslandtrek deelgeneem het. Met al die segsmense is meer as een onderhoud gevoer wat op band opgeneem is. Daar is nie van vraelyste gebruik gemaak nie, hoofsaaklik omdat die segsmense in die meeste gevalle swak of glad nie kan lees nie.

Die doelstelling van hierdie verslag is uiteindelik om 'n oorsig te bied op die vestiging van Afrikaans in Suidwes en om een van die vorme van Afrikaans, nl. die Afrikaans van die Van der Merwes (VDM), vanuit 'n

Taalvariasiekundige hoek te bekyk om te probeer vasstel wat die status van hierdie vorm as variëteit van Afrikaans is (Du Plessis, 1987: 15).

Du Plessis (1987: 33) wys daarop dat 'n vorm van Afrikaans reeds van vroeg af as statustaal in SWA/Namibië gevestig is. Dit verklaar dan die sterk posisie van Afrikaans op alle funksievlakke in die gebied.

Du Plessis (1987: 45) bevind dat sintaktiese variasie in VDMA beperk is tot 'n verskil in die frekwensie waarop sekere sintaktiese strukture in VDMA voorkom in vergelyking met Standaard-Afrikaans (SA). Dit blyk dat daar baie min sintaktiese patrone in VDMA voorkom wat nie in SA voorkom nie.

Morfologiese variasie in VDMA kom voor by die vorming van meervoude en by die konsekwente gebruik van ge- saam met die hulpwerkwoord van tyd by woorde wat in SA normaalweg nie hierdie voorvoegsel neem nie (Du Plessis, 1987: 46).

Vanuit fonologiese kant bestaan daar oorweldigende getuienis dat VDMA beskou kan word as 'n merkwaardig presiese gepreserveerde vorm van die Voortrekker-Afrikaans van die einde van die vorige eeu.

Op leksikale vlak kom daar in VDMA opvallende variasie voor en Du Plessis (1987: 85) is van mening dat die aard van die taalgemeenskap uit hierdie variasie af te lei is.

Nog 'n doelstelling van hierdie verslag is om vas te stel of VDMA 'n Afrikaanse chronolek is.

Daar het 'n hoë stagnasie in hierdie groep se vorm van Afrikaans plaasgevind, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat hulle sedert die twintigerjare geografies en sosiaal heeltemal afgesonder is van die res van die Afrikaanse taalgemeenskap; asook omdat hulle moedertaalgebruik van Afrikaans beperk is tot slegs die godsdienstige as hoër funksie en onderlinge spreektaal as laer funksie (Du Plessis, 1987: 93).

'n Analise van die Afrikaans van die Van der Merwe dui daarop dat hulle 'n 1900-chronolek van Afrikaans as spreektaal gebruik.

Du Plessis wys dan ook daarop dat groot navorsingswerk oor Suidwes-Afrikaans nog voorlê vir die Afrikaanskundiges.

### 1.2.3 VARIASIE IN AFRIKAANS

Volgens Van Rensburg (1984: 514-515) kan drie variëteite van Afrikaans onderskei word, naamlik Oosgrens-Afrikaans, Kaapse Afrikaans en Oranjerivier-Afrikaans.

#### 1.2.3.1 OOSGRENS-AFRIKAANS

Oosgrens-Afrikaans is die variëteit van Afrikaans wat histories afgebaken kan word "as die taal van die landelike nie-standaardsprekers wat hulle sedert die einde van die agtiende eeu aan die Oosgrens gevestig het. Dié vorm is later die binneland ingedra" (Van Rensburg, 1984: 514). Die noordelike binnelandse variëteite van Afrikaans, soos Tranvaalse Afrikaans, is op Oosgrens-Afrikaans gebaseer. Die Afrikaans wat in 1925 as standaardtaal erken is, is gebaseer op die noordelike variëteite van Afrikaans wat gebaseer is op Oosgrens-Afrikaans (vgl. L.T. du Plessis, 1988: 86).

#### 1.2.3.2 KAAPSE AFRIKAANS

Kaapse Afrikaans is gebaseer op die nie-standaard-Nederlands wat deur die slawe- en Hottentotgemeenskappe in die Kaap gebruik is. Die kontak

tussen die sprekers van Kaapse Afrikaans en ander variëteite van Afrikaans was veral in die sewentiende en agtiende eeu baie beperk. Kaapse Afrikaans was die enigste ander taal naas Engels wat deur 'n noemenswaardige aantal sprekers gebesig is tydens die Engelse bewind aan die Kaap (vgl. Van Rensburg, 1984: 514). Maleier-Afrikaans en Kleurling-Afrikaans is byvoorbeeld variëteite van Kaapse Afrikaans.

#### 1.2.3.3 ORANJERIVIER-AFRIKAANS

Oranjerivier-Afrikaans is die nie-standaard-Nederlands (met vervormings) wat veral aan die Oranjerivier van ongeveer die begin van die agtiende eeu af deur 'n noemenswaardige aantal sprekers gebruik is. Dit is egter ook op ander plekke in die binneland gebesig (Van Rensburg, 1984: 514).

Oranjerivier-Afrikaans is sterk beïnvloed deur Hottentots en talle sprekers van Oranjerivier-Afrikaans was vroeër wel Hottentots magtig. Daar word vandag nog Oranjerivier-Afrikaanssprekers gevind wat Nama ook ken (Van Rensburg, 1984: 515).

Volgens Van Rensburg (1984: 515) het Oranjerivier-Afrikaans, veral in die loop van die negentiende eeu, gesorg vir die grootste gebiedsuitbreiding van Afrikaans. Dié variëteit van Afrikaans word veral ook in Betsjoeanaland en Suidwes-Afrika gepraat.

Daar word tans baie navorsing oor veral Oranjerivier-Afrikaans gedoen en 'n hele aantal verhandelinge oor Oranjerivier-Afrikaans het alreeds uit dié navorsing voortgevloei.

#### 1.2.3.4 STANDAARD-AFRIKAANS

Dit is ook belangrik om ondersoek in te stel na die term STANDAARD-

## AFRIKAANS (SA).

L.T. du Plessis (1988: 88-89) wys daarop dat die nuwe gegewens oor die Afrikaanse taalbewegings daarop dui dat SA die resultaat is van 'n taalbeplanningspoging wat van stapel gestuur is nadat die Naoorlogse Taalbeweging veld begin wen het.

Volgens L.T. du Plessis (1988: 89) kan 'n definisie vir Afrikaans soos volg wees: "Standaard-Afrikaans is 'n twintigste-eeuse ontwikkeling, gebaseer op die noordelike variëteit van Oosgrens-Afrikaans, ontwikkel na die model van Nederlands, met etlike toegewings aan Kaapse Afrikaans en Oranjerivier-Afrikaans."

Webb en De Villiers (1985: 200) gaan van die standpunt uit dat SA 'n heterogene verskynsel is aangesien dit 'n lewende kommunikasiemiddel is.

SA word deur 'n verskeidenheid sosiale tipes gebruik om 'n verskeidenheid funksies te verrig in 'n verskeidenheid sosiale situasies. Webb en De Villiers (1985: 200-201) noem enkele van die taalgebruiksituasies waarin SA gebruik word: SA word deur predikante gebruik om in te lig, te berispe, te troos en te besiel; SA word deur politici gebruik om te paai en te mislei; SA word deur onderwysers en dosente gebruik om te onderrig en SA word deur advokate gebruik om te redeneer en te oortuig. SA moet dus in alle sfere gebruik kan word en uiteraard moet dit dus heterogeen wees.

Odendal (s.j.: 44) noem dat SA nie net die taal van toonaangewendes is nie; selfs persone op die laagste sport van die sosiale leer kan SA aanleer. Hy wys ook daarop dat nie alle toonaangewendes noodwendig SA praat nie.

Tog wil dit voorkom asof dit juis die sprekers met hoër opvoedkundige kwalifikasies (dus die toonaangewendes) moet wees wat SA sal gebruik vanweë hulle groter blootstelling aan die geskrewe taal. Aangesien die taalgebruik van elke persoon verskil, asook die situasies waarin die

taalgebruik voorkom, blyk dit dat hierdie sprekers ook nie ten alle tye SA sal kan gebruik nie.

### 1.3 KONTEKS VAN HIERDIE STUDIE

#### 1.3.1 DOELSTELLINGS

Die doelstellings van hierdie studie is om:

1. te bepaal of Rehoboth-Afrikaans 'n subvariëteit van Oranjerivier-Afrikaans is, en
2. 'n sosiolinguistiese analise van Rehoboth-Afrikaans te doen.

#### 1.3.2 'N OORSIG OOR DIE SOSIOLINGUISTIEK

Appel (1979: 10-11) is van mening dat niemand wat hom met die taal besig hou sal ontken dat taalgebruik (praat, luister, skryf, lees) 'n vorm van sosiale handeling is nie, dit wil sê 'n menslike, sinvolle aktiwiteit waarby altyd op een of ander manier 'n tweede persoon betrokke is.

Dit beteken dat ons taal in die eerste plek sien as 'n sosiale en kommunikatiewe sisteem wat deel uitmaak van 'n bepaalde gemeenskap en kultuur; en taalgebruik as 'n vorm van sosiale interaksie wat plaasvind in konkrete situasies.

Na aanleiding van sy siening dat taal 'n sosiale en kommunikatiewe sisteem en taalgebruik 'n vorm van sosiale interaksie is, kom Appel

(1979: 12) tot die gevolgtrekking dat die Sosiolinguietiek die studie van taal en taalgebruik binne die konteks van die samelewing en kultuur is. Ook Hudson (1983: 1) sê: "We can define sociolinguistics as the study of language in relation to society."

In aansluiting hierby huldig Du Plessis (1983: 45) die mening dat 'n sosiolinguietiese ondersoek die soeke is na 'n bepaalde linguistiese struktuurpatroon wat korreleer met bepaalde sosiale veranderlikes. Ook Chambers en Trudgill (1984: 149) is van mening dat die Sosiolinguietiek linguistiese en nie-linguistiese faktore kombineer.

Hudson (1983: 72) is van mening dat die Sosiolinguietiek die studie is van individuele taalitems van bepaalde sprekers. Omdat die samelewing uit individue bestaan en elke individu se taalgebruik van die ander s'n verskil, is dit nodig om die individu as die middelpunt van die Sosiolinguietiek te beskou (Hudson 1983: 12).

Daar moet egter nie uit die oog verloor word dat die individu deel is van 'n taalgemeenskap nie. Daar word dan ook sosiale beperkinge op die spraak van die individu afgedwing deur die sosiale gemeenskap waarbinne die spreker lewe en taal gebruik. In Afrikaans byvoorbeeld word die keuse tussen die aanspreekvorme u en jy deur die sosiale norme beperk (vgl. Du Plessis, 1987a: 74).

Die uitgangspunt in die Sosiolinguietiek is volgens Appel (1979: 13) in die eerste plek taalkundig, dit wil sê gerig op taal, op die beskrywing en verklaring van taalgebruik. Maar aangesien die spraak 'n vorm van sosiale gedrag is, hou die Sosiolinguietiek nie op by die beskrywing van taalvorme nie, dit soek verklarings daarvoor in die maatskaplike en kulturele omgewing. 'n Algemene kenmerk van 'n sosiolinguietiese ondersoek is egter dat dit sterk gerig is op taalgebruik binne sy sosiale funksies en binne sy sosiale konteks.

Webb (1983: 284) is die mening toegedaan dat die Sosiolinguietiek die taal van die hele taalgemeenskap moet bekyk en aangesien

taalgemeenskappe heterogeen is, is taal ook heterogeen. Die studieobjek van die Sosiolinguistiek is in wese 'n sisteem van heterogeniteit, aangesien dit gerig is op die totale taalwerklikheid. Dit kan interessant word indien die navorser kan aantoon dat dié heterogeniteit funksioneel is in die sosiale interaksie.

Sosiale verskille tussen mense word gereflekteer deur taalverskille. Met ander woorde die wyse waarop en die funksies waarvoor taal gebruik word, verraaï sekere sosiale eienskappe van die gebruiker. Die sosiale omgewing van 'n spreker vind neerslag in die linguistiese kode van die taalgebruiker (Du Plessis, 1987a: 79).

Daar is dus 'n hegte verband tussen die sosiale omstandighede en die taalgebruik van 'n individu/taalgemeenskap. Sosiale faktore wat die taalgebruik van 'n individu/taalgemeenskap kan beïnvloed, en waaraan die sosiolinguis aandag moet skenk, is onder andere: ouderdom, geslag, streek van herkoms, sosio-ekonomiese klas, opvoedingspeil, beroep, ens.

Dit is dus nodig om na te gaan of daar 'n band is tussen taal en die sosiale orde, en indien wel, presies wat die plek van taal binne die sosiale orde is (Webb, 1983: 235). Maar dit is belangrik om te onthou dat "die taalvariasiekundige hom moet toespits op die beskrywing van taalverskynsels met soveel klem as moontlik op die taalgebondenheid van die taalverskynsel" (Van Rensburg, 1983: 14).

Alhoewel die Sosiolinguistiek spesifiek gerig is op die studie van taal binne sy sosiale konteks, bestudeer die Sosiolinguistiek ook taal as sisteem en kyk hy uiteraard na die struktuur van taalvorme, na die reëlmatighede en patroonmatighede wat in dié strukture voorkom, en na die beginsels wat die struktuurpatrone onderlê (Webb, 1983: 236).

In hierdie verband noem Appel (1979: 14) dan ook dat die Sosiolinguistiek 'n empiries-teoretiese wetenskap is. Empiries, omdat dit oor een onderdeel van ons alledaagse ervaringswerklikheid gaan en omdat gebruik gemaak word van metodes uit die empiriese wetenskappe:

waarneming en eksperimentering. Teoreties, omdat die versameling en ordening van data gerig is op teorievorming, op 'n sistematiese interpretasie en formulering van die data.

Die Sosiolinguistiek laat die klem meer op die sinchroniese analise val. Die taaldata bly in hoë mate beperk tot voorbeelde van 'n variëteit soos wat dit op 'n bepaalde tydstip voorkom (Du Plessis, 1987a: 85). Die Sosiolinguistiek wil dus die korrelasie tussen die talige en nie-talige veranderlikes bestudeer.

Die metodologie in die Sosiolinguistiek is van die uiterste belang. Die sosiolinguistiese navorser moet weet hoe om die informante te identifiseer, met hulle in aanraking te kom en hulle aan die praat te kry. Die identifikasie van die informante en die wyse van onderhoudvoering moet verband hou met die sosiale veranderlikes wat in ag geneem gaan word. Dit moet by uitstek die versameling van spontane taalgebruik wees.

Hier kan verwys word na 1.1.7 van hierdie studie waar die metodologie van die Variasietaalkunde onder die loep geneem is. Die sosiolinguistiese navorser moet dieselfde metodologie as die variasietaalkundige volg.

Die sosiolinguis kom ook te staan voor Labov se waarnemersparadoks en moet deur middel van sy dataversameling hierdie waarnemersparadoks probeer uitskakel. Om hierdie doel te bereik, moet die navorser bedag wees op die vyf metodologiese aksiomas van Labov (soos vroeër bespreek in hierdie studie onder 1.1.7.2).

In die interpretasiefase is die Laboviaanse onderskeid tussen INDIKATOR en MERKER van belang (vgl. Du Plessis, 1987a: 96). Party linguistiese kenmerke toon 'n reëlmatige verspreiding en dit word deur elke individu op min of meer dieselfde manier gebruik in enige konteks. Hierdie talige veranderlike word deur die meeste sprekers binne sosiale konteks gebruik. So 'n veranderlike word 'n indikator genoem.

Veranderlikes wat sowel sosiale as stilistiese verspreiding vertoon, word merkers genoem.

Die sosiale en stilistiese stratifikasie van talige veranderlikes word dan geïnterpreteer sodat die verband tussen die talige en nie-talige verklaar kan word.

Ten slotte wys Du Plessis (1987a: 97) daarop dat die Sociolinguistiek 'n onderafdeling van die Variasietaalkunde is wat rekening hou met die sosiale aard van taal en wat sy analyses baseer op die spraak van mense soos wat dit binne die sosiale verband van die gemeenskap voorkom.

### 1.3.3 DIE VERSAMELING VAN DATA VIR HIERDIE STUDIE

#### 1.3.3.1 DIE TAALGEMEENSAP



Hierdie studie handel oor die Afrikaans van die Rehoboth-Baster. Die taalgemeenskap is dus afgebaken op grond van die volgende twee vereistes:

1. Die segsmense moet almal Basters wees.
2. Die segsmense moet almal in Rehoboth-dorp woonagtig wees. (Daar is besluit om die spraakgebied tot Rehoboth-dorp te beperk, omdat die Gebiet so uitgestrek is en baie plaaspaaie haas onbegaanbaar is.)

#### 1. GESKIEDENIS VAN DIE REHOBOTH-BASTERS

Die trekboere uit die Kaap het teen ongeveer 1750 in baie moeilike omstandighede aan die noordwestelike front geleef. Dié gevaarlike gebied was nie juis geskik vir blanke vrouens nie. Die boer en sy seuns het

steeds noordwaarts getrek om genoeg weiding en water vir hul vee te vind (Fischer, 1913: 19-20).

Die stamlose Khoe ten suide van die Oranjerivier het hulle by die boere aangesluit ter wille van beskerming.

Die boerseuns het, by gebrek aan beskikbare jong blanke meisies, met Khoemeisies getrou. Die kinders uit hierdie huwelike het hulleself as Basters beskou en was baie trots daarop (Bayer, 1984: 4).

Die Basterkinders en hul families is nie deur die ander blanke boere aanvaar nie en hulle het gevolglik hulle eie gemeenskappe ontwikkel.

Een van hierdie Bastergemeenskappies het hulle by De Tuin in die Calvinadiestrik gevestig (vgl. Bayer, 1984: 5).

In 1866 sluit die sendeling F. Heidmann hom by hierdie gemeenskap aan. Reeds kort na sy aankoms het Heidmann met die besondere probleme van die Bastergemeenskap te doen gekry. Hulle het 300 000 morg as erfpag gevra en was bereid om 'n som van 200 pond per jaar as pagfooi te betaal. Hierdie versoek was egter vrugteloos.

In 1867 het sendeling Heidmann 'n aandskool begin wat vlytig besoek was deur al die mense van die gemeenskap. Hulle wou leer lees en skryf.

Op 24 Maart 1869 het 'n gemeentevergadering plaasgevind waarop besluit is om te trek. Negentig familiehoofde het hierdie besluit onderteken.

Intussen het die Boesmans en Korannas hul aanvalle op die Basters verskerp en hulle kaalgestroop.

Teen Julie 1868 kies die Basters hul eerste Kaptein, Hermanus van Wyk. Hierna trek die Basters. Sendeling Heidmann trek saam met hulle. Hulle het tot op Pella getrek, maar die toestand was treurig daar. Hulle het tot op Bitterputz getrek waar groen weivelde aangetref is.

Op 4 November 1868 het die Basters Bitterputz verlaat en in die rigting van die Oranjerivier getrek. Op 16 November 1868 het die trek by die Oranjerivier aangekom en die laaste wa het die rivier op 25 November 1868 oorgesteek.

Die trekkers is genoeg weiveld en water by Warmbad deur Kaptein Abraham Christiaan gegee, sodat die diere kon aansterk. Kort na die Basters se aankoms op Warmbad het Kaptein Christiaan egter gesterf en die Raad van Warmbad het die Basters versoek om Warmbad te ontruim.

'n Paar dae voor Kersfees 1868 moes die Basters dus verder trek. Terwyl hulle op Warmbad vertoef het, is 'n gemeente-orde vir die trek vasgestel waarvolgens Kaptein Hermanus van Wyk kon handel (vgl. Britz, De Vries en Olivier, 1970: 14 en Bayer, 1984: 6).

In 1870 bereik die Basters Rehoboth waar hulle hul vestig. In 1871 het die sieletal in Rehoboth 333 getel. Vir 'n volledige beskrywing van die trek van die Basters kan die boek "Ons Eeufees: 1870-1970" deur Britz, R.G., De Vries, L. en Olivier, A. geraadpleeg word; asook die boek "The Rehoboth Baster Nation of Namibia" deur Bayer, M.

## 2. DIE HUIDIGE BESTEL

Die Rehoboth-Gebiet is sentraal in SWA geleë (vgl. Bylae A). Dit is geleë tussen ongeveer 16° OL tot 18° OL en 23° SBr tot 24° 30' SBr. Die Kreefskeerkring sny Rehoboth-Gebiet bykans in die helfte.

Die Gebiet (vgl. Bylae B) bestaan uit 'n totale oppervlakte van 14 182 vk km.

Rehoboth-dorp (vgl. Bylae C) is die hoofsentrum van die Gebiet.

In Rehoboth-dorp kom huise van alle soorte voor: klein sinkhuisies, klein baksteenhuise, groter huise en dan ook pragtige groot, deftige huise. Hierdie verskillende soorte huise staan in baie gevalle langs

mekaar.

Volgens die 1981-sensus is daar 8 814 Rehoboth-Basters (3 919 mans en 4 895 vrouens) in Rehoboth-dorp woonagtig. In die Sensusdistrik Rehoboth is daar 17 561 Rehoboth-Basters woonagtig.

### 3. DIE KEUSE VAN SEGSMENSE \*

By die keuse van segsmense is segsmense willekeurig uit al ses die blokke van Rehoboth-dorp gekies. Daar is onderhoude gevoer met segsmense uit die volgende nie-talige groepe:

- ° manlik en vroulik;
- ° die ouderdomsgroepe: 0-15 jaar, 16-25 jaar, 26-40 jaar, 41-60 jaar en 61 jaar en ouer;
- ° die volgende vlakke van opleiding: laerskoolopleiding, hoërskoolopleiding en tersiële opleiding.

Die belangrikste vereistes by die keuse van die segsmense was dat hulle bereid moes wees om die navorser in hulle huise te ontvang en om aan die navorsingsprojek deel te neem; hetsy deur die vraelys in te vul, 'n persoonlike onderhoud met die navorser te voer, of albei.

#### 1.3.3.2 DIE VRAELYS EN ONDERHOUD \*

##### 1. DIE VRAELYS

Die vraelys is opgestel nadat 'n aantal proefopnames gemaak is en talige veranderlikes geïdentifiseer is (vgl. die inventaris onder 1.4). Die doel van die vraelys was om:

1. hierdie geïdentifiseerde talige veranderlikes te toets aan die kenmerke van Oranjerivier-Afrikaans; en

2. hierdie geïdentifiseerde talige veranderlikes te toets aan die drie nie-talige veranderlikes wat betrekking het op hierdie studie (geslag, ouderdom en vlak van opleiding).

Daar is drie maal veranderings op die vraelys aangebring. Hierna is geen verdere veranderings aangebring nie om sodoende te verseker dat die data vergelykbaar bly. Vergelyk Bylae D vir die finale vraelys en Bylae E vir die resultate van die vraelys.

Die vraelys is deur 62 segsmense ingevul en daar is deurentyd van die direkte metode gebruik gemaak.

## 2. DIE ONDERHOUDE ✓

Afdeling 4 van die vraelys (die bandopnames) is nie slaafs nagevolg nie. Die onderwerpe van die gesprekke het van segsmens tot segsmens gewissel. Die onderwerpe het van elke segsmens se ouderdom, geslag, belangstellings en spesifieke omstandighede afgehang. Die hoofdoel was om telkens soveel as moontlik informele spraak te verkry. Indien 'n segsmens uit sy eie begin gesels het oor een of ander onderwerp, het die navorser hom laat begaan, aangesien daar sodoende baie meer informele spraak verkry word.

Die navorser het deurgaans self al die onderhoude gevoer en daar is dus nie van veldwerkers gebruik gemaak nie. 'n Basterdame van Rehoboth, mev. Babs Mouton, het die navorser na al die segsmense vergesel en aan hulle voorgestel. Sy was 'n baie groot hulp in die opspoor van segsmense en die segsmense was dadelik ook baie meer op hulle gemak, aangesien hulle haar geken het.

'n Philips Audiovisual Stereo D6920-bandopnemer met ingeboude mikrofone

is gebruik om die bandopnames te maak. Alhoewel die bandopnemer met elektrisiteit kan werk, is deurgaans van batterye gebruik gemaak, omdat dit praktieser is in dié sin dat daar nie gedurig na 'n kragprop gesoek hoef te word nie. Baie van die huisies is ook nog nie van elektriese krag voorsien nie. Al die bandopnames van die onderhoude word bewaar.

Daar is haas geen probleme ondervind om genoeg segsmense op te spoor nie. Feitlik almal was baie vriendelik en gasvry en bereid om die navorser in hulle huise te ontvang. Groot belangstelling is in die navorsingsprojek getoon en die segsmense het entoesiasties meegedoen. Slegs enkele persone was nie bereid om as segsmense op te tree nie.

Daar is met 41 segsmense persoonlike onderhoude van tussen 30 en 45 minute gevoer.

Enkele probleme is ondervind by die maak van die opnames en die navorser het wel deeglik kennis gemaak met die waarnemersparadoks (vgl. 1.1.7.2) in die praktyk.

Die oumense het die heerlikste gesels, onbevange en natuurlik. Hulle is natuurlik dikwels eensaam en het genoeg tyd om te gesels - gewoonlik oor die verlede. Die jonger mense het nie so baie tyd vir gesprekke nie en hulle is ook baie meer geïnhibeerd en bewus van hulle taalgebruik - wat kan lei tot meer formele taalgebruik.

Die data wat uit die vraelyste verkry is, kom soms verwarrend voor. 'n Mens weet gewoonlik nie hoe jy praat nie. Wanneer vrae dus aan die segsmense gestel word, is hulle soms geneig om die antwoord wat hulle as die "korrekte" beskou, te gee. So bv. het baie van die segsmense by die beantwoording van die vrae gesê dat hulle nie vrede (soos in "Ek is vrede met die kos.") gebruik nie, maar tevrede. Hulle het dan onbewustelik in die gesprek 'n paar minute vroeër wel die woord vrede gebruik.

Die omgekeerde het egter ook plaasgevind, waar segsmense op die vraelys aandui dat hulle wel 'n bepaalde vorm gebruik, maar in gesprek met die

navorser die standaardvorm gebruik. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat van die segsmense in so 'n gespreksituasie baie bedag is op hulle taalgebruik en van 'n meer formele styl gebruik maak.

Alles moontlik is gedoen om die waarnemersparadoks te omseil en die segsmense tot informele taalgebruik te lei. Dit is gedoen deur vrae te stel soos: Vertel van 'n keer toe u in 'n ongeluk betrokke was; Was u al in groot moeilikheid?; Vertel hoe u u stokperdjie beoefen; Vertel 'n storie wat u aan u kinders vertel het, ens. Dit was egter nie altyd geslaag nie en party segsmense het by tye van 'n meer formele styl gebruik gemaak.

Die transkripsies van onderhoude met vyf segsmense word volledig in hierdie studie opgeneem as Bylae F.

#### 1.3.3.3 DIE VERWERKING VAN DIE DATA

Die bandopnames van die onderhoude met 20 segsmense is in die gewone ortografie getranskribeer. Fonetiese transkripsies was nie nodig nie, aangesien daar nie in hierdie studie op die klankvlak gewerk word nie. Die ander bandopnames is as kontrole-opnames gebruik.

Nadat die transkripsies voltooi is en die ander bande noukeurig deurgeluister is, is die voorkomste van die geïdentifiseerde variante getel en Frekwensie-indekse is uitgewerk (vgl. Hoofstuk 2).

Die data wat vanaf die vraelyste verkry is, is persentasiegewys verwerk, telkens volgens die drie nie-talige veranderlikes wat in ag geneem is in hierdie studie, nl. geslag, ouderdom en vlak van opleiding (vgl. Hoofstuk 3).

#### 1.3.3.4 DIE DATA-INTERPRETASIE

Na die verwerking van die data is die resultate geïnterpreteer en daar is ook gebruik gemaak van grafieke om hierdie interpretasie grafies aan te toon (vgl. Hoofstukke 2 en 3).

#### 1.4 HIPOTEESES

1.4.1 Die eerste hipotese van hierdie studie is dat die Afrikaans wat deur die Rehoboth-Basters (RBA) gepraat word, 'n variëteit van Oranjerivier-Afrikaans (OA) is.

1.4.2 Die tweede hipotese van hierdie studie is dat die taalgebruik (die talige veranderlikes) van die Rehoboth-Basters verband hou met nie-talige veranderlikes.

Daar word uitgegaan van die volgende standpunte:

*Data interpretasie*  
1.4.2.1. Daar is 'n verskil in die taalgebruik van mans en vrouens. Geslag speel dus as nie-talige veranderlike 'n rol in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters.

1.4.2.2 Daar is 'n verskil in die taalgebruik van Rehoboth-Basters wat verskillende ouderdomsgroepe verteenwoordig. Daar word van die standpunt uitgegaan dat die taalgebruik van die ouderdomsgroepe 0-15 jaar, 16-25 jaar, 26-40 jaar, 41-60 jaar en 61 jaar en ouer verskil.

1.4.2.3. Daar is ook 'n verskil in die taalgebruik van Rehoboth-Basters ten opsigte van hulle vlakke van opleiding. Basters met slegs laerskoolopleiding se taalgebruik sal verskil van dié met hoërskoolopleiding. Hierdie twee groepe se taalgebruik sal eweneens weer verskil van

die taalgebruik van Basters met tersiêre opleiding.

## 1.5 INVENTARIS

Die volgende talige variante gaan in hierdie studie onder die loep geneem word:

### ~~X~~ 1.5.1 SINTAKTIESE VARIANTE

Die ontkenningpatroon: weglating van die tweede nie

Ek weet nie eens waffer kant toe.

Liewerster moet jy breek, maar nie my brille.

Ons kan nie eens geloop sê het môre.

Lidwoordweglating

Hy was die eerste man wat hierie pad uit (die) Kaapkolonie uit aangedurf het.

... het hulle mos nou met ('n) paar blankes gekom.

Anaforiek

Die gebruik van hy in plaas van dit

Ek kan hom (Duits) nie praat nie.

Hy's mooi skoon, die kas.

Die gebruik van die manlike hy in plaas van die vroulike sy

Ja, die Trudie, hy loop mos eintlik so krom.  
 Die Katie-kind. Hy't twee kjennertjies gekry.  
Sy't net losgespring, toe skiet hulle hom blad agter.

Die gebruik van toe en nou

... sê ek toe nou vir hom.  
Toe't hulle nou virrie kom bly gekom.  
 En hulle was toe nou eintlik saam gewees met die Hellwigs.

Voorsetselweglating

Hulle is (vir) my lief gewees.  
 Ja, ek was mos (in) Kubis se oorlog.

Voorsetselherhaling

Amper was ek nog uit my jas uit.  
 Hulle is nog in Suidwes in besig.

Onnoukeurige voorsetselgebruik

Toe't ek met my pa gebly.  
 Oorlat ek kan so mooi sien in darie bril.  
 ... maar as wit aan wit oorlog maak.

Die gebruik van vir

Ek vergeet vir hom nooit nie.  
 Moenie vir my tog kwaad maak nie.

Die gebruik van die met saam-konstruksie

... druk ek met hierie hand saam ook soontoe.  
 Ek moet Kaap toe gaan met die kind saam.  
 Toe kom hy met die perd saam.

Die gebruik van loop as skakelwerkwoord

Maar ek wil maar eers die masjien loop staanmaak.  
 ... lat die mense loop afgespring het hier by die water.  
 So, ek loop staan so.

Die gebruik van kom as skakelwerkwoord

My oupagrootjie het hier gekom trek.  
 Ek het buitekant die masjien gekom staanmaak.  
 En hy sy mamma het darie lyk gekom kry.

Die gebruik van die hiperkorrekte ge- in die verlede tyd

Ons susters en broers het 'n os geverkoop.  
 Dit was nou hoe hulle hulle se water gegebruik het.  
 Hulle het hom gebegrawe.

Die gebruik van had i.p.v. het

Die Duutsers had altyd gesê.  
 Ek had dit swaar gehad.  
 Hy had nog vyftien dae geleef.

Die gebruik van die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoorde in die verlede tyd

Hy wil die soldate gehad het.  
 Enige mens sal hulle doodgeskiet het.

Die gebruik van was gewees

Darie tyd was dit 'n lekker tyd gewees.

Hulle was tog plesierig gewees.

Hy was mos ook arm gewees.

Die gebruik van is gewees

Hulle is my rêrig lief gewees.

Darie is nou 'n onherbergsame pad gewees.

Is jy al daar gewees?

Die gebruik van het gewees

Ons was ses gewees wat geграce gewees het.

Die Duitsters wat hier rond gewees het.

... pale wat so ingegrou gewees het.

Die vervanging van het deur is/was

Toe's my mamma gesterf.

Drie kjenners is gesterf.

Die vervanging van is/was deur het

Hier het ek gebore.

Maar sy het getroud.

Die infinitief-konstruksie: te-weglating

Toe sê hy hy's seker gewoon om skoolgaan.

Maar nou's jy bietjie bang om loop afstaan.

Bysinne

dat die kop nie meer kan alles onthou.  
 oorlat ek kan so moci sien in darie bril.  
 dat ek kan maar net weet hoe die Here is.

1.5.2 MORFOLOGIESE VARIANTEVerbuigings -e is afwesigNederland BybelNederland GesangboekWoordsoortelike meerfunksionaliteitOns het 'n grootmens gerespek.Toe staan ek op verloof.Meervoudlose vorme

bees

Die gebruik van die dubbele meervoudsvorm

kamerse

dogterse

waense

Van Wykse

Die meervouds -s aan massanaamwoorde en aanwysende voornaamwoorde

waters

koffietjies

anners

dies

### Die gebruik van die dubbele verkleiningsvorm

woordjietjies  
skoolplekkietjie  
huisietjie

### Besitlike voornaamwoorde en besitskonstruksies

hy se vader  
hulle se handjies  
ons se mense  
onsie tyd  
elkeen wat hy sy mense nodig kry  
Miesies Volkwyn sy ouma

### Die gebruik van die hiperkorrekte ge- van die voltooide deelwoord

Is dit te min gevertel?  
Is dit nou soos Rehoboth gebestaan het?  
Toe't hulle mos al darie dokkemente van ons gevernietig.

### Die -goed-konstruksie

Ma-goed is met die kleintjies agter die geberg.  
Ouma-goed sê.

### 1.5.3. LEKSIKALE VARIANTE

Enkele leksikale variante is:

Die eerste kome (inkomelinge) van die Basters.

Daar had hulle so gorratjies (gaatjies) gemaak.

Toe's dit 'n springwater (fontein) wat kokend warm is.

... is nou hulle se skoolhuis/skoolplekkietjie (skool) gewees.

Hoe deurmekaar is dit nou nie weer ook hierie agterste jare nie (deesdae).

Toe had die transportrybesigheid darem nou bietjie verlê geraak (dit het opgehou).

Toe't hulle vier waens kom brand steek (aan die brand steek).

As hulle die water, die twee kantiene (20-liter dromme) vol geskep het.

Ons mense bly net in die skanse (skuiling van klippe gemaak).

Daar sal nie mense oorgeskiets het nie (niemand sou oorleef nie).

Ons vier is daar gekwes (gewond).

By die toon die berg (voet van die berg) daar het vyf waense gestaan.

Hulle het voetsaam op Rehoboth gekom (het geloop).

Sal so aan die draad loop en houvas totlat ek lag is (totdat ek begin lag).

Ekke, hier in dié lyke? (Soos ek nou lyk?)

Toe haal hy darie praat (praatjies) nou aan.

Hulle het die hele Basters (al die Basters) platgeskiet.

Ons is vrede (tevrede) met dit wat ons gehad het.

Duutsman/Duutse/Duutsers/Duisters/Duitsters/Duisterse

Darie Dottie was ook my liefmaat (lieflingsmaat).

Toe staanmaak (laat staan) ons die emmers.

Die oorlog het baie lydings aangebring (lyding veroorsaak).

Hulle moet die venster breek slaan.

Dit is mos nou die laaste tyd wat die oneensigheid (onenigheid) gewees het.

Toe ek opgegroot het (grootgeword het).

Die wêreld is omkeer (deurmekaar).

As julle so ongehoorsamig is, dan kom die guiwel.

Kwart oor agt toe bore sy (is sy gebore).

My pa't altyd gesê ek's die enigste kêrelkind.

Hy't my in Walvisbaai afgeprent (foto geneem).

Dis jy wat sal gepak word (pak kry).

Die dokter sê ek het die lae bloed (lae bloeddruk).

## HOOFSTUK 2

### REHOBOTH-AFRIKAANS AS SUBVARIËTEIT VAN ORANJERIVIER-AFRIKAANS

#### 2.1 DOELSTELLING

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is om aan te toon dat Rehoboth-Afrikaans (RBA) 'n subvariëteit van Oranjerivier-Afrikaans (OA) is. Aangesien Griekwa-Afrikaans (GA) tot dusver die volledigste beskrewe vorm van OA is, word GA hier as normvariëteit gebruik. RBA word dus gemeet aan GA om RBA te kan beskryf as subvariëteit van OA. Daar word egter ook kennis geneem van sowel die studie van J.H. Rademeyer: "Kleurling-Afrikaans. Die taal van die Griekwas en Rehoboth-Basters", as van die studie van J.J. Fourie: "Aspekte van die Afrikaans van die Riemvasmakers".

Die data wat vir hierdie hoofstuk gebruik is, is gebaseer op die taal van die ouer Basters. Die ouer garde - anders as die jonger mense - praat nog 'n meer "gepreserveerde" vorm van die variëteit RBA. Die jonger mense se spraak verskil van dié van die oumense as gevolg van verskeie faktore soos onder andere beter skoolopleiding, meer kontak met ander groepe mense, meer blootstelling aan die massamedia, ens.

Dit is dus belangrik om RBA nou te beskryf soos wat dit nog in die mond van die ouer garde leef, aangesien hierdie generasie besig is om uit te sterf en daarmee saam hulle taal.

#### 2.2 'N UITEENSETTING VAN GA

Hieronder word 'n uiteensetting van GA op drie analisevlakke (sintakties,

morfologies en leksikaal) gegee soos beskryf in "Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare". In hierdie studie word nie aandag geskenk aan die klankvlak nie, aangesien D.J. van Schalkwyk in sy studie "Fonetiese variasie in die taal van die Rehoboth-Basters" hierdie analisevlak volledig beskryf het.

### 2.2.1 SINTAKTIESE VARIASIE

Die sintaktiese variasie in GA is deur Hans du Plessis (1984: 35-195) beskryf.

#### 2.2.1.1 ONBEDUIDENDE VERANDERLIKES

Onbeduidende veranderlikes sluit veral die ontbrekingskonstruksie in:

##### 1. ONTKENNINGSPATROON

(ontkenningskop ..... ontkenningstert):

ontkenningskop + Ø, bv.

1. is okkie my kind
2. jy sal ok nie werk kry

##### 2. LIDWOORDWEGGLATING

(lidwoord + N): Ø + N, bv.

3. ek moet tiekie gee vir die meid
4. daar was nie kaptein gekies nie

### 3. VOORSETSELWEGGLATING

(Voorsetsel + NS):  $\emptyset$  + NS, bv.

5. toe ek my mense verlang
6. vat nie 'n ding notisie nie.

Daar is nie besonder aandag aan woordordevariasie gegee nie, aangesien dit eerder 'n stylvariasie is wat verband hou met vertellerstrategie.

Enkele variantekonstruksies wat slegs enkele kere by een of twee sprekers voorkom, is:

7. ek kan nou net nie geonthou nie
8. hoe gaan dit met jou saam

#### 2.2.1.2 BEDUIDENDE VERANDERLIKES

Die veranderlikes wat in meer besonderhede voorkom, is in groter klasse verdeel:

##### 1. NAAMWOORDSTUKVARIASIE IN GA

Variasie in GA kom hier voor ten opsigte van anaforiek, naamwoorde, lidwoordweglating, ensovoorts.

##### 2. SETSELGROEPE

Voorsetselvariasie in GA lyk op die oog baie produktief, maar die berekening van 'n frekwensie-indeks (FI) gee die teenoorgestelde te kenne.

### 3. WERKWOORDE IN GA

Die werkwoordpatroon in GA toon opvallender variasie as die naamwoorde en voorsetsels. Veral die gebruik van skakelwerkwoorde is opvallend.

Die FI van kom en loop as skakelwerkwoorde is besonder hoog. Ook medewerkwoordvolgorde, verledetydsaanduiding en die infinitief toon variasie.

### 4. BEPALINGS

Die gebruik van toe en nou in GA toon ook variasie.

### 5. BYSINNE IN GA

Variasie ten opsigte van die bysinsvolgorde in GA word ook bespreek.

## 2.2.2 MORFOLOGIESE VARIASIE

Die morfologiese variasie wat in GA voorkom, is bespreek deur A.G. Jenkinson (1984: 229-253).

Morfologiese variasie in GA kom in die volgende gevalle voor:

1. Woordsoortelike meerfunksionaliteit (waar die afleidingsprosesse oor die hoof gesien is).
2. Meervoudlose vorme (bv. bees).
3. Die gebruik van die -e, -s, -ens en -se-allomorfe (bv. waense, kinderse, Kokse, korings, winkelens).

4. Die gebruik van die dubbel diminutief (bv. takkietjie, walsietjie).
5. Besitlike voornaamwoorde en besitskonstruksie (bv. hy se kos, ons se werk, vroeër se tyd).
6. Aanwysende voornaamwoorde en nie-bepaalde voornaamwoorde substantiwies gebruik (deiktiese gebruik en anaforiese verwysing, bv. hierdieste deel van die grond, die anners is mos nou in Durban).
7. Die hiperkorrekte ge- van voltooide deelwoorde (gegeniet, geverstaan).
8. Die goed-konstruksie (Pa-goed, meneer-goed, oupa-goed-hulle).

### 2.2.3 LEKSIKALE VARIASIE

'n Hele aantal Griekwawoorde is gelys deur M.C.J. van Rensburg, A.S. de Wet en L. Swanepoel (1984: 519-576). Opvallende uitdrukkings, idiome en beeldspraak, tekens van Engelse invloed op die woordeskat van die Griekwas en "ou" woorde en woordvorme is deur A.S. de Wet (1984: 806-822) opgeteken.

## 2.3 OOREENKOMSTE EN VERSKILLE TUSSEN RBA EN GA

### 2.3.1 SINTAKTIESE VARIASIE

### 2.3.1.1 ONTKENNINGSPATROON

Die sogenaamde dubbele ontkenning kom wetmatig in Standaardafrikaans (SA) voor. Die moontlike negatiewe in SA is: nie, niks, niemand, nêrens, nooit, geen, geeneen, geensins, en g'n. Na al bogenoemde negatiewe volg die tweede nie en kom dan aan die end van die betrokke sinne voor, bv.:

1. Ek weet nie wat ek moet sê nie.
2. Ek het dit nog nooit aan iemand gevertel nie.
3. Ek kan niks vertel nie.

Ons kan dus die reël vir die ontkenning in SA soos volg weergee (vgl. Du Plessis, 1984: 46):

ontkenningskop ..... ontkenningstert

In RBA kry ons in teenstelling met die reël hierbo, 'n beduidende voorkoms van die weglating van die tweede nie. Dus:

ontkenningskop +  $\emptyset$ , bv.

4. Ek weet nie eens waffer kant toe.
5. Almal leef nie meer.
6. Die Duitsters het niks gedoen.
7. Ek kan rêrig niks vertel.
8. Niemand kan hulle verstaan.
9. Liewerster moet jy breek, maar nie my brille.
10. Ek weet nie waar moet 'n mens 'n beste plekkietjie soek.

Om die frekwensie-indeks (FI) van die gebruik van slegs een nie te bepaal, is die volgende formule gebruik:

$$\frac{\text{aantal kere wat tweede nie weggelaat word}}{\text{totale aantal kere wat die ontkenningiskonstruksie voorkom}} \times \frac{100}{1}$$

$$= \frac{100}{276} \times \frac{100}{1} = 36,23$$

Bostaande FI is beduidend as in ag geneem word dat die voorkoms van die weglating van die tweede nie in SA nul sal wees. In GA word die weglating van die tweede nie ook aangetref, maar die voorkoms daarvan is onbeduidend.

#### 2.3.1.2 LIDWOORDWEGGLATING

Lidwoordweglating in RBA is, net soos in GA en Riemvasmaak-Afrikaans (RA) onbeduidend. Die weglating van die lidwoord kom in enkele geïsoleerde gevalle voor, bv.

11. Hy was die eerste man wat hierie pad uit Kaapkolonie uit aangedurf het.
12. Toe het hulle mos nou met paar blankes gekom.
13. Toe't ek al so groot kjend is.

Rademeyer (1938: 79-80) se bevinding: "heel gewoon is die verswyging van die lidwoord", is dus hier nie meer van toepassing nie.

Lidwoordweglating sal hier nie verder bespreek word nie as gevolg van die onbeduidende voorkoms daarvan in RBA.

#### 2.3.1.3 VOORSETSELWEGGLATING

Voorsetselweglating is weer eens net soos in GA, baie onbeduidend, bv.

14. Hulle is my lief gewees.
15. Die kerk is mensehande gebou.

16. Hy kyk die ring.
17. Ja, ek was mos Kubis se oorlog.
18. My oudste drie dogters het aldrie leraars getrou.

#### 2.3.1.4 NAAMWOORDVARIASIE IN RBA

##### 1. DIE SEMANTIESE WAARDES VAN NAAMWOORDE

Volgens Ponelis (1979: 15) is die algemene semantiese waardes wat die gebruik van naamwoorde kenmerk, onder andere die volgende: verwysing, generisiteit, die vokatiewe gebruik, beskrywing en bepaaldheid.

Naamwoorde word in RBA (net soos in GA) nie anders gebruik as in SA nie, met die uitsondering van verwysing en dan spesifiek anaforiek.

##### 2. ANAFORIEK

'n Anaforiese ketting bestaan altyd uit minstens een antesedent en een (of meer) anafore. Anaforiek maak dit moontlik om in 'n sin (of sinne) met 'n korter naamwoordstuk terug te verwys na 'n referent (ook 'n naamwoordstuk) wat vroeër in die sin geïdentifiseer is (Botha, 1985: 215). "Anaforiek het dus altyd te make met die verband tussen minstens twee naamwoordstukke waarvan één volledig geïdentifiseer is as die ander" (Botha, 1985: 215).

Dikwels is die anafoor 'n voornaamwoord wat na die antesedent verwys. Daar kan deur middel van 'n voornaamwoord na 'n referent verwys word op voorwaarde dat die referent reeds deur middel van 'n ander naamwoordstuk geïdentifiseer is (vgl. Prinsloo, 1982: 41).

Prinsloo (1982: 41-42) wys ook daarop dat 'n voornaamwoord koreferensieel kan wees met 'n voorafgaande naamwoordfrase indien beide ooreenstem in getal en geslag. Koreferensie is uitgesluit wanneer daar tussen 'n antesedent en 'n anafoor ooreenstemming is ten opsigte van slegs getal of geslag.

Sy toon ook aan dat hierdie beginsel nie altyd in gesproke substandaard-afrikaans geld nie. C. du Plessis (1985: 6) sluit hierby aan deur aan te toon dat die wisselende voornaamwoordgebruik hom landswyd voordoet en by beide geslagte aangetref word.

C. du Plessis (1985: 13) is dan ook van mening dat net so algemeen as wat die manlike hy vir die vroulike sy deur substandaardafrikaanse sprekers gebruik word, net so seldsaam is die omgekeerde.

Dit is dan ook by die gebruik van die voornaamwoorde vir manlik teenoor vroulik, en lewend teenoor nie-lewend waar variasie in RBA voorkom. Waar die voornaamwoord hy na "lewend" verwys en dit na "nie-lewend", vind ons in RBA dikwels dat dit nie gebruik word om "nie-lewend" aan te toon nie, maar hy, bv.

19. Nou't ek so 'n dronkgeid in my kop. Vanmôre het ek hom weer gekry.
20. En hy het so lekker geruik, daai water.
21. Hy kom dan ook nog so, die skuim.
22. Ek verstaan natuurlik Duits, maar ek kan hom nie praat nie.
23. Dis net die genade van die Here wat ek nog vandag kan Sam Kubis se storie vertel, want as ek hom maar van die begin af vat...
24. Die kruitdamp is eenkant blou en hy's eenkant geel.
25. Maar darie swart koffietjie, hy was die behoudenis van Koos gewees.

In SA word die voornaamwoorde hy en sy in die geval van mens en dier gebruik om geslag aan te dui. In RBA dui die voornaamwoorde hy en sy nie sonder meer geslag aan nie. 'n Hele aantal gevalle kom voor waar die anafoor hy gebruik is om na 'n vroulike antesedent te verwys, bv.

26. Ja, die Trudie, hy loop mos eintlik so krom.
27. Sy't net losgespring, toe skiet hulle hom blad agter.
28. Ek's hier verby daar na tannie Nak toe. Hy's net so siek.
29. Dit was ook 'n Duutse nôï. Hy sê: "Verstaan jy mooi Duuts?"
30. Want hy't vir Sussie so aan die hare gevat en hom so gedoeb-  
doebie.
31. Die Katie-kind. Hy't twee kjennertjies gekry.
32. Magriet se man is langs hom doodgeskiet.

Die omgekeerde, naamlik dat sy vir die manlike antesedent gebruik word, het nie een keer voorgekom nie.

Dit blyk ook dat daar geen patroonmatigheid voorkom by die gebruik van hy in plaas van sy nie. In die een sin word 'n referent se moeder hy genoem, net om in 'n paar sinne later sy genoem te word. Dit is presies dieselfde met 'n suster, dogter, vreemde vrou, werkgeefster, ens. Hierdie selfde verskynsel tref ons ook aan by woorde soos: kerk, oorlog, koeëls, ens. In die een sin word daarna verwys as dit en lateraan word daarna verwys as hy.

Wanneer besitting in SA aangedui word, word dit soos volg weergegee: my/jou/sy/haar/hulle/julle/ons waens. In RBA word dit dikwels weergegee met die se-vorm, met ander woorde voornaamwoord + se + naamwoord, bv.

33. Hy se hare.
34. Hulle se kerk.
35. Sy se handjie.
36. Ons se emmers.

Hierdie verskynsel sal verder bespreek word in die afdeling wat handel oor morfologiese variasie.

Dit blyk ook dat RBA (nes GA) bywoordelike anaforiek om verskeie

redes gebruik, soos vir tydsverplasing en ruimtelike verplasing.

Gewoonlik bevind die informant hom nie op dieselfde plek en tydstip as waarna sy vertelling verwys nie. Hy gebruik dan die woord toe om die handelingsmoment in tyd te plaas, bv.

37. Hulle het mos toe nou die sendelinge ook gehad.

38. So het hulle toe nou die gate oopgemaak.

Na hierdie tydsoriëntasie word die handelingsmoment verplaas na die hede en hiervoor gebruik hulle die woordjie nou. Gewoonlik word die toe eerste in die sin geplaas en die nou daarna, maar soms word dié twee woorde omgeruil:

39. En hulle was toe nou eintlik saam gewees met die Hellwigs.

40. Want die anner dinge het mos toe nou nog só gekom.

41. Nou toe sê ek nou vir hom.

42. Toe't hulle nou virrie kom bly gekom.

43. Toe vertel my nôi nou darie nôi.

44. Toe's ons nou gevang.

### 3. NAAMWOORDE

Die variasie ten opsigte van die naamwoord word in die afdeling oor morfologiese variasie behandel. Die opheffing van die onderskeid tussen die manlike en vroulike vorm van die voornaamwoord is reeds in die afdeling oor anaforiek behandel:

45. Ouma Polina, hy kan nie loop nie.

Ook die opheffing van die onderskeid tussen nie-lewend en lewend is behandel in die afdeling oor anaforiek, bv.

46. Nee, hulle noem die kerk maar so, hy's natuurlik Paulus Kirche.

Soms word die enkelvoudsvorm in plaas van die meervoudsvorm vir diere gebruik, bv. bees. Hierdie verskynsel het 'n baie lae voorkomssyfer in RBA en dit wil dus lyk asof dit nou minder voorkom as in die tyd toe Rademeyer (1938: 62) sy voorbeelde van dié spesifieke vorm opgeteken het.

Nog 'n interessantheid ten opsigte van die gebruik van naamwoorde in RBA is die byvoeging van goed by eiename, bv.

47. Ma-goed (Ma) is met die kleintjies agter die geberg.
48. Ouma-goed (Ouma) sê.
49. Olauf-goed (Olauf) is lankal hiersô.
50. Ek het Sara-goed (Sara) gebel.
51. Bring die pensioenboekie van Astrid-goed (Astrid).
52. Dis nou my ma se familie, oom Dirk van Wyk-goed (oom Dirk van Wyk-hulle).
53. Hy bly daar op die Kennard-goed (Kennard).

Hierdie gebruik van -goed stem ooreen met Rademeyer (1938: 67) se bevindinge. Soms is die uitgang -goed bloot 'n vormwoord sonder enige betekenisinhoud (bv. Astrid-goed = Astrid) en soms het dit dieselfde funksie as die woord -hulle (bv. oom Dirk van Wyk-goed = oom Dirk van Wyk-hulle).

#### 2.3.1.5 SETSELGROEPE

Volgens Du Plessis (1984: 127) is "die gebruik van voorsetsels in Afrikaans nie maklik onder 'n duidelike patroon te bring nie. Verder is dit so dat voorsetsels in nie-standaardafrikaans oor die algemeen nie

baie noukeurig gebruik word nie".

In die lig hiervan sal voorsetselvariasie in RBA slegs vergelyk word met voorsetselvariasie in GA. Nadere ondersoek na die voorsetsels vir en met saam sal gedoen word.

Aanvanklik het dit gelyk asof voorsetselvariasie in RBA beduidend is, maar na nadere ondersoek blyk dit dat daar geen patroonmatigheid ten opsigte van voorsetselvariasie in RBA is nie.

#### 1. VOORSETSELWEGLATING

Die FI vir voorsetselweglating is betreklik onbeduidend. Die FI is soos volg bereken:

$$\frac{\text{aantal kere waar voorsetselweglating plaasvind}}{\text{totale aantal kere wat die VS+ en VS- konstruksie voorkom}} \times \frac{100}{1} = \text{FI}$$

$$= \frac{65}{1\ 380} \times \frac{100}{1} = 4,71$$

Voorsetselweglating vind plaas in RBA in sinne soos:

53. Hulle is my lief gewees.
54. Hoe kan nog so lelike twee mense trou mekaar.
55. My oudste drie dogters had aldie leraars getrou.
56. Glo 'n Namavrou wat my Babs gesê het.
57. Ja, ek was mos Kubis se oorlog.

## 2. VOORSETSELHERHALING

Voorsetselherhaling in RBA is feitlik beperk tot die gebruik van die voorsetsels in en uit. Voorsetselherhaling kom op baie beperkte skaal voor met 'n FI van 2,24:

58. Amper was ek nog uit my jas uit.
59. Hy was die eerste man wat hierie pad uit Kaapkolonie uit aangedurf het.
60. Ons het uit die bome uit die pale gesaag.
61. Ek is so uit die veld uit geslaan.
62. Toe's hulle in die kar in.
63. Toe kom die klomp Hereroka in met die kieriese in.
64. Hulle is nog in Suidwes in besig.
65. Ek het net in die hokkietjie in gegaan.

## 3. ONNOUKEURIGE VOORSETSELGEBRUIK

Aangesien dit blyk dat onnoukeurige voorsetselgebruik 'n kenmerk van nie-standaardafrikaans is, kan onderstaande voorbeelde nie beskou word as slegs RBA nie. Die FI vir die onnoukeurige gebruik van voorsetsels in RBA is bereken deur telkens 'n 0 toe te ken vir voorsetselherhaling, 1 vir voorsetselweglating en 2 vir onnoukeurige voorsetselgebruik. Die gebruiksfrekwensie word dan soos volg bereken:

$$\begin{array}{rcl}
 \frac{\text{somtotaal van aantal nulle, eens en twees}}{\text{totale aantal kere wat die VS+ en VS- konstruksie voorkom}} & \times & \frac{100}{1} = \\
 & & \text{FI} \\
 \\ 
 = \frac{31 \text{ nulle, } 65 \text{ eens en } 301 \text{ twees}}{1380} & \times & \frac{100}{1}
 \end{array}$$

$$= \frac{397}{1\ 380} \times \frac{100}{1} = 28,76$$

Die FI vir onnoukeurige voorsetselgebruik in RBA is dus redelik onbeduidend met 'n FI van 28,76. Voorbeelde van onnoukeurige voorsetselgebruik in RBA is:

66. Toe't ek met my pa gebly.
67. Hy gaan so af daar by die kar.
68. Oorlat ek kan so mooi sien in darie bril.
69. ... maar as wit aan wit oorlog maak.
70. ... na die 1904-oorlog wat hulle nou gehad het met die Damaras.
71. Druk ek met hierie hand saam aan die kraan.
72. Darie had 'n telegram weggestuur by die Kaap.

#### 2.3.1.6 DIE GEBRUIK VAN VIR IN RBA

De Wet (1984: 383) wys daarop dat die gebruik van vir "besig is om veld te wen in AB-Afrikaans". Hy wys daarop dat ons dit teëkom in die spreektaal en deesdae ook in die skryftaal, soos bv. in die nuwe vertaling van die Bybel. In RBA kom vir ook (soos ook in GA en RA ) volop voor.

##### 1. VIR + INDIREKTE VOORWERP

Dit lyk hoogs waarskynlik dat vir saam met 'n indirekte voorwerp gereeld sal voorkom, aangesien die indirekte voorwerp meestal menslik is. Volgens Ponelis (1979: 204) is menslikheid "dié sentrale veranderlike by die gebruik van vir". Ons kan hieruit aflei dat vir in RBA gereeld sal voorkom saam met 'n menslike indirekte voorwerp.

Wanneer die direkte voorwerp vóór die indirekte voorwerp in 'n sin geplaas word, is vir verpligtend (vgl. De Wet, 1984: 384). Vir is opsioneel "sodra die indirekte voorwerp (i) in die posisie vóór die direkte voorwerp staan; (ii) nie voorafgegaan word deur bepaling scos mos en nou, of die ontkenningsspartikel nie nie (De Wet, 1984: 385).

Daar is in RBA slegs vier sinne opgeteken waarin die direkte voorwerp vóór die indirekte voorwerp geplaas is en in drie van die sinne kom die vir (wat verpligtend is) dan ook voor, terwyl die vir slegs in een sin nie voorkom nie:

73. Die oorlog het baie lydings aangebring vir die mense.
74. Om die vragte daarvan af te loop haal vir die binneland.
75. Ek moet tog 'n broodjie vir hom gee.
76. ... die naam wat die Namas die plek gegee het.

Waar die gebruik van die vir opsioneel is, word dit tog gereeld gebruik in RBA:

77. Ek vertel vir hulle al die stories.  
(Ek vertel hulle al die stories.)
78. God het vir my vrede gegee.  
(God het my vrede gegee.)
79. Ons sal vir jou honderd beeste gee.  
(Ons sal jou honderd beeste gee.)

As ondersoek ingestel word na die volgende sinne

80. My pa het vir my ma in die kombuis so 'n stoof gemaak.
81. Dan het sy vir my pa broeke gemaak.
82. Maar sy het vir ons self velskoens gewerk.

kom ons tot die gevolgtrekking dat die vir nie altyd opsioneel is wanneer die indirekte voorwerp vóór die direkte voorwerp voorkom nie.

Wanneer die vir in die bostaande sinne uitgelaat word, is hulle ongrammatikaal in sowel RBA as SA:

- 80a. \* My pa het my ma in die kombuis so 'n stoof gemaak.
- 81a. \* Dan het sy my pa broeke gemaak.
- 82a. \* Maar sy het ons self velskoens gewerk.

Dit wil dus voorkom asof die aard van die werkwoord hier 'n rol speel. Wanneer die direkte objek 'n resulterende objek is (Lyons, 1979: 439), word die werkwoord wat oorganklik is ten opsigte van so 'n resulterende objek 'n eksistensiële kousatiewe werkwoord genoem (Lyons, 1979: 439). Die eksistensiële kousatiewe werkwoord impliseer dat iets geskep of vervaardig word. Wanneer 'n indirekte voorwerp saam met 'n resulterende direkte voorwerp voorkom, is die vir verpligtend saam met die indirekte voorwerp, bv.

- 83. Ek maak vir jou lekker kos.
  - \* Ek maak jou lekker kos.
- 84. Ek het vir jou 'n koek gebak.
  - \* Ek het jou 'n koek gebak.
- 85. Ek bou vir jou 'n huis.
  - \* Ek bou jou 'n huis.

## 2. VIR + DIREKTE VOORWERP

Raidt (s.j.: 194) wys daarop dat vir gebruik móet word wanneer die persoonsobjek deur 'n bywoord voorafgegaan word, bv. "Ons het gister vir Maria raakgeloop". In ander gevalle soos in "Hy het vir my geslaan" is die vir nie verpligtend nie.

Vir word in RBA baie keer ingevoeg voor 'n direkte voorwerp terwyl die sinne sonder vir heeltemal grammatikaal is:

86. Ek vergeet vir hom nooit nie.  
(Ek vergeet hom nooit nie.)
87. Pieter ken vir Duits.  
(Pieter ken Duits.)
88. Toe't hy vir ons geskiet.  
(Toe't hy ons geskiet.)
89. Die Liewe Heiland sal vir ons laat lewe.  
(Die Liewe Heiland sal ons laat lewe.)
90. Moenie vir my tog kwaad maak nie.  
(Moenie my tog kwaad maak nie.)
91. Toe kom haal hulle vir my.  
(Toe kom haal hulle my.)
92. En toe het ek vir haar grootgemaak.  
(En toe het ek haar grootgemaak.)
93. Dan vat hulle vir ons om in die kerk te wees.  
(Dan vat hulle ons om in die kerk te wees.)
94. Nou voor hulle vir hulle kan verdedig.  
(Nou voor hulle hulle kan verdedig.)
95. Hoelat Jakkals vir ou Wolf geverneuk het.  
(Hoelat Jakkals ou Wolf geverneuk het.)

Ons kan dan ten opsigte van RBA tot dieselfde gevolgtrekking kom as De Wet (1984: 386) oor GA: "In sinne wat grammatikaal is, word vir voor die direkte voorwerp ingevoeg slegs om te benadruk of om die semantiese inhoud van die sin duidelik te stel."

### 3. KOPPELWERKWOORD + VIR

De Wet (1984: 388) stel dit dat vir verpligtend is na die koppelwerkwoord en dat dit nie na voorkeur weggelaat kan word nie:

96. Dit lyk vir my die mens staan net op een plek.
97. Ek was baie lief vir dans.

98. Ek is nie vir die dood bang nie.
99. Dit was vir my baie belangrik gewees.

In RBA kom ons egter feitlik deurgaans die volgende vorm teë:

100. Hulle is my rêrig lief gewees.  
Hulle was tog te lief mekaar gewees.

Ten opsigte van die gebruik van vir kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word: vir kom dikwels voor in RBA, die gebruiksfrekwensie van vir saam met indirekte voorwerpe is hoog, alhoewel vir nie verpligtend is nie en vir het dan ook semantiese funksies.

#### 2.3.1.7 DIE MET SAAM-KONSTRUKSIE IN RBA

Rademeyer (1938: 80) het bevind dat "die met saam-konstruksie, waar geen korrelatiewe begrip uitgedruk word nie, is een wat so goed as algemeen is onder die Griekwas en Basters".

Rademeyer skryf hierdie verskynsel aan analogie toe. As jy kan sê: Ek gaan met Piet saam, kan jy ook sê: Ek baklei met Piet saam.

Hierdie verskynsel kom nog steeds dikwels in RBA voor:

101. Dan druk ek met hierie hand saam soontoe.
102. Toe kom hy met die perd saam.
103. Hulle het die lyke bymekaar gemaak met die kiste saam.
104. Die koningin kom met die trein saam.
105. Met dié hart saam moet ek altyd sorg dat ek in die koelte is.

### 2.3.1.8 WERKWOORDE IN RBA

#### 1. SKAKELWERKWOORDE

In SA word daar slegs vier indirekte skakelwerkwoorde onderskei, naamlik lê, loop, sit en staan (vgl. Ponelis, 1979: 241). "Die skakelwerkwoorde met die betekenis 'liggaamshouding' verbind via die bindpartikel en met die hoofwerkwoord" (Ponelis, 1979: 241).

Du Plessis (1984: 132) wys daarop dat in GA die verskil tussen direkte en indirekte skakelwerkwoorde algemeen opgehef word. Ook Rademeyer (1938: 73) stel dit dat die en in die staan en praat-konstruksie verswyg word. In RBA is dit nie dieselfde geval nie.

Ten opsigte van die gebruik van die indirekte sit en is die FI 85,71 terwyl die FI vir die direkte skakelwerkwoord sit slegs 14,28 is. Ten opsigte van die gebruik van staan en is die FI 100. Geen gevalle van staan as direkte skakelwerkwoord kom voor nie. Die FI van lê en is 50 en dié van lê is ook 50. Hierdie FI is egter nie beduidend nie, aangesien slegs een geval van lê en en een geval van lê voorgekom het.

Ten opsigte van die gebruik van loop, sluit RBA baie nou aan by GA. Die FI vir die gebruik van die indirekte skakelwerkwoord loop en is 7,89, terwyl die FI vir die gebruik van loop as direkte skakelwerkwoord 92,10 is. Dit lyk dan tog asof die indirekte skakelwerkwoord loop en in RBA grotendeels omgeskakel is in die direkte skakelwerkwoord loop.

Die direkte skakelwerkwoorde gaan en kom tree glad nie as indirekte skakelwerkwoorde in RBA op nie.

By die berekening van die gebruiksfrekwensie van die skakelwerkwoorde is van die volgende formule gebruik gemaak:

$$\frac{\text{Aantal kere wat 'n betrokke skakelwerkwoord voorkom}}{\text{Totale aantal kere wat skakelwerkwoorde voorkom}} \times \frac{100}{1} = \text{FI}$$

Wanneer dit só bereken word, is dit beduidend dat die skakelwerkwoorde kom en loop baie frekwent voorkom.

Dit is belangrik dat die FI vir kom as direkte skakelwerkwoord 40,49 is. Dié van loop as direkte skakelwerkwoord is laer met 21,47 en dié van gaan as direkte skakelwerkwoord is nog laer met 14,72. Die ander direkte skakelwerkwoorde se gebruiksfrekwensie is besonder laag: laat (7,97), begin (3,06), leer, probeer, sit en lê (0,61). Indirekte skakelwerkwoorde se gebruiksfrekwensie is ook besonder laag: sit en staan (3,68), loop (1,84) en lê (0,61).

Dit is sinvol om die skakelwerkwoorde loop en kom verder te bespreek aangesien hulle gebruiksfrekwensie redelik hoog is. Die gebruik van bogenoemde twee skakelwerkwoorde sal met dié in GA vergelyk word.

#### LOOP AS SKAKELWERKWOORD

Du Plessis (1984: 137-139) verdeel die gebruik van loop in vyf groepe en pas by elke groep 'n ander sintaktiese vervangingstoets toe:

1. In die eerste groep kan en ingevoeg word sonder om 'n onaanvaarbare sin tot gevolg te hê:

106. Moet jy maar loop rondval.

(Moet jy maar loop en rondval.)

107. Ek loop soek vir Maansie.

(Ek loop en soek vir Maansie.)

Hierdie tipe konstruksie kom baie selde in RBA voor.

2. In die tweede groep kan die loop gevolg word deur 'n infinitief-konstruksie:

108. En dan loop koop ek vleis.  
(En dan loop ek om vleis te koop.)
109. Toe loop vra ek brood by Ouma.  
(Toe loop ek om brood by Ouma te vra.)
110. Is dit daar waar Ouma moet loop sing?  
(Is dit daar waar Ouma moet loop om te sing?)
111. Hulle moet eers loop aanmelle.  
(Hulle moet eers loop om aan te melle.)

3. In die derde groep kan loop deur gaan vervang word, maar die en kan nie ingevoeg word nie en die loop kan ook nie deur die infinitief-konstruksie gevolg word nie:

112. Ek wil eers die masjien loop staanmaak.  
(Ek wil eers die masjien gaan staanmaak.)
113. Dan loop staan ek eers so vorentoe.  
(Dan gaan staan ek eers so vorentoe.)
114. En toe't hulle vir Kubis geloop skiet.  
(En toe't hulle vir Kubis gaan skiet.)
115. Lat hulle geloop hou het in die water.  
(Lat hulle gaan hou het in die water.)
116. Daar het ek toe loop gebly.  
(Daar het ek toe gaan bly.)

4. In die vierde groep vervul die loop 'n tydfunksie en kan min of meer as ge- gebruik word.

117. Hulle is daar in die kraal loop ingeja.  
(Hulle is daar in die kraal ingeja.)
118. Na die oorlog stil geloop word het.  
(Na die oorlog stil geword het.)

Ook hierdie tipe konstruksie kom selde in RBA voor.

5. In die laaste groep kan loop nie met enige van die voorafgaande vervang word sonder om 'n duidelike betekenisverskil te ondergaan nie:

11. Dan word hy weer teruggelei en geloop lêsit.

Loop veronderstel nie altyd letterlike "beweging" nie, soos uit bogenoemde sinne vasgestel kan word, en dit wil dus voorkom asof die gebruik van loop ook in RBA 'n wyer verskeidenheid openbaar as die gebruik daarvan in SA (Du Plessis, 1984: 141). Daar kan 'n sterk verband veronderstel word tussen die letterlike betekenis van loop en die sintaktiese 'werkwoordelikheid' daarvan" (Du Plessis, 1984: 140).

#### KOM AS SKAKELWERKWOORD

Net soos by loop kan kom ook in groepe verdeel word volgens die onderskeie vervangingstoetse wat daarop toegepas kan word.

1. In die eerste groep kan die kom gevolg word deur die infinitief:

120. Ek het baie Namavriende wat vir my kom kuier.

(Ek het baie Namavriende wat kom om vir my te kuier.)

121. En dan kom laai hy nou die vrag.

(En dan kom hy nou om die vrag te laai.)

122. Die een môre op die kerie gedruk en by my kom sit.

(Die een môre op die kerie gedruk en gekom om by my te sit.)

123. Hulle het vir die magistraat gekom vertel.

(Hulle het gekom om vir die magistraat te vertel.)

2. In die tweede groep kan en ingevoeg word, maar die infinitief volg nie:

124. Nou dan kom staan hy net by die rivier.  
(Nou dan kom en staan hy net by die rivier.)
125. 'n Ander ou moeder kom sê dat moenie so wees.  
( 'n Ander ou moeder kom en sê dat moenie so wees.)
126. Ek kom kyk die goed so.  
(Ek kom en kyk die goed so.)
127. Toe kom skop hy so daar waar die manne sit.  
(Toe kom en skop hy so daar waar die manne sit.)

3. In die derde groep kan nie die en of die infinitief ingevoeg word nie, maar kom kan deur gaan vervang word:

128. Ek sal weer vir Ma daar kom vat.  
(Ek sal weer vir Ma daar gaan vat.)
129. Daar het darie Boere die Duisters gekom vang.  
(Daar het darie Boere die Duisters gaan vang.)
130. As ons nou die aand kom slaap.  
(As ons nou die aand gaan slaap.)

4. In die vierde groep kan kom nie optree scos in enige van die vorige drie groepe nie.

131. Toe kom kry ons die ongeluk.
132. Toe't hulle hier gekom trek het.
133. So in die aand word hulle mos nou net so by die huise kom dood-gemaak.
134. Toe's hy gesterf kom.
135. Daar word nou kom uitgespan.

Dit blyk dan ook dat die gebruik van kom in RBA 'n wyer verskeidenheid openbaar as die gebruik daarvan in SA.

.t

VERLEDETYDSAANDUIDING IN RBA

Waar kom en loop in sinne in die verlede tyd voorkom, wys Rademeyer (1938: 72-73) daarop dat dit algemeen gebruiklik onder die Basters is om ge- aan die verkeerde werkwoord te voeg. Hierdie verskynsel kom nog steeds in RBA voor:

- 136. Hulle was sewentig gewees wat die eerste hier kom getrek het.
- 137. So in die aand word hulle mos nou net so by die huise kom doodgemaak.
- 138. Daar word nou kom uitgespan.
- 139. Daar ek ek toe loop gebly.
- 140. Toe't ons vir Pa loop uitgekoop daarsô.
- 141. Lat die manne loop afgespring het hier by die water.

Vorme waar die ge- aan die skakelwerkwoord gevoeg word, kom ook in RBA voor:

- 142. Ek is dankbaar vir wat Hy aan my lewe gekom doen het.
- 143. Dan word hy gekom lei.
- 144. Toe't hulle hulle se huise gekom mors.
- 145. Ons kan nie eens geloop sê het môre.
- 146. Ouma se ou kindjie het vir Ouma die water geloop haal.

In enkele geval kry ons in RBA dat ge- aan beide werkwoorde gevoeg word:

- 147. Hulle is daar geloop aangeja.
- 148. Het die ouden net geloop aanskrywings gedoen.

Wanneer bogenoemde skakelwerkwoorde die verlede tyd aandui saam met 'n hulpwerkwoord en 'n hoofwerkwoord, is die gebruiksfrekwensie soos volg:

| <u>KOM</u>                                         | <u>FI</u> |
|----------------------------------------------------|-----------|
| Tipe 1: bv. Toe het hulle my <u>kom haal</u> .     | 4,54      |
| Tipe 2: bv. Toe het hulle my <u>gekom haal</u> .   | 71,42     |
| Tipe 3: bv. Toe het hulle my <u>kom gehaal</u> .   | 28,57     |
| Tipe 4: bv. Toe het hulle my <u>gekom gehaal</u> . | 0         |

| <u>LOOP</u>                                 | <u>FI</u> |
|---------------------------------------------|-----------|
| Tipe 1: bv. Wolf het <u>loop meet</u> .     | 6,25      |
| Tipe 2: bv. Wolf het <u>geloop meet</u> .   | 43,75     |
| Tipe 3: bv. Wolf het <u>loop gemeet</u> .   | 37,50     |
| Tipe 4: bv. Wolf het <u>geloop gemeet</u> . | 12,50     |

Uit bogenoemde frekwensie-indekse blyk dit dat tipes 2 en 3 die meeste in RBA gebruik word.

Ponelis (1979: 192) wys daarop dat by kombinasie van skakel- en hoofwerkwoorde die skakelwerkwoord wel 'n ge- kan neem. Ten opsigte van die gebruiksfrekwensie van loop blyk dit dus dat in RBA die SA-vorm verkies word (tipes 1 + 2) met 'n gesamentlike FI van 75,96. By die gebruik van kom blyk dit dat ewe veel gebruik gemaak word van sowel die SA-vorm (tipes 1 + 2) met 'n FI van 50,0; as van die "afwykende" vorm (tipes 3 + 4) met 'n FI van 50,0.

Wanneer ondersoek ingestel word na die gebruiksfrekwensie van hulpwerkwoorde in RBA, blyk dit dat het die meeste gebruik word. 'n Opvallende kenmerk in RBA (net soos in GA en in mindere mate in RA) by die gebruik van het is dat die sprekers ge- aan woorde voeg wat in SA gewoonlik nie ge- sou neem nie. "By meersillabige werkwoorde sonder aanvangsaksent tree ge- in die standaardtaal nie op nie" (Ponelis, 1979: 192). In RBA word ge- wel aan bogenoemde woorde gevoeg:

149. Ons het altyd vir hulle gevertel.
150. Elke huisgesin het self sy koei geversorg.
151. Ons het eintlik geverlang.

- 152. Ek het mos my jas gevergeet.
- 153. So het ons maar gebesluit.
- 154. Daar het iets in my lewe gegebeur.
- 155. Daar het hulle gebegin.
- 156. Ek het dat nou nie geverduur nie.
- 157. Is dit nou soos Rehoboth gebestaan het?
- 158. Toe het hulle mos al darie dokkemente van ons gevernietig.
- 159. Ons het vreeslik gegeniet.
- 160. Hoelat Jakkals vir ou Wolf geverneuk het.

Ponelis (1979: 191) wys daarop dat die verledetydsvorm had van die hoofwerkwoord hê in die standaardtaal net as skryfdialektiese vorm voorkom. In RBA word had as hoofwerkwoord in die algemene spreektaal gebruik:

- 161. Die puts hier langsaan had koue water.
- 162. Ek had vanmôre lus om te sê.

Die tydhulpwerkwoord het bly onveranderlik het in die standaardtaal (Ponelis, 1979: 191). In RBA kom die had egter baie frekwent voor in die plek van die tydhulpwerkwoord het:

- 163. Bossies en bome had orals gestaan.
- 164. Die Bastervolk had nooit 'n gerustige lewe in hierie plek gehad nie.
- 165. Hulle had daar gebegin.
- 166. Hulle had ook saam met die Basterkjennertjies skoolgegaan.
- 167. Hulle had mos nie wonderlike huise gehad nie.

Du Plessis (1984: 153) wys daarop dat "dit lyk nie of die status van die verledetydspatroon in GA afgelei kan word uit die gebruik van die enkele flekterende modale hulpwerkwoorde in Afrikaans nie".

Ook in RBA kom slegs enkele gevalle voor waar die fleksievorm van die

modale hulpwerkwoord wel gebruik word:

- 168. Dan sou nie amper een oorgeskië het nie.
- 169. Dat ek hulle vir 'n inslaap kon laat gekom het.
- 170. Ek wou mos nou gebad het.
- 171. Daar moes my pa voorman gewees het.

In verreweg die meeste gevalle word die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoord egter gebruik:

- 172. Daar sal nie 'n mens oorgeskië het.
- 173. Enige mens sal hulle doodgeskië het.
- 174. Nou, ek kan mos vreeslik gepraat het.
- 175. Dan kan hy nie op en af gery het nie.
- 176. Hy wil die soldate gehad het.
- 177. Hulle wil die kindjie se doop gevier het.
- 178. Die soldate moet gegaan het na die oorlog toe.
- 179. Hulle moet klaar die water gedra het.

Wees tree in SA in verskillende vorme op. Ponelis (1979: 269) dui die volgende vorme aan:

- 1. was
- 2. was ... gewees
- 3. is ... gewees
- 4. het ... gewees

Ponelis (1979: 269) wys daarop dat vorm 1 die formeelste van die verlede-tydsvorme is; dat vorm 2 die frekwentste in die omgangstaal is en dat vorm 4 nie 'n hoë frekwensie het nie, maar wel in die omgangstaal voorkom.

In RBA kom al bogenoemde vorme van wees in die verlede tyd voor. Anders as in GA is in RBA nòg was gewas nòg het gewas opgeteken. Voorbeelde van

die voorkoms van die vier vorme van die verlede tyd van wees in RBA is:

was

- 180. Toe was hier Namas.
- 181. Toe Ouma-hulle klein was.
- 182. Dit was maar twee maal in die jaar.
- 183. Ek was baie stout.
- 184. In Duitsland was alles nou reg.

was gewees

- 185. Toe was ons nog in die huis gewees.
- 186. Die stryd was daar gewees.
- 187. Dit was mos altyd so gewees.
- 188. 'n Drinker was ek nie gewees.
- 189. Onsie ouers was baie streng gewees.

is gewees

- 190. Dit is nou hulle se skoolplekkietjie gewees.
- 191. En darie is net so onherbergsame pad gewees.
- 192. Hulle is my rêrig lief gewees.
- 193. Want God se liefde is so groot gewees.
- 194. Is jy al daar gewees?

het gewees

- 195. Ek was nou die enigste een wat liefdevol gewees het.
- 196. En met gras gedek gewees het.
- 197. Dis die tyd toe die ou kort mannetjie hier gewees het.
- 198. Ons was ses wat "gegrace" gewees het.
- 199. Hoe Rehoboth gewees het?

In SA word wees as omskrywingswerkwoord en koppelwerkwoord gebruik en derhalwe is dit nie ongewoon dat wees so in RBA gebruik word nie:

- 200. Die beddens is netjies opgemaak.
- 201. Ek was baie stout.

In RBA (soos in GA) word wees egter ook as tydhulpwerkwoord gebruik in die plek van het. Dit kan as variasie beskou word aangesien die tydhulpwerkwoord het in SA onveranderlik is na vorm en sowel in die spilposisie as in die sentrumgrens as het verskyn (Ponelis, 1979: 265).

In RBA word die tydhulpwerkwoord het in die spilposisie dikwels deur is of was vervang:

202. Ek is besluit.

203. Drie is al gesterf.

204. Is jy al daar gewees?

Net soos in GA kom in RBA ook die teenoorgestelde voor, naamlik dat is of was deur het vervang word:

205. Hier het ek gebore.

206. Hier het ek aangeneem.

207. Maar sy het getroud.

#### 2.3.1.9 DIE INFINITIEF-KONSTRUKSIE IN RBA

Rademeyer (1938: 72) is van mening dat "onder die Basters is die om te-konstruksie eweneens die gewone".

Hierdie stelling van Rademeyer is korrek ten opsigte van (i) die variasie in GA waar die om en te naas mekaar geplaas word, en (ii) die verdubbeling van te. In RBA kom nie een van hierdie twee variante voor nie.

Die variasie waar te weggelaat word, kom wel geredelik in RBA voor:

208. Ek weet nie of ek vandag in daai "mood" is om staan en liedjies sing.
209. Donderdae werk ons mos nou vir Juffrou om pastorie skoon maak.
210. Toe moes ek vir haar terugbring om daai kind skool vat.
211. Dit was vir my weer wonderlik om hier sit.
212. Had julle nie gekom om vir my kom doodmaak nie?

Dit blyk dat hierdie variant sonder enige patroonmatigheid voorkom. Die informante gebruik almal beide die vorme om te en om.

#### 2.3.1.10 BYSINNE IN RA

By hoofsinne in SA geld die V-tweede-beginsel, met ander woorde die werkwoord wat as spilwerkwoord optree in onafhanklike sinne staan in die tweede sinsposisie (Ponelis, 1979: 496):

##### Posisie 1

Hulle

##### Posisie 2

moet

##### Posisie 3

na ons kyk

Ten opsigte van bysinne in SA geld hierdie beginsel nie, want Ponelis (1979: 435) wys daarop dat die bysin afhanklik is van die hoofsin en "hierdie afhanklikheid kan vormlik vergestalt word deur strategieë soos die gebruik van afhanklike volgorde en van voegwoorde". In bysinne word die spilwerkwoord uit die tweede posisie nader na die sentrumgrens verskuif.

In RBA word die spilwerkwoord wel uit die tweede posisie verskuif:

213. (Ons het hierie soort regering.)  
Hierie soort regering wat ons het.
214. (Die mense het die liedjies gemaak.)  
Die mense wat die liedjies gemaak het.

Wanneer die bysin in RBA (nes in GA; vgl. Du Plessis, 1984: 177) egter 'n modale hulpwerkwoord as spilwerkwoord bevat, word hierdie spilwerkwoord nie uit die tweede posisie nader na die sentrumgrens in die afhanklike sin verskuif nie. Wanneer 'n afhanklike sin in RBA dus 'n modale hulpwerkwoord as spilwerkwoord bevat, bly die V-tweede-beginsel geld:

- 215. dat die kop nie meer kan alles onthou.
- 216. wat ek kan so hier en daar onthou.
- 217. wat ek kan vir my als gedoen het.
- 218. oorlat ek kan so mooi sien in darie bril.
- 219. dat ek kan maar net weet hoe die Here is.
- 220. wat ek kan vandag nog loop wys.
- 221. wat ons kan nie vergeet nie.
- 222. darie boys wat moet na ons kyk.
- 223. die vernederings wat 'n mens moet vandag ondergaan.
- 224. wat ons tog moet vir hulle kry.
- 225. lat die polisie tog nie moet die plek sien nie.

Du Plessis (1984: 183) het bevind dat "ten opsigte van die keuse van die vorm van die betreklike woord, wil dit tog voorkom of wat as betreklike woord algemener in GA gebruik word as in SA". Wat word ook baie frekwent in RBA gebruik, maar daar is tog enkele verskille met GA.

Du Plessis (1984: 183-184) wys daarop dat wat se in GA in die plek van wie se gebruik word. Hierdie konstruksie kom nie in RBA voor nie.

In RBA kom die vorm wat wel voor in die plek van vir wie:

- 226. Toe kom haal die blankes vir my wat ek gewerk het.

Nog 'n ooreenkoms met GA is dat die betreklike woord wat ook gebruik word in gevalle waar toe of waar in SA sou voorkom:

- 227. Darie tyd wat (toe) ons geskiet is.

228. Dit was mos daai '34 wat (toe) dit so vreeslik gereent het.  
 229. Nou, wat (toe) ek opstaan.  
 230. Die dag wat (toe) ek verjaar het.  
 231. Die swemplek wat (waar) hulle gaan ontspan.  
 232. Dan is daarsô mos bietjie 'n plek wat (waar) hulle moet deur gaan.  
 233. Dit was op 'n plaas wat (waar) ek gewerk het.

In enkele gevalle blyk dit dat wat in RBA ook in die plek van as gebruik word:

234. Wat (as) hulle vir die nagmaal afkom.  
 235. Dan is dit al halfsewe wat (as) ek eers kan huis toe gaan.

Enkele gevalle van wat van (i.p.v. waarvan), wat op (i.p.v. waarop), wat aan (i.p.v. waaraan) en wat voor (i.p.v. waarvoor) kom in RBA voor, bv.:

236. Die ou kêrel wat ek hier van praat.  
 237. So bankie wat jy nou op sit.  
 238. Dan smaak dit vir my die kooi wat ek op lê...  
 239. Iets wat ek ook baie aan dink...  
 240. Ek weet nie wat ek voor bid moet.

### 2.3.2 MORFOLOGIESE VARIASIE

#### 2.3.2.1 DIE BEHOUD VAN MORFEMATIESE VORME EN DIE DEFLEKTERING DAARVAN

Hier toon RBA groot variasie ten opsigte van GA. Dit lyk asof die gebruik van die vergrotende en oortreffende trappe in RBA nie ooreenstem met dié in GA nie (vgl. Jenkinson, 1984: 233).

In RBA kom ook nie die hiperkorrekte vorm van die verbuiging van die

attributiewe adjektief, soos "n kleine foutjie" voor nie.

Die teenoorgestelde situasie waar die verbuigings -e afwesig is, kom in 'n enkele geval in RBA voor:

239. Nederland Bybel  
Nederland Gesangboek.

Enkele gevalle kom voor in RBA waar die voltooide deelwoord soms ook oorblyfsels van die vervoegingsuitgang daarvan toon:

242. Hulle had ook nog vandag hulle se onrus begint haal.  
 243. Hulle moet eers loop aanmelle.

#### 2.3.2.2 WOORDSOORTLIKE MEERFUNKSIONALITEIT

Dit blyk dat ook in RBA 'n aantal woordsoortlik meerkusionele vorme voorkom en soms selfs gereduseerde vorme en wortels. Die afleidingsprosesse is dikwels oor die hoof gesien by woordsoortlik meerkusionele vorme:

244. Ons het 'n grootmens gerespek.  
 245. Dan dood ek nie.  
 246. Die eerste kome (inkomelinge) van die Basters.  
 247. Hulle sal die venster moet breek slaan (die venster breek).  
 248. Ekke, hier in dié lyke? (soos ek lyk)  
 249. Toe haal hy darie praat (praatjies) nou aan.  
 250. Die ander raadse (raadslede) van ons word doodgeskiet.  
 251. Op hy se pleit (pleitrede) had hulle darie vrouens gevat.  
 252. Ons is nou lewe (lewendig).  
 253. Ek het hier geboor (is gebore).

2.3.2.3 MEERVOUDSVORME

In RBA is slegs een meervoudlose vorm aangeteken, nl. bees.

Ten opsigte van die meervoudsaanduiding vind ons in RBA heelwat variasie. SA het twee produktiewe morfeme waarmee meervoudsvorme gevorm word, naamlik -e en -s (vgl. Van Schoor, 1983: 379-380).

In RBA is een vorm opgeteken waar die -e in die meervoudsvorm deur die -s vervang is:

254. Maar sy't vir ons self velskoens gewerk.

By die vorming van baie meervoude van woorde wat in SA slegs die -s of die -e sal neem, word in RBA van beide die -s en die -e gebruik gemaak. Ons vind dus 'n dubbele meervoudsvorm in RBA. Ook Rademeyer (1938: 58) het bevind dat die dubbele meervoudsvorm dikwels voorkom. Voorbeelde van hierdie dubbele meervoudsvorm in RBA is:

Selfstandige naamwoorde

- 255. Jy't sulke mooi kinderse.
- 256. Ons pas die waense op.
- 257. Sy skoonseunse is uitgemeor.
- 258. Hy en sy dogterse is uitgemeor.
- 259. Van hier plekke had hulle nou putse gemaak.
- 260. Darie ou kêrelse was dit gewees.
- 261. Hulle doen wat hulle se eie kopse dink.
- 262. Drie vrouens is altyd so in die kamerse gesit.
- 263. Dan dans die ou kjennertjiese hier voor my.
- 264. Hulle se handjies en voetjiese.
- 265. Nou gesels die nôiense nou.
- 266. Toe kom die klomp Hereroka in met die kieriese.
- 267. En as die vuurpylse uitgeskiet is.

- 268. Hierie ligtes en goed.
- 269. Wat die meisiese doodgeskiet het.
- 270. En hom daar by die klepperse toegegooi.
- 271. Had hulle darie vrouense gevat.

#### Eiename

- 272. Fia het in die Jannewariese getrou.
- 273. Waar die Van Wykse se huis gestaan het.
- 274. Dit is die Olivierse se waens.
- 275. Daar had die Boere die Duisterse gelos.

Dit gebeur ook in RBA dat 'n -s aan massanaamwoorde en aanwysende voornaamwoorde gevoeg word wat dit in SA nie sal neem nie:

- 276. As ons klaar geswem het, bring ons die waters.
- 277. Die reëns het alles verspoel.
- 278. En so het die anners mos dan nog later ook aangekom.
- 279. Vandag hoor ek nog oor die draadloos van die kjenners van dies.
- 280. Daries wat miskien by 'n jeug aangesluit het.
- 281. Partys het roers.

#### 2.3.2.4 VERKLEINWOORDE

In SA kan die diminutief naas blote verkleining ook vertroeteling, gemoedelikheid, ens. uitdruk. Ook in RBA kom hierdie verskynsel voor:

- 282. Sy't net geweeg en medisynetjies gegee.
- 283. Dis nou nog net die enetjie.
- 284. Mynietjie was nou vier jaar oud.
- 285. Ons ou lewetjie was maar 'n tog te harde lewe.

Nes in GA (Jenkinson, 1984: 241) word die dubbele verkleining frekwent in RBA gebruik. Ook Rademeyer (1938: 60) verwys na hierdie dubbele verkleining. In RBA kom die dubbele verkleining voor in gevalle soos:

286. Dit was ons se broekietjies.
287. Dit is nou hulle se skoolplekkietjie gewees darie.
288. Hierie riethuisietjie en goed.
289. Daar's nou die eerste ou huisietjies wat gebou is.
290. Soos darie 1925-oorloggiertjie.
291. Dan sê ons sulke koddige woordjietjies.
292. Wat hulle hom by die koppietjie gelei het.
293. Hulle het maar net 'n plekkietjie gekry.
294. Daar word nou 'n koei gevat met 'n kalfietjie.
295. En die grassietjies vir die koei.
296. Ek het net in die hckkietjie in gegaan.
297. Jy weet nie waar is die ou knoppietjie nie.

#### 2.3.2.5 BESITLIKE VOORNAAMWOORDE EN BESITSKONSTRUKSIES

Wanneer besitting in SA aangedui word, word gebruik gemaak van die besitlike voornamwoord + naamwoord, bv. my/sy/haar/ons/julle/hulle boek. Wanneer besit van 'n eienaam aangedui word, word 'n se ingevoeg, bv. Piet se boek.

In RBA (soos in GA; vgl. Jenkinson, 1984: 244-245) word die se konstruksie egter ook saam met die voornaamwoorde gebruik. Ook Rademeyer (1938: 66) wys op die gebruik van die voornaamwoord saam met se om besitting aan te dui.

298. hulle se handjies.
299. sy se handjie.
300. hulle se eerste kerkie.
301. hy se vader.

302. hy se hare.

Daar is waargeneem dat die vorm hom se nie in RBA voorkom nie.

Die se kom ook in RBA saam met bywoordelike bepalings voor:

303. hierie tyd se kjenners.

304. neëntien-vyftien se oorlog.

Wanneer ons kyk na die vorm onse plesierigheid, kan ons met twee moontlikhede te doen hê. Die voornaamwoord ons kry die toevoeging se om besitting aan te dui of die -e van onse kan bloot 'n buigingsuitgang wees (vgl. Rademeyer, 1938: 66). Maar wanneer ons kyk na die vorme hulle se en vroeër tyd se, kan ons tot die gevolgtrekking kom dat die eerste moontlikheid die waarskynlikste is:

305. ons se melk.

306. ons se emmers.

307. ons se mense.

308. ons se kjenners.

'n Baie interessante verskynsel wat ook in RBA voorkom, is die vorm persoonlike voornaamwoord/selfstandige naamwoord + besitlike voornaamwoord. Dit blyk dat die besitlike voornaamwoord sy hier doodgewoon gebruik word soos wat die se gebruik word:

309. My pa sy pa.

310. Miesies Volkwyn sy ouma.

311. My oupa sy plaas.

312. Die sendeling sy vrou.

313. Hy sy mamma.

#### 2.3.2.6 DIE HIPERKORREKTE GE- VAN VOLTOOIDE DEELWOORDE

Hierdie verskynsel is reeds in die afdeling wat handel oor sintaktiese variasie bespreek.

Ponelis (1979: 192) wys daarop die ge- nie in SA optree by meersillabige woorde sonder aanvangsaksent nie. Hierdie reël word egter nie altyd in RBA toegepas nie en die ge- word wel aan sulke woorde gevoeg. Rademeyer (1938: 62-63) wys ook daarop dat ge- meestal voor werkwoorde gevoeg word wat begin met be-, er-, ont- en ver-. Dit blyk dat in RBA die ge- meestal voor woorde gevoeg word wat met be-, ver-, ont- en ge- begin. Voorbeelde van hierdie vorme in RBA is:

- 314. Ons susters en broers het 'n os geverkoop.
- 315. Hulle het so baie osse geverloor.
- 316. Daar had hulle vir hierie Cloete gebegrawe.
- 317. Hulle het Willie se kar geondersoek.
- 318. Daar het iets in my lewe gegebeur.

#### 2.3.2.7 DIE GOED-KONSTRUKSIE

Hierdie konstruksie is reeds onder sintaktiese variasie bespreek. Ons kan met enkele voorbeelde volstaan met die bespreking van hierdie konstruksie in die afdeling oor sintaktiese variasie:

- 319. Dit is Dolf-goed (Dolf) se kerk.
- 320. Sê vir Oupa antie Babs-goed (Babs-hulle) is hier.

### 2.3.3 LEKSIKALE VARIASIE

Du Plessis (1987a: 83) glo dat die leksikon van 'n variëteit die handelsmerk is van die gemeenskap wat die variëteit gebruik. Daarom is daar 'n verwantskap tussen die sosiale aard van die gemeenskap en die variëteit van die taal wat die gemeenskap gebruik.

Om hierdie rede behoort daar dan ook leksikale variasie in RBA voor te kom.

Leksikale variasie in RBA kan in twee groepe verdeel word, naamlik "ou" woorde en woordvorme en opvallende woorde en uitdrukkings.

#### 2.3.1 "OU" WOORDE EN WOORDVORME

- 321. Dit is moeitlik.
- 322. Hulle had die vrouens sterk gemake.
- 323. Ek wil nie van 'n mens doodgemake wees nie.
- 324. Ek wil nie van 'n mens gemore wees nie.
- 325. Dis onmôgenlik (onmoontlik), my Mamma lat sulke swak mense kant baklei.
- 326. Hulle had ook nog vandag hulle se onrus begint haal.
- 327. Die kooi wat ek op lê.
- 328. Partys het roers.

#### 2.3.2 OPVALLENDE WOORDE EN UITDRUKKINGS

- 329. Ek weet nie eens waffer kant toe.
- 330. Die eerste kome (inkomelinge) van die Basters.
- 331. Daar was nie so 'n breek (onderbreking) gewees nie.

332. Toe ek voel lat ek val, toe sê ek Liewe Heiland, laat ek tog nie breek (seerkry) nie.
333. Hulle moet die venster breek (stukkend) slaan.
334. Ekke, hier in dié lyke? (soos ek lyk)
335. Toe haal hy darie praat (praatjies) nou aan.
336. Die ander raadse (raadslede) van ons word doodgeskiet.
337. Dan's ek vrede (tevrede).
338. Ons was vrede (tevrede) met dit wat ons gehad het.
339. Op hy se pleit (pleitrede) had hulle darie vrouens gevat.
340. Hulle het vlug gery (gevlug).
341. Na my trou.
342. Soos die Here hom geskaap het.
343. Hier het ek geboor.
344. Sy het op my verjaardag gebore.
345. Kwart oor agt toe bore sy.
346. Ons kan nie maar net gaan na enige plesier (plesierigheid) nie.
347. Daar had hulle so gorratjies gaatjies gemaak.
348. Toe's dit 'n springwater (fontein) wat kokend warm is.
349. Dit is nou hulle se skoolhuis/skoolplekkietjie gewees.
350. Hulle skiet hom blad agter (agter in die skouer).
351. Dis mos eintlik die grafplaas (begraafplaas) wat die Basters vir hulle gemaak het.
352. Ek sal 'n klein entjie (stukkies/deeltjie) vertel.
353. Ek sal darie ent (deel) vertel.
354. Meen nou by die Kleurmense (gekleurdes).
355. As hulle die water, die twee kantiene (20-liter dromme) vol geskep het.
356. Ons mense bly net in die skanse (skuiling van klippe gemaak).
357. By die toon die berg (voet van die berg) daar het die vyf waense gestaan.
358. Kan jou nou nog loop wys die stuk gat (gat) wat gegrou is.
359. Nou kan julle dan nog na so 'n ou grootmens (oumens) toe kom?
360. Die grootmense (oumense) sal die geskiedenis beter onthou.
361. Duutsmen/Duutse/Duutsers/Duisters/Duitsters/Duisterse
362. Darie Dottie was ook my liefmaat (lieflyngsmaat).

363. Dit was tog my liefkjend (lieflyngskind).
364. Dit is mos nou die laaste tyd wat die oneensigheid (onenyheid) gewees het.
365. Dan kom vat ene die kos.
366. My kjend se kjend (kleinkind).
367. Ma-goed is met die kleintjie agter die geberg.
368. Toe sit my verlowingsring hier.
369. Agter darie huis is ook 'n puts.
370. My pa het altyd gesê ek's sy enigste kêrelkind (seun).
371. Hy't my in Walvisbaai afgeprent (afgeneem).
372. Twee is mos weg (dood).
373. Hier by die koppenent van die bad.
374. Ons het in daai volkmense (werksvolk) se huise ingegaan.
375. Dis die tyd van die stemming (verkiesing).
376. Die dokter sê ek het die lae bloed (lae bloeddruk).
377. Darie tyd toe maak ek my pampier klaar.
378. Toe kom ek by so 'n bloupakman.
379. Toe had die transportrybesigheid darem nou bietjie verlê geraak (dit het opgehou).
380. Om kop te praat en kop te maak (om verstaanbaar te praat).
381. Toe moes ek nou 'n baba onegtelik voorbring.
382. Jy kan skierlik verswyk (skielik swik).
383. Hy't 'n groot boek geskryf waar ook onse foto's daar sit.
384. Dis jy wat sal gepak word (pak kry).
385. Sus Lottie het darie geselskap almal (alles) opgevang (opgeneem).
386. Die koeëls smaak (voel) soos reëndruppels wat op jou val.
387. Dit smaak (voel) my ek wil nie teruggaan nie.
388. Daar sal nie 'n mens oorgeskiët het nie (niemand sou oorleef nie).
389. Ons vier is daar gekwes (gewond).
390. Die gekwestes (gewondes) is opgetel.
391. Toe't hulle vier waens kom brand steek (aan die brand steek).
392. Ek het skoon traan gehuil.
393. ... so aan die hare gevat en hom so gedoeb-doebie (hare getrek).
394. Die kopseer breek nie af nie (gaan nie weg nie).

395. Dan't hulle nou so 'n soort speul (speletjie) gehad.
396. Julle moet so speul (speel).
397. Toe staanmaak (laat staan) ons die emmers.
398. Staanmaak my tog (help my om te staan).
399. Hy word geloop lêsit (gehelp om te lê).
400. Sit my tog (help my om te sit).
401. Die man wat ons gesê (genoem) het Jones.
402. Ander moenie jou party versleg (sleg maak) nie.
403. Toe ek opgegroot het (grootgeword het).
404. Hoe ons moet versigtig wees as ons opgroot.
405. Ons het 'n grootmens gerespek.
406. Die kjend het my gevra lat ek naderhand dom geword het (nie die antwoorde geken het nie).
407. Dis nog half duister (donker) toe skiet hulle.
408. Toe sit hulle gevangende (gevang).
409. Hulle het voetsaam op Rehoboth gekom (geloop).
410. Sal so aan die draad loop en houvas totlat ek lag is (totdat ek begin lag).
411. Ek is so kortsigtig (kort van gedagtes) nou ook lat ek kan nie iets onthou.
412. My ou swaer is ook bietjie gedagteloos (vergeetagtig).
413. Hierie agterop kjenners (vandag se kinders) is bietjie ongehoorsamig.
414. As julle so ongehoorsamig is, dan kom die duiwel.
415. Omdat ek so gehoorsamig was.
416. Die wêreld is omkeer (deurmekaar/onderstebo).
417. Ons is nou lewe (bly lewe/is lewendig).
418. Kan julle nie nie uuter (vroëër) gekom het nie.
419. Hoe deurmekaar is dit nou nie weer ook hierdie agterste jare (deesdae) nie.
420. Dan het hulle die anderdag môre (volgende môre) by Sam Kubis gebring.
421. Die tyd was anderster gewees.
422. Liewerster moet jy breek.

423. Ek was somstyd maar stout in die skool.  
 424. Ek vergeet hele (al die) goed.  
 425. Hulle het die hele (al die) Basters platgeskiet.  
 426. Ek ken vir flenderig (flenterig) loop.  
 427. Die Bastervolk had nog nooit 'n gerustige (rustige) lewe in hierie plek gehad nie.

Die "ou" woorde moeitlik (321), begint (326), kooi (327) en roers (328) kom ook nog in GA voor.

Enkele ander woorde wat in sowel RBA as in GA voorkom, is: waffer (329), grafplaas (351), kantien (355), hele (424+425), breek (332+333), gehoorsamig (415), pampier (377), puts (369) en het geboor/gebore/ bore (343-345). Die woord vrede (337+338) kom ook in GA voor, maar in GA het vrede eerder die betekenisonderskeiding vreedsaam, terwyl dit in RBA tevrede beteken.

Ten opsigte van die leksikon in RBA is dit opvallend dat 'n woord baie keer in sy grondvorm gebruik word in verskillende woordsoortonderskeidings (vgl. sinne 330-346).

## 2.4 SLOT

In hierdie hoofstuk is nadere ondersoek ingestel na die sintaktiese, morfologiese en leksikale variasie in RBA. Dit is vergelyk met GA, SA en in 'n mindere mate ook met RA. Ooreenkomste en verskille tussen RBA en GA is aangetoon. RBA toon baie raakpunte met GA en die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat RBA 'n subvariëteit van OA is.

Daar is dus in die doelstelling van hierdie hoofstuk geslaag, in dié sin dat daar aangetoon is dat RBA 'n subvariëteit van OA is.

### HOOFSTUK 3

#### 'N SOSIOLINGUISTIESE ANALISE VAN REHOBOTH-AFRIKAANS

##### 3.1 INLEIDING

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is om 'n sosiolinguistiese analise van RBA te maak; dus om vas te stel of die talige veranderlikes in RBA verband hou met die nie-talige veranderlikes. Die volgende drie nie-talige veranderlikes word in ag geneem by hierdie studie, naamlik geslag, ouderdom en vlak van opleiding.

##### 3.1.1. GESLAG

Hipotese: Daar is 'n verskil in die taalgebruik van mans en vrouens. Geslag speel dus as nie-talige veranderlike 'n rol in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters.

In hierdie afdeling gaan gepoog word om aan te toon dat die Rehoboth-Bastermans se taalgebruik verskil van dié van die Rehoboth-Baster-vrouens.

##### 3.1.2 OUDERDOM

Hipotese: Daar is 'n verskil in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters wat verskillende ouderdomsgroepe verteenwoordig. Daar word van die standpunt uitgegaan dat die onderskeie ouderdomsgroepe 0-15 jaar, 16-25 jaar, 26-40 jaar, 41-60 jaar en 61 jaar en ouer se taalgebruik verskil.

Ouderdom speel 'n belangrike rol in die taalgebruik van segsmense, aangesien die verskillende ouderdomsgroepe met verskillende dinge in aanraking kom en hierdie faktore kan 'n invloed op hulle taalgebruik hê. In hierdie studie word daar op grond van bogenoemde onderskei tussen die volgende ouderdomsgroepe:

1. skoolgaandes (tot op junior sekondêre vlak) - 0-15 jaar;
2. skoolgaandes (senior sekondêre vlak), studente en jong werkendes - 16-25 jaar;
3. jong gevestigde ouers - 26-40 jaar;
4. middeljariges en vroeë bejaardes - 41-60 jaar; en
5. bejaardes - 61 jaar en ouer.

### 3.1.3 VLAK VAN OPLEIDING

Hipotese: Daar is 'n verskil in die taalgebruik van Rehoboth-Basters met verskillende vlakke van opleiding. Basters met slegs laerskoolopleiding se taalgebruik sal verskil van dié met hoërskoolopleiding. Beide hierdie groepe se taalgebruik sal weer verskil van dié Basters met tersiêre opleiding.

Daar is besluit om met die volgende groeperings ten opsigte van vlak van opleiding te werk:

1. laerskoolopleiding;
2. hoërskoolopleiding; en
3. tersiêre opleiding.

### 3.2 DIE NIE-TALIGE VERANDERLIKE: GESLAG

D.J. van Schalkwyk (1983: 202) het in sy studie oor die fonetiese variasie in die taal van die Rehoboth-Basters bevind dat die mans se uitspraak oor die algemeen nader aan SA lê as dié van die vrouens.

In hierdie afdeling word daar gepoog om vas te stel of bogenoemde bevinding ook geld op die gebied van die sintaktiese, morfologiese en leksikale analisevlakke. Daar word gepoog om vas te stel in watter mate die OA-kenmerke nog by onderskeidelik die mans en vrouens voorkom en of daar 'n verskil tussen die geslagte is ten opsigte van die gebruik van RBA.


#### 3.2.1 DIE ONTKENNINGSPATROON: WEGLATING VAN DIE TWEDE NIE

Voorbeelde: Rehoboth is nie meer die Rehoboth wat hy gewees het.  
Ek kan rêrig niks vertel.

In Hoofstuk 2 van hierdie studie is reeds aangedui dat die weglating van die tweede nie van die ontkenningsspatroon in RBA baie frekwent voorkom. Dit is interessant dat volgens die vraelyste se inligting 65,5% van die mans aangedui het dat hulle slegs een nie gebruik, terwyl slegs 48,5% van die vrouens aangedui het dat hulle slegs een nie gebruik.

Wanneer die bandopnames van die persoonlike onderhoude ontleed word, vind ons egter absoluut die teenoorgestelde, naamlik dat die weglating van die tweede nie by 50% van die mans voorkom, terwyl die weglating van die tweede nie by 73,9% van die vrouens voorkom.

Grafies kan die weglating van die tweede nie soos volg voorgestel word:



Hier word dus 'n aansienlike diskrepansie gevind tussen die inligting van die vraelys en dié van die bandopnames. Die feit dat slegs 46,2% van die vrouens aangedui het dat hulle die tweede nie weglaat (teenoor die 73,9% van die werklike taalgebruik) kan moontlik daaraan toegeskryf word dat hulle die "korrekte" antwoord wou gee. Die teenoorgestelde het by die mans plaasgevind: 65,5% volgens die vraelys teenoor slegs 50% volgens die werklike taalgebruik. Dit kan 'n aanduiding daarvan wees dat die mans in 'n meer formele styl gesels het. Op die grafiek kan die verskil in styl duidelik waargeneem word.

Hier is dit moeilik om te bepaal of die meeste mans of die meeste vrouens die tweede nie weglaat. Ten opsigte van die vraelys is dit die mans, maar t.o.v. die persoonlike onderhoude is dit verreweg die meeste vrouens wat die tweede nie weglaat.

### 3.2.2 ANAFORIEK

#### Die gebruik van hy i.p.v. dit


Voorbeelde: Hy's mooi skoon, die kas.

Ek kan hom (Duits) nie praat nie.

44,8% van die mans het op die vraelys aangedui dat hulle hy in plaas van dit gebruik. Volgens die bandopnames het slegs 16,7% van die mans hy in plaas van dit gebruik. Ons kan dus weer eens hier tot die gevolgtrekking kom dat die mans van meer formele taal in hulle gesprekke gebruik gemaak het. Wanneer hulle moet sê of hulle die vorm gebruik of nie, is hulle in hierdie geval meer geneig om aan te dui dat hulle dit wel gebruik. Wanneer hulle gesprek voer, monitor hulle hul taalgebruik en gebruik dus nie dié bepaalde vorm nie.

Ten opsigte van die vrouens is daar nie so 'n groot verskil nie. 51,5% van die vrouens het op die vraelys aangedui dat hulle hy in plaas van dit gebruik, terwyl 47,8% dit werklik gebruik het in die gesprekke wat gevoer is.

Grafies word die gebruik van hy in plaas van dit soos volg voorgestel:



Waar dit by die gebruik van die persoonlike hy in plaas van die onpersoonlike dit kom, maak meer vrouens as mans daarvan gebruik. Die formele styl wat die mans gebruik, is baie duidelik sigbaar op die grafiek. Die verskil in die taalgebruik van die mans en vrouens is ook duidelik sigbaar.

#### Die gebruik van hy i.p.v. sy


Voorbeelde: Ja, die Trudie, hy loop mos eintlik so krom.

Sy't net losgespring, toe skiet hulle hom blad agter.

Baie interessant is die geval waar hy gebruik word in plaas van die vroulike vorm sy. By beide die mans en die vrouens is daar weer eens 'n groot diskrepansie tussen die inligting op die vraelys en dié van die bandopnames. Volgens die vraelys gebruik 37,9% van die mans en 48,5% van die vrouens hy in plaas van sy. Volgens die bandopnames gebruik slegs 11,1% van die mans en 17,4% van die vrouens hy in plaas van sy. Dit wil

wil dus voorkom asof ons definitief hier 'n stylwisseling vind.

Die grafiese voorstelling van die gebruik van hy in plaas van sy lyk soos volg:



Dit is tog duidelik uit bogenoemde gegewens dat meer vrouens van die manlike hy in plaas van die vroulike sy gebruik maak. Die stylwisseling kom weer eens baie duidelik na vore. Nogmaals kom die verskil in die taalgebruik van die mans en vrouens ook ten opsigte van hierdie talige veranderlike mooi na vore.


### 3.2.3 DIE GOED-KONSTRUKSIE

Voorbeelde: Olauf-goed (Olauf) is lankal hiersô.

Dis nou my ma se familie, oom Dirk van Wyk-goed (Wyk-hulle).

Ten opsigte van die byvoeging van goed aan die eiename is die diskrepansie nog groter. Volgens die vraelyste word die goed-konstruksie baie gebruik: by 58,6% van die mans en by 61,6% van die vrouens. Hierteenoor is die werklike gebruik van die goed-konstruksie in die onderhoude slegs by 5,6% van die mans en by 21,7% van die vrouens gevind.

Grafies kan die gebruik van die goed-konstruksie soos volg voorgestel word:



Die stylwisseling ten opsigte van hierdie talige veranderlike blyk baie duidelik uit die grafiek. Al word hierdie groot diskrepansie gevind, kan die afleiding tog gemaak word dat die goed-konstruksie meer deur vrouens as mans gebruik word.

Daar is wel 'n verskil in die taalgebruik van die mans en vrouens ten opsigte van die gebruik van hierdie talige veranderlike.

### 3.2.4 DIE MET SAAM-KONSTRUKSIE


Voorbeelde: Toe kom hy met die perd saam.

Die koningin kom met die trein saam.

Dieselfde verskynsel word by die met saam-konstruksie gevind. 63,8% van die mans dui op die vraelys aan dat hulle die met saam-konstruksie gebruik, teenoor die slegs 11,1% wat dit volgens die bandopnames gebruik het.

50% van die vrouens het op die vraelys aangedui dat hulle die met saam-konstruksie gebruik, teenoor die 13,0% van die vrouens wat dit volgens die bandopnames gebruik het.

Die grafiese voorstelling van die gebruik van die met saam-konstruksie sien soos volg daar uit:



Hier is dit ook moeilik om te bepaal of die mans of vrouens die meeste gebruik maak van die met saam-konstruksie. Daar is 'n aansienlike diskrepansie tussen die persentasies by beide mans en vrouens, maar meer so by die mans. Nogmaals word die stylwisseling baie duidelik geïllustreer.

### 3.2.5 SKAKELWERKWOORDE


#### Loop as skakelwerkwoord

Voorbeelde: Ek loop seek vir Maansie.

Hulle is daar in die kraal loop ingeja.

Weer eens word dieselfde diskrepansie aangetref. Volgens die vraelys gebruik 68,9% van die mans en 60,6% van die vrouens loop as skakelwerkwoord. Volgens die inligting op band egter, gebruik slegs 27,8% en 43,5% van die vrouens loop as skakelwerkwoord.

Grafies kan die gebruik van loop as skakelwerkwoord soos volg voorgestel word:



Loop as skakelwerkwoord word volgens die bandopnames meer deur die vrouens gebruik, maar volgens die vraelyste meer deur die mans. Hier het ons weer eens 'n aansienlike diskrepansie tussen die persentasies en is dit moeilik om te bepaal wie dit werklik die meeste gebruik.

Meer mans as vrouens maak egter van 'n meer formele styl gebruik wanneer hulle praat.

#### Kom as skakelwerkwoord


Voorbeelde: En dan kom laai hy nou die vraag.

Toe kom kry ons die ongeluk.

In hierdie geval verskil die inligting ten opsigte van die vraelys en die bandopnames ook, maar omgekeerd van die voriges. Slegs 37,9% van die mans het op die vraelys aangedui dat hulle kom as skakelwerkwoord gebruik, terwyl 61,1% dit werklik gebruik het.

66,6% van die vrouens het op die vraelys aangedui dat hulle kom as skakelwerkwoord gebruik, terwyl 56,5% dit werklik volgens die bandopnames gebruik het.

Die gebruik van kom as skakelwerkwoord word grafies soos volg voorgestel:



By die gebruik van kom as skakelwerkwoord is dit moeilik om te bepaal of die mans of vrouens die meeste hiervan gebruik maak as gevolg van die groot diskrepansie tussen die persentasies van veral die mans.

Dit wil weer eens voorkom asof die mans op die vraelys die antwoord wat hulle as "korrek" beskou het, gegee het, terwyl meer van hulle in werklikheid wel gebruik maak van kom as skakelwerkwoord. Hierdie faktor word mooi geïllustreer deur die grafiek.

### 3.2.6 DIE HIPERKORREKTE GE- IN VERLEDETYDSAANDUIDING


Voorbeelde: Dit was nou hoe hulle hulle se water gegebruik het.

Die susters en broers het 'n os geverkoop.

38,9% van die mans het die hiperkorrekte ge- in die onderhoude gebruik, terwyl 45,7% op die vraelys aangedui het dat hulle dit gebruik.

47,8% van die vrouens het die hiperkorrekte ge- gebruik tydens die onderhoude, terwyl 54,5% dit volgens die vraelys wel gebruik.

Die grafiese voorstelling van die gebruik van die hiperkorrekte ge- in die verledetydsaanduiding sien soos volg daar uit:



Ten opsigte van die gebruik van die hiperkorrekte ge- in verledetydsaanduiding, kan ons weer tot die gevolgtrekking kom dat die segsmense op hulle taalgebruik bedag was tydens die onderhoude. Dié stylverskil

word weer baie duidelik geïllustreer op die grafiek. Die segsmense het hulle taalgebruik tóg gemonitor en sodoende het minder van die segsmense die hiperkorrekte ge- gebruik.

Dit is duidelik dat meer vrouens as mans van die hiperkorrekte ge- in die verlede tyd gebruik maak. Die verskil in die taalgebruik van mans en vrouens kom dus ook weer hier duidelik na vore.

### 3.2.7 DIE GEBRUIK VAN DIE GRAMMATIES ONGEMERKTE VORM VAN DIE MODALE HULPWERKWOORD IN DIE VERLEDE TYD

Voorbeelde: Hy wil die soldate gehad het.


Enige mens sal hulle doodgeskiet het.

By die gebruik van die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoord in die verlede tyd, vind ons nie so 'n groot diskrepansie tussen die inligting van die vraelys en dié van die bandopnames nie, maar daar is tog wel 'n verskil.

40,5% van die mans het op die vraelys aangedui dat hulle die modale hulpwerkwoord in sy grammaties ongemerkte vorm gebruik, terwyl 33,3% dit so gebruik het tydens die onderhoude.

By die vrouens het 50% aangedui (op die vraelys) dat hulle die modale hulpwerkwoord in sy grammaties ongemerkte vorm gebruik teenoor 'n verhoogde 60,8% wat dit in werklikheid tydens die opnames gebruik het.

Die gebruik van die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoorde in die verlede tyd kan grafies soos volg voorgestel word:



Baie meer vrouens as mans maak gebruik van die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoord in die verlede tyd.

Dit is duidelik dat die vrouens weer hier die "korrekte" antwoord wou gee op die vraelys, terwyl die gebruik van die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoorde in die verlede tyd by meer van hulle voorkom in die werklike taalgebruik.

By die mans word die teenoorgestelde tendens waargeneem. Meer mans het van 'n formeler styl in die gesprekke gebruik gemaak, wat weer daartoe gelei het dat minder dié betrokke talige veranderlike gebruik het.

Die verskil in die taalgebruik van mans en vrouens is weer duidelik waarneembaar op die grafiek.

### 3.2.8 DIE GEBRUIK VAN IS GEWEES EN HET GEWEES IN PLAAS VAN DIE VERLEDETYDSVORM WAS

Voorbeelde: Dit is nou hulle se skoolhuis gewees.

Is jy al daar gewees?


Die Duitsters wat hier rond gewees het.

En met klei besmeer gewees het.

By die mans tref ons weer eens 'n groot verskil aan tussen die inligting op die vraelys en dié op band. Ten opsigte van is gewees het slegs 13,8% van die mans op die vraelys aangedui dat hulle dit so gebruik, terwyl 27,8% dit tydens die onderhoude gebruik het. Ten opsigte van het gewees vind ons weer die teenoorgestelde situasie. 44,8% het op die vraelys aangedui dat hulle dit gebruik, teenoor die 33,3% wat dit tydens die onderhoude gebruik het.


Ten opsigte van die vrouens is daar nie 'n baie groot verskil nie. 27,3% het op die vraelys aangedui dat hulle is gewees gebruik teenoor die 30,4% wat dit tydens die onderhoude gebruik het. Ten opsigte van die gebruik van het gewees het 63,6% van die vrouens op die vraelys aangedui dat hulle dit gebruik, teenoor die 65,2% wat dit tydens die onderhoude gebruik het.

Die gebruik van is gewees in plaas van was kan grafies soos volg voorgestel word:



Hier is dit baie duidelik dat die vrouens meer gebruik maak van is gewees in plaas van was. Weer eens is die sogenaamde "korrekte" antwoorde op die vraelys gegee deur mans en vrouens. Die verskil in die mans en vrouens se taalgebruik ten opsigte van hierdie talige veranderlike word weer eens baie duidelik geïllustreer deur hierdie grafiek.

Die grafiese voorstelling van die gebruik van het gewees in plaas van was sien soos volg daar uit:



Ten opsigte van die gebruik van het gewees in plaas van was, maak die vrouens baie meer daarvan gebruik as die mans. By die mans word die stylverskil weer eens baie mooi geïllustreer.

Nogmaals kan die verskil in die taalgebruik van die mans en vrouens baie duidelik waargeneem word.

### 3.2.9 DIE VERVANGING VAN DIE TYDHULPWERKWOORD HET DEUR IS ASOOK DIE VERVANGING VAN IS DEUR HET

Voorbeelde: Ek is besluit.


Ek het gebore.

Waar daar sprake is van die vervanging van het deur is vind ons weer eens 'n groot verskil tussen die inligting van die vraelys en dié van die bandopnames.

Ten opsigte van die mans het 31% op die vraelys aangedui dat hulle wel het met is vervang, terwyl slegs 5,6% dit hoegenaamd tydens die onderhoude gedoen het.

39,4% van die vrouens het aangedui dat hulle het met is vervang, terwyl slegs 10,9% dit tydens die onderhoude gedoen het.

Die vervanging van het deur is kan grafies soos volg voorgestel word:




Ons kan ten opsigte van die vervanging van die tydhulpwerkwoord het deur is aanvaar dat die vrouens meer geneig is om het deur is te vervang as die mans. Die verskil in die taalgebruik van die mans en vrouens blyk dus duidelik uit hierdie gegewens.

Die stylverskil by sowel mans as vrouens word baie duidelik geïllustreer deur bogenoemde grafiek. Dit blyk dat die segsmense hulle taalgebruik ten opsigte van hierdie talige veranderlike aansienlik monitor.

Waar is deur het vervang word (bv. Ek het gebore.), vind ons nie 'n groot verskil tussen die mans en vrouens nie. 17,2% van die mans het aangedui dat hulle is deur het vervang, teenoor die 18,2% van die vrouens.

11,1% van die mans het wel tydens die onderhoude is deur het vervang, terwyl slegs 8,7% van die vrouens dit wel gedoen het.

Die grafiese voorstelling van die vervanging van is deur het sien soos volg daar uit:



Weer eens word sowel 'n stylverskil as 'n verskil in die taalgebruik van mans en vrouens duidelik geïllustreer deur hierdie grafiek.

### 3.2.10 DIE INFINITIEF-KONSTRUKSIE: TE-WEGLATING


Voorbeelde: Toe sê hy hy's gewoond aan skoolgaan.

Dit was vir my weer wonderlik om hier sit.

Die weglating van te in die infinitief-konstruksie kom volgens die vraelys by 34,5% van die mans voor teenoor die 21,2% van die vrouens.

By die werklike taalgebruik wat tydens die onderhoude gebruik is, is die prentjie omgekeerd: geeneen van die mans het die te weggelaat nie, teenoor die 30,4% van die vrouens wat die te wel weggelaat het.

Grafies kan die weglating van te in die infinitief-konstruksie soos volg voorgestel word:



Wanneer die persentasies van die werklike gebruik van die infinitief-konstruksie nagegaan word, lyk dit asof meer vrouens as mans te weglaat. Wanneer na die inligting van die vraelys gekyk word, is die situasie egter omgekeerd.

Meer vrouens het probeer om die "korrekte" antwoord op die vraelys te

verstrekk. Vandaar die diskrepansie tussen die inligting op die vraelys en die werklike taalgebruik.

Ten opsigte van die mans blyk dit dat hulle hul taalgebruik ten opsigte van hierdie talige veranderlike aansienlik monitor, vandaar die 0% te-weglating.

Weer eens blyk die verskil tussen die taalgebruik van mans en vrouens baie duidelik uit bogenoemde gegewens.


### 3.2.11 DIE GEBRUIK VAN DIE DUBBELE MEERVOUDSVORM

Voorbeelde: Dit is die Olivierse se waens.

Hulle se handjies en voetjiese.

2,3% van die mans en 6,7% van die vrouens het op die vraelys aangedui dat hulle die dubbele meervoudsvorm gebruik. Dit verskil grootliks van die werklike gebruik van die dubbele meervoudsvorm tydens die onderhoude, naamlik 11,1% mans en 39,1% vrouens.

Die gebruik van die dubbele meervoudsvorm kan grafies soos volg voorgestel word:



Hierdie groot verskil tussen die inligting van die vraelys en dié van die bandopnames kan te wyte wees aan die feit dat 'n mens op skool die korrekte meervoudsvorme leer en indien meervoude van woorde dan neergeskryf moet word, word dié geleerde vorme neergeskryf. Wanneer die segsmense praat, gebruik hulle egter die dubbele meervoudsvorm.

Baie meer vrouens as mans gebruik nog die dubbele meervoudsvorm. Die verskil in die taalgebruik van mans en vrouens blyk baie duidelik uit die gegewens in verband met hierdie talige veranderlike.

### 3.2.12 DIE DUBBELE VERKLEININGSVORM


Voorbeelde: Dan sê ons sulke koddige woordjietjies.  
Hierdie riethuisietjie en goed.

Ten opsigte van die gebruik van die dubbele verkleiningsvorm kry ons ook

groot verskille. 16,9% van die mans het op die vraelys aangedui dat hulle die dubbele verkleining gebruik, maar geeneen van hulle het dit tydens die onderhoude gebruik nie.

Slegs 22,5% van die vrouens het op die vraelys aangedui dat hulle van die dubbele verkleining gebruik maak, terwyl 34,7% dit wel gebruik het tydens die onderhoude.

Grafies kan die gebruik van die dubbele verkleiningsvorm soos volg voorgestel word:



By die vrouens kry ons weer die tendens dat hulle die "korrekte" antwoord gegee het, terwyl hulle in werklikheid baie meer gebruik maak van die dubbele verkleiningsvorm.

Ten opsigte van die mans blyk dit weer eens dat hulle van 'n formeler styl gebruik maak en hulle taalgebruik monitor.

Dit blyk dus dat baie meer vrouens gebruik maak van die dubbele verkleiningsvorm as mans. Die verskil in die taalgebruik van mans en vrouens ten opsigte van hierdie betrokke talige veranderlike blyk baie duidelik uit bostaande grafiek.

### 3.2.13 DIE GEBRUIK VAN SE SAAM MET DIE BESITLIKE VOORNAAMWOORD


Voorbeelde: Hy se vader.

Hulle se eerste kerkie.

By die gebruik van die se saam met die besitlike voornaamwoord is daar ook nie so 'n groot verskil tussen die inligting van die vraelys teenoor dié van die bandopnames nie.

50% van die mans en 56,8% van die vrouens het op die vraelys aangedui dat hulle die se gebruik, teenoor die 50% mans en 60,9% vrouens wat dit wel gebruik het tydens die onderhoude.

Die gebruik van se saam met die besitlike voornaamwoord kan grafies soos volg voorgestel word:



Ten opsigte van die gebruik van die se saam met die besitlike voornaamwoord is daar nie 'n groot verskil tussen die mans en vrouens nie. Die vrouens gebruik dit tóg ietwat meer as die mans.

#### 5.2.14 LEKSIKON

##### "Ou" woorde

Dit is baie interessant dat die meeste segsmense aangedui het dat hulle nie meer die "ou" woorde gebruik nie. Die persentasies (redelik laag) van dié wat dit wel nog gebruik, is soos volg:

|          | Mans  | Vrouens |
|----------|-------|---------|
| moeitlik | 13,8% | 15,2%   |
| begint   | 17,2% | 21,2%   |
| kooi     | 17,2% | 15,2%   |
| katel    | 13,8% | 12,1%   |
| roer     | 24,1% | 12,1%   |

Ten opsigte van bogenoemde woorde wil dit voorkom asof meer mans die woorde kooi, katel en roer gebruik as vrouens, terwyl die vrouens weer die ou vorme van die woorde moeitlik en begint meer gebruik.

#### Opvallende woorde en uitdrukkings in RBA

Baie van die opvallende woorde en uitdrukkings in RBA word nog dikwels gebruik, ander nie. (Vergelyk Hoofstuk 2 van hierdie studie vir die betekenis van hierdie woorde en uitdrukkings.) Party word meer deur die mans gebruik, terwyl ander weer meer deur die vrouens gebruik word. Die gebruikspersentasies van die onderskeie woorde lyk soos volg:

|                                                  | Mans  | Vrouens |
|--------------------------------------------------|-------|---------|
| waffer                                           | 65,5% | 57,5%   |
| oneensigheid                                     | 17,2% | 15,2%   |
| daar het amper nie 'n mens <u>oorgeskiët</u> nie | 27,5% | 12,1%   |
| vier mans is <u>gekwes</u>                       | 37,9% | 33,3%   |
| voetsaam                                         | 65,5% | 48,5%   |
| die <u>hele</u> Basters                          | 68,9% | 63,6%   |
| kêrelkind                                        | 65,5% | 57,6%   |
| skans                                            | 55,2% | 36,4%   |
| ons is <u>vrede</u> met die kos                  | 34,4% | 42,4%   |
| die <u>toon</u> van die berg                     | 3,4%  | 9,1%    |
| <u>staanmaak</u> die tafel                       | 24,1% | 33,3%   |
| ons het haar Astrid <u>gesê</u>                  | 17,2% | 27,3%   |

|                                        | Mans  | Vrouens |
|----------------------------------------|-------|---------|
| opgegroot                              | 13,8% | 15,2%   |
| ongehoorsamig                          | 37,9% | 45,5%   |
| ek het my baadjie <u>omkeer</u> aan    | 68,9% | 78,7%   |
| kantien (wateremmer)                   | 10,3% | 27,3%   |
| grootmense (oumense)                   | 37,9% | 51,5%   |
| liefmaat                               | 17,2% | 24,2%   |
| volk/volkmense                         | 6,8%  | 12,1%   |
| hy het die venster <u>breek</u> gegoci | 62,1% | 87,8%   |

Ten opsigte van die eerste agt woorde en uitdrukkings op bogenoemde lys, word dit die meeste deur mans gebruik. Die vrouens gebruik weer die laaste twaalf woorde en uitdrukkings op die lys meer as die mans.

Woorde en uitdrukkings wat nog deur meer as 50% van mans én vrouens gebruik word, is:

- ° waffer (mans 65,5% en vrouens 57,5%);
- ° Die hele Basters (mans 68,9% en vrouens 63,6%);
- ° kêrelkind (mans 65,5% en vrouens 57,6%);
- ° Ek het my baadjie omkeer aan (vrouens 78,7% en mans 68,9%); en
- ° Hy het die venster breek gegooi (vrouens 87,8% en mans 62,1%).

### 3.2.15 GEVOLGTREKKINGS

1. Ten opsigte van die sintaktiese en morfologiese vlakke blyk dit dat die vrouens meer daartoe geneig is om nog RBA (soos bespreek in Hoofstuk 2 van hierdie studie) te praat. Die mans is meer bewus van hulle taalgebruik en praat 'n variëteit wat nader aan SA lê.

2. Ten opsigte van die leksikon, is die "ou" woorde nog slegs by 'n lae persentasie segsmense in gebruik en daar is nie 'n noemenswaardige

verskil tussen die geslagte ten opsigte van die gebruik van hierdie woorde nie.

3. Ten opsigte van die gebruik van opvallende woorde en uitdrukkings in RBA, wil dit voorkom asof die vrouens meer daartoe geneig is om nog hierdie woorde te gebruik as die mans.

4. Uit die data in hierdie afdeling kan die afleiding gemaak word dat die taalgebruik van mans en vrouens in RBA definitief verskil.

Die mans se taalgebruik lê baie nader aan SA as die vrouens s'n wat weer nader aan OA lê. Geslag speel dus 'n definitiewe rol in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters.

Hierdie verskil in die taalgebruik van mans en vrouens kan aan die volgende faktore toegeskryf word:

- ° Die vrouens beweeg nie so baie buite Rehoboth ter wille van bv. hulle werk nie. Hulle is tans nog nie blootgestel aan onderhandelings en werk op hoë vlak nie, aangesien al hierdie poste (bv. direkteure, ministers, volksraadslede, ens.) nog deur mans beklee word.

- ° Baie mans moet buite Rehoboth werk, aangesien Rehoboth nog nie genoeg werkseleenthede aan al sy inwoners kan bied nie. Selfs gewone arbeiders werk op ander plekke in die land. Die mans word dus blootgestel aan verskeie situasies en taalkodes buite Rehoboth. Mans wat hoë poste beklee, moet op hoë vlak onderhandelings kan voer en hulle pas dus hulle taalgebruik aan by die omstandighede waarin hulle verkeer. Mans is dus meer bedag op hulle taalgebruik en dit veroorsaak dat die mans se taalgebruik nader aan SA lê.

### 3.3 DIE NIE-TALIGE VERANDERLIKE: OUDERDOM

Hier word gepoog om vas te stel of daar enige verband is tussen 'n persoon se taalgebruik en sy ouderdom. Die segsmense is in vyf ouderdomsgroepe verdeel, nl. 0-15, 16-25, 26-40, 41-60 en 61 jaar en ouer.

#### 3.3.1 ONTKENNINGSPATROON: WEGLATING VAN DIE TWEDE NIE

Voorbeelde: Ek weet nie eens waffer kant toe.

Liewerster moet jy breek, maar nie my brille.

Hoe frekwent kom die weglating van die tweede nie by die verskillende ouderdomsgroepe voor?

##### 0-15 jaar

In hierdie ouderdomsgroep kom die weglating van die tweede nie by 65,2% van die segsmense voor (volgens die vraelyste). Volgens die bande kom dit by 50% voor.

##### 16-25 jaar

Volgens die vraelyste kom die weglating van die tweede nie by minder segsmense as hierbo voor, nl. by 36,4%. Tydens die gesprekke het 50% egter die tweede nie weggelaat.

##### 26-40 jaar

Hier kom die weglating van die tweede nie by 44,4% van die segsmense voor, terwyl dit weer eens by 50% van die segsmense gevind is tydens die maak van die opnames.

41-60 jaar


In hierdie ouderdomsgroep laat 58,3% van die segsemense die tweede nie weg volgens die vraelyste en 55,6% in die werklike taalgebruik op die bande.

61 jaar en ouer

Hier het slegs 71,4% van die segsmense op die vraelyste aangedui dat hulle die tweede nie weglaat, terwyl dit in werklikheid by 91,7% van hulle voorgekom het op die bande.

Dit is duidelik dat die weglating van die tweede nie nog die meeste by die oumense (61 jaar en ouer) voorkom.

Grafies voorgestel, lyk die weglating van die tweede nie so:



Die voorkoms van die weglating van die tweede nie is die hoogste by die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer. Dit neem gradueel af na die ouderdomsgroepe 41-60, 26-40 en 16-25. Daar vind weer 'n skerp styging plaas by die ouderdomsgroep 0-15 (volgens die vraelys). Volgens die gebruik tydens die onderhoude, is die voorkoms van die weglating van die tweede nie baie hoog by die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer, laer by 41-60 en dan dieselfde by die ander drie ouderdomsgroepe.

Dit blyk dus dat die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer die tweede nie die frekwentste weglaat van al die ouderdomsgroepe.

Den Besten (1986: 210-225) se hipotese dat die dubbele ontkenningvorm in Afrikaans hoofsaaklik van Khoe-oorsprong is, blyk in die lig van bogenoemde gegewens minder gangbaar te wees. Indien die dubbele nie in Afrikaans wel van Khoe-oorsprong is, behoort meer Rehoboth Basters bo 61 jaar die dubbele nie meer frekwent te gebruik. Uit hierdie ondersoek het dit egter na vore gekom dat 91,7% van die segsmense van 61 jaar en ouer die tweede nie weglaat.

Uit bogenoemde gegewens blyk dit dat die weglating van die tweede nie al minder voorkom in RBA. Die feit dat minder segsmense in die ouderdomsgroepe 16-25 jaar en 26-40 jaar op die vraelys aangedui het dat hulle die tweede nie weglaat as wat in die werklike taalgebruik plaasgevind het, dui daarop dat hierdie groepe bewus is daarvan dat die tweede nie nie weggelaat behoort te word nie.

By veral die ouderdomsgroep 0-15 jaar word 'n groot stylverskil opgemerk. Hulle monitor hulle taalgebruik ten opsigte van die weglating van die tweede nie. In dié geval maak hierdie ouderdomsgroep dus gebruik van 'n formeler styl.

'n Verskil in die taalgebruik van die onderskeie vyf ouderdomsgroepe word ten opsigte van hierdie talige veranderlike waargeneem.

### 3.3.2 ANAFORIEK

#### Die gebruik van hy in plaas van dit

Voorbeelde: En hy't so lekker geruik, daai water.

Die kruiddamp is eenkant blou en hy's eenkant geel.

#### 0-15 jaar

30,4% van die segsmense in hierdie ouderdomsgroep het op die vraelyste aangedui dat hulle hy in plaas van dit gebruik. Tydens die onderhoude het slegs 16,7% dit wel gebruik.

#### 16-25 jaar

Hier het 27,3% van die segsmense aangedui dat hulle dit deur hy vervang, terwyl daar weer eens slegs 16,7% dit werklik gebruik het.

#### 26-40 jaar

In hierdie ouderdomsgroep kry ons 'n verhoogde gebruik van hy in plaas van dit, nl. 66,7% op die vraelys, teenoor slegs 25% tydens die onderhoude.


#### 41-60 jaar

58,3% van die segsmense het aangedui dat hulle hy in plaas van dit gebruik, teenoor die 22,2% wat dit op band gebruik het.

#### 61 jaar en ouer

In hierdie ouderdomsgroep het 100% van die segsmense op die vraelyste aangedui dat hulle dit met hy vervang. 66,7% het dit tydens die onderhoude gebruik.

Grafies voorgestel, lyk die gebruik van hy in plaas van dit in die verskillende ouderdomsgroepe soos volg:



Weer eens is dit by die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer waar die dit die meeste deur die persoonlike hy vervang word. Daarna volg die ouderdomsgroepe 26-40, 41-60, 0-15 en 16-25.

Wanneer die grafiek bestudeer word, kan 'n baie duidelike stylverskil waargeneem word. In al die ouderdomsgroepe het baie minder segsmense werklik van hy in plaas van dit gebruik gemaak. Dit kan 'n aanduiding wees dat hulle hul taalgebruik monitor ten opsigte van hierdie talige veranderlike.

Die verskil in die taalgebruik van die vyf ouderdomsgroepe word hier mooi weerspieël.

### Die gebruik van hy in plaas van sy

Voorbeelde : Ek's hier verby daar na Tannie Nak toe. Hy's net so siek.  
Magriet se man is langs hom doodgeskiet.

#### 0-15 jaar

By die gebruik van die manlike hy in plaas van die vroulike sy het 39,1% van die segsmense hier aangedui dat hulle dit wel gebruik. Tydens die onderhoude het geeneen dit egter gebruik nie.

#### 16-25 jaar

Ook in hierdie ouderdomsgroep het 27,3% op die vraelyste aangedui dat hulle dit gebruik, terwyl dit by niemand voorgekom het tydens die onderhoude nie.

#### 26-40 jaar

'n Verhoogde 55,6% van die segsmense in hierdie ouderdomsgroep het op die vraelyste aangedui dat hulle dit wel gebruik. Geeneen het dit egter tydens die onderhoude gebruik nie.

#### 41-60 jaar


33,3% van die segsmense het hier aangedui dat hulle hy in plaas van sy gebruik, maar slegs 11,1% het dit op band gebruik.

#### 61 jaar en ouer

Hier het 85,7% aangedui dat hulle wel die manlike hy in plaas van die vroulike sy gebruik. 41,7% het dit tydens die onderhoude gebruik.

Die gebruik van die manlike hy in plaas van die vroulike sy kan grafies

soos volg voorgestel word:



Die gebruik van die manlike hy in plaas van die vroulike sy kom die meeste voor by die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer. Ons kry weer dieselfde tendens by die gebruik van hy in plaas van sy onder die ouderdomsgroepe as by die vervanging van dit deur hy, nl. 26-40, 41-60, 0-15 en 16-25.

Daar word 'n definitiewe afname in die gebruik van hy in plaas van sy gemerk (volgens die onderhoude). Die segsmense het hier weer eens hulle taalgebruik streng gemonitor en wel in so 'n mate dat die drie ouderdomsgroepe 0-15, 16-25 en 26-40 glad nie van hy in plaas van sy gebruik gemaak het nie.

Weer eens word 'n stylverskil pragtig deur die grafiek geïllustreer. Die verskil in die taalgebruik van die ouderdomsgroepe is ook ten

opsigte van hierdie talige veranderlike waarneembaar.

### 3.3.3 DIE GOED-KONSTRUKSIE

Voorbeelde: Hy bly daar op Kennard-goed.

Bring die pensioenboekie van Astrid-goed.

Net soos by die vorige talige veranderlike, is die diskrepansie tussen die antwoorde op die vraelyste en die werklike gebruik van die goed-konstruksie baie groot.

#### 0-15 jaar

63,7% van die segsmense in hierdie ouderdomsgroep het aangedui dat hulle goed agter aan selfstandige naamwoorde voeg (bv. Karl-goed). Geeneen van hulle het die goed-konstruksie tydens die onderhoude gebruik nie.

#### 16-25 jaar

Weer eens het niemand die goed-konstruksie tydens die onderhoude gebruik nie, maar 48,5% het op die vraelys aangedui dat hulle dit wel gebruik.

#### 26-40 jaar

59,3% van die segsmense in hierdie ouderdomsgroep het aangedui dat hulle wel die goed-konstruksie gebruik. Weer eens het niemand dit tydens die onderhoude gebruik nie.


#### 41-60 jaar

Hier het 47,2% van die segsmense aangedui dat hulle die goed-konstruksie gebruik. Slegs 11,1% het dit tydens die onderhoude gebruik.

### 61 jaar en ouer

'n Baie hoë persentasie segsmense het hier op die vraelyste aangedui dat hulle die goed-konstruksie gebruik, nl. 90,5%. 41,7% het hierdie konstruksie tydens die onderhoude gebruik.

Die grafiese voorstelling van die gebruik van die goed-konstruksie sien soos volg daar uit:



Die hoogste voorkomssyfer van die gebruik van die goed-konstruksie is by die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer; daarna volg die ouderdomsgroepe 0-15, 26-40, 16-25 en 41-60.

Volgens die gebruik tydens die onderhoude is die hoogste voorkomssyfer by die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer, daarna volg 41-60 en by die ouderdomsgroepe 26-40, 16-25 en 0-15 is die voorkomssyfer dieselfde, nl. 0%.

Hier word dieselfde tendens as by die vorige veranderlike aangetref. 'n Groot stylverskil word weer eens deur die grafiek geïllustreer – in dié mate dat 'n 0%-voorkoms van die goed-konstruksie by die ouderdomsgroepe 0-15, 16-25 en 26-40 aangetref word.

'n Afname in die gebruik van die goed-konstruksie word dan ook hier bespeur.

Die verskil in die taalgebruik van die onderskeie ouderdomsgroepe word ook ten opsigte van hierdie talige veranderlike duidelik.

### 3.3.4 DIE MET SAAM-KONSTRUKSIE

Voorbeelde: Dan druk ek met hierie hand saam soontoe.

Hulle het die lyke bymekaargemaak met die kiste saam.

By die gebruik van die met saam-konstruksie vind ons weer eens 'n diskrepansie tussen die inligting van die vraelyste en dié op band.

#### 0-15 jaar

43,5% van die segsmense in hierdie ouderdomsgroep het aangedui dat hulle die met saam-konstruksie gebruik. Slegs 16,7% het dit tydens die onderhoude gebruik.

#### 16-25 jaar

Hier het 54,5% van die segsmense aangedui dat hulle dié konstruksie gebruik. Geeneen het dit egter in 'n gesprek gebruik nie.

26-40 jaar

By hierdie ouderdomsgroep het 44,4% van die segsmense aangedui dat hulle wel die met saam-konstruksie gebruik, terwyl niemand dit tydens die onderhoude gebruik het nie.


41-60 jaar

70,9% van die segsmense het op die vraelyste aangedui dat hulle die betrokke konstruksie gebruik. Slegs 11,1% het dit regtig gebruik tydens die onderhoude.

61 jaar en ouer

Hier het 'n baie hoë 92,9% van die segsmense op die vraelyste aangedui dat hulle die met saam-konstruksie gebruik, terwyl slegs 25% dit wel tydens gesprekvoering gebruik het.

Die gebruik van die met saam-konstruksie kan grafies soos volg voorgestel word:



Weer eens gebruik die meeste segsmense in die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer die met saam-konstruksie. Daarna volg die ouderdomsgroepe 41-60, 16-25, 0-15 en 26-40.

Die stylwisseling word ook baie duidelik hier geïllustreer. By al die ouderdomsgroepe het minder segsmense die met saam-konstruksie gebruik as wat op die vraelyste só aangedui het.

'n Daling in die gebruik van die met saam-konstruksie word opgemerk vanaf die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer laer af. By die ouderdomsgroep 0-15 is daar egter 'n styging. Dit kom voor asof hierdie groep wel hul taalgebruik ten opsigte van hierdie talige veranderlike monitor, maar nie so streng soos die groepe 16-25 en 26-40 nie.

Weer eens word die verskil in die taalgebruik van die onderskeie ouderdomsgroepe duidelik op die grafiek geïllustreer.

### 3.3.5 SKAKELWERKWOORDE

#### Loop as skakelwerkwoord

Voorbeelde: En dan loop koop ek vleis.

Na die oorlog stil geloop word het.

#### 0-15 jaar

Ten opsigte van die gebruik van loop as skakelwerkwoord het 56,5% van die segsmense in hierdie groep aangedui dat hulle dit gebruik. 33,3% van hierdie segsmense het loop as skakelwerkwoord gebruik tydens die onderhoude.

#### 16-25 jaar

In hierdie ouderdomsgroep is daar 'n aansienlike diskrepansie tussen die inligting op die vraelys en dié op band.

86,4% van die segsmense het op die vraelys aangedui dat hulle wel loop as skakelwerkwoord gebruik, terwyl geeneen dit tydens die onderhoude gebruik het nie.

#### 26-40 jaar

Hier het 48,1% van die segsmense aangedui dat hulle loop as skakelwerkwoord gebruik, terwyl 50% dit werklik gebruik het.


#### 41-60 jaar

58,4% van die segsmense het op die vraelyste aangedui dat hulle loop as skakelwerkwoord gebruik, teenoor die 33,3% wat dit tydens die onderhoude gebruik het.

### 61 jaar en ouer

In hierdie ouderdomsgroep het 92,9% van die segsmense aangedui dat hulle loop as skakelwerkwoord gebruik, teenoor die 50% wat dit tydens die onderhoude gebruik het.

Die voorkoms van loop as skakelwerkwoord kan grafies soos volg voorgestel word:



Die gebruik van loop as skakelwerkwoord toon interessante tendense. Volgens die vraelyste is die hoogste voorkomssyfer by die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer, gevolg deur die ouderdomsgroepe 16-25, 41-60, 0-15 en 26-40.

Volgens die onderhoude is die hoogste voorkomssyfer by die ouderdomsgroepe 61 jaar en ouer en 26-40; gevolg deur 41-60, 0-15 en 16-25 in die laagste posisie.

Dit blyk dat die ouderdomsgroep 16-25 baie bewus is van hulle taalgebruik - vandaar die aansienlike stylverskil by hierdie talige veranderlike. In 'n mindere mate gebeur dieselfde by die ouderdomsgroep 0-15 jaar.

'n Baie duidelike verskil in die taalgebruik van die onderskeie ouderdomsgroepe ten opsigte van die gebruik van loop as skakelwerkwoord is hier merkbaar.

#### Kom as skakelwerkwoord

Voorbeelde: Daar word nou kom uitgespan.

Ek kom kyk die goed so.

#### 0-15 jaar

In hierdie ouderdomsgroep het 30,4% van die segsmense op die vraelys aangedui dat hulle kcm as skakelwerkwoord gebruik, teenoor die 33,3% van die segsmense wat dit tydens die onderhoude gebruik het.

#### 16-25 jaar

Hier het slegs 27,3% van die segsmense op die vraelyste aangedui dat hulle kom as skakelwerkwoord gebruik, terwyl 50% dit wel tydens die onderhoude gebruik het.

#### 26-40 jaar

In hierdie ouderdomsgroep is daar nog 'n groter diskrepansie. 88,9% van die segsmense het op die vraelys aangedui dat hulle kom as skakelwerkwoord gebruik, terwyl slegs 25% dit tydens die onderhoude gebruik het.


41-60 jaar

In hierdie ouderdomsgroep is die diskrepansie omgeruil. 66,7% van die segsmense het op die vraelyste aangedui dat hulle kom as skakelwerkwoord gebruik, terwyl 77,8% dit tydens die onderhoude gebruik het.

61 jaar en ouer

In hierdie ouderdomsgroepe het 100% van die segsmense aangedui dat hulle kom as skakelwerkwoord gebruik, teenoor 58,3% wat dit tydens die onderhoude gedoen het.

Grafies kan die gebruik van kom as skakelwerkwoord soos volg voorgestel word:



Die voorkomssyfer van kom as skakelwerkwoord is weer eens die hoogste by die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer; gevolg deur die ouderdomsgroepe 26-40, 41-60, 0-15 en 16-25.

Die ouderdomsgroepe 0-15, 16-25 en 41-60 het moontlik probeer om die "korrekte" antwoord te verstrek op die vraelys - vandaar die verhoogde voorkomssyfer van kom as skakelwerkwoord by hierdie drie ouderdomsgroepe.

Daar is 'n aansienlike stylverskil by die ouderdomsgroep 26-40 en in 'n mindere mate by 61 jaar en ouer. Dit blyk dat die ouderdomsgroep 26-40 hulle taalgebruik ten opsigte van hierdie talige veranderlike geweldig monitor en dus bewustelik probeer om kom as skakelwerkwoord te vermy.

Weer eens word 'n duidelike verskil opgemerk in die taalgebruik van die onderskeie ouderdomsgroepe - in hierdie geval ten opsigte van die gebruik van kom as skakelwerkwoord.

### 3.3.6 DIE HIPERKORREKTE GE- IN DIE VERLEDETYDSAANDUIDING

Voorbeelde: Hoelat Jakkals vir ou Wolf geverneuk het.

Daar het hulle gebegin.

Ook ten opsigte van die gebruik van die hiperkorrekte ge- in die verledetydsaanduiding word 'n diskrepansie gevind tussen die inligting op die vraelyste en dié op band.

#### 0-15 jaar

Op die vraelyste het 50,7% van die segsmense aangedui dat hulle die hiperkorrekte ge- gebruik. Slegs 16,7% het dit in 'n gespreksituasie gebruik.

#### 16-25 jaar

Hier word nie so 'n groot diskrepansie aangetref nie. 39,4% van die segsmense het op die vraelyste aangedui dat hulle dit wel gebruik, teen-

oor die 33,3% wat dit tydens die onderhoude gebruik het.

#### 26-40 jaar

63,0% van die segsmense in hierdie ouderdomsgroep het op die vraelys aangedui dat hulle die hiperkorrekte ge- gebruik. Slegs 25% het dit wel tydens die onderhoude gebruik.


#### 41-60 jaar

63,9% van die segsmense het aangedui dat hulle die hiperkorrekte ge- gebruik, teenoor die 44,4% tydens die onderhoude.

#### 61 jaar en ouer

Hier het 85,7% van die segsmense aangedui dat hulle die hiperkorrekte ge- in die verledetydsvorm gebruik. 75% het dit wel tydens die onderhoude gebruik.

Grafies kan die gebruik van die hiperkorrekte ge- in die verledetydsaanduiding soos volg voorgestel word:



Dit is weer eens die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer wat die meeste gebruik maak van die hiperkorrekte ge- in die verledetydsaanduiding. Daarna volg die ouderdomsgroepe 41-60 en 26-40 op dieselfde vlak; dan 0-15 en daarna 16-25.

Volgens die gebruik van die hiperkorrekte ge- tydens die onderhoude lyk die prentjie ietwat anders ten opsigte van veral die ouderdomsgroepe 26-40 en 0-15. Die hoogste voorkomssyfer van die hiperkorrekte ge- is hier ook by die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer; daarna volg die ander ouderdomsgroepe in die volgende volgorde: 41-60, 16-25, 25-40 en 0-15.

'n Stylverskil by al die ouderdomsgroepe word deur hierdie grafiek geïllustreer. Die grootste verskil kom by die ouderdomsgroep 26-40 voor. Dit blyk dat al die segsmense probeer om nie die hiperkorrekte ge- in die verledetydsaanduiding te gebruik nie. Dit wil egter voorkom asof die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer nie hulle taalgebruik in 'n hoë mate monitor nie.

Nog 'n waarneming is dat die taalgebruik van die vyf ouderdomsgroepe verskil ten opsigte van hierdie betrokke talige veranderlike.

Hier word definitief 'n afname in die gebruik van die hiperkorrekte ge- in die verledetydsaanduiding bespeur.

### 3.3.7 DIE GEBRUIK VAN DIE GRAMMATIES ONGEMERKTE VORM VAN DIE MODALE HULPWERKWOORDE IN DIE VERLEDE TYD

Voorbeelde: Nou, ek kan mos vreeslik gepraat het.

Hy wil die soldate gehad het.

#### 0-15 jaar

In hierdie ouderdomsgroep het 36,9% van die segsmense aangedui dat hulle die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoorde in die verlede tyd gebruik, en 33,3% het dit tydens die onderhoude gebruik.

#### 16-25 jaar

Hier het 31,8% van die segsmense op die vraelys aangedui dat hulle die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoorde in die verlede tyd gebruik, terwyl 33,3% dit tydens die onderhoude gebruik het.

#### 26-40 jaar

In hierdie ouderdomsgroep het 36,1% van die segsmense op die vraelys aangedui dat hulle die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoorde in die verlede tyd gebruik, teenoor die 25% wat dit tydens die onderhoude gebruik het.

41-60 jaar

60,4% van die segsmense het op die vraelys aangedui dat hulle die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoorde in die verlede tyd gebruik, en 55,6% het dit wel gebruik tydens die onderhoude.

61 jaar en ouer

Hier het 82,1% van die segsmense aangedui dat hulle die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoorde in die verlede tyd gebruik, teenoor die 66,7% wat dit tydens die onderhoude gebruik het.

Grafies kan die gebruik van die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoorde in die verlede tyd soos volg voorgestel word:



Die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer maak die meeste gebruik van die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoorde in die verlede tyd. Dit word gevolg deur die ouderdomsgroepe 41-60, 26-40, 0-15 en

16-25.

Hier word ook 'n definitiewe afname in die gebruik van die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoord in die verlede tyd bespeur.

Weer eens word 'n effense stylverskil deur die grafiek geïllustreer.

Die verskil in die taalgebruik van die onderskeie ouderdomsgroepe word ook ten opsigte van hierdie bepaalde talige veranderlike geïllustreer.

### 3.3.8 DIE GEBRUIK VAN IS GEWEES EN HET GEWEES IN PLAAS VAN DIE VERLEDETYDSVORM WAS

Voorbeelde: Dit is nou hulle se skoolplekkietjie gewees.

Ek was nou die enigste een wat liefdevol gewees het.

#### 0-15 jaar

17,4% het op die vraelys aangedui dat hulle is gewees gebruik en 39,1% gebruik het gewees. Tydens die onderhoude het geeneen egter is gewees gebruik nie, terwyl 50% het gewees gebruik het.

#### 16-25 jaar

In hierdie ouderdomsgroep het geeneen aangedui dat hulle is gewees gebruik nie en 36,4% het aangedui dat hulle het gewees gebruik. Tydens die onderhoude het 33,3% egter wel is gewees gebruik, teenoor die 16,7% wat het gewees gebruik het.

#### 26-40 jaar

Op die vraelyste het 22,2% aangedui dat hulle is gewees gebruik, en 66,7% het aangedui dat hulle het gewees gebruik. Tydens die onderhoude

het 12,5% is gewees gebruik en 37,5% het gewees.

41-60 jaar


41,7% van die segsmense het op die vraelys aangedui dat hulle is gewees gebruik, en 75% het aangedui dat hulle het gewees gebruik. Hierteenoor het slegs 11,1% is gewees tydens die onderhoude gebruik en 44,4% het gewees.

61 jaar en ouer

Slegs 28,6% van die segsmense in hierdie ouderdomsgroep het op die vraelys aangedui dat hulle is gewees gebruik, teenoor 85,7% wat aangedui het dat hulle het gewees gebruik.

Hierteenoor het 58,3% van die segsmense is gewees tydens die onderhoude gebruik en 83,3% het gewees.

Grafies kan die gebruik van is gewees in plaas van was soos volg voorgestel word:



Volgens die vraelyste is die hoogste voorkomssyfer van is gewees in plaas van was by die ouderdomsgroep 41-60. Daarna volg die ouderdomsgroepe 61 jaar en ouer, 26-40, 0-15 en 16-25.


Ten opsigte van die gebruik van is gewees in plaas van was tydens die onderhoude, het die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer dit die meeste gebruik; gevolg deur die ouderdomsgroepe 16-25, 26-40, 41-60 en 0-15.

Hier word weer 'n duidelike stylverskil opgemerk by die ouderdomsgroepe 0-15, 26-40 en 41-60.

Dit is baie duidelik dat die ouderdomsgroep 16-25 die "korrekte" antwoord wou aandui op die vraelys, maar hulle gebruik definitief is gewees in plaas van was.

Ten opsigte van hierdie talige veranderlike is die verskil in die taalgebruik van die onderskeie ouderdomsgroepe duidelik waarneembaar.

Die gebruik van het gewees in plaas van was kan grafies so voorgestel word:



Die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer maak weer eens die meeste gebruik van het gewees in plaas van die verledetydsvorm was. Hierna volg die ouderdomsgroepe 41-60, 26-40, 0-15 en 16-25.

Volgens die onderhoude word dieselfde tendens gevolg.

By al die ouderdomsgroepe behalwe die groep 0-15, word 'n stylverskil duidelik deur die grafiek geïllustreer. Die verskil is nie werklik beduidend by die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer nie, maar by die ander ouderdomsgroepe is dit beduidend. Dit blyk dat die segsmense hulle taal ten opsigte van hierdie betrokke talige veranderlike wel monitor.

Weer eens kom die verskil in die taalgebruik van die onderskeie ouderdomsgroepe duidelik na vore.

### 3.3.9 DIE VERVANGING VAN DIE TYDHULPWERKWOORD HET DEUR IS, ASOOK DIE VERVANGING VAN IS DEUR HET

Voorbeelde: Ek is besluit.  
 Drie is al gesterf.  
 Ek het hier gebore.

#### 0-15 jaar

In hierdie ouderdomsgroep het 17,4% van die segsmense op die vraelys aangedui dat hulle het deur is vervang en 4,3% dat hulle is deur het vervang. Tydens die onderhoude het geeneen egter het deur is vervang, of is deur het vervang nie.

#### 16-25 jaar

Hier het 22,8% op die vraelys aangedui dat hulle het deur is vervang en 9,1% dat hulle is deur het vervang.

Weer eens het geeneen het deur is vervang, of is deur het vervang nie.

#### 26-40 jaar

In hierdie ouderdomsgroep het 38,9% op die vraelys aangedui dat hulle het deur is vervang en 22,2% dat hulle is deur het vervang.

Nogmaals het geeneen dit tydens die onderhoude gedoen nie.

#### 41-60 jaar


54,2% van die segsmense het op die vraelys aangedui dat hulle het deur is vervang en 25% dat hulle is deur het vervang. Tydens die onderhoude het 5,6% wel het deur is vervang en 11,1% is deur het.

### 61 jaar en ouer

In hierdie ouderdomsgroep het 78,6% van die segsmense op die vraelys aangedui dat hulle het deur is vervang, terwyl 25% dit tydens die onderhoude gedoen het.

57,1% het aangedui dat hulle is deur het vervang en 25% het dit wel tydens die onderhoude gedoen.

Die vervanging van het deur is kan grafies soos volg voorgestel word:




Die vervanging van die tydhulpwerkwoord het deur is kom die meeste voor by die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer. Daarna volg die ouderdomsgroepe 41-60, 26-40, 16-25 en 0-15. Ook wat die onderhoude betref, word dieselfde tendens gevolg.

'n Groot en definitiewe stylverskil word hier geïllustreer by al die ouderdomsgroepe. Die segsmense het by hierdie betrokke talige

veranderlike hul taalgebruik aansienlik gemonitor - daarom die 0%-voorkoms by die ouderdomsgroepe 0-15, 16-25 en 26-40.

Die verskil in die taalgebruik van die onderskeie ouderdomsgroepe kan ook ten opsigte van die vervanging van het deur is waargeneem word.

Die vervanging van is deur het se grafiese voorstelling sien soos volg daar uit:



Die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer maak weer eens die meeste gebruik van die vervanging van die tydhulpwerkwoord is deur het. Die ouderdomsgroepe 41-60, 26-40, 16-25 en 0-15 volg hierna.

Net soos by die vorige talige veranderlike, word ook hier 'n stylverskil by al die ouderdomsgroepe aangetref wat ook lei tot 'n 0%-voorkoms by dieselfde drie ouderdomsgroepe, naamlik 0-15, 16-25 en 26-40.

Weer eens kan die verskil in die taalgebruik van die onderskeie ouder-

domsgroepe aangedui word.

### 3.3.10 DIE INFINITIEF-KONSTRUKSIE: TE-WEGLATING

Voorbeelde: Donderdae werk ons mos vir Juffrou om pastorie skoon maak.  
Had julle nie gekom om vir my kom doodmaak nie?

Waar die te van die infinitiefkonstruksie weggelaat word, word weer 'n redelike diskrepansie gevind tussen die inligting van die vraelyste en die inligting op band.

#### 0-15 jaar

19,6% van die segsmense het aangedui dat hulle die te weglaat, terwyl niemand dit tydens die onderhoude gedoen het nie.

#### 16-25 jaar

In hierdie ouderdomsgroep het ook niemand die te weggelaat tydens die onderhoude nie, maar 22,8% het aangedui dat hulle dit wel doen.

#### 26-40 jaar

Hier het 5,6% op die vraelys aangedui dat hulle die te weglaat, teenoor die 12,5% wat dit wel tydens die onderhoude gedoen het.


#### 41-60 jaar

33,4% van hierdie segsmense het op die vraelys aangedui dat hulle die te weglaat, terwyl slegs 11,1% dit werklik tydens die onderhoude gedoen het.

### 61 jaar en ouer

'n Hoë 78,6% van die segsmense in hierdie groep het op die vraelys aangedui dat hulle die te weglaat, teenoor die 41,7% wat dit wel tydens die onderhoude gedoen het.

Grafies kan die te-weglating soos volg voorgestel word:



Ten opsigte van die te-weglating in die infinitief-konstruksie is die hoogste gebruiksyfer nogmaals by die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer. Die ouderdomsgroep 26-40 jaar se gebruiksyfer is die laagste.

Volgens die onderhoude is die gebruiksyfer van die ouderdomsgroepe 0-15 en 16-25 egter die heel laagste (0%).

Die ouderdomsgroep 26-40 het klaarblyklik weer die "korrekte" antwoord aangedui op die vraelys, in plaas van dié vorm wat hulle gewoonlik gebruik.

By al die ouderdomsgroepe word 'n stylverskil weer eens geïllustreer. Die ouderdomsgroepe 0-15 en 16-25 monitor hulle taalgebruik ten opsigte van hierdie bepaalde talige veranderlike in so 'n mate dat dit glad nie tydens hulle onderhoude gebruik is nie.

'n Duidelike verskil in die taalgebruik van die onderskeie ouderdomsgroepe word hier geïllustreer.

### 3.3.11 DIE GEBRUIK VAN DIE DUBBELE MEERVOUDSVORM

Voorbeelde: Drie vrouens is altyd so in die kamerse gesit.

Daar had die Boere die Duisterse gelos.

Daar is by sommige ouderdomsgroepe 'n diskrepansie tussen die inligting op die vraelyste en dié op band.

#### 0-15 jaar

Slegs 1,3% het op die vraelyste aangedui dat hulle die dubbele meervoudsvorm gebruik. 16,7% het dit tydens die onderhoude gebruik.

#### 16-25 jaar

In hierdie ouderdomsgroep het niemand die dubbele meervoudsvorm tydens die onderhoude gebruik nie en slegs 0,9% het op die vraelys aangedui dat hulle van die dubbele meervoudsvorm gebruik maak.

#### 26-40 jaar

In hierdie ouderdomsgroep het ook niemand die dubbele meervoudsvorm tydens die onderhoude gebruik nie, maar 6,7% het op die vraelys aangedui dat hulle dit wel gebruik.


41-60 jaar

In hierdie ouderdomsgroep het slegs 5,8% van die segsmense op die vraelys aangedui dat hulle dubbele meervoude gebruik, teenoor die 22,2% wat dit wel tydens die onderhoude gebruik het.

61 jaar en ouer

66,7% van die segsmense het die dubbele meervoudsvorm tydens die onderhoude gebruik, maar slegs 14,3% het dit op die vraelyste aangedui.

Grafies kan die gebruik van die dubbele meervoudsvorm soos volg voorgestel word:



Interessant is dat die gebruiksyfer van die dubbele meervoudsvorm volgens die vraelyste baie laag is. Die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer s'n is die hoogste met slegs 14,3%. Daarna volg die ouderdomsgroepe 16-40, 41-60, 0-15 en 16-25.

Volgens die inligting op die bande is die gebruiksyfer van die dubbele meervoudsvorm in die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer 'n hoë 66,7%. Daarna volg die ouderdomsgroepe 41-60, 0-15, 16-25 en 26-40.

Die lae gebruiksyfer volgens die vraelys kan moontlik daaraan toegeskryf word dat sodra 'n segsmens bewustelik 'n meervoudsvorm van 'n woord moet gee, hy geneig is om die standaardvorm te gee – soos wat hy op skool geleer word.

Tog opmerklik is dat daar steeds 'n efense stylverskil by die ouderdomsgroepe 16-25 en 26-40 voorkom met 'n 0%-voorkoms van die dubbele meervoudsvorm in hulle onderhoude. Hulle is baie bewus daarvan dat die dubbele meervoudsvorm nie standaard is nie en gebruik dit dus nie tydens onderhoude nie.

Die verskil in die taalgebruik van die onderskeie vyf ouderdomsgroepe word dan ook hier geïllustreer ten opsigte van die gebruik van die dubbele meervoudsvorm.

### 3.3.12 DIE GEBRUIK VAN DIE DUBBELE VERKLEININGSVORM

Voorbeelde: Soos darie 1925-oorloggietjie.

Daar word nou 'n koei gevat met 'n kalfietjie.

Ook hier word 'n diskrepansie gevind tussen die inligting op die vraelyste en dié op band.

#### 0-15 jaar

26,8% van die segsmense in hierdie ouderdomsgroep het aangedui dat hulle wel die dubbele verkleiningsvorm gebruik. 16,7% het dit tydens die onderhoude gebruik.

16-25 jaar

Hier het 12,4% aangedui dat hulle die dubbele verkleiningsvorm gebruik, terwyl geeneen dit tydens die onderhoude gebruik het nie.

26-40 jaar

Ook hier het niemand dit tydens die onderhoude gebruik nie, maar 11,1% het op die vraelys aangedui dat hulle dit wel gebruik.


41-60 jaar

12,1% van hierdie segsmense het op die vraelys aangedui dat hulle die dubbele verkleiningsvorm gebruik, teenoor die 33,3% wat dit tydens die onderhoude gebruik het.

61 jaar en ouer

34,4% gebruik die dubbele verkleiningsvorm volgens die vraelys. 33,3% het dit tydens die onderhoude gebruik.

Die gebruik van die dubbele verkleiningsvorm kan grafies soos volg voorgestel word:



By die gebruik van die dubbele verkleiningsvorm is die hoogste voorkoms-  
syfer weer eens by die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer, gevolg deur die  
ouderdomsgroepe 0-15, 16-25, 41-60 en 26-40.

'n Groot verskil word by die ouderdomsgroep 41-60 aangetref. Volgens die  
vraelyste word daar 'n lae voorkomssyfer van die dubbele verkleinings-  
vorm aangetref, maar ten opsigte van die onderhoude 'n hoër een.

'n Groot stylverskil word by die ouderdomsgroepe 0-15, 16-25 en 26-40  
geïllustreer deur die grafiek. Weer eens is die ouderdomsgroepe 16-25 en  
26-40 baie bewus daarvan dat die dubbele verkleining nie standaard is  
nie en word dit dus nie tydens hulle onderhoude gebruik nie.

Ook ten opsigte van die gebruik van die dubbele verkleiningsvorm is daar  
'n verskil in die taalgebruik van die onderskeie ouderdomsgroepe.

3.3.13 DIE GEBRUIK VAN SE SAAM MET DIE BESITLIKE VOORNAAMWOORDE

Voorbeelde: Hulle se eerste kerkie.

Hulle se handjies.

Die gebruik van se saam met die besitlike voornaamwoorde kom volgens die vraelyste redelik frekvent voor onder alle ouderdomsgroepe. Weer eens is daar 'n diskrepansie tussen dié inligting en dié op band.

0-15 jaar

50,7% van die segsmense in hierdie ouderdomsgroep het op die vraelyste aangedui dat hulle se saam met die besitlike voornaamwoorde gebruik. Slegs 33,3% het dit tydens die onderhoude gebruik.

16-25 jaar

Teenoor die 16,7% wat se saam met die besitlike voornaamwoorde op band gebruik het, het 51,5% dit só aangedui op die vraelyste.

26-40 jaar

In hierdie ouderdomsgroep het 77,8% van die segsmense op die vraelyste aangedui dat hulle se saam met die besitlike voornaamwoorde gebruik. Slegs 37,5% het dit egter tydens die onderhoude gebruik.

41-60 jaar


61,1% het op die vraelys aangedui dat hulle hierdie konstruksie gebruik, teenoor die 66,7% wat dit wel tydens die onderhoude gebruik het.

61 jaar en ouer

In hierdie ouderdomsgroep het al die segsmense (dus 100%) op die vraelys

aangedui dat hulle se saam met die besitlike voornaamwoorde gebruik. 91,7% het dit wel tydens die onderhoude gebruik.

Die gebruik van se saam met die besitlike voornaamwoorde kan grafies soos volg voorgestel word:



Weer eens gebruik die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer se saam met die besitlike voornaamwoorde die meeste. Hulle word gevolg deur die ouderdomsgroepe 26-40, 41-60, 16-25 en 0-15.

Volgens die onderhoude is die laagste voorkomssyfer by die ouderdomsgroep 16-25 en die hoogste by die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer.

'n Aansienlike stylverskil word ook ten opsigte van hierdie talige veranderlike pragtig deur die grafiek geïllustreer - veral by die ouderdomsgroepe 0-15, 16-25 en 26-40.

'n Groot verskil in die taalgebruik van die onderskeie ouderdomsgroepe

word hier aangedui ten opsigte van die gebruik van se saam met die besitlike voornaamwoord.

### 3.3.14 LEKSIKON

#### "Ou" woorde

Daar is 'n afname in die gebruik van die sogenaamde "ou" woorde hoe jonger die segsmense word. Daar kom minder ou woorde in die taal van die jonger mense voor, want die woordeskat van 'n bepaalde ouderdomsgroep behoort die tyd en omstandighede waarin hy verkeer te weerspieël.

Die persentasies van die segsmense in die verskillende ouderdomsgroepe wat nog dié woorde gebruik, is soos volg:

|          | 0-15  | 16-25 | 26-40 | 41-60 | 61 en ouer |
|----------|-------|-------|-------|-------|------------|
| moeitlik | 8,7%  | 0%    | 0%    | 25,0% | 57,1%      |
| begint   | 17,4% | 18,2% | 11,1% | 16,7% | 42,9%      |
| kooi     | 21,7% | 9,1%  | 11,1% | 0%    | 42,9%      |
| katel    | 13,0% | 0%    | 11,1% | 8,3%  | 42,9%      |
| roer     | 17,4% | 9,1%  | 0%    | 25,0% | 42,9%      |

Al word hierdie woorde nog deur sommige segsmense jonger as 60 jaar gebruik, is die gebruikspersentasies baie laag in vergelyking met dié by die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer. Hierdie woorde is dus klaarblyklik besig om saam met die ouer generasie uit te sterf.

Opvallende woorde en uitdrukkings in RBA

|                            | 0-15  | 16-25 | 26-40 | 41-60  | 61 en ouer |
|----------------------------|-------|-------|-------|--------|------------|
| waffer                     | 65,2% | 45,5% | 66,7% | 66,7%  | 57,1%      |
| <u>vrede</u> met die kos   | 13,0% | 36,4% | 55,6% | 58,3%  | 71,4%      |
| die <u>toon</u> v.d. berg  | 8,7%  | 0%    | 0%    | 16,7%  | 14,3%      |
| oneensigheid               | 8,7%  | 0%    | 0%    | 33,3%  | 57,1%      |
| nie 'n mens het            |       |       |       |        |            |
| <u>oorgeskiët</u> nie      | 8,7%  | 0%    | 0%    | 33,3%  | 85,7%      |
| 4 mans is <u>gekwes</u>    | 30,4% | 9,1%  | 11,1% | 58,3%  | 85,7%      |
| <u>staanmaak</u> die tafel | 13,0% | 0%    | 11,1% | 66,7%  | 85,7%      |
| Ons het haar Astrid        |       |       |       |        |            |
| <u>gesê</u>                | 8,7%  | 9,1%  | 22,2% | 50,0%  | 42,9%      |
| opgegroot                  | 0%    | 0%    | 0%    | 41,7%  | 57,1%      |
| voetsaam                   | 39,1% | 45,5% | 33,3% | 91,7%  | 100,0%     |
| ongehoorsamig              | 34,8% | 27,3% | 66,7% | 41,7%  | 57,1%      |
| Ek het my baadjie          |       |       |       |        |            |
| <u>omkeer</u> aan          | 65,2% | 81,8% | 77,8% | 75,0%  | 100,0%     |
| die <u>hele</u> Basters    | 43,5% | 72,7% | 77,8% | 83,3%  | 85,7%      |
| kêrelkind                  | 52,2% | 27,3% | 55,6% | 83,3%  | 100,0%     |
| kantien                    | 21,7% | 9,1%  | 22,2% | 16,7%  | 57,1%      |
| skans                      | 4,3%  | 54,5% | 33,3% | 100,0% | 100,0%     |
| grootmense                 | 21,7% | 45,5% | 66,7% | 50,0%  | 85,7%      |
| liefmaat                   | 0%    | 18,2% | 11,1% | 41,7%  | 71,4%      |
| volk/volkmense             | 0%    | 9,1%  | 0%    | 8,3%   | 57,1%      |
| Hy het die venster         |       |       |       |        |            |
| <u>breek</u> gegooi        | 73,9% | 81,8% | 88,9% | 66,7%  | 85,7%      |

Woorde en uitdrukkings wat nog baie frekwent onder al die ouderdoms-groepe voorkom is:

° Hy het die venster breek gegooi: Selfs die ouderdomsgroepe 0-15 en 16-25 gebruik hierdie uitdrukking baie frekwent met onderskeidelik 73,9% en 81,8%.

° Ek het my baadjie omkeer aan: Dit wil voorkom asof hierdie uitdrukking besig is om minder gebruik te word in die ouderdomsgroep 0-15 met 'n voorkomssyfer van 65,2% teenoor 81,8% by die ouderdomsgroep 16-25. Hierdie uitdrukking kom egter nog frekwent voor.

° Ek weet nie waffer kant toe: Baie interessant is dat hierdie woord by meer segsmense in die ouderdomsgroep 0-15 voorkom as by dié wat 61 jaar en ouer is. Dit blyk dat die gebruik van die woord waffer besig is om te groei.

Woorde en uitdrukkings wat nog redelik frekwent voorkom, maar wat die gevaar loop om binne enkele dekades uit te sterf, is:

- ° voetsaam: 100% by 61 jaar en ouer teenoor 39,1% by 0-15 jaar.
- ° die hele Basters: 85,7% by 61 jaar en ouer, teenoor 43,5% by 0-15 jaar.
- ° kêrelkind: 100% by 61 jaar en ouer, teenoor 52,2% by 0-15, en selfs 27,3% by 16-25.
- ° grootmense: 85,7% by 61 jaar en ouer en 21,7% by 0-15.

As daar gekyk word na die hoë voorkomssyfer van die ander woorde en uitdrukkings in die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer en die groeiende lae voorkomssyfer by onderskeidelik die ouderdomsgroepe 41-60, 26-40, 16-25 en 0-15, kan die afleiding gemaak word dat hulle definitief besig is om vinnig uit te sterf.

Die verskil in die taalgebruik van die onderskeie ouderdomsgroepe kom dan ook ten opsigte van die leksikon baie duidelik na vore.

### 3.3.15 GEVOLGTREKKINGS

1. Die kenmerke van RBA (soos bespreek in Hoofstuk 2 van hierdie studie) kom nog baie frekwent onder die oumense (61 jaar en ouer) voor. Hulle is telkens die groep wat die hoogste voorkomssyfer het by al die talige veranderlikes.

2. Die ouderdomsgroep 0-15 toon ook in sommige opsigte 'n hoë voorkomssyfer. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat hulle nog baie in aanraking kom met die taal van die oumense (hulle oumas en oupas), en selfs ook met dié van hul ouers in sommige gevalle. Al word die gebruik van SA in die skole by hulle ingeskerp, is hulle nog nie só bedag op hulle taalgebruik dat hulle dit gedurigdeur monitor nie.

3. Die ouderdomsgroep 16-25 is al meer bewus van hulle taalgebruik. Die gebruik van SA is ook al hoe meer by hulle ingeskerp in die skole en hulle is op 'n stadium waar hulle beslis al meer bewus raak van hulle taalgebruik ten opsigte van die "regte" (SA) en die "verkeerde" (RBA).

Baie ouers het ook genoem dat hulle tienerkinders hulle reghelp ten opsigte van hul taalgebruik. Hulle wys hulle ouers gereeld daarop om nie so "verkeerd" te praat nie.

4. Oor die algemeen is die ouderdomsgroep 26-40 baie meer gesteld op hulle taalgebruik en probeer hulle om "korrek" te praat. Hulle praat dus 'n variëteit wat baie na aan SA lê. Hierdie ouderdomsgroep is dan ook die eerste groep, wat toe hulle op skool was, te doen gekry het met die feit dat RBA "verkeerde" taalgebruik is.

Mnr. R.G. Britz (Direkteur van Onderwys, Rehoboth) het in 'n persoonlike onderhoud met die navorser daarop gewys dat sy generasie (ouderdomsgroep 41-60 jaar) daarmee begin het om die gebruik van RBA in die skole uit te roei: RBA word deur hulle beskou as "verkeerde" taalgebruik.

5. Die ouderdomsgroep 41-60 maak in sommige gevalle baie gebruik van RBA-kenmerke en in ander gevalle meer van SA-kenmerke. Hierdie ouderdomsgroep is in 'n oorgangstadium. Hulle wil nie RBA praat nie, omdat hulle dit as "verkeerd" beskou, maar aan die ander kant is RBA tóg nog deel van hulle taalgebruik en word dit soms nog onbewustelik gebruik.

6. Dit blyk dus dat ouderdom 'n besliste rol speel in die segsmense se taalgebruik. Die hipotese dat daar 'n verskil is in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters in die onderskeie ouderdomsgroepe, is in hierdie afdeling as korrek bewys.

7. Dit blyk ook duidelik dat sodra die oumense (61 jaar en ouer) almal uitgesterf het, OA-kenmerke nie meer so lewendig sal wees in RBA nie. Die jonger kinders sal dan hulle taal weer leer van veral die huidige ouderdomsgroepe 26-40 en 41-60. Hierdie persone gebruik al baie meer SA-kenmerke in hulle taal en hulle is bewustelik besig om RBA-kenmerke uit hulle taalgebruik uit te roei.

8. In die skole word leerlinge ook bewustelik geleer om "reg" (dus SA) te praat en nie "verkeerd" (RBA) nie. Jonger kinders sal dus lateraan glad nie meer RBA praat nie, maar 'n vorm van Afrikaans wat baie na aan SA is.

#### 3.4 DIE NIE-TALIGE VERANDERLIKE: VLAK VAN OPLEIDING

Die segsmense is in drie groepe volgens hulle vlak van opleiding verdeel, naamlik:

- ° dié met laerskoolopleiding,
- ° dié met hoërskoolopleiding, en
- ° dié met tersiêre opleiding.

In hierdie afdeling word daar gepoog om vas te stel of daar 'n verband bestaan tussen 'n segsmens se taalgebruik en sy vlak van opleiding.

#### 3.4.1 ONTKENNINGSPATROON: WEGLATING VAN DIE TWEDE NIE

Voorbeelde: Niemand kan hulle verstaan.

Ek weet nie eens waffer kant toe.

##### Laerskoolopleiding

Die weglating van die tweede nie in die ontkenningsspatroon kom baie frekwent voor by dié groep: 80% van die segsmense volgens die vraelys, en 84,6% volgens die onderhoude.


##### Hoërskoolopleiding

Die weglating van die tweede nie kom in hierdie groep minder voor, naamlik 50% volgens die vraelys en 44,4% volgens die onderhoude.

##### Tersiêre opleiding

In hierdie groep is daar 'n diskrepansie tussen die inligting op die vraelys en dié op band. Op die vraelys het 37,5% aangedui dat hulle die tweede nie weglaat, teenoor die 57,1% wat dit wel weggelaat het tydens die onderhoude.

Die grafiese voorstelling van die weglating van die tweede nie lyk soos volg:



Die segsmense met laerskoolopleiding maak meer gebruik van die te-weglating as dié met hoërskoolopleiding. Segsmense met tersiêre opleiding maak die minste gebruik van te-weglating (volgens die vraelys).

Volgens die onderhoude is die posisies van die segsmense met hoërskoolopleiding en dié met tersiêre opleiding omgekeerd.

Daar word 'n effense stylverskil by die groep met hoërskoolopleiding geïllustreer. Dit blyk dat die groep met tersiêre opleiding hier gepoog het om die "korrekte" antwoord op die vraelys aan te dui, terwyl meer van hulle gebruik gemaak het van die weglating van die tweede nie tydens hulle onderhoude.

Dit blyk uit die gebruik van hierdie talige veranderlike dat daar wel 'n verskil is in die taalgebruik van die drie betrokke groepe hier onder bespreking.

### 3.4.2 ANAFORIEK

#### Die gebruik van hy in plaas van dit

Voorbeelde: Nou't ek so 'n dronkgeid in my kop. Vanmôre het ek hom weer gekry.

Hy kom dan nog so, die skuim.

#### Laerskoolopleiding

Die hoogste voorkoms van die gebruik van hy in plaas van dit kom onder hierdie groep voor met 90%. Volgens die onderhoude vervang 61,5% van die segsmense dit deur hy.


#### Hoërskoolopleiding

70% van die segsmense in hierdie groep het op die vraelys aangedui dat hulle hy in plaas van dit gebruik. 22,2% het dit tydens die onderhoude só gebruik.

#### Tersiêre opleiding

In hierdie groep het 50% van die segsmense aangedui dat hulle dit deur hy vervang. 28,6% het dit wel tydens die onderhoude gedoen.

Grafies kan die gebruik van hy in plaas van dit soos volg voorgestel word:



Volgens die vraelyste is dit die segsmense met laerskoolopleiding wat die meeste gebruik maak van hy in plaas van dit. Daarna volg dié met hoërskoolopleiding en tersiêre opleiding.

Weer eens is die posisies van dié met hoërskoolopleiding en dié met tersiêre opleiding omgekeer volgens die onderhoude.

'n Stylverskil kom by al drie die groepe voor, maar die grootste verskil is by dié met hoërskoolopleiding. Dit blyk dat hierdie groep hulle taal nogal baie monitor.

Die vlak van opleiding bring wel ten opsigte van die gebruik van hy in plaas van dit 'n verskil in die taalgebruik van die drie betrokke groepe mee.

### Die gebruik van hy in plaas van sy

Voorbeelde: Ja, die Trudie, hy loop mos eintlik so krom.

Dit was ook 'n Duitse nôi. Hy sê: "Verstaan jy mooi Duits?"

### Laerskoolopleiding

Wanneer dit by die gebruik van die manlike hy in plaas van die vroulike sy kom, gebruik 70% van die segsmense in hierdie groep dit wel. Volgens die inligting op band gebruik 46,2% hy in plaas van sy.


### Hoërskoolopleiding

Volgens die vraelyste gebruik 50% van hierdie segsmense hy in plaas van sy; daarteenoor het niemand dit tydens die onderhoude gebruik nie.

### Tersiêre opleiding

Ook hier het geeneen van die segsmense sy deur hy vervang nie, teenoor die 37,5% wat op die vraelys aangedui het dat hulle dit wel doen.

Die grafiese voorstelling van die gebruik van die manlike hy in plaas van die vroulike sy sien soos volg daar uit:



Hy in plaas van sy word die meeste gebruik deur die segsmense met laerskoolopleiding. Segsmense met hoërskoolopleiding maak minder gebruik van hy, en dié met tersiêre opleiding nóg minder.

'n Stylverskil word, by al drie die groepe, deur hierdie grafiek geïllustreer. Die groepe met hoërskool- en tersiêre opleiding monitor hulle taalgebruik ten opsigte van hierdie betrokke talige veranderlike in so 'n mate dat 'n 0%-voorkoms aangetref word.

Die vlak van opleiding speel ook ten opsigte van die gebruik van hy in plaas van sy 'n rol in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters. Die verskil in die taalgebruik van die drie betrokke groepe is hier duidelik waarneembaar.

### 3.4.3 DIE GOED-KONSTRUKSIE

Voorbeelde: Ma-goed is met die kleintjies agter die geberg.  
Hy bly daar op Kennard-goed.

#### Laerskoolopleiding

'n Hoë 76,7% van die segsmense met laerskoolopleiding het aangetoon dat hulle die goed-konstruksie gebruik. 46,2% het wel hierdie konstruksie tydens die onderhoude gebruik.


#### Hoërskoolopleiding

53,3% van hierdie segsmense het op die vraelyste aangetoon dat hulle die goed-konstruksie gebruik, maar niemand het van hierdie konstruksie gebruik gemaak tydens die onderhoude nie.

#### Tersiêre opleiding

Alhoewel 54,2% op die vraelyste aangedui het dat hulle die goed-konstruksie gebruik, het geeneen dit tydens die onderhoude gebruik nie.

Grafies kan die gebruik van die goed-konstruksie soos volg voorgestel word:



Segsmense met laerskoolopleiding gebruik die goed-konstruksie die meeste. Dié met hoërskoolopleiding en tersiêre opleiding maak minder van dié konstruksie gebruik.

Weer eens word 'n stylverskil deur hierdie grafiek geïllustreer. Die grootste verskil kom nogmaals by die groepe met hoërskool- en tersiêre opleiding voor. Hulle het baie bewustelik nie die goed-konstruksie tydens hulle onderhoude gebruik nie.

Die verskil in taalgebruik by die betrokke drie groepe word weer eens hier geïllustreer.

#### 3.4.4. DIE MET SAAM-KONSTRUKSIE

Voorbeelde: Toe kom hy met die perd saam.

Die koningin kom met die trein saam.

### Laerskoolopleiding

Al die segsmense met laerskoolopleiding het op die vraelys aangedui dat hulle die met saam-konstruksie gebruik. Slegs 30,8% het dit tydens die onderhoude gebruik.


### Hoërskoolopleiding

50% van die segsmense in hierdie groep het op die vraelys aangedui dat hulle die met saam-konstruksie gebruik. Geeneen het dit egter tydens die onderhoude gebruik nie.

### Tersiële opleiding

Hier geld dieselfde as by die groep met hoërskoolopleiding. 50% het aangedui dat hulle hierdie konstruksie gebruik, maar niemand het dit tydens die onderhoude gebruik nie.

Die grafiese voorstelling van die gebruik van die met saam-konstruksie lyk soos volg:



Hier kom dieselfde tendens na vore as by die vorige talige veranderlike. Die met saam-konstruksie word deur al die segsmense met laerskoolopleiding gebruik. Minder segsmense met hoërskool- en tersiëre opleiding gebruik egter hierdie konstruksie.

Hierdie grafiek illustreer weer eens 'n groot stylverskil. Dit blyk dat al die groepe bewus is daarvan dat die met saam-konstruksie nie standaard is nie, en dit dus probeer vermy het tydens die onderhoude.

Weer eens word 'n 0%-voorkoms van die met saam-konstruksie by die groepe met hoërskool en tersiëre opleiding aangetref.

Die verskil in die taalgebruik van die groep met laerskoolopleiding teenoor die ander twee groepe is baie opmerklik.

### 3.4.5 SKAKELWERKWOORDE

#### Loop as skakelwerkwoord

Voorbeelde: Hulle moet eers loop aanmelle.

Daar het ek toe loop gebly.

#### Laerskoolopleiding

85% van die segsmense het op die vraelys aangedui dat hulle loop as skakelwerkwoord gebruik. 53,8% het dit wel tydens die onderhoude gebruik.

#### Hoërskoolopleiding


Hier het 55% aangedui dat hulle loop as skakelwerkwoord gebruik. 33,3% het dit tydens die onderhoude gebruik.

#### Tersiêre opleiding

Die voorkomssyfer van die gebruik van loop as skakelwerkwoord is in hierdie groep ietwat hoër as dié in die groep met hoërskoolopleiding.

Volgens die vraelyste gebruik 56,3% van die segsmense met tersiêre opleiding loop as skakelwerkwoord, terwyl 42,8% dit tydens die onderhoude gebruik het.

Grafies kan die gebruik van loop as skakelwerkwoord soos volg voorgestel word:



Loop as skakelwerkwoord word die meeste gebruik deur die segsmense met laerskoolopleiding, gevolg deur dié met tersiêre opleiding en daarna dié met hoërskoolopleiding.

'n Stylverskil word ook deur hierdie grafiek geïllustreer. Die grootste verskil kom by die groep met laerskoolopleiding voor, maar nogtans is die voorkoms van loop as skakelwerkwoord hoër as 50%. Dit kom voor asof die groep met hoërskoolopleiding hulle taalgebruik ten opsigte van hierdie betrokke talige veranderlike meer monitor.

Ten opsigte van die gebruik van loop as skakelwerkwoord speel die vlak van opleiding ook 'n rol en die verskil in die taalgebruik van die onderskeie groepe kom hier na vore.

Die gebruik van kom as skakelwerkwoord

Voorbeelde: Hulle het vir die magistraat gekom vertel.

Toe't hulle hier gekom trek het.

Oor die algemeen is die voorkomssyfer van die gebruik van kom as skakelwerkwoord hoër as die gebruik van loop as skakelwerkwoord.

#### Laerskoolopleiding

Al die segsmense (100%) in hierdie groep het op die vraelys aangedui dat hulle kom as skakelwerkwoord gebruik. 84,6% het dit wel tydens die onderhoude gebruik.


#### Hoërskoolopleiding

'n Hoë 90% van hierdie segsmense het aangedui dat hulle kom as skakelwerkwoord gebruik. Daarteenoor het slegs 44,4% dit wel tydens die onderhoude gebruik.

#### Tersiëre opleiding

50% van die segsmense in hierdie groepe het op die vraelys aangedui dat hulle kom as skakelwerkwoord gebruik. Tydens die onderhoude het 57,1% dit wel gebruik.

Die grafiese voorstelling van die gebruik van kom as skakelwerkwoord lyk soos volg:



Die gebruik van kom as skakelwerkwoord is die hoogste by die groep met laerskoolopleiding. Dié met hoërskoolopleiding gebruik dit minder en dié met tersiêre opleiding die minste.

Volgens die onderhoude is die posisies van die groepe met hoërskool- en tersiêre opleiding omgekeer.

'n Baie groot stylverskil kom by die groep met hoërskoolopleiding voor.

Die groep met tersiêre opleiding het klaarblyklik die "korrekte" antwoord aangedui op die vraelys, terwyl meer van hulle in werklikheid van kom as skakelwerkwoord gebruik maak.

Die vlak van opleiding veroorsaak 'n verskil in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters. Hier word die verskil geïllustreer ten opsigte van die gebruik van kom as skakelwerkwoord.

### 3.4.7 DIE HIPERKORREKTE GE- IN DIE VERLEDETYDSAANDUIDING

Voorbeelde: Ek het dat nou nie geverduur nie.

Daar het iets in my lewe gegebeur.

#### Laerskoolopleiding

'n Hoë 93,3% van die segsmense in hierdie groep het op die vraelys aangedui dat hulle die hiperkorrekte ge- in die verledetydsaanduiding gebruik. 84,6% het die hiperkorrekte ge- tydens die onderhoude gebruik.


#### Hoërskoolopleiding

60% van hierdie segsmense het op die vraelys aangedui dat hulle wel die hiperkorrekte ge- gebruik. Slegs 33,3% het dit tydens die onderhoude gebruik.

#### Tersiële opleiding

Hier het 45,8% van die segsmense aangedui dat hulle die hiperkorrekte ge- gebruik. Daarteenoor het slegs 14,3% dit wel tydens die onderhoude gebruik.

Die gebruik van die hiperkorrekte ge- in die verledetydsaanduiding kan grafies soos volg voorgestel word:



Die hiperkorrekte ge- in die verledetydsaanduiding word die meeste gebruik deur die segsmense met laerskoolopleiding, gevolg deur dié met hoërskoolopleiding en dié met tersiêre opleiding.

Die stylverskil wat hier geïllustreer word, is nie so groot by die groep met laerskoolopleiding nie. Die verskil is groter by dié met hoërskoolopleiding en die grootste by dié met tersiêre opleiding. Dit dui op die groterwordende bewustheid onder die onderskeie groepe dat die hiperkorrekte ge- in die verledetydsaanduiding nie standaard is nie. Hierdie talige veranderlike word dus die meeste gemonitor deur die tersiêre groep.

'n Groot verskil in die taalgebruik van die onderskeie groepe word hier opgemerk ten opsigte van die gebruik van die hiperkorrekte ge- in die verledetydsaanduiding. Dis dus duidelik dat die vlak van opleiding wel 'n rol speel in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters.

### 3.4.7 DIE GEBRUIK VAN DIE GRAMMATIES ONGEMERKTE VORM VAN DIE MODALE HULPWERKWOORDE IN DIE VERLEDE TYD

Voorbeelde: Daar sal nie 'n mens oorgeskiets het.  
Dan kan hy nie op en af gery het nie.

#### Laerskoolopleiding

Weer eens het 'n baie hoë 95% van die segsmense in hierdie groep aangedui dat hulle die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoorde in die verlede tyd gebruik. 84,6% het dit tydens die onderhoude gebruik.


#### Hoërskoolopleiding

57,5% van hierdie segsmense het op die vraelys aangedui dat hulle die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoorde in die verlede tyd gebruik. Daarteenoor het 33,3% dit wel tydens die onderhoude gebruik.

#### Tersiêre opleiding

Slegs 12,5% van die segsmense in hierdie groep het op die vraelys aangedui dat hulle die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoorde in die verlede tyd gebruik. 42,8% het dit egter wel gebruik volgens die inligting op band.

Grafies kan die gebruik van die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoorde in die verlede tyd soos volg voorgestel word:



Die hoogste gebruiksyfer van die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoorde in die verlede tyd kom voor by die groep met laerskoolopleiding; gevolg deur dié met hoërskoolopleiding en daarna dié met tersiêre opleiding.

Die posisies van dié met hoërskoolopleiding en dié met tersiêre opleiding word weer eens omgeruil volgens die inligting op band.

By die groepe met laerskool- en hoërskoolopleiding word 'n stylverskil weer geïllustreer deur die grafiek. Die verskil is groter by die groep met hoërskoolopleiding.

Die blyk dat die groep met tersiêre opleiding weer gepoog het om die "korrekte" antwoord op die vraelys aan te dui. Ongeveer 30% meer segsmense van hierdie groep het wel die grammaties ongemerkte vorm van die modale hulpwerkwoorde in die verlede tyd gebruik.

Ook ten opsigte van hierdie talige veranderlike word die rol wat die

vlak van opleiding duidelik geïllustreer. Daar is 'n verskil in die taalgebruik van die betrokke drie groepe.

#### 3.4.8 DIE GEBRUIK VAN IS GEWEES EN HET GEWEES IN PLAAS VAN DIE VERLEDETYDSVORM WAS

Voorbeelde: Want God se liefde is so groot gewees.

Dis die tyd toe die ou kort mannetjie hier gewees het.

Die voorkoms van is gewees in plaas van was is by al die vlakke van opleiding minder as het gewees.

##### Laerskoolopleiding

45% van die segsmense in hierdie groepe het op die vraelys aangedui dat hulle is gewees in plaas van was gebruik. 53,8% het dit tydens die onderhoude gebruik.

In die geval van die gebruik van het gewees in plaas van was, het 90% van die segsmense aangedui dat hulle dit gebruik en 84,6% het dit wel tydens die onderhoude gebruik.

##### Hoërskoolopleiding

30% van die segsmense het op die vraelys aangedui dat hulle is gewees in plaas van was gebruik, terwyl 80% aangedui het dat hulle het gewees gebruik.

Tydens die onderhoude het 11,1% is gewees gebruik en 44,4% het gewees.


##### Tersiêre opleiding

In hierdie groep het 25% van die segsmense aangedui dat hulle is gewees

in plaas van was gebruik, teenoor die 28,6% wat dit tydens die onderhoude gebruik het.

Het gewees word deur 50% van die segsmense volgens die vraelys gebruik. Tydens die onderhoude het 28,6% het gewees in plaas van was gebruik.

Grafies kan die gebruik van is gewees in plaas van was soos volg voorgestel word:



Die segsmense met laerskoolopleiding maak die meeste gebruik van is gewees in plaas van die verlede tydsvorm was. Die groep met hoërskoolopleiding maak minder daarvan gebruik en dié met tersiêre opleiding nóg minder.


Weer eens word die groepe met hoërskool- en tersiêre opleiding se posisies omgekeer volgens die gebruik van is gewees tydens die onderhoude.

'n Stylverskil kom hier by die groep met hoërskoolopleiding voor. Hulle monitor hierdie talige veranderlike nogal redelik sterk.

Beide die groepe met laerskool- en tersiêre opleiding het aangedui dat hulle is gewees in plaas van was meer gebruik as wat werklik gebruik is.

Weer eens word die verskil in die taalgebruik van hierdie drie groepe aangedui. Die vlak van opleiding speel dus 'n rol in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters.

Die grafiese voorstelling van die gebruik van het gewees in plaas van die verledetydsvorm was sien soos volg daar uit:



Die segsmense met laerskoolopleiding maak die meeste gebruik van het gewees in plaas van die verledetydsvorm was; gevolg deur die groep met hoërskoolopleiding en daarna dié met tersiêre opleiding.

'n Stylverskil by al drie die groepe word weer eens pragtig deur hierdie

grafiek geïllustreer. Die verskil by die groep met laerskoolopleiding is nie noemenswaardig groot nie. Die ander twee groepe is meer bewus van hulle taalgebruik ten opsigte van dié betrokke talige veranderlike.

Die rol wat die vlak van opleiding speel, word duidelik geïllustreer in die verskil van die gebruik van het gewees in plaas van was deur die drie betrokke groepe.

#### 3.4.9 DIE VERVANGING VAN DIE TYDHULPWERKWOORD HET DEUR IS; ASOOK DIE VERVANGING VAN IS DEUR HET

Voorbeelde: Ek is besluit.

Maar sy het getroud.

##### Laerskoolopleiding

'n Hoë 80% van die segsmense in hierdie groep het op die vraelys aangedui dat hulle het deur is vervang, terwyl slegs 23,2% dit tydens die onderhoude gebruik het.

60% het aangedui dat hulle is deur het vervang en 30,8% het dit tydens die onderhoude gedoen.

##### Hoërskoolopleiding

55% van die segsmense in hierdie groep het op die vraelys aangedui dat hulle het deur is vervang; en 20% dat hulle is deur het vervang.


Volgens die onderhoude het slegs 5,6% het deur is vervang en geeneen het is deur het vervang nie.

### Tersiêre opleiding

In hierdie groep het 25% aangedui dat hulle het deur is vervang, terwyl 12,5% aangedui het dat hulle is deur het vervang.

Niemand het egter enige een van bogenoemde tydens die onderhoude gebruik nie.

Grafies kan die vervanging van is deur het soos volg voorgestel word:




Weer eens maak die segsmense met laerskoolopleiding meer gebruik van die vervanging van die tydhulpwerkwoord is deur het. Daarna volg die groep met hoërskoolopleiding en laastens dié met tersiêre opleiding.

'n Baie groot stylverskil by al drie die groepe word hier duidelik geïllustreer. By al drie die groepe is die gebruik van het in plaas van is baie minder as wat die segsmense op die vraelys aangedui het. Al drie die groepe monitor dus hulle taalgebruik ten opsigte van hierdie talige

veranderlike.

Weer eens word 'n verskil in die taalgebruik van bogenoemde drie groepe waargeneem.

Die vervanging van die tydhulpwerkwoord het deur is kan grafies soos volg voorgestel word:



Die vervanging van die tydhulpwerkwoord het deur is word die meeste gebruik deur die groep met laerskoolopleiding; gevolg deur die segsmense met hoërskoolopleiding en daarna dié met tersiêre opleiding.

'n Stylverskil by al drie dié groepe word deur bestaande grafiek geïllustreer. Die groepe met hoërskool- en tersiêre opleiding monitor hulle taalgebruik ten opsigte van hierdie talige veranderlike in so 'n mate dat nie een die tydhulpwerkwoord het deur is vervang nie.

'n Verskil in die taalgebruik van die betrokke drie groepe word bemerk.

#### 3.4.10 DIE INFINITIEF-KONSTRUKSIE: TE-WEGLATING

Voorbeelde: Toe moes ek vir haar terugbring om daai kind skool vat.  
Ek weet nie of ek vandag in daai "mood" is om staan en liedjies sing.

##### Laerskoolopleiding

65% van die segsmense in hierdie groep het aangedui dat hulle die te weglaat. 46,2% het dit wel tydens die onderhoude weggelaat.


##### Hoërskoolopleiding

35% van hierdie segsmense het op die vraelys aangedui dat hulle die te weglaat. Slegs 11,1% het die te weggelaat tydens die onderhoude.

##### Tersiêre opleiding

Al die segsmense het hier aangedui dat hulle nie die te weglaat nie; dus 'n 0% te-weglating. Nie een van die segsmense het dan ook die te weggelaat tydens die onderhoude nie.

Grafies kan die te-weglating so voorgestel word:



Hier kom ook dieselfde tendens voor as by die vorige talige veranderlikes. Die te word die meeste weggelaat deur die groep met laerskoolopleiding; gevolg deur dié met hoërskoolopleiding en daarna die groep met tersiêre opleiding.

'n Stylverskil kom voor by die groepe met laerskool- en hoërskoolopleiding. Die groep met tersiêre opleiding is baie bewus daarvan dat te-weglating nie standaard is nie - niemand laat die te dus weg nie.

Die vlak van opleiding bring 'n verskil in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters teweeg, soos ook geïllustreer deur die te-weglating.

#### 3.4.11 DIE GEBRUIK VAN DIE DUBBELE MEERVOUDSVORM

Voorbeelde: Hierdie ligtes en goed.

Had hulle drie vrouense gevat.

Laerskoolopleiding

Slegs 20% van die segsmense in hierdie groep het aangedui dat hulle die dubbele meervoudsvorm gebruik, terwyl 'n hoë 76,9% wel die dubbele meervoudsvorm tydens die onderhoude gebruik het.


Hoërskoolopleiding

Slegs 13,3% het op die vraelys aangedui dat hulle die dubbele meervoudsvorm gebruik, terwyl geeneen dit tydens die onderhoude gebruik het nie.

Tersiêre opleiding

In hierdie groep het niemand aangedui dat hulle die dubbele meervoudsvorm gebruik nie en niemand het dit ook tydens die onderhoude gebruik nie.

Die grafiese voorstelling van die gebruik van die dubbele meervoudsvorm lyk soos volg:



Die gebruik van die dubbele meervoud kom weer eens in dieselfde volgorde voor: die meeste deur die groep met laerskoolopleiding, daarna dié met hoërskoolopleiding, gevolg deur dié met tersiêre opleiding.

By die groep met laerskoolopleiding is daar 'n geweldige verskil tussen die antwoorde op die vraelys en die werklike taalgebruik. Hulle is baie bewus van die feit dat dit "verkeerd" is om die dubbele meervoudsvorm te gebruik en daarom dui 'n klein groepie op die vraelys aan dat hulle dit wel gebruik. In hulle werklike taalgebruik is die dubbele meervoudsvorm egter 'n wesenlike deel van hulle taal.

By die groep met hoërskoolopleiding word 'n stylverskil aangetref. Hulle weet dat die dubbele meervoudsvorm nie gebruik behoort te word nie en daarom monitor hulle hul taalgebruik ten opsigte van hierdie talige veranderlike in so 'n mate dat niemand dit tydens die onderhoude gebruik het nie.

Die groep met tersiêre opleiding maak glad nie van die dubbele meer-

voudsvorm gebruik nie.

Hier kom 'n duidelike verskil in die taalgebruik van die betrokke drie groepe voor. Vlak van opleiding speel dus 'n rol in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters.

### 3.4.12 DIE GEBRUIK VAN DIE DUBBELE VERKLEININGSVORM

Voorbeelde: Hulle het maar net 'n plekkietjie gekry.

Jy weet nie waar is die ou knoppietjie nie.

#### Laerskoolopleiding

39% van die segsmense in hierdie groep het op die vraelys aangedui dat hulle die dubbele verkleiningsvorm gebruik. 46,2% van die segsmense het dit tydens die onderhoude gebruik.


#### Hoërskoolopleiding

11% van hierdie segsmense het op die vraelys aangedui dat hulle die dubbele verkleiningsvorm gebruik, terwyl 11,1% dit tydens die onderhoude gebruik het.

#### Tersiêre opleiding

Slegs 3,8% het aangedui dat hulle die dubbele verkleiningsvorm gebruik, maar geeneen het dit tydens die onderhoude gebruik nie.

Grafies kan die gebruik van die dubbele verkleiningsvorm soos volg voorgestel word:



Weer eens kom dieselfde volgorde voor by die gebruik van die dubbele verkleiningsvorm. Die hoogste gebruik daarvan kom by die groep met laerskoolopleiding voor; gevolg deur dié met hoërskoolopleiding en laastens dié met tersiêre opleiding.

'n Effense stylverskil kom by die groep met tersiêre opleiding voor. 'n Baie klein persentasie het aangedui dat hulle die dubbele verkleiningsvorm gebruik, terwyl niemand dit tydens die onderhoude gebruik het nie.

By die ander twee groepe het telkens minder segsmense aangedui dat hulle die dubbele verkleiningsvorm ("verkeerde" vorm) gebruik as wat hierdie vorm in werklikheid gebruik het. Die verskil is egter nie noemenswaardig groot nie.

Weer eens is die rol wat die vlak van opleiding in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters speel duidelik.

### 3.4.13 DIE GEBRUIK VAN SE SAAM MET DIE BESITLIKE VOORNAAMWOORDE

Voorbeelde: hulle se eie kopse  
hulle se huise

Die gebruik van se saam met die besitlike voornaamwoorde kom redelik frekwent onder al die groepe voor.

#### Laerskoolopleiding

'n Hoë 86,7% van die segsmense in hierdie groep het op die vraelys aangedui dat hulle se saam met die besitlike voornaamwoorde gebruik. Al die segsmense (100%) het dit wel tydens die onderhoude gebruik.


#### Hoërskoolopleiding

Ook 86,7% van hierdie segsmense het aangedui dat hulle die se-konstruksie gebruik. Slegs 33,3% het dit egter tydens die onderhoude gebruik.

#### Tersiêre opleiding

50% van die segsmense in hierdie groep het op die vraelys aangedui dat hulle se saam met die besitlike voornaamwoorde gebruik en 57,1% het dit wel só tydens die onderhoude gebruik.

Grafies kan die gebruik van se saam met die besitlike voornaamwoorde soos volg voorgestel word:



Die gebruiksyfer van se saam met die besitlike voornaamwoorde is dieselfde by die groepe met laerskool- en hoërskoolopleiding. Die groep met tersiêre opleiding maak die minste van hierdie konstruksie gebruik.

Volgens die opnames is die volgorde egter soos volg: laerskoolopleiding, tersiêre opleiding en hoërskoolopleiding.

Hierdie grafiek illustreer 'n geweldige stylverskil by die groep met hoërskoolopleiding. Dit blyk dat hierdie groep hulle taalgebruik ten opsigte van die gebruik van se saam met die besitlike voornaamwoorde aansienlik monitor.

Weer eens kom die verskil in die taalgebruik van die betrokke drie groepe duidelik na vore. Hieruit kan dus afgelei word dat die vlak van opleiding wel 'n rol speel in die taalgebruik van die Renoboth-Basters.

3.4.14 LEKSIKON"Ou" woorde

Die voorkomssyfer van die sogenaamde "ou" woorde is soos volg:

|          | Laerskool | Hoërskool | Tersiêr |
|----------|-----------|-----------|---------|
| moeitlik | 50,0%     | 20,0%     | 0%      |
| begint   | 40,0%     | 10,0%     | 12,5%   |
| kooi     | 30,0%     | 10,0%     | 0%      |
| katel    | 40,0%     | 10,0%     | 0%      |
| roer     | 50,0%     | 0%        | 12,5%   |

Interessant is dat die voorkomssyfer van die gebruik van al die sogenaamde "ou" woorde die hoogste is by die segsmense met laerskoolopleiding. Die segsmense met hoërskool- en tersiêre opleiding gebruik dié woorde aansienlik minder.

Daar kan dus aanvaar word dat hierdie ou woorde ook besig is om uit te sterf, aangesien meer en meer Basters hulle beter bekwaam. Ná enkele jare sal daar nie veel Basters wees met slegs laerskoolopleiding nie en die woorde sal dus saam met hulle uitsterf.

Opvallende woorde en uitdrukkings

|                                     | Laerskool | Hoërskool | Tersiêr |
|-------------------------------------|-----------|-----------|---------|
| waffer                              | 70,0%     | 60,0%     | 75,0%   |
| Ons is <u>vrede</u> met die kos     | 90,0%     | 50,0%     | 37,5%   |
| die <u>toon</u> van die berg        | 20,0%     | 0%        | 0%      |
| oneensigheid                        | 60,0%     | 30,0%     | 0%      |
| nie 'n mens het <u>oorgeskiët</u>   |           |           |         |
| nie                                 | 80,0%     | 20,0%     | 0%      |
| vier mans is <u>gekwes</u>          | 100,0%    | 30,0%     | 12,5%   |
| <u>staanmaak</u> die tafel          | 90,0%     | 40,0%     | 25,0%   |
| Ons het haar Astrid <u>gesê</u>     | 60,0%     | 30,0%     | 25,0%   |
| opgegroot                           | 70,0%     | 10,0%     | 12,5%   |
| voetsaam                            | 100,0%    | 40,0%     | 87,5%   |
| ongehoorsamig                       | 60,0%     | 40,0%     | 12,5%   |
| Ek het my baadjie <u>omkeer</u> aan | 100,0%    | 80,0%     | 62,5%   |
| die <u>hele</u> Basters             | 100,0%    | 60,0%     | 87,5%   |
| kêrelkind                           | 100,0%    | 70,0%     | 62,5%   |
| kantien                             | 60,0%     | 10,0%     | 12,5%   |
| skans                               | 100,0%    | 80,0%     | 50,0%   |
| grootmense                          | 70,0%     | 70,0%     | 50,0%   |
| liefmaat                            | 90,0%     | 20,0%     | 0%      |
| volk/volkmense                      | 40,0%     | 0%        | 0%      |
| Hy het die venster <u>breek</u>     |           |           |         |
| gegooi                              | 100,0%    | 80,0%     | 50,0%   |

Enkele van hierdie woorde en uitdrukkings se voorkomssyfer is nog redelik hoog by al drie die groepe, maar altyd in dieselfde volgorde: dit kom die meeste voor by die groep met laerskoolopleiding, gevolg deur die groep met hoërskoolopleiding en daarna die groep met tersiêre oplei-

ding. Hierdie woorde en uitdrukkings is:

- ° Ons is vrede met die kos.
- ° Staanmaak die tafel.
- ° Ek het my baadjie omkeer aan.
- ° kêrelkind
- ° skans
- ° grootmense
- ° Adolf het die venster breek gegooi.

By voetsaam en die hele Basters, word die groep met laerskoolopleiding egter gevolg deur dié met tersiêre opleiding en laastens deur dié met hoërskoolopleiding.

'n Uitsondering is die woord waffer. Hier is die hoogste voorkomssyfer onder die segsmense met tersiêre opleiding, gevolg deur dié met laerskoolopleiding en heel laaste dié met hoërskoolopleiding.

By al die ander woorde en uitdrukkings kom die hoogste gebruiksyfer telkens voor by die groep met laerskoolopleiding.

Dit blyk dus dat die gebruik van die opvallende woorde en uitdrukkings in RBA al hoe minder word soos die Basters se kwalifikasies verbeter word. Hulle maak dus bewustelik meer en meer gebruik van SA en minder van RBA. Die vlak van opleiding bring dus 'n verskil in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters teweeg - ook ten opsigte van die leksikon.

#### 3.4.15 GEVOLGTREKKINGS

1. Die groep met laerskoolopleiding maak die meeste gebruik van RBA-kenmerke in hulle taal. Hulle is die groep wat die minste blootgestel is aan SA en praat dus nog RBA sonder dat hulle werklik bewus is van die feit dat dit as "verkeerde" taalgebruik deur baie persone beskou word.

2. Dié met hoërskoolopleiding maak minder van RBA gebruik as dié met laerskoolopleiding, maar nog meer as dié met tersiêre opleiding. Hierdie groep is baie meer blootgestel aan SA en in die hoërskole veral word gepoog om die gebruik van RBA te verminder. Hierdie groep se taalgebruik beweeg dus toenemend weg van RBA en nader aan SA.

3. Die groep met tersiêre opleiding se taalgebruik lê die naaste aan SA en die verste van RBA van al drie die groepe. Dit is die gevolg van 'n baie groot blootstelling aan SA (veral aan geskrewe Afrikaans, wat uit die aard van die saak SA behoort te wees). Om tersiêre opleiding te bekom, moet die Basters buite Rehoboth gaan studeer, aangesien daar nie 'n tersiêre instelling in Rehoboth self is nie. Voordat die Akademi Windhoek gestig is, moes hulle na die Republiek gaan, waar hulle dan uit die aard van die saak meer bewus geraak het van die "eienaardighede" in hulle taalgebruik en dit doelbewus begin verander het.

4. In hierdie afdeling is onteenseglik bewys dat die vlak van opleiding 'n rol speel in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters.

Ons kan tot die gevolgtrekking kom dat goeie doelgerigte onderrig wel daartoe kan lei dat 'n variëteit "gebreek" word. Die vraag is of dit werklik positief is. Word Afrikaans nie verarm in dié sin dat al die variante wat deel van so 'n betrokke variëteit is, verlore raak vir Afrikaans wanneer so 'n variëteit uitsterf nie?

5. Dit blyk dan ook hier dat RBA, soos in Hoofstuk 2 beskryf, aan die uitsterf is soos wat die Rehoboth-Basters hulself beter en beter bekwaam.

### 3.5 SLOT

Die doelstelling van hierdie hoofstuk, om 'n sosiolinguistiese analise van RBA te maak, is bereik. Daar is vasgestel dat nie-talige veranderlikes wel verband hou met talige veranderlikes en dus 'n invloed uitoefen op die taalgebruik van die Rehoboth-Basters.

Die hipoteses wat aan die begin van hierdie hoofstuk gestel is, is al drie waar bewys:

1. Die nie-talige veranderlike: Geslag, speel 'n rol in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters, want daar is aangetoon dat daar wel 'n verskil is in die taalgebruik van mans en vrouens.

2. Daar is 'n verskil in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters in die verskillende ouderdomsgroepe, te wete 0-15, 16-25, 26-40, 41-60 en 61 jaar en ouer. Ouderdom as nie-talige veranderlike het dus ook 'n invloed op die taalgebruik van die Rehoboth-Basters.

3. Ten opsigte van die nie-talige veranderlike: Vlak van opleiding, is daar aangetoon dat daar wel 'n verskil bestaan in die taalgebruik van onderskeidelik Rehoboth-Basters met laerskool-, hoërskool- en tersiêre opleiding. Hierdie nie-talige veranderlike oefen dus ook 'n invloed op die taalgebruik van die Rehoboth-Basters uit.

'n Belangrike waarneming wat gemaak is, is dat RBA (soos beskryf in Hoofstuk 2 van hierdie studie) besig is om uit te sterf. Die OA-kenmerke in RBA kwyn weg. Die taal van die Rehoboth-Basters is besig om te ontwikkel in 'n variëteit wat baie meer SA-kenmerke toon. Dit is te wyte aan onder andere die drie nie-talige veranderlikes wat in hierdie studie onder die loep geneem is.

#### HOOFSTUK 4

##### FINALE GEVOLGTREKKINGS

Nadat hierdie studie nou afgehandel is, moet die finale gevolgtrekkings gemaak word.

Dit is belangrik om weer terug te gaan na die twee hipoteses wat die vertrekpunt van hierdie studie was.

Op die vraag of RBA 'n subvariëteit van OA is, is 'n positiewe antwoord verkry. RBA is met GA en SA vergelyk. Die volgende gevolgtrekkings kan gemaak word:

- ° Alhoewel daar sekere ooreenkomste met SA aangetoon is, is RBA nie dieselfde as SA nie. Daar is ook verskille met SA aangetoon.
- ° RBA toon baie ooreenkomste met GA, maar daar kom ook verskille voor. RBA is dus nie presies dieselfde as GA nie, maar dit verskil ook nie só veel van GA dat dit as 'n ander variëteit beskou kan word nie.
- ° Die finale gevolgtrekking kan dus gemaak word dat RBA 'n subvariëteit van OA is.

Op die vraag of nie-talige veranderlikes 'n invloed uitoefen op die taalgebruik van die Rehoboth-Basters is eweneens 'n positiewe antwoord verkry.

Die volgende finale gevolgtrekkings kan gemaak word ten opsigte van die rol wat nie-talige veranderlikes in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters speel:

Die nie-talige veranderlike: Geslag

Daar is aangedui dat geslag beslis 'n invloed uitoefen op die taalgebruik van die Rehoboth-Basters.

- ° Die vrouens se taalgebruik lê die naaste aan RBA en verder weg van SA.
- ° By die mans word die teenoorgestelde situasie aangetref. Die mans se taalgebruik lê weer nader aan SA en verder weg van RBA.

Die nie-talige veranderlike: Ouderdom

Ook ten opsigte van hierdie nie-talige veranderlike is aangetoon dat dit 'n invloed uitoefen op die taalgebruik van die Rehoboth-Basters.

- ° Die ouderdomsgroep 61 jaar en ouer se taalgebruik toon baie ooreenkomste met OA. Hierdie groep gebruik RBA baie frekwent.
- ° Die ouderdomsgroep 41-60 jaar se taalgebruik is besig om weg te beweeg van RBA af en nader te beweeg aan SA. Hulle maak egter nog steeds gebruik van sekere RBA-kenmerke in hulle taalgebruik.
- ° Die ouderdomsgroep 26-40 jaar se taalgebruik is nader aan SA as bogenoemde twee ouderdomsgroepe - soms kom sekere RBA-kenmerke nog in hulle taalgebruik voor.
- ° Die ouderdomsgroep 16-25 jaar is baie bewus van hulle taalgebruik en dit lê dus baie na aan SA. Slegs enkele RBA-kenmerke kom nog soms in hulle taalgebruik voor.
- ° Die ouderdomsgroep 0-15 jaar se taalgebruik toon in sekere gevalle nog baie RBA-kenmerke. Hoe ouer hulle word, hoe minder word hierdie kenmerke egter in hulle taalgebruik.

Dit blyk dus dat RBA besig is om uit te sterf. Sodra die ouer generasie (61 jaar en ouer) almal uitgesterf het, sal al hoe minder RBA gebruik word. 'n Variëteit wat na aan SA lê, word al hoe meer deur die Rehoboth-Basters gebruik.

Die nie-talige veranderlike: Vlak van opleiding

Ook hier is aangedui dat die vlak van opleiding 'n rol speel in die taalgebruik van die Rehoboth-Basters.

° Die groep segsmense met slegs laerskoolopleiding se taalgebruik lê beslis die naaste aan RBA en die verste van SA.

° Die groep met hoërskoolopleiding maak ook nog gebruik van RBA-kenmerke in hulle taalgebruik, maar baie minder as bogenoemde groep. Hulle maak baie gebruik van SA-kenmerke in hulle taalgebruik.

° Die groep met tersiêre opleiding se taalgebruik lê die naaste aan SA van al drie die groepe. Hulle maak nog slegs in sommige gevalle van enkele RBA-kenmerke gebruik in hulle taalgebruik.

RBA is dus besig om uit te sterf namate die Rehoboth-Basters hulleself beter bekwaam.

'n Baie belangrike waarneming is gemaak, naamlik dat soos wat die ouer garde uitsterf, die oorspronklike RBA saam met hulle uitsterf.

RBA is besig om te ontwikkel in 'n variëteit wat baie nader aan SA lê as aan OA.

SLOTGEDAGTE

'n Bepaalde gedeelte van RBA is in hierdie studie gedek. Daar kan egter ook nog ondersoek ingestel word na verskeie fasette van RBA.

Elke ouderdomsgroep kan afsonderlik ondersoek word om vas te stel watter rol ander nie-talige veranderlikes, soos bv. geslag en vlak van opleiding speel in die taalgebruik van die betrokke ouderdomsgroep.



Daar kan ook moontlik ondersoek ingestel word na die implikasies wat RBA vir die onderwys inhou. Navorsing kan gedoen word oor die voortbestaan van RBA: Is dit sinvol om RBA te probeer preserveer, of sou dit beter wees om voort te gaan met die huidige beleid (wat in Basterskole gevolg word) van algehele uitroeiing van RBA uit die taal van die Rehoboth-Basters.

Daar is dus nog ruimte vir navorsing oor RBA en die implikasies wat dit vir die Rehoboth-Bastergemeenskap inhou.

# KAART VAN SUIDWES-AFRIKA

## SUIDWES - AFRIKA

Skaal 1:4 000 000



### LANDROEDSTREKKE van SWA


- Landroedstreeksgrense
- Administratiewe Grense
- Hoofpad
- Spoorweg

AFDELING BEPLANNING, SWA 1977

SUID-AFRIKA


BYLAE B

KAART VAN REHOBOTH-GEBIED



BYLAE C

KAART VAN REHOBOTH-DORP



BYLAE D

VRAELYS

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Naam: .....

Ouderdom: .....

Geslag: .....

Moedertaal: .....

Beroep: .....

Hoogste Skoolopleiding: .....

Kan u lees: .....

Kan u skryf: .....

Hoe lank woon u in Rehoboth: .....

Woonadres: .....

AFDELING 1

Spreek u oordeel uit oor die korrektheid van die volgende konstruksies.  
Dui u keuse aan deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie (1-4) te maak:

1. Ek praat self so.
2. Ek praat nie self so nie, maar ek ken dit.
3. Ek het dit al gehoor, maar ek weet nie wat dit beteken nie.
4. Ek het dit nog nooit gehoor nie.

1. Jy moenie die glas breek.
2. Adolf het gister die venster breek gegooi.
3. Hulle was my baie lief gewees.
4. Hy het vir Dirk kom slaan.
5. Ek loop vra brood by Ouma.
6. Loop soek tog vir Deidre.
7. Daai is my sussie, maar hy is baie stout.
8. Ek verstaan Nama, maar ek kan hom nie praat nie.
9. Ek trek altyd hy se hare.
10. Julle se broeke is mooi.
11. Ons se kinders is soet.
12. Hulle skep hulle se emmers vol water.
13. Ek is baie lief vir Ouma-goed.
14. Karl-goed is baie stout.
15. Oom en tannie Izaaks-goed is ons familie.
16. Hulle gaan met die bus saam skool toe.
17. Ek loop sommer met die pad saam.
18. Ek het die storie nou gevergeet.
19. Miskien het Piet dit geonthou.
20. Hy het gebesluit om te leer.
21. Hy wil nie sy huiswerk gedoen het nie.
22. Ingrid kan vreeslik baie gepraat het.
23. Willem sal hulle gewys het om rugby te speel.

24. Die soldaat moet oorlog toe gegaan het.
25. Is jy al ooit daar gewees?
26. Dit is toe die ou kort mannetjie hier gewees het.
27. Ek is besluit om te leer.
28. Drie oumas is al gesterf hierdie week.
29. Ek het hier op Rehoboth gebore.
30. Toe ek sestien was, het ek in die kerk aangeneem.
31. Ek is baie lief om sing.
32. Ons het gekom om huis skoon maak.
33. Ons moet grootmense respek.
34. Ek kan nie 'n storie vertel nie.
35. Dit is baie moeilik.
36. Ons weet nie waffer kant toe nie.
37. Hulle het begint hardloop.
38. Ons is vrede met die kos.
39. Die waens het by die toon van die berg gestaan.
40. Daar is baie oneensigheid in die kerk.
41. Hulle het so erg geskiet, daar het amper nie 'n mens oorgeskiet nie.
42. Vier mans is in die oorlog gekwes.
43. Staanmaak die tafel, asseblief.
44. Ons het haar Astrid gesê.
45. Ek was baie stout toe ek opgegroot het.
46. Hulle het voetsaam op Rehoboth gekom.
47. Die kinders is baie ongehoorsamig.
48. Ek het my baadjie omkeer aan.
49. Die hele Basters is daar platgeskiet.
50. Hy is sy ouers se enigste kêrelkind.

AFDELING 2

Wat noem u:

1. Die meubelstuk waarop 'n mens slaap.
2. Die vuurwapen waarmee 'n mens bokke skiet.
3. Dromme waarin water gehaal word.
4. 'n Plek wat van klippe gebou is waar 'n mens kan skuil.
5. Mense wat baie oud is.
6. Jou maat vir wie jy die liefste is.
7. Die mense wat vir jou werk in jou huis.

AFDELING 3

Vul die verkleiningsvorme van die volgende woorde in soos wat u dit gebruik:

- |          |              |
|----------|--------------|
| 1. put   | 10. huis     |
| 2. ma    | 11. plek     |
| 3. pa    | 12. kalf     |
| 4. skoen | 13. hok      |
| 5. kraal | 14. knop     |
| 6. lig   | 15. kas      |
| 7. klip  | 16. oom      |
| 8. kop   | 17. probleem |
| 9. broek | 18. lap      |
|          | 19. Van Wyk  |

Vul die meervoude van die volgende woorde in soos wat u dit gebruik:

- |            |             |
|------------|-------------|
| 1. put     | 8. skoen    |
| 2. voet    | 9. kraal    |
| 3. ma      | 10. Van Wyk |
| 4. pa      | 11. Olivier |
| 5. kamer   | 12. oom     |
| 6. vuurpyl | 13. goed    |
| 7. vrou    | 14. lap     |

#### AFDELING 4

#### KASSETOPNAMES

1. Waar het u grootgewoord?
2. Vertel 'n staaltjie(s) uit u kinderdae.
3. Bly u lekker in Rehoboth? Hoekom?
4. Hoe het dit gebeur dat die Basters in Rehoboth kom bly het?
5. Kan u die geskiedenis van Sam Kubis vertel?
6. Wat het by die Klipkraal gebeur?
7. Beskryf hoe u:  
brood bak  
blomme plant  
rugby/netbal speel
8. Vertel 'n storie wat u by u ouers of grootouers gehoor het.
9. Was u al ooit amper dood? Vertel.

## BYLAE E

RESULTATE VAN VRAELYSAFDELING 1

1. Ek praat self so.
2. Ek praat nie self so nie, maar ek ken dit.
3. Ek het dit al gehoor, maar ek weet nie wat dit beteken nie.
4. Ek het dit nog nooit gehoor nie.

|                                                        | 1  | 2  | 3 | 4 |
|--------------------------------------------------------|----|----|---|---|
| 1. Jy moenie die glas breek.                           | 35 | 27 | 0 | 0 |
| 2. Adolf het gister die venster breek gegooi.          | 48 | 14 | 0 | 0 |
| 3. Hulle was my baie lief gewees.                      | 14 | 38 | 2 | 8 |
| 4. Hy het vir Dirk kom slaan.                          | 33 | 29 | 0 | 0 |
| 5. Ek loop vra brood by Ouma.                          | 32 | 29 | 1 | 0 |
| 6. Loop soek tog vir Deidre.                           | 48 | 14 | 0 | 0 |
| 7. Daai is my sussie, maar hy is baie stout.           | 27 | 33 | 1 | 1 |
| 8. Ek verstaan Nama, maar ek kan hom nie praat<br>nie. | 30 | 31 | 0 | 1 |
| 9. Ek trek altyd hy se hare.                           | 11 | 46 | 0 | 5 |
| 10. Julle se broeke is mooi.                           | 39 | 22 | 0 | 1 |
| 11. Ons se kinders is soet.                            | 39 | 23 | 0 | 0 |
| 12. Hulle skep hulle se emmers vol water.              | 36 | 21 | 0 | 3 |
| 13. Ek is baie lief vir Ouma-goed.                     | 41 | 21 | 0 | 0 |
| 14. Karl-goed is baie stout.                           | 44 | 18 | 0 | 0 |

|                                                          | 1  | 2  | 3  | 4  |
|----------------------------------------------------------|----|----|----|----|
| 15. Oom en tannie Izaaks-goed is ons familie.            | 27 | 33 | 0  | 2  |
| 16. Hulle gaan met die bus saam skool toe.               | 34 | 27 | 0  | 1  |
| 17. Ek loop sommer met die pad saam.                     | 36 | 26 | 0  | 0  |
| 18. Ek het die storie nou gevergeet.                     | 36 | 26 | 0  | 0  |
| 19. Miskien het Piet dit geonthou.                       | 37 | 25 | 0  | 0  |
| 20. Hy het gebesluit om te leer.                         | 33 | 28 | 0  | 1  |
| 21. Hy wil nie sy huiswerk gedoen het nie.               | 39 | 22 | 0  | 1  |
| 22. Ingrid kan vreeslik baie gepraat het.                | 27 | 34 | 0  | 1  |
| 23. Willem sal hulle gewys het om rugby te speel.        | 22 | 37 | 0  | 3  |
| 24. Die soldaat moet oorlog toe gegaan het.              | 27 | 33 | 0  | 2  |
| 25. Is jy al ooit daar gewees?                           | 13 | 41 | 1  | 7  |
| 26. Dit is toe die ou kort mannetjie hier gewees<br>het. | 34 | 24 | 1  | 3  |
| 27. Ek is besluit om te leer.                            | 17 | 35 | 0  | 10 |
| 28. Drie oumas is al gesterf hierdie week.               | 27 | 30 | 0  | 5  |
| 29. Ek het hier op Rehoboth gebore.                      | 12 | 42 | 1  | 7  |
| 30. Toe ek sestien was, het ek in die kerk<br>aangeneem. | 1  | 42 | 2  | 17 |
| 31. Ek is baie lief om sing.                             | 10 | 39 | 1  | 12 |
| 32. Ons het gekom om huis skoon maak.                    | 18 | 38 | 0  | 6  |
| 33. Ons moet grootmense respek.                          | 28 | 29 | 0  | 5  |
| 34. Ek kan nie 'n storie vertel nie.                     | 57 | 5  | 0  | 0  |
| 35. Dit is baie moeilik.                                 | 9  | 49 | 1  | 3  |
| 36. Ons weet nie watter kant toe nie.                    | 38 | 24 | 0  | 0  |
| 37. Hulle het begint hardloop.                           | 12 | 46 | 1  | 3  |
| 38. Ons is vrede met die kos.                            | 24 | 35 | 0  | 3  |
| 39. Die waens het by die toon van die berg<br>gestaan.   | 4  | 18 | 2  | 38 |
| 40. Daar is baie leuensigheid in die kerk.               | 10 | 33 | 18 | 1  |

|                                                                             | 1  | 2  | 3 | 4  |
|-----------------------------------------------------------------------------|----|----|---|----|
| 41. Hulle het so erg geskiet, daar het amper<br>nie 'n mens oorgeskiet nie. | 12 | 28 | 4 | 18 |
| 42. Vier mans is in die oorlog gekwes.                                      | 22 | 30 | 1 | 9  |
| 43. Staanmaak die tafel, asseblief.                                         | 18 | 42 | 1 | 1  |
| 44. Ons het haar Astrid gesê.                                               | 14 | 37 | 2 | 9  |
| 45. Ek was baie stout toe ek opgegroot het.                                 | 9  | 30 | 2 | 21 |
| 46. Hulle het voetsaam op Rehoboth gekom.                                   | 35 | 24 | 1 | 2  |
| 47. Die kinders is baie ongehoorsamig.                                      | 26 | 36 | 0 | 0  |
| 48. Ek het my baadjie omkeer aan.                                           | 47 | 13 | 0 | 2  |
| 49. Die hele Basters is daar platgeskiet.                                   | 41 | 19 | 0 | 2  |
| 50. Hy is sy ouers se enigste kêrelkind.                                    | 37 | 25 | 0 | 0  |

## AFDELING 2

1. Die meubelstuk waarop 'n mens slaap:  
bed/kooi/katel
2. Die vuurwapen waarmee 'n mens bokke skiet:  
geweer/roer/gun
3. Dromme waarin water gehaal word:  
kantien/waterdromme/vate/gabba
4. 'n Plek wat van klippe gebou is waar 'n mens kan skuil:  
skans/fort/klipskuiling/skuiilplek
5. Mense wat baie oud is:  
grootmense/oumense/bejaardes
6. Jou maat vir wie jy die liefste is:  
liefmaat/lieflyngsmaat/tjommie vriend/pêl/boesemvriend
7. Die mense wat vir jou werk in jou huis:  
volk/volkmense/bediende/huishulp/meidjie/wasvrou/werkers/werksmense

AFDELING 3Verkleiningsvorme:

1. put: putjie/putsie/putsietjie
2. ma: ma'tjie/mammie/mammietjie
3. pa: pa'tjie/pappie/pappietjie
4. skoel: skoentjie/skoenietjie
5. kraal: kraaltjie/kralietjie
6. lig: liggie/liggietjie
7. klip: klippie/klippertjie/klippietjie
8. kop: koppie/koppietjie
9. broek: broekie/broekietjie
10. huis: huisie/huisietjie
11. plek: plekkie/plekkietjie
12. kalf: kalfie/kalwertjie/kalfietjie
13. hok: hokkie/hokkietjie
14. knop: knoppie/knoppietjie
15. kas: kassie/kassietjie
16. oom: oompie/oompietjie/omie/omietjie
17. probleem: probleempie/problemiетjie
18. lap: lappie/lappertjie/lappietjie
19. Van Wyk: Van Wykie/Van Wykietjie

Meervoude:

1. put: putte/putse/puttens
2. voet: voete/voetens
3. ma: ma's/maens/maense
4. pa: pa's/paens/paense
5. kamer: kamers/kamerse
6. vuurpyl: vuurpyle/vuurpyls/vuurpylse
7. vrou: vrouens/vroue/vrouense

- 8. skoen: skoene/skoens
- 9. kraal: krale/kraals/kralens
- 10. Van Wyk: Van Wyks/Van Wyke/Van Wykse
- 11. Olivier: Oliviers/Oliviere/Olivierse
- 12. oom: ooms/ome/oompe
- 13. goed: goeters/goedere/goete
- 14. lap: lappe/lappers

BYLAE F

TRANSKRIPSIES VAN ONDERHOUDE MET SEGSMENSE

Segspersoon: Ouma Catharina van Wyk Matroos (94 jaar)

C: Ouma Catharina van Wyk Matroos

V: Vraesteller

V: Hoe oud is Ouma nou?

C: Ek is September 1893 gebore. Jy kan nou self uitwerk.

V: Ouma word nou vier en negentig jaar.

C: Nou kan julle dan nog na só 'n ou grootmens toe kom? Kan julle dan nie uuter gekom het nie toe ek dit nog mooi verstand gehad het dan sou ek vir julle die ABC opgesê het. A B C D E F G H I J K.

Van dié dag van Sam Kubis, my mamma, toe sit my verlowingsring hier. Toe was ek 'n meisie van agtien jaar. En toe't ek gehardloop.

V: Wat het gebeur by Sam Kubis? Kan Ouma nog onthou?

C: Ek kan nog nie almal onthou nie, Juffrou. Maar ek kan darem hier en daar onthou, want hier sit ek met die... Kyk, ons is nog net twee, net my broer se kjend, die oudste broer van my se kjend, en ek. Dis nog net ons twee wat nog lewe, wat geграde is. Ons was vyf, ses gewees wat geграde gewees het en die anners is almal... my neef, Dirk Betties, wat nog hiersô deur die knie geskiet is, hy het darem nog gelewe tot nou hier - op twee jaar toe's hy gesterf kom. Nou dis nog die dogter van my

broer, die's nou half blind, want sy het die koeël hier in gekry, hier, hier in die sleutelbeen, hiersô en hy's hier uut. En ek het hier die boud gekry - toe had ek twee maande en agtien dae, my Juffrou, toe had ek net op die Sending se blou water gelewe. Ek kan ook nie gelê het nie, so diep hy ingegaan. Twee maande en agtien dae. Die dag wat ek leef, wat ek sê vat my tog en sit my tog, staanmaak my tog, dat ek kan aan die help my. Sien Juffrou, so het die voete gestaan, so en so het ek geleer loop, so, so het ek al rondom die pale geloop. Sam Kubis.

Maar my mamma, dit was 'n groot geskiedenis. Is een van die gebed, van die begint af al is dit 'n groot geskiedenis. En dis darem veertien, en dis vyftien, en dis sestien - toe staan ek op verloof, my verloofring het hier gesit. Toe moet ons eers wag lat die oorlog eers oor ons kom. En nadat die oorlog stil geloop word het, toe't ons getrou. Toe kan ek nie eers 'n trouring kry nie, want die Duitsters het niks gedoen, net hierie hope, hope, hope hier in Rehoboth so bymekaargemaak die huise oprig en so bymekaarmaak en so brand steek.

So my mamma, dis nie 'n maklike storie nie. Die Here het my so lank gespaar, my kind. Dis net die genade van die Here wat ek nog vandag kan sit en sê, Sam Kubis se storie vertel, want as ek hom maar van die begint af vat, van veertien af, hy't veertien gebegint, dan is die geskiedenis baie groot. Maar my mamma, om kop te praat, en kop te maak, hulle't, dit is nie juis Windhoek of Rehoboth se Duitsters wat vir ons so geskiet het nie, dit is Aus. Daarvanaf had die troepe gekom. Toe lê dies hiersô, hier in die berge, hierie bloubeesgoed. Toe kom Aus se, anderkant Maltahöhe, toe kom darie troepe. Dis darie troepe wat die eerste vir Garies geskiet het. Wat die ou mense gevang het en... en meisiese doodgeskiet het en darie lyke het daar gelê wat doodgeskiet is. Dit was Gantom se kjend, Willem Cloet se kjend en nog een. Hulle het van hom... Magriet se man is langs hom, is hy weer doodgeskiet. Dantie on die kaptein se seun, Maansie - vier - en hulle vier se lyke het gelê daar lat hulle se wit bene gole het. En darie bene het gelê twee, drie jaar wat die mense geloop het en die lyke bymekaargemaak met die kiste saam. Daarvan het hulle gebegrawe.

En Sam Kubis, is die môre, die agte Mei, toe het darie troepe gekom en toe het darie troepe by hulle gekom, toe't hulle afgesluip en toe het hulle deur my broer, neef Pieter Lukas en Jan Breedts, had die vragte gevat van Maltahöhe en Aus toe's hulle verby, oor Maltahöhe, met darie vragte. Toe's dit so, toe's dit so, dis netnou, dis netnou, dis netnou, dis netnou. Hulle's weg. Die breek die geloop afdraend en hulle kom... toe't oorle pa vir ons gevat toe die brief daar kom. Toe's hierie broertjie, wat hier in die ouetehuis is, van my, Kobie, hy kan tog nou hier kom, hy was net die dag ag dae oud, toe had Pa die brief gekry, toe word hy sleg daarvanaf.

Nou ja, die agte Mei had hulle vir Sam Kubis geskiet. Die môre, ons lê nog, ek en my broer en my suster en 'n ou Hotnot, ons pas die waense op. Dis een van die waense, en hier annerkant is die Van Wykse, en hier duskant is die Van Wykse en die al die nasies sit bymekaar.

Ons lê deur hulle, wat Aus geweg het, hulle moet klaar die water gedra het en dan moet hulle inja en doodgeskiet word. Maar Pieter ken vir Duits, hy ken sewe tale het hy gepraat en daardeur het hy gehoor. As hulle die water, die twee kantene vol geskep het, dan moet hulle aan die hande gevat word en doodgeskiet word. Toe't hulle geskep toe't lat dit donker is, toe lat staanmaak hulle die emmer en hulle hardloop.

En die nag, toe't hulle daar oor die berg gekom by 'n kaffer. En die kaffer het hulle gvat en die kaffer het hulle die annerdagmôre by Sam Kubis daar deur gebring en gesê gaan aan. Op die wys het ons gehoor dat hy sal, dat die Duitsters klaar maak om môre vroeg, die agte Mei, wil hulle vir Sam Kubis skiet. Ons had nie geweet nie. Onse mense bly net in die skanse. Hulle waak net. Deur hulle toe het ons gehoor. Hulle het weer vir die kaptein en vir die magistraat gekom vertel. Dat julle maar vir julle klaar maak, julle word Saterdagmôre, die agte Mei, word julle geskiet.

Ons lê daar by die waense. Ma-goed is met die kleintjies agter die geberg. Daar was die ou mense met die swak kjennertjies. En ons wat

nog sterk is, jongmeisies, hier by die waens. Is frühe, toe hoor dit, toe sê ek vir my broer, Ron, Ron, wat hoor jy? Julle is mos self (?) Toe sê ek vir hom, my broer staan jy op en dan maak jy vir ons koffietjies, lat ons voorlat ons doodgeskiet word, lat ons tog koffietjies drink. Dis die Duitsters. My nôi, toe smaak dit dis 'n (?) so groot is hy wat na die swak mense toe, die plek in kom. Partys het nie roer, partys het roers, dis kanon, dis masjiengeweer, dis klein roertjies. My mamma, toe die (?) is nou vieruur, vyf, ses - vieruur het hulle ingekom al, vyfuur het hulle nog klaar gemaak. Dis nog half duister toe skiet hulle. Hulle het geskiet, my mamma se kjend, daar was nie so 'n breek gewees nie. Die kruitdamp, die kruitdampe had getrek soos 'n vuurrook, maar die Here het nie lat hy hiernatoe trek nie. Die Here het lat hy darie kant toe trek. Die kruitdamp is eenkant blou en hy's eenkant geel. My mamma, dis nie so lekker nie. As hulle vir ons geskiet het, darie dag, my mamma, het die Here Jesus sy vlerk uitgehaal en hy't hom oopgemaak. Ons kan solank as ons leef, kan ons hom nie vergeet hoelat God darie dag gered het, my mamma. Daar sal nie 'n mens oorgeskiet het, hier en daar sal oorgeskiet het wat in klippers en koppe is, maar die anners, enige mense sal hulle doodgeskiet het. Want net soos die kanon skiet, so skiet die masjiengeweer. En die masjiengeweer is op 'n kolkppie gelê, en ons lê agter die klip, toe lê en kyk ons op 'n donkie. Twee had hom uitgelei, en eers klaar die taste gepak en toe's hy gedraai, hy sy grondkant diekant toe en die gatkant diekant toe.

My mamma, toe skiet hulle, dit smaak toe s..., die koeëls smaak soos reëndruppels wat op jou val. Darie tyd wat ons geskiet is, toe't ons agter 'n groot klip, wat ek kan vandag nog loop wys, 'n klip wat so staan, hieriekant daar agter die klip had ons so opmekaar gesit. Daar is my niggie geskiet, ek is geskiet, die meid is geskiet, die kjend is geskiet. Ons vier is daar gekwes. Tot vandag toe weet ek nie hoelat my jongste suster met darie vroumens daar uitgekom het nie - wie-hulle 't hom daar uitgehelp het, want sy het die skoot so deur gekru. Toe die bloed hier loop, toe't sien ek eerste die bloed, toe sê ek my ma se suster voor Outannie: "Outannie, kyk hierie bloed." En toe sê sy sy kan nie geweet het darie bloed... My nôi, toe skiet hy vir jou so, maar

ons vier is daar gegrace, maar nie 'n ander, nie weer 'n klip nie. So't ons opgespring, en so't ons gehardloop, en so't ons (?) Toe sê Jan Hermaanse daar kom die berg. My mamma, darie tyd vier-, vyfuur had hulle se skote nog, en hulle het nie opgehou as darie nag. Toe't hulle vier waens kom brand gestee. Dit was vyf waens wat gestaan het en toe't hulle die ene gelos en toe't hulle vier brand gestee. By die toon die berg, my mamma, daar het die vyf, die vier gestaan, en toe't hulle, voorlat hulle moet die waens brand steek, die waens is gelaai, dit lyk soos begrafenis, toe't hulle vir hulle maar brand gestee. Toe't ons Maandagaand daar kom weer terug van die berge af, toe's dit net die ysters van die waense met die aste. Want die Duister ken nie 'n ander, in die hand vang doodskiet en brand steek, dit is die Duister. Duisters het my grootgemaak, my mamma, die Duister se kos het ek geëet totlat ek die ouderdom gekry het, wat die boertjie gekom het. Had die vrouens sterk make, goed gemake, toe't hy vir ons geskiet en dis die sewende maal wat hy vir Rehoboth klaar gemaak het om vir Rehoboth skiet wat die Here hom toegelaat het. Die ander male had die Here hom nie toegelaat nie.

Hy't vir ons geskiet, my mamma, tot die nag op twaalf toe skiet hy nog, toe kom steek hy eers die waense brand. En die helftes die skiet die vuurpylse uut. En as die vuurpylse uutgeskiet is, dan is dit nag.

So, my mamma, dis nie 'n maklike saak nie. Dis 'n Sam Kubis wat ons kan solank as ons leef, kan ons hom nie vergeet nie, want God se liefde is so groot gewees dat die Here sy vlerk oopgemaak het. Want van son af had ek gesê: "Here, help ons tog." Wat jy aan die hand vat en my hardloop en sê: "Liewe Heiland help ons tog." En Hy't gehelp. Dis onmogelik, my mamma, lat sulke swak mense kant so, teen so 'n mag kant baklei. Hy't vir Koos Kongo, wat met die siekte drie maande in die skans gelê het, had hy met 'n sterk fles water om die skans gekom gooi, maar hulle kry nie vir Koos daar nie, want daarmee had Koos vir hulle so, Koos het sewe doodgeskiet. Toe kom gooi hulle later vir Koos met die sterk fles water, toe sê Koos: "Dankie, Here." Toe's dit van vieruur af wat Koos daar lê net sonder 'n druppel water, in die skans.

Maar darie swart koffietjie, hy was die behoudenis van Koos gewees. Die hele behoudenis, van Sam Kubis.

Wat hulle nie in die hande gekry het, het hulle die goed, die skanse, met jerse en krose en al brand gestee. My mamma, dit was baie treurig. Maar God het hier vir ons gered. Dit is die Olivierse se waens wat so brand gestee.

Dit was nie 'n men... die gekwestes is opgetel en hulle is gebring. Dit was Willem van Wyk, dit was Daniël Gertze, dit was Piet Beukes, dit was ou Garab - die vier was gekwes. Willem van Wyk is die koeël geskiet en darie koeël wat geskiet is, altwee was binnekant. Hy had nog vyftien dae geleef en toe't hy gesterf. Hy sit nie eers by die ag - toe't hulle die ag bymekaar gemaak het, Sondagmôre, het die Duister teruggetrek, toe skiet hulle nog drie, drie skote, vir groete, terug, maar as darie Sondagmôre die Boer nie die aan, ingekom het nie, die hulp wat die kaptein gevra het, as hulle nie ingekom het nie, en hulle het Sondagmôre weer geverval, my nôi, dan sou nie amper ene oorgeskiet het nie, soos hulle vir ons doodgeskiet het. Maar die Here het darie hulp wat ek gevra het. Toe kom die manne, vyf manne, jaag, hier van Sam Kubis af, Walvisbaai toe, met die brief, en toe't hulle daar kom toe's dit net die Boer wat daar is. Darie uur had die Boer uitgetrek en gekom en Saterdagavond, Saterdagavond, hulle skiet no so toe't die paar Boere ingekom en nog my broer, Louis, en my swaer, Bobbie, wat by die skanse gewees het, uitgevra en vir hulle gesê loop julle maar nou huis toe, terug na die mense toe. Ons sal loop haal die ander troep mense.

Daar het die Boere darie Duisters gekom vang en Sondagoggend terug Groot Aub toe, daar gleoop aangeja. Toe sit die vrouens wat hulle gevang het van Garies, die kaptein se familie, toe sit hulle gevangende. Darie mense het hulle nie eers gelos nie, die het hulle ook gelaai en die het hulle in Aub, daar, had die Boere darie mense gelos, wat die Duisterse... Dan't hulle voetsaam, die ou kaptein se vrou en goeters, voetsaam op Rehoboth gekom het. Toe had hy vir die ou meid gesê, ek loop soek vir Maansie. Toe't hy terugkom darie dag wat hulle't vir

hulle pa op Garies bring, toe's sewe skote had hulle in hom geskiet, vir hom geblinddoek, sewe, toe't hy nie 'n kop gehad nie. Toe sê hulle, die sewe skote wat die kaptein moet gekry het, hy se vader, die sewe koeëls moet hy kry. Hy't daar gelê daar by die klippe wat hulle hom by die koppietjie kom gelei het en doodgeskiet het, totlat hy sy mamma gekom het en hy sy mamma het darie lyk gekom kry en hulle durf nie kyk. Hulle het maar net 'n plekkietjie gekry en hom gebegrawe.

En die dogter, die tweede oudste dogter van die kaptein, had hulle van Garies af hulle geoorbring en gekom lat staan hier voor die deur. En die soldate staan agter. Toe sê die magistraat vir die oumens: "Is jy die kaptein se vrou?" Toe sê sy: "Ja, ek is die kaptein se vrou." Toe't die kaptein met die (?) vir hom uitgeja, darie kranse, darie berge had hy uitgeja, so daar, diekant toe. Toe sê die vrou, Sara: "Ek is die kaptein se vrou." Toe sê hy: "Nou gaan jy in, en vat wat jy wil. Ja, ons wil die huis brand steek." Toe sê sy, Sara: "Nee, my arme liggaam kan dit nie begeer nie. So moet jy maar brand steek, ek kan niks vat nie." En toe's hulle aangeja. Toe sê die tweede oudste dogter: "Hier sal ek nie staan nie en die dood sy in gesig kyk." Spring sy los, en die meid wat die Duits praat, die sê nog met haar: "Moet tog nie vlug nie, as jy hardloop dan sal jy geskiet word." Sy't net losgespring uit die klomp en net so ver as die straat van die huis, toe skiet hulle hom blad agter. Daar het hy gelê lat die volkmense die derde dag hom opgetel het en daar by die klipperse 'n gat, so volgemaak het en hom daar toegegooi het. Die kaptein se tweede oudste dogter.

En daarvandaan is hulle aangeja lat hulle geloop staan het daar onder die boom. Ek kan vandag nog die mense loop wys die boom. Daar het die kjennertjies... Toe word die kanon daar uitgetrek, word hulle daar doodgeskiet. Een man wat ons gesê het ou Jones, hy had gepleit en gesê: "Dis mos nie die swak mense wat oorlog maak nie, dis mos die sterk mense. Moet dan tog nie die arme swak mense so doodskiet nie." Op hy se pleit had hulle darie vrouense gevat en gelaai tot by Groot Aub en daar had mos die laer gestaan en daar het die vrouense so onder die bome wat so staan, daar het hulle die vrouense en kjennertjies gelat sit.

En toe't hulle vir Kubis geloop skiet. Toe't hulle daarvandaan kom, toe kom vertel die voorstes: "Ja, ons het tog baie wyfies gevang en ons het baie wyfies stok gegee," kom vertel hulle. Toe het hulle darie vrouens gevat, en gelaai en so het hulle vlug gery. Lat darie vrouense op (?) Aub, daar het die Boer die vrouens afgevat lat hulle gekom het.

So, my mamma, dis 'n vreeslike ding, dis 'n vreeslike dag gewees. Hy't vir hulle geskiet vir ons tot die nag, en die nag, toe't hulle die vyf waens brand gestee, die vier waens.

Dié tyd van die Duister, had so gebeginne. Hy wil die soldate gehad het, en die soldate moet gegaan het na die oorlog toe van hulle. Toe had die moeders gesê: "Onse kjenners sal nie. Die mandaat wat gesluit is van die kaptein en die witmans sê as die hotnot en die kaffers oorlog maak, dan kan die soldate, die Baster-soldate moet dan help, maar as wit aan wit oorlog maak, dan sal hulle nie daar kom. Nou-ja, daarom wat ons... Maar net die soldate gevat en die soldate is weg, my mamma, daarvandaan het die ding gekom, hy't daarvandaan het hy gekom.

EINDE VAN ONDERHOUD

Segspersoon: Ouma Polina van Wyk (85 jaar)

P: Ouma Polina van Wyk

V: Vraesteller

V: Vertel vir ons van Ouma se jong dae.

P: Ons het mos so gaaf gehad, ou tyd het ons, ons had slegs had ons gelewe. Natuurlik ons was mos ok arm gewees, maar onsie tyd sal nie by nou se mense kom nie, want onsie tyd was anderster gewees. Ek is neëntienhonderd... neëntienhonderd-en-vier is ek gebore ek was omtrent hoe oud gegewe, twee maande eh drie maande, toe's my mamma gesterf. Toe't ek net met my pa gebly en my pa het my grootgemaak.

Hierdie ligtes en goed wat hulle so klak-klak, klak-klak - ek ken hulle nie. Is die (?) jare se tyd se kind is ek. Ek ken vir dik, ek ken vir dun, ek ken vir flenderig lop, ek ken vir mooi rok. Hier is nie iemand wat jou erken lat jy 'n grootmens is nie. As jy val, sukkel om op te staan, maar ek is, het so vrede, ek is vrede met my God. Jesus het my lewe aan. Hy sien my, Hy pas my op. Soos ek nou hier sit, sit ek met 'n kopseer. Dis nou al twee weke, maar dit breek ok nie af nie. Maar ek weet ek is al oud. Ek is nie meer nege jaar oud nie.

Ek het al en antie Lotie, ons was saam. toe het die, hier het mos altyd 'n Duutsman gekom wat vir ons so alles gelat sing het. So't ons het plesier altyd gehad, maar dan sê antie Lotie vir my altyd daarvan - waffer tyd ek moet kom en hoelat ek moet maak, dan gaan ek altyd daar. Dan sê ons sulke koddige woordjietjies. Die sangers wat die Duitse ons lat sing, dan saai ons en so spring ons maar. En so gaan ons maar voort.

Ons was tog plesierig gewees as ons so Kaap toe ry - die oumense. Ja, die Trudie, hy loop mos eintlik so krom, maar as ons loop soos daai, dan word hy gekom lei, dan gaan hy so af daar by die kar, by die trappie,

dan word hy weer teruggelei en geloop lêsit. Og, ons het tog te lekker gebly. Daar het vir my gesmaak ek hoef nie terug kom nie, ek kan maar daar bly. En elke môre word ons nou op die bus gelaai en dan word ons nou uitgery in die Kaap lat ons moet alles kan sien daar van die Kaap. Ons is drie-drie vrouens, drie vrouens wat altyd so, is altyd so in die kamerse gesit. Dan bly ons daar.

V: Nou kan ouma Polina nog vir antie Dottie onthou?

P: Ai, dis onsie jaar, was ook my liefmaat, darie Dottie. Nou, ek moet, jy sê mos ek moet gesê het vir julle nuus vertel. Nou, dis nou onse plesierigheid wat ek praat. So Dottie was mos altyd so, nes hy nie weet wat lat ek praat nie, so had Dottie gepie in die pot. Ek kom kyk die pie so, ek sê: "Jy't mos die koors. Kyk hoe geel is jou pie, my kjend, dit lyk vir my dis die kwaai koors wat jy het, die malaria-koors." Hy sê: "Vir my sê ek het die malaria-koors!" Toe sê ek, ek sê: "Kyk hoe geel is jou pis." Ja Dottie, hy's koorsig, ek sê: "My niggie, ek vertel jou nie oor koorsigheid nie. Ek sal nou in die pot, in 'n ander pot pie, dan kyk jy hoelat my pie lyk. Sien jy my pie die blink nou en jou pie is eiergeel. Daarom jy sal moet by 'n dokter kom voorlat ons uit die Kaap gaan." Sus Lotie had darie goed almal opgevang, darie geselskap hy sit ons in die ? saans in die kooi en as ons nou klaar onse goeterse gepraat het, nou sê ek vir die Duutsers had altyd gesê die kjennertjies, wat ek opgepas het, as hulle gesê het: "Mamma, brood hê," dan't hulle nou so 'n soort speul gehad wat hulle altyd gespeel het van, so. Dan dans die ou kjennertjiese hier voor my. Ek pas hulle op. Sommige kere as ek so gedaan word, dan sê ek, lê net so op my sy, dan sê ek, julle moet so speul, hier voor my, so speul, hulle se handjies en voetjiese daar, sê het hulle moet so speul. En hulle is my rêrig lief gewees.

Dit was ok 'n Duutse nôi. Nou ek kan mos nie Duuts praat nie en eendag toe kom een nôi toe daar by die, by my nôi. Nou sit gesels hulle. Nou dit was ok so 'n skoon nôi. As sy geloop het, het ek die werk uitgevoer.

Ek het skoon gemaak, dan kom maak sy (vryf en kyk of daar stof is) "Uh, das ist aber schön." Dan dink ek, ah goekig. Nou, is ek en twee meisie, nou's hulle by die tafel, nou sit en sy't gesels, dan sê die ander vir my, hy sê ek wil eers hier kom staan. Hy sê, hy sê "Verstaan jy mooi Duuts?" Ek sê, ek sê ek verstaan natuurlik, maar ek kan hom nie praat nie. Hy sê ja ek kan hom praat ok, nou kom staan jy dan hierso. Nou gesels die nôienste nou. Toe vertel my nôi nou darie nôi hoe skoon lat ek werk. Toe sien ek, ek staan in die kombuis, lat sy opstaan, nou wys sy darie nôi hoelat sy maak as sy kom (wys weer), dan maak hy weer, dan maak hy weer so, dan sê hy: "Das ist doch aber schön." Hy vra vir: "Meisie, wat is 'schön'?" Ek sê hy's mooi skoon, hy's mooi skoon, die kas.

As ek so sit, ek kan tog maar hoeka nog soos darie dae gewees het, wat ek so fluks gewees het, wat ek kan vir my als gedoen het. Nou kan ek nie meer nie. Ek kan amper nie die naald op die garing meer insteek.

V: Hoekom kry ouma Polina nie 'n bril nie?

P: Ek had 'n mooi bril gehad wat my skoonseun vir my gekoop het. Hy't my eerste gekom vat en toe't hy met my na die spesialis toe gegaan. Dié het vir my darie bril gegee. Nou, oorlat ek kan so mooi sien in darie bril, had ek hier buitekant die masjien gekom staanmaak. Sit en werk ek nou op die masjien. Nou, toe't ek nou klaar is, wat ek opstaan, toe kom staan hier 'n hotnot voor die deur. Toe kom sê hy vir my hy's tog te honger. Ek moet tog as ek 'n broodjie had, al is dit 'n droë broodjie, vir hom gee. Ek sê ek het nie, maar ek wil maar eers die masjien loop staanmaak. So, toe't ek die masjien optel, die masjien is mos swaar, optel, toe smaak dit nou vir my my brille wil van my oë afval. Toe staanmaak ek sommer die masjien en ek sê liewerster moet hy breek, maar nie my brille. Haal die brille af en sit dit so op die tafel, op die tafel, vat die masjien, die masjien en ek loop staanmaak hom. Toe't ek uitkom, my brille is weg en die hotnot is weg. Ek het soos 'n klein kjend hand-oor-die-kop gestaan en gehuil. Ek het skoon traan gehuil oor die ... Toe het my skoonseun gesê: "Ma, bly stil oor maar nou die

brille. Ek sal weer vir Ma daar kom vat en vir Ma daar bring en met Ma gaan ? Toe't ek darem vrede geword lat ek nou nog vrede is.

Moet maar so sukkel. Kerk toe loop, dan moet ek sukkel, daarlangs loop, dan loop ek so aan draad en loop en houvas, maar net een gedagte bly in my, Hy bly by my, die Here is by my. Sal so aan die draad loop en houvas totdat ek lag is.

Ek maak maar ook nie lekker dingetjies deur nie, maar ek is vrede. Dat ek kan maar net weet hoe die Here is. Dan's ek vrede, ou Suster. Nou ek het tog te laat gebid.

V: Wil ouma Polina nie weer trou nie?

P: Ekke, hier in dié lyke, my Suster, hau! Ja, nie eers lat ek 'n gedagte kry nie.

V: Hoe lank is ouma Polina se man oorlede?

P: Ek dink hy's seker nou orie agtien jaar, wat hy nou weg is. Maar ek bly nog soos hy my gelos het, so bly ek.

V: Ek wil vir Ouma 'n Duitse man bring.

P: Nee, my kind, dat moet jy nie aan my doen nie. Ek sallie. Hierie ou moet jy sien moet die loop die kerie loop... oupa Chris. Hy't dit met my saam te doen. Die een môre op die kerie gedruk en my gekom sit, hier voor die deur, toe haal hy darie praat nou aan. Of ek dan nie wil met hom maats maak nie. Toe't ek vir hom gesê: "Oom Chris, as jy dit wil goed hê, dan moet jy net so darië praat los en dan moet jy opstaan en kom jy weer, dan slaat ek jou met 'n stok oor jou kop. Van darie môre af, nie weer, ons is kwaai-vriende - hy sê my nie eens dag nie. Hoe kan nou so ou mens so lelike twee mense trou mekaar, om wat te maak? Om wat te maak? Hy's te ongeduldig en ek is net so ongeduldig. Ek het vir hom gesê as ek moet vir jou trou, darie einste dag wat ek jou trou, dan

slaat ek jou.

Ek het nou amper toe't ek uit die bad uit kom, op my bek geval. Ek het (?) en die bad is glad. Net so: Here, help tog. Toe kry ek die kraan, toe gryp ek die kraan, loop staan ek eers so vorentoe, druk ek met hierie hand saam ook scontoe, aan die anner kraan, toe staan ek op.

V: Hoeveel kinders het Ouma?

P: Ek het agt kjenners gehad, maar twee is mos weg. Seun en dogter, dit was tog my liefkind darie, die Katie-kjend. Hy't twee kjennertjies gekry, vir Miena en vir Paula. Hulle was so groot, net so groot - ek het hulle grootgemaak. En hierie enetjie wat nou hier is, is mos Fia s'n. Toe't hy mos met die Sylvi'tjie s'n gekom. Toe word die sussie hier, ek het hom... want die man het gesê Fia is te dom, sy sal nie kan die kjend ook help met die bottel soos ek. Toe word die kjend siek, toe vat ek die kjend en ek gaan na dr. Lunie toe met hom. Toe sê die dokter vir my ek moet Kaap toe gaan met die kjend saam. Toe sê ek Dokter, ek wil die kjend grootmaak soos die Here hom geskaap het. Toe sê hy nee, daarvoor het die Here ? die goete, gaan. Toe sê ek, ek is te arm, ek het nie die klomp geld wat ek moet Kaap en goed betaal nie, kan nie. Toe sê hy gaan. Toe ry hy op die, op die, hoe sê ek hoeka, sy onkoste. Toe ry hy met die kjend. Darie tyd toe maak ek my pampier net so klaar. My suster se kjend, ek had dit swaar gehad toe't ek daar kom. Met hierie Engels. En toe terg hulle my nog so darie boys wat moet na ons kyk, daar onner. As hulle Engels praat, dan praat ek ok 'n taal. Dan lag hulle so. Ek hoor lat hulle in Engels praat, dan sê die een vir die ander: "Kom lat ons tog hier na die Ouma toe ingaan lat ons kan lag."

V: Was Ouma ook by Kubis?

P: Ja, ek was mos Kubis se oorlog. Ek was, toe's ek al geboorte gehad wat hier gesit het (wys na haar borste), maar ons was mos nog so, ons het mos nie geweet ons moet dood, word doodgeskiet. My broerseun het vir my tante, toe kom vra hy vir Ouma: "Ouma, as ek na die Lieve

Heiland toe gaan, sal ek daar ok moet eet pap en brood?" Toe sê ek vir hom, ja, my broer, jy sal. Toe sê hy: "Nou hoe sal ek dan nou maak om daar te kom by die Heiland?" Toe sê ek die Liewe Heiland is tog te ver hiervan af, my kjend, my broer. "Nou Ouma, kry 'n mens daar als, lekkers ok?" Toe sê ek ja, my broer, 'n mens kry alles daarbo by die Liewe Heiland. "Ouma, nou weet Ouma nie waarlangs loop die pad?" Die kjend het my gevra lat ek naderhand dom geword het. "Nou, sal Ouma my nie halfpad bring nie?" Toe sê ek, ek weet nie eens waffer kant toe... Kyk hierbo, na die Liewe Heiland toe en hier is dan nie eens trappe wat ons kan mee loop nie. So ons moet maar speul hierso, die ou Liewe Heiland help, sal vir ons laat lewe, ons sal nie dood nie.

V: En was Ouma by die Klipkraal ook?

P: Hierie Klipkraal? Ek was daar. Dit was die slag wat die vyfde April uitgebreek het, toe's die manne mos so gevang en daar in die kraal ingeja soos bees. Darie kraal was vol. Toe's ons, ons het mos daar bymekaar die vyfde April, toe's dit die Boere, die Herero, die Basters... Toe wil hulle onder mekaar... dis die tyd van die stemming van die meerderheid en die minderheid. Toe wil die mos nou wat meerderheid is, wil mos nou vir ons wat minderheid is, wil hulle en ons wil nie. Toe kom die klomp Hereroka in met die kieriese in die hande, Niklaas Gomme was mos onsie kaptein. Hy't net een woord gesê, toe laat val hulle die kieriese. Ek sê dit was so, lat die mense loop afgespring het hier by die water, geloop hou het in die water - so gevaarlik was dit gewees. Toe's ons mos nou gevang, toe sit ons mos nou. Toe kom hy met die perd saam, die perd gaan net so, toe sê hy: "Kyk, hierso, luister julle hierso, julle's nou my mense, bliksemse donners, julle's nou my mense, hoor!" Toe darie een Boer aan sy se handjie, hulle twee het aanmekaar gespring, want hy't vir Sussie so aan die hare gevat en hom so gedoeb-doebie. So vir hom aan die hare gevat en so geruk. Klou ons, ons loop met die een hand saam hy se hare, trek mekaar onsie hare. Toe't een Boertjie gekom en gekom afstamp. Toe moet ons net so stil sit. Toe had hulle toe't hulle kom hulle se huise gekom mors, onse melk, ook die kalbasse wat hier vol melk staan, uitgegooi en gedrink en uitgegooi,

weggegooi. Toe's hy mos daar in die kraal, die klomp Basters, daar in die kraal loop ingeja, darie klipkraal. Smôrs as ons, nou as ons moet, dan kook ons mos nou, ons moet mos 'n klomp kos hê, dan bring ons nou weg. My Suster, ons kan nie eens geloop sê het môre, so kwaai was hulle. So ek loop staan so, dan kom vat ene die kos, dan sê hy nou, gaan gee die braksels die kos.

Die ander raadse van ons is toe uitgeraak, kan jou nou nog loop wys daar anderkant die stasie ligte oploop en die stuk gat wat gegrou is. Toe moet die raads daar geloop staan het lat hulle, word hulle doodgeskiet lat hulle moet daar afval.

Die tyd toe die ou kort mannetjies hier gewees het, kleintjies, daar by die poskantoor. Darie had toe 'n telegram weggestuur by die Kaap. En dis daarvanaf kom die pampier, die manne word nie aangeraak nie. Toe's hy nog so slim, toe't hy met die dinges kom, met die pampiere, met die dinges, kom skop hy so daar waar die manne sit, die klippe so spring, toe's koes almal net so, lat hulle koes ammal, ons is nou lewe, ons sal nou lewe, maar hulle is almal gevat en daar in die kraal loop ingeja. Ons het moet bees verkoop, elke een wat hy sy mens nodig kry het moet nou uitkoop. Sewe pond. Ons susters en broers het 'n os geverkoop, toe't ons vir Pa loop uitgekoop daarso. So het almal maar hulle se mense uitgekoop.

Bitter dae deurgemaak. Nou ek ken vir dik en dun, ek ken vir honger, ek ken lekker eet, alles. Ek het ook die swaar dae gehad. Is dae wat as ek so sit, dan sê ek Liewe Heiland. Die Here wil my tog, gee my tog krag lat ek kan vroeër werk. Al moet ek ok die witmense, die witmense se kombuis tog staan en skottelgoed skoonmaak. Ek sê al die dogterse, dis darem 'n bord kos.

Een môre daar toe't ek daar by die jaart inkom, toe val ek daar. Toe't ek voel lat ek val, toe sê ek Liewe Heiland, lat ek tog nie breek nie. Toe val ek so plat op my maag en so't ek gelê en so't ek die Here gelê en praat daar orie breek. Die Here het my gehelp, ek het nie gebreek

nie. Ek het gelê en lê en vanself opgesukkel.

Darie, waar die Van Wykse se huis gestaan het, daar annerkant die rivier, daar was mos so 'n groot wye gat. Moet ons loop Sondae, dan moet ons mos nou water skep, so as die ou grootouers, daar varswater. Nou gaan ons daarnatoe. En toe't skep ons onse emmers vol, staanmaak ons nou die emmers, dan moet ons eers swem. As ons klaar geswem het, dan kom ons uit, bring ons die waters. Ouma-goed sê: "Ai, Ouma se ou kindjie het vir Ouma die water geloop haal."

Een gebed, so 'n ou kort gebedjie, 'n Duutse gebedjie, hoe oud is ek nou en Ouma is dood. Die anner goed, ek moet sit en dink wat lat hulle gewees het. Net so ou kort gebedjie. Toe hardloop ek mos een môre brood vra voorlat Ouma kerk toe loop, loop vra brood by Ouma. Met vet word die brood gesmeer en so opmekaar. My kjend se kjend jy moet nou loop, Ouma wil kerk toe loop. Ouma wat is die kerk - daar waar Ouma moet loop sing? Toe vat Ouma toe nou die, darie Duutse boeke en Ouma kyk. Toe sê Ouma, kom hier lat ek jou wys hierie gebedjie. Dan moet ek hom, moes ek hom geleer, dan moet ek elke môre as ek wakker word, dan moet ek eers Ouma toe hardloop, en die gebedjie loop afhoor as ek hom ken. En ek vergeet vir hom nooit nie. Ek vergeet hele goed, maar net darie gebedjie vergeet ek nie. As ek slaap, lat ek wakker word, darie gebedjie.

EINDE VAN ONDERHOUD

**Segspersoon:** Mev. Sofia Beukes (73 jaar)

**S:** Mev. Sofia Beukes

**V:** Vraesteller

**V:** Ek hoor Quinton sê Tannie kan sulke lekker stories vertel.

**S:** Glad nie so lekker nie, vandag soos ek hier sit... destyds het hy weet baie van Rehoboth, want as... my oupagrootjie het hier gekom trek en ek weet omtrent tot vandag wat ek 73 jaar is alles wat gebeur het en wat ek nie hier gesien het nie, het ek by my ouers gehoor van die mense... ou mense wat...

Nou toe sê ek nou vir hom ek dink ek moet maar net die inkom van die mense hiersê sê, hy my gevertel het, grootmense gevertel het. Darie Piet Beukes is eintlik my ma sy oupa. Hy was die eerste man wat hierie pad uit Kaapkolonie uit aangdurf het om hierie plek toe te kom. En so het die anners mos dan nog later ook agter hom aangekom. Nou, hy het alles op skrif gehad, maar hier neëntienhonderd-vyf-en-twintig was hier mos so 'n oorlog of wat gewees met die Basters en die Suid-Afrikaanse Regering. Toe het hulle mos al darie dokumente van ons so gevernietig, weggehou.

Nou so jammer sê ek, want daar's so baie kjenners wat na my toe kom, selfs my kjenners ook, om iets te hoor, maar ek dink ons kan maar nou net so die intrek, die word nou glad nie eintlik van gepraat meer nie, hoe die plek was toe die mense gekom het - toe die Basters gekom het.

Daarvan gaan ek nou - ek kan nou darem onthou het ek ook nog nooit iemand gevertel nie - nou dink ek - sê ek toe nou vir hom ek dink ek kan maar nou daarvan praat. En toe't hy nou hier kom toe sit ek ook nou net hier by die telefoon met my kjenners wat so siek is die oproep. En dan voel 'n mens mos altyd so teleurgestel en so uit die veld uit geslaan, maar ek dink darem ek sal so 'n klein entjie kan vertel.

Nou... nie juis, hulle het gekom en teruggegaan en gekom en teruggegaan, die Basters maar. Ek sal nou nie darie ent vertel. Ek wil nou net daarvan vertel toe't hulle gekom het. Hulle was maar min gewees. My grootmoeder het vir my gesê, selfs my ma ook, hulle was sewentig gewees hom wat die eerste hier kom ingetrek het. Sewentig waens had hulle mos altyd genoem - die grootmense het mos ok anderster gepraat as wat hulle vandag praat - en ek is nou net deurmekaar, ek is nou in die twee eeue. Ek is nie 'n rêrig Afrikaans nie, ek is ook nie darie ou Nederlands nie. Ek is nou net op die deurmekaar wa. Anyway, toe't hulle hier gekom trek het, toe was hier Namas, net Namas. Maar die plek was feitlik woest. Bossies en bome had orals gestaan. Maar in die eerste kome wat van die Basters gekom het terwyl hulle heenkome vir hulle gesoek het, het hulle die naam gehoor wat die Namas die plek gegee het, An-Eis, dat wil sê: rook.

En so het hulle hom ook gevind, want hulle sê tot seker so tienuur dan's dit nog amper donker met die wasem, die rook. Maar die mense het hulle se drinkwater in hierie oorlooprivier - daar had hulle so gorratjies gemaak, soos hulle dit mos nou ook in die Nama noem - die ou vlak putsies wat sommer so met die hande... sommer ook ons twee kan ook elkeen 'n graaf vat en so ou... dan het die water mos nou gekom. Dit was nou hoe hulle hulle se water gebruik het. En hulle het mos toe hier met... toe't hulle nou virrie kom bly gekom het, het hulle mos nou met paar blankes gekom. Hulle het mos toe nou die sendelinge ook gehad, wat ook nou daar was, meer as sy. Hy het 'n huisgesin gehad, hy't 'n vrou gehad, met daar was 'n freulien ook met hom saam... en so het hulle uitgevind lat dat water is, lat hier water onder die klipbanke is wat hierie wasem veroorsaak.

Maar hulle was baie ongelukkig met die kom trek nalat hulle nou sou van die Hereronoef toestemming gegee's hulle kan hier bly - had die Namas altyd die sluipmoorde gemaak, altyd. So hier en daar, want darie grafte wat daar sien, die ou kêrel wat ek hier van praat, is nou eintlik hy en sy dogterse en skoonseunse en goed wat uitgemoor is. Darie hierie monument wat hier staan. Daar het die sluipmoorde... so was die sluip-

moorde... met dié sluipmoorde was hulle nou baie ongelukkig... hulle wil nou so graag ook die water bietjie oopmaak... daar oopmaak om te sien, maar die sluipmoorde was nou so 'n onrus gewees. Maar as Maherero nou weer praat met die Namahoofde dan's dit weer so 'n ou klein rukkie stil. Nou uiteindelik had hulle nou so oor jare jare had hulle daar aan die water oopgemaak - toe's dit 'n springwater wat kokend warm is. Hy was nog allie tyd so warm gewees jy kan nie jou hand so insteek nie daar in darie cog nie. Maar snaaks op dieselfde terrein waar hulle ook nog so twee keer oopgemaak het, is hy koud ook. En later toe vind hulle maar daar's 'n genesende water ook. Die water is genesend ook en toe het hulle mos nou juis... darie terrein was altyd genoem die badwater. Jy sal nooit anderster gehoor het... is die badwater, want die mense het genesing gekry as hulle in die water gebad het.

So het hulle mos toe nou die gate oopgemaak, later voor hulle daainamiet geskiet is mos harde bank, en van hier plekke had hulle nou putse gemaak en ook boorgate. Want jy weet nou waar's die Bayers, ouma Lietjie, oorlede ouma Lietjie Bayers huis - darie water is ook net so warm. En hier, net hier agter die (?) huis, die ou Skot, darie huis - daar is ook 'n puts - darie water is net so warm. Nog ook 'n boorgat so bietjie op - die's ook nog so warm. So kry jy nog steeds by die een plek koue water en die puts net hier langsaan had koue water. Jy kry by die een plek koue water en by die ander plek darie kokende warm water van hierie plek, die fonteindinge borrel, seker.

Dan... hy het hulle het die water oopgemaak, hulle het so ou geboutjie gemaak. Nie eers met stene nie. Die eerste geboutjie van hulle was pale, hout, hout vir die land, pale wat so ingegrou gewees het en met gras gedek gewees het en met klei besmeer gewees het - ons pleister. Dat was hulle se eerste kerkie en in die kerkie het hulle ook hulle se eerste skool gebegin - waar my ma ook skool gegaan het. Dat is nou nog van die kjenners wat in agtienhonderd gebore is - is nou hulle se skoolhuis, skoolplekkietjie gewees darie. Dan het hulle nog darie Freulien nog vir hulle daar skool gehou.

Maar die onrus was baie groot gewees met die sluipmoorde van tyd tot tyd, tyd tot tyd. Ek had vanmôre baie lus om te sê lat die intrekke van Suidwes hier, behalwe die inheemse bevolking, had ook nog vandag hulle se onrus begint haal, maar ek had baie lus om te sê die Bastervolk had nog nooit 'n gerustige lewe in hierie plek gehad ne, want as... hoe deurmekaar is dit nou nie weer ook hierie agterste jare nie - vreeslik mos maar ook deurmekaar hier in die agterste jare. Hier het hulle kerk gehou. Hulle se klok was 'n sweep. Dit was alweer my pa sy pa was die... die klok gewees, hy't altyd met die sweep geklap, dan kom die mense kerk toe. En hier is kjenners gedoop, kjenners is aangeneem, grootmense is gelat trou en hierie Rehoboth was 'n baie diep geestelike plek. Ek kon dat nog so sien so agter in die ou Bybels van onsie ouers en Gesangboeke en geskriftetjies wat so enkel die velletjies wat so in hulle se ou boeke is wat hulle waarlik god... baie godsdienstig gewees het, want elke gebeure... hulle was baie lief om aantekeninge te maak vir die gebeure. In die oggende het hulle móet eers gebid voorlat hulle opstaan om enige iets te doen. Eerst hulle se huisgodsdienst om die Here te vra vir die dag, want die lewe was so onrustig. Hulle se lewens was onseker. Baie van hulle het ook geval in die sluipmoorde. So in die aand word hulle mos nou net so by die huise kom doodgemaak.

En toe het hulle mos ook met die kom had hulle mos nie wonderlike huise gehad nie, daar's miskien 'n tent en daar's miskien so 'n biesiebesig... hierie hoe sê 'n riethuisietjie en goed. Nou die pyl en boog had mos maklik daar deur gegaan. En so was hulle nou rêrig, seker met die dat hulle so swaar lewe moes deurgemaak het, baie godsdienstig gewees, diep godsdienstige mense. Ten spyte van die nageslag wat vandag so ver afgedwaal het van die Here af.

Hier was juis nie baie mense, daar's nou die eerste ou huisietjies wat gebou is. Hierie ou hoop wat nou hier staan, was maar mos al somer met kleistene, maar kyk hy't omtrent jare gestaan, lank gestaan. Nou't hulle later begin met die huisietjies bou - het hulle so ou klein venstertjies gemaak, reeds vir darie sluipmoorde en ook net daar hoog vir die lat die pyl darem nou nie so maklik daar deur sal kan kom nie.

En dan had hulle nou - my skoonpa se ou huis staan ook nog, die's van klip gemaak - klomp van die ou huise wat van klip gemaak is het hulle nou gekom - miesies Volkwyn sy ouma se ou kliphuis het ook gestaan - die het hulle mos nou ook agterna gesloop. Nou darie ou klein venstertjie wat net so groot is, daar hoog, net om so bietjie vars lug in hom te kan kry. Was dat 'n woeste plek en 'n wilde plek gewees in Suidwes. Maar vir die inheemse bevolking nie, want hulle was al hier ge... hulle was veilig, maar hulle het nie aan ander mense geduld nie. Hulle het seker nie geglo ander mense kan met hulle, hoe sal ek sê, in vrede lewe nie.

Main pa se mense het nou so oor die Kuiseb - hulle het te hoog getrek - hulle had daar in die Sesfontein, daar het hulle gebegin. Daar het my pa sy familie gebegin. En toe't hulle so afgekom lat hulle hier in Otjimbenge darie kerk, wat seker vandag nog staan, gekom bou het. En hulle was toe nou eintlik saam gewees met die Hellwigs, wat vandag die kjenners, hoor ek nog oor die draadloos, kjenners van dies nog, hier in Suidwes rond in besig. Hulle was nog daar bo, na die neëntien-vier-oorlog wat hulle nou gehad het, my pa ook in gewees het, met die Damaras - wat hulle toe nou hier afgetrek het die binneland, hier kom afgetrek het, op staan hier gebly het tot vandag toe, hierie dorp is.

Hulle is hier is dat wat neëntien-vyftien se oorlog plaasgevind het wat hulle mos ook in die oorlog gewees het en ook geskiet het hier. Want die anner dinge het mos toe nou nog so gekom soos darie neëntien-vyf-en-twintig-oorloggietjie nou en die en die anner, die twee anner.

Is dit te min gevertel?

V: Het Tannie vir my nog ietsie?

S: Baie dinge het plaasgevind. Maar ek, ek sê vir my kjenners ek hou nie van die oorlog-besigheid nie, hy't baie lydings aangebring vir die mense wat dit nou geverduur het. Ek was nog klein met vyftien se oorlog, ek weet niks. Ek het dat nou nie geverduur nie, maar mens het so baie gehoor wat lat die mense geverduur het, swaargekry het.

Die Basters had mos toe nou lat hulle nou hierie einste storie so ver gekom het dat daar dan nou darem die soort vrede deur die Blankes ook mos nou hoofde vannie land wat nou mos al die Blankes ook met darie hoofde gepraat het dat hulle nou daar op die manier gesit het. Toe't hulle mos al beginne die plek opgebou saam met die Blankes, die Duitse, die Duitsters wat hier rond gewees het.

Maar raai, hulle het hier uit hierie plek uit, had hulle Walvisbaai toe gery. Om die dinge van die skepe af, daar was mos al nog nie treine en goed nie wat nou die lewensmiddele kan aangebring. Hulle het hiervan af had hulle met ossewaens gery en darie is net so onherbergsame pad gewees. Hulle het net so baie osse geverloor. Om die vragte daarvan af te loop haal vir die binneland. Maar so het hulle darem die hier kom opgebou en toe het die Duitsters mos nou, ek weet nou nie waffer jaar het hulle met die treinspoor uit die Kaap uit gebegint nie, maar ek weet oor onsie plaas, volgens geskifte van onsie ouers, had die teinspoor kom daar oor onsie plaas, oor my oupa sy plaas altans, destyds my oupa sy plaas, gekom. In neëntien-dertien het die treinspoor nou eers tot hier in Rehobothsta..., hier by Rehobothstasie gekom. Toe had die transportrybesigheid darem nou bietjie verlê geraak.

Maar dat was 'n woeste plek gewees - hy's eers in agtienhonderd is hy mos darem so van agtienhonderd-diep-in-die-sestigerjare is hy mos al eers so gebeginne woonbaar maak. Wild was net so volop. O, wild was so volop, toe't ek al so groot kjend is, toe loop darie wild nog so daar op darie plase van my pa en my oupa. Sommer so saam met onsie beeste. Maar vandag sien jy amper nie eens enetjie nie. Hulle is so uitgeroei.

Hierdie graftes van die sendeling sy vrou, ag... sy kind, sy't mos ook nog hier, die res was al van die mense wat nou as leraar-Duitsters wat hier gekom het - daar had hulle vir hierie Gloete gebegrawe het - is mos al darie ou meneer en outjievrou - dis mos eintlik die grafplaas wat die Basters vir hulle gemaak het. Sien daarso. En ook die jongmeisie, sy't nooit getrou nie. Sy't ook oud geword hier. Sy't baie gewerk, sy't goeie werk gedoen. Sy het sommer net so Namas en Damaras wat ook hier

was en die Hereroër was 'n baie trotse nasie, hulle het glo nie deel geneem - en hulle had ook saam met die Basterkjenntertjies, Basterkjennters, in die skool, want dit was maar 'n klein klompie mense wat die eerste kom getrek het, maar vandag is ons so oortrek lat ons nie weet waffer kant toe om om te kyk nie. Hierie mense wat hier so uit die Unie uit gekom trek het, is meer as ons. Meen nou by die Kleurmense, bedoel ek nou.

V: Hoeveel kinders het Tannie?

S: Ek het... is eintlik 'n moeder van twaalf kjennters, maar drie is al gesterf. Nege het grootgeword, maar almal is getroud. My een seun en een dogter bly in Windhoek. Die nimmelijke Johannes Beukes wat hier met die Cantara-koor so sing, is my seun. Dan is daar nou nog die een dogtertjie wat al nalat sy klaargemaak het by die skool nou by Tauber en Korsen werk, sy's ook getroud, van my oupa sy werk, waar ek gewerk het. En my een dogter is in Okahandja. Sy was 'n onderwyseres, maar sy't toe later vir haar gebekwaam vir 'n ... vir medisyne. Sy is nou in darie enigste apteek wat, Kahandja het mos net die een apteek. Sy is nou daar by die apteek. Haar kjennters is ook al groot. Haar dogter is nou, die tweede oudste, is hierie jaar die derde jaar na die standerd tien op Akademie. Die seun had na die standerd 10, wat ouer as sy is, nou eers vir hom op tegniese gebied gebekwaam. Nou sê hy vir my as hy daar klaar is, wil hy ook universiteit toe gaan. Die een seun had laas jaar standerd tien gemaak, maar het dan nou h't't nie 'n beurs gekry nie en toe het hy nou voorlopig eers by die poskantoor ook daar in Okahandja gaan gewerk, dan ook daar werk gekry. Dan is daar nou van haar nog twee seuns en twee dogtertjies op hoërskool, ook in Windhoek en die babaseun van haar is dan nou nog daar in Federsdal. Ek het groot ou kindskinderen. My man is in neëntien-sewe-en-vyftig oorlede. Toe was die kjennters nog klein, maar die Here het my gehelp, ek kon hulle groot gemaak het en daren elkeen 'n bietjie geleerdheid gegee het en wat die geleerdheid van my kjennters so aangehelp het, toe't hulle gewerk het, toe't hulle ook verder gestudeer. Ook darie vrouens wat die groot kjennterse al had, soos my drie oudste

dogters, studeer ook nog steeds. Jannie studeer ook nog. Hy het nou al darem heelwat grade ook na sy standerd tien en drie jaar onderwyser en toe het hy nou die diploma gestudeer en so het hy in... nou had hy Musiek ook, hy het vir Boekhou ook gestudeer, die't hy ook baie mooi geslaag. Nou hierie jaar het hy nou by die skool af. Ek weet nie vir watse graad wil hy nou hierie jaar studeer nie. Ek had hom reeds gevra vir wat moet jy nou nog staan en studeer, jy't al kjenners. Toe sê hy's seker gewoond om skool gaan, want hy gaan nog van sewe jaar af skool. My oudste drie dogters had aldrie leraars getrou.

EINDE VAN ONDERHOUD

Segspersoon: Mev. Lottie Volkwyn (65 jaar)

L = Tannie Lottie Volkwyn

V = Vraesteller

V: Kan Tannie vir ons stories vertel?

L: Ons is nou so ontevrede oor hierie pensioen wat nie opgesit is nie lat ons staan en maak nou planne om daar by die grootkoppe uit te kom. Nou weet ek nie of ek vandag in daai "mood" is om staan en liedjies sing of wat se goed maak nie, want 'n mens word so ontsteld vir die leuens en hierie vernederings wat 'n mens moet vandag ondergaan. Nou weet ek nie. My suster, ek is so uitgeput met my dinges. Ek het nou, laas het John Ferreira omtrent 'n klomp goed wat hy op die vorms gehad het wat ek moet vir hom ingevul het. Die oorspronklike mense wat die liedjies gemaak het, gesing het, en die ou manier hoe hulle hulle gewyde liedere gesing het en al daai goed. Ek weet nie meer wat moet ek sê nie. 'n Mens lieg liewers nou nog baie aan. Die goed is uitgeput. Nee, ek het nou ook aangesluit aan darie kultuurvereniging wat hulle nou gestig het in Windhoek. Daar waar mev. Kreuzberger-hulle. Iets wat so van die buiteland. Weet u nog nie daarvan nie. Dis natuurlik nog iets nuuts. En daar het hulle ook vir ons hele goed gegee wat ons tog moet vir hulle kry. Die outydse goed, die kultuur, hoe die Basters hulle kos gekook het en die handewerk wat hulle gedoen het en die manier van praat in die huis en darie tipe goed. So ons... Ek het nou net gister het ek hierie goed by die vrouevereniging gaan hulle gevertel en nou moet ek so by al die kerke gaan, want hulle wil ook kom en die ding hier in Rehoboth kom stig, so 'n kultuurvereniging, maar dis so veelrassig, van almal is daar verteenwoordigers. Haai Babs, ek is nou so onkant gevang, ek weet nou nie.

V: Kan Tannie nie stories onthou wat vir die kinders vertel is nie?

L: Nee, ek was mos maar nog darie tyd van stories vertel, toe was ons mos nou, hoe sal ek sê, so dom lat ek kan nie meer die goed volg soos dit moet wees nie. Maar ek meen, soos ons nou opgevoed is, is nou so verskillend soos ek meen met vandag se kinders. Nou miskien kan 'n mens daaroor 'n bietjie praat. Onse ouers wou mos nie gehad het ons moet nou soos vandag se kinders maar net opstaan en gaan na enige plesier of vermaaklikheid of ontspanning voor ons nie vir hulle sê wat dit alles behels, waarnatoe ... Hulle vind eers mos uit waar is die partytjie, by wie se huis is dit en wie almal is daar betrokke en so. En dan kan ons mos gegaan het. So ons het mos eintlik baie streng, strenger opgegroot as vandag se kinders. Maar ons het mos maar ook onse plannetjies gemaak en maar onse manier skelmpies weggeraak en so, so ek weet nie, maar al onse ou tradisies is eintlik nou al byna uit. Ons wil nou probeer met hierdie kultuurvereniging probeer om weer die ou dinge in te bring. Die manier hoe hulle vir hulle besig gehou het in hulle huise met hulle werk. Die velwerke, hoe hulle dit nou gebewerkstellig het, eintlik dae uitgesit het om daai velle te brei en te bewerk en dan word dit mos maar sommer net so meeste so persent weggegee of vir 'n appel en 'n ei verkoop. Vandag kos 'n vel so baie lat jy dit nie meer kan bekostig nie. Nou Babs, kan jy nie vir haar eers iewers vat en bring haar nou so oor twee ure lat ek dan eers bietjie die leuens uitdink. Want ek het nou ook hier 'n ander dingetjie, ons is hier besig om iets op te trek om te kyk of ons nie die mense kan help nie, hierie pensioenmense kan help, want hulle kom hardloop mos maar na ek en ou Sophia en Berta. Die kaptein het mos nou vir hom rêrig bespotlike leuenaar gemaak, want hy het dan oor die radio met hierdie laaste Volksraadsitting het hy dit dan afgekondig. En nou voel die mense hulle kan nie meer so stilsit nie. Ons moet iets doen. Hulle voel hulle wil 'n, hulle wil betoog, so vreedsame betoging. Ons het al hier vir Dawid Bezuidenhoudt-hulle almal gebel, maar hulle sit nou in die sitting, so ons kan hulle nie kry nie. Want ons het laas vir hom geskryf 'n brief oor hierie prysverhogings en ook oor die pensioene wat net die mense belowe word en nie, en toe't hy vir ons toe 'n brief geskryf dat hy het nou ingegaan in die saak en dit in die hande van die kaptein Diergaardt, want hy's mos nou verantwoordelik vir die pensioene, en Moses is nou verantwoordelik vir die gesondheids, so hy

het. aan die twee here nou onse saak gestel en hulle sal nou vir ons terugvoer, maar hulle het tot nou mos nog niks vir ons laat weet. Toe voel ons nou ons wil nou eers vanmôre bel en vertel, want hy het gesê as die goed nie opgesit word nie, moet ons hom tog in kennis stel, vir hom op hoogte hou. O hemeltjie, ek weet darem nie wanneer sal ons verlos word uit hierie soort regering wat ons hier het. Ek weet ook nie waar moet 'n mens 'n beste plekkietjie soek. Almal lyk my is ook maar eners. Ja, ons het mos ook vir mnr. Strydom so gehelp met sy doktorsgraad wat hy, daai graad wat hy destyds... Musiek. Hy het mos nou vir ons liedjies laat sing en selfs met die aksies ook. En dan neem hy die liedjies op en hoe hy nou met die aksies gemaak het, weet ek nie. Maar ons het vir hom gehelp, want hy het so 'n boek, 'n groot boek ook daarvan geskryf waar ons ook onse foto's daar sit, almal wat gehelp het in sy taak. Nou dis mos by hom wat Van Biljon darie twee liedjies uitgehaal het, darie "As jy vir my skop en trap, wie sal vir jou was en stryk?" en toe verwerk hy dit nou net bietjie en hulle sing dit ook nou in hulle koor. Nou maar darie was mos nou net musiek gewees. Iets wat ek ook so baie aan dink is, Mevrouw, onse mense het mos baie grotigheid gemaak van hulle nagmaal, u weet wat is 'n nagmaal, hierie nagmaaldiens. En dit was maar twee maal in die jaar. Vroeër jare het hulle dit net twee maal in die jaar, Desembermaand, en weer so Junie-Juliemaand. Dit was altyd net twee maal in die jaar het hulle nagmaal gehad. Dan kom ons nou van die plase af, word die wa nou ingespan, vir die naweek, sal ek maar nou sê, maar nou ry ons nou al Woensdag daarvandaan, dan word dit hier padlangs by Nooiras, soos die plek, daar word nou kom uitgespan. Vir die nagmaal se kom, afkom, wat hulle vir die nagmaal afkom, word nou 'n koei gevat met 'n kalfietjie, want die melk, hier was mos nou nie melk en twee slagbokke, want hulle het ook nie baie met skaapvleis gespook nie. Nou word die, padlangs as ons nou die aand kom slaap, dan word 'n kralietjie gemaak en die koei se kalf word afgekeer en die twee bokke word nou ook daar by die kalfietjie ingejaag. Die ou kralietjie. Sommer so van ou gharietakke soos hulle sê word dit gemaak, so doringboompies. En dan is dit vir ons soos die mense vandag uitgaan hier op hierie sportstoere, en op hier na die swemplek wat hulle gaan ontspaan, so was die nagmaal vir ons as kinders. Dit was nou onse ontspanning. Want daar waar dit die

aand gekom slaap word, dit is altyd twee of drie huisgesinne wat saamgaan met hulle se wa en osse en dan had ons, speel ons nou maar die hele aand daar, ons as kinders maak ons sommer gou vir ons daar plekkietjie, ons speel en dan eet ons mos en dan slaap ons. Dit word ook net daar skoongehark, gou-gou, daar word 'n hark en 'n graaf en alles opgelaai op die wa, dan slaap ons daar. Dis nou my persoonlike ondervinding. En as ons die oggend vroeg, moet ons vroeg opstaan, dan het onse ma en pa al klaar gereed met hulle se koffie. Elke kind kry nou sy beker koffie. Ons het ook nie brood en goed in die oggend gekry soos vandag se kinders. Drink ons daai beker koffie en 'n bord pap en dan's ons op die pad. So ons het eintlik, hene ek kan nou nie die kilo's so mooi onthou nie, hier van Rehoboth na Groendraai was dit omtrent seker so 60-62 myl vroeër jare. En darie stukkie ent word twee drie dae gery, want kort-kort word uitgespan, dan word eers weer tee gemaak en die goed moet geversorg word. Die osse moet eers bietjie uitgespan word en dan kom ons nou so sononder, sê nou die nagmaal is Sondag, nou Vrydag so skemeraand dan is ons nou hier in Rehoboth. Hier was maar ook nog net paar huisietjies, hier was nie die klomp mense vandag nie. Dan word nou weer 'n kraal gemaak vir die ou kalfietjie wat nou en die grassietjies vir die koei wat hier padlangs die word nou eenkant gesit. Want elke huisgesin het sy ou, het self sy melk geversorg, sy koei. Die wat nie het, het natuurlik vir die ander gegee, maar elkeen wat gehad het, het hulle eie gebruik. En dan was dit nou 'n gedoente, die hele Saterdag het die oumense net geloop aanskrywings gedoen, want darie tyd was dit ook so die mense kan nie nagmaal gebruik as hulle nie eers aangemeld het soos hulle sê, aangemeld het nie, aanmelle, soos die Basters gesê het, hulle moet eers loop aanmelle. En as hulle nou klaar aangemeld het en daai, ek weet nie eens, ek kan nie meer onthou of hulle ooit geld betaal het nie, weet net hulle het hulle kaarte gegee en die ander dag as die kerk nou afgehandel is, die nagmaal, Sondag, dan moet weer Sondagmiddag word die wa en die osse ingespan en die kalfietjie, die koei, en dan's hulle weer... Dan kom hulle nou miskien eers weer Woensdag, Donderdag by die huis. En waar dit nou vandag net 'n paar ure se ry is. Vir ons as kinders, ons het eintlik geverlang wanneer is dit tog weer nagmaal lat ons kan net speel en bietjie los is van die

roetine af. Want darie jare, daar in die dertigerjare toe ons kinders gewees het, het elke Rehoboth-Baster wat sy eie plaas gehad het, het ook sy leermeester gehad wat sy kinders skool gegee het. So ons het eintlik op die plase onse eerste lettertjies geleer. En as ons hier by hierie groot skool in Rehoboth kom, dan is ons miskien twaalf jaar, dan moet ons van Sub A af weer begin. So het onse storie geloop, regtig. Soos daai ding wat ek al die dag so praat en sê onse ouers was darem dom, want ek was al 'n groot meisie van so twaalf jaar en toe ons nou van darie onderwyser wat ons op die plaas vir ons so touwys gemaak het, hier kom en ek word getoets, toe word ek gesê nee ek kan nie eers Sub A se werk doen nie, maar hulle het my darem by Sub A gesit. Babs, weet jy toe ek hier vyftien, sestien jaar is, toe's ek nog nie eeras in standerd 1 nie. Maar so het ons mos maar deurgekom, weet Mevrouw, en vandag se kinders kan nie darie goed glo nie, hulle glo eenvoudig nie. Ek meen vergelyk nou darie tyd se lewe en vandag se lewe. En soos my ma, as ons van die plaas af kom, dan sy bring soveel melk saam as wat sy kan, maar op die pad word die melk mos nou dik, want ons het mos nou nie hierdie koelkamers en goed gehad nie, het nie so iets geken nie. Dan as sy nou hier kom, dan word al die families wat nou in die dorp bly, moet nou hulle emmertjies gee en dan gee sy nou vir elkeen sy dikmelk, en 'n stukkie vleis en boerseep wat sy nou saamgebring het vir hulle. So het onse mense geleef. En dan die koeitjie wat nou saamgebring word, se melkies is nou net vir die tee en koffie. En so kan 'n mens aan baie dinge dink. Weet jy, ek onthou een slag het ek ook met my oupa en oura saangery, dit was nou nie my eie oupa nie, dit was my stiefoupa en -ouma, want ek was maar drie jaar, het my ma met my stiefpa getrou. En ons het nou met 'n wa en twee osse het ons gery. En hier by anderkant, Babs sal seker kan geonthou het, maar ek weet nou nie of sy Groendraai se pad so ken, hulle het mos maar ook hulle eie paaie, daar was nie juis 'n spesifieke pad gewees, elkeen het maar, ek meen soos hier van Groendraai na Kham-Kham en darie plekke, die mense het hulle eie paaie, ek meen hulle het so presies geweet hoe moet hulle ry. En ons sit nog so in die kar toe sê my, nêe, nêe darie dag, verskoon tog, darie dag het hulle donkies in die kar gehad en een donkie was bietjie stukkend geslaan en darie tye het die polisie mos vreeslik die mense gestraf oor

dieremishandeling. Partykeer kom hulle spesiaal in die plaas in en kom kyk na die donkies. As hulle net 'n kaalplekkietjie iewers het, dan moet die eienaar nou rekenskap gee hoekom is die donkie... kyk hulle was vreeslik streng darie... hulle's nie vandag meer so nie. En ons kom ry nog so, maar ons het net die bultjie oorgegaan, toe sê my ouma vir my oupa, onthou daar kom die polisie aan. Hoe moet ons nou maak, die donkie het dan nou so 'n stukkende skaafplek gekry. En van darie tyd af is ons as kinders nou gelaat bid lat die polise tog nie moet die plek sien as hulle verbykom nie. Maar elke keer as ons nou opkom, Babs, op die bultjie dan sien ek dat dit lyk dan vir my die mens staan net op een plek. Nou ek kan mos vreeslik gepraat het. Ek sê nee, Oupa, darie is nie 'n poliesman, dit lyk nie vir my soos 'n poliesman, of miskien is dit net 'n stomp of iemand. Nee, wat weet jy, dit is 'n poliesman en julle kinders moet julle monde vandag hou. Julle praat nie 'n woord nie. Sien vrou, ons het met daai opgeklimde hart gesit, en toe ons eindelijk by die poliesman uitkom, toe's dit 'n aalwyn. Maar dit was so 'n verligting. As kind, want ons was so bekommerd as die poliesman vandag hier kom. Sulke goedjies val altyd 'n mens so by as jy nou so alleen sit en dink. En die ouvrou en die ouman het nou getwis op darie kar oor die donkie wat stukkend is. Ouma sê ek het vir jou gesê moenie hierie donkie inspan nie. Nou wie het dan geweet lat hierie bleddie poliesman nou vandag op hierie pad sal wees. Hy ken mos nie hierie paaie nie. Maar so het hulle deur darie, ons ry partykeer die hele dag van die een plek na die ander, net om mense te gaan kuier, net om hulle familieledede gaan kuier. Daar Groendraai en Ghobbos, dit was eintlik twee-drie dae se ry met 'n perdekar, want hulle bly mos uitspan by elke familiehuis. Maar dan gaan kuier hulle nou vir die Van Wyks, dis nou die Beukese, my stiefpa en my ma en die Van Wyks is nou my ma se familie, hier oom Dirk van Wyk-goed. Dan ry hulle daar van Groendraai af net om darie mense vir 'n paar ure te kom kuier. En dan word die kar op pad, dan slaap ons ook met daai perdekar. Wie sal dit vandag doen, Babs, ons is dan so haastig. Ons wil dan nie eers as ons Windhoek toe ry, wil ons dan nie eers hier op die pad stilhou nie, want ons wil netnou weer by die huis wees. Darie mense was nie bekommerd oor die huis nie. Hulle het hulle diere, hulle't alles by die huis, tuine vir hulleself gemaak, dan los hulle as hulle vandag voel, kyk hierie

naweek gaan kuier ons nou Van Wyks, dan los my pa en my ma net daai volk. Ons het natuurlik darie tyd volk gehad. Weet jy wat is volk? Mense wat vir ons gewerk het, hierie Namas en Damaras wat nie wil vandag gesê wees volk, hulle was onse volk. Ons het vir hulle gesê outa en aia, en hulle het vir my gesê my nooi se kind. Ons het mekaar gerespekteer, ons het nie op hulle neergesien, omdat hulle nou onse volk is nie. Ons het in daai volkmense se huise het ons ingegaan, ons gaan eet die kos wat hulle daar vir hulle kinders maak. So't ons saam grootgeword. Daarom is baie van hierie ou Basters is tweetalig, hierdie Afrikaans wat ons ook ken, en dan Nama. Ons het baie met die Namamense grootgeword en daarom kan ons hulle taal so goed praat. Sommige van ons kan dit selfs lees en skryf en so.

V: Kan Tannie ook Nama praat?

L: Ja, dis eintlik my taal. Vra vir Babs hoe sing ek Namaliedere as ons konserte hou. Nee, ek is baie lief vir Nama. En ek het ook baie Namavriende wat vir my kom kuier hierso. Ek kan dit lees, ek kan dit skryf, sonder dat ek skool gehad het. Net so saam met die anners geleer. So, onse ou lewetjie was maar 'n tog te harde lewe, maar ons het nie gestaan en baklei oor pensioen van die Regering soos vandag. Ons was vrede met dit wat ons gehad het.

V: Toe tannie Lottie in Duitsland was, het Tannie nie vreemde ondervindings gehad nie?

L: Nee, by my was in Duitsland was alles nou reg, want my kinders was by my. Hulle het my orals gevat en ek het goeie vriende gehad. Maar my nare ondervinding was op Frankfurt, want ek was so alleen. Ek sê vir tannie Tina die ander dag: Tannie sit en spog met Duitsland, Tannie het maters gehad wat saam het, maar Tannie moet die ondervinding gehad het, ek was mos heel alleen. En darie Frankfurt is mos een van die grootste lughawe, ek weet nie of daar net twee of drie van hulle is in die hele wêreld, soos hulle sê. En alles is onder dak. En jy gaan ook mos soos met die roltrap, ek meen hy's nou nie so af nie, maar al die

verskillende, hoe sal ek nou sê, stasietjies waar jy moet gaan na jou vliegtuig, gaan mos nou die paadjies wat hulle jou nou met die roltrap vat. En ek het mos nou nie daarvan geweet nie. En weet jy, niemand kan, die mense praat so 'n hoë soort Duits daar, kyk hulle rol, hulle bry mos almal en ek moet seker binne 'n paar minute moet my vliegtuig kom wat nou Keulen toe gaan. Ek moet van Frankfurt moet ek nog Keulen toe gaan. Daar sal my kinders my eers kom kry. Hulle het natuurlik alles vir my mooi geskryf en gedinges, maar hulle stuur toe 'n vrou van Keulen af om vir my op Frankfurt te kom ontmoet, maar ek en die vrou mis toe mekaar. O, maar darie dag het ek gebid soos ek nog nooit gebid het nie. Ek kom later hier by 'n so 'n bloupakman, is seker hierie veiligheidsmanne, securities wat hulle sê, en ek is net hier by hom. Roep ek hom nou en ek praat so 'n gebroke Duits. Hy sê: O, Vrou, kom kom, jy's amper laat. Hy had my hier aan die arm en ek en hy's op daai, gelukkig my bagasie is alles mos op die vliegtuig, ek het niks daar. En ons is daar op die ding. Nou wil ek hardloop, maar ek sien die ding loop dan nou. Hy hou my teë en hy sê nee, ek moenie hardloop nie. Die ding bring vir ons daar. Ek moenie hardloop nie. En eindelijk is ons nou by die plek. Weet, ek het net in die hokkietjie ingegaan waar jy nou moet gaan, so bankie wat jy nou jou vliegtuig sit en wag, toe roep hulle nogal my naam. Ek het net so holderstebolderste in hom in en sit en ek is weg. En daar op Keulen het dit nou goed gegaan. Toe is my kinders nou daar.

Maar met die terugkom, toe raak onse vliegtuig hier in Spanje by Madrid, daar moet mos weer volgemaak word, en daar, van ons uit Frankfurt gery het, was die vliegtuig so, jy hoor net hoe die manne praat en praat en dinges. Jy sien hier is moeilikheid maar hulle sê mos nie vir die passasiers nie. En toe ons, toe sê hulle moet nou 'n noodlanding maak by Madrid en ons sal nou daar seker oornag. Goed. Hier kom die klomp busse wat nou moet vir ons na die hotel in Madrid vat. Toe was ek op die elfde verdieping. En ek is so teleurgestel en hartseer en ek is net besluit vanaand slaap ek nie. Ek sit wakker tot môre vroe. Want dis net waar jy kyk, dis 'n interkom, dis 'n TV, dis 'n telefoon, ons is mos nie daai goed gewoon nie. En die beddens is vir jou netjies opgemaak. Ek sê ek sit maar hier. So omtrent seker in onse tyd seker so twaalfuur, eenuur toe

dink ek ek kan ten minste mos gaan bad dat ek môreoggend lekker vars voel. En ek is ook in en ek het die dingetjie gedruk, die knoppietjie. Maar dis so, kyk hulle is so beskermd, die knoppietjies, dis asof hulle so onder 'n ander dingetjie, jy weet nie waar is die ou knoppietjie nie. Jy sien net darie, soos 'n vatseltjie, oral sit die ou knoppietjies wat jy nou moet druk. En ek het gelukkig seker die eerste keer die regte knop gedruk. Maar, toe word die water nou, die water kom nou, die bad is heel in die vloer, jy trap gelyk met die vloer, die bad is in die vloer. En hier sien ek dan later dis net so skuim. Hy kom dan ook nog so, die skuim. En ek het nie 'n plan, ek kry nie die deur oop nie, en darie soort deure word net van buitekant maak die mense jou oop. As jy wil uitgaan, moet jy die interkom gebruik of die telefoon of iets dat darie man vir jou kom oopmaak. Ek is later heel kaal, want ek wou mos nou gebad het. Weet Mevrou, en die water kom net op en die water kom net op. Ek het nou gedruk, druk, druk. Niks stop die ding, kom net op. Ek sien eintlik hoe versuip ek in die bad. Die water loop lateraan oor die badjie. En dis ene spieële. Ek sien my sterre en als soos ek daar draai, sien ek. En later, net asof iemand vir my sê kyk hier by die koppenent, daar sien ek staan iets soos skuim, jy weet, maar dis in darie taal van hulle, maar toe besluit ek dit moet 'n soort skuim iets wees, en ek druk darie knoppie, toe sien ek darem die skuim. O hene, maar dit was nou 'n nare ondervinding. Daar is ek heel af van my bad af. Ek wil nie eens in darie pragtig, en hy't so 'n lekker reuk daai water. Ek het maar net darie tyd my gesig en armpies af, maar aangetrek en op die bed gaan sit totlat die waiter toe ingekom het die oggend met my koffie en goed en toe is onsie buste ook nou al weer reg wat ons nou weer na die lughawe toe neem. En ek was net vyf minute voor die bus sal kom, toe ontdek ek ek het mos my jas hierbo in die elfde verdieping gevergeet. En ek weet nie hoe word darie lifts gewerk nie. Hulle's heel anderster van onse lifts. Jy weet nie hoe moet jy vir hulle druk nie. Maar gelukkig toe kom daar een van die opsigters en ek sê vir hom hy moet tog asseblief na darie kamer soveel en soveel op die elfde verdieping toe gaan haal. Hy't in die bus vir my my jas gekom gee. Amper was ek nog uit my jas uit.

EINDE VAN ONDERHOUD

**Segspersoon: Mev. Sara Abrahams (59 jaar)**

**A: Mev. Sara Abrahams**

**V: Vraesteller**

**V: Het Tannie op 'n plaas grootgeword?**

**A:** Ja, eintlik het ek mos daar gebore. En ek het daar verstand gekry. Toe was ek al 'n meisiekind van tien, elf jaar. En in darie ouderdom toe gaan ek eers skool. Ek het eintlik daar gebore op die plaas en daar't ek grootgeword en daar het ons hiervandaan, die tyd van oupa-meester Vries. Hy't altyd uitgegaan, twee maal in die week, die Woensdag en dan oor die naweek en hy't vir ons nou kerk gegee en katkisasieklas gehou, skool gehou. En so het ek maar altyd, soos ek meer lief gewees het vir diere, ek was nie lief om by die huis te wees nie. Ek was meer lief om met diere te wees en so het ek my pa altyd uitgegaan, as Pa vir my stuur, gaan haal miskien vir my die perde. Dan kom vat ek 'n Tom, dan kom ry ek die perde. So het ek meestal in die diere grootgeword, ek het nie baie huiswerk gedoen nie. So't ek maar nou grootgeword. Daarom het ek altyd nie gereeld by darie skool ook gepas nie. Ek het maar altyd geglip en dan't ek maar na die diere toe gegaan. My ma't vreeslik gesukkel om vir my aan naaldwerk te kry, aan huiswerk te kry, maar my pa't altyd gesê dis enigste kêrelkind wat ek het, maar dan is daar kêrelkinders. Omdat ek so gewillig en gehoorsamig gewees het, het hy altyd vir my gesê, vir my ma gesê dis enigste kêrelkind wat ek het. So het ek maar grootgeword op die plaas en toe moes ons nou hiernatoe kom lat ek nou verder hier kan onderwys. Toe word die oukêrel sieklik, dan kan hy nie so op en af gery het nie. En darie jaar, was mos daai '34 wat dit so vreeslik gereent het, nou as die rivier vol water is, dan kan hy ook nie deurgaan nie. So het ons toe maar gebesluit ons kom trek af in hierie huis het ons gekom, hier het ons gebly. In 1940 gekatkiseer en ek het skoolgegaan en dan loop ek maar so van die skool af of partykeer is ek siek, maar dan is ek nie siek, dan wil ek nie skool toe gaan. Dan's ek nou die Sub

A geslaag, dan's ek nou in die Sub B. Sukkel-sukkel. En toe ek nou standerd 1 toe moet gaan, toe los ek die skool. En dan het my ma nooit geweet ek is nie in die skool. Maar ek gaan skool toe oggend, dan gaan ek hier in die rivier, dan gaan sit ek daarso, dan middag as die kinders uitkom, dan kom ek maar saam. Dan kom ek maar saam met die kinders. En so het ek maar aangegaan. Dan gaan ek weer twee dae skool toe. Standerd 1 het ek net twee weke skool toe gegaan. Toe moes my pa nou trek daar anderkant Omitara uit, daar moes hy gegaan het, daar moes my pa 'n voorman gewees het. En toe los my ma my toe mos by hierie vrou en haar man, toe was ons nog in die huis gewees lat ek nou verder kan leer, katkiseer. Toe sien ek toe nee, ek sal maar net so bietjie, hulle's nog nie pa en ma nie, ek sal maar vir hom verneder en verag. Dan loop ek maar, vroemôre staan ek op, dan's ek uit uit die huis uit, dan het ek bokke gaan soek wat ons nie het nie. En dan kom ek maar middag as die kinderse kom, dan's ek maar weer by die huis. So het ek maar die skool gedros en lateraan het ek toe 'n pak gekry toe bly ek maar skoolgegaan. Ek het net daardie eerste maand en 'n half, 'n maand en twee weke, standerd 1 skool toe gaan, en na dit toe kry ek nou gedagte ek wil nou huis toe gaan, paar maande. En toe laat kom my oom vir my ma. En toe't my ma gegaan en vir die onderwyser gesê die kind gee baie probleme en ek wil eers die kind 'n tydjie saamvat. Daar't ek toe loop gebly, daar't ek die onderwys ook gelos, en toe kom ek toe nou weer terug. Dit was in '50 gewees toe kom ons terug, en toe't ek hier gekatkiseer. Nee, dit was '47, '46 het ek gekatkiseer. Toe kom ek nou terug. '46 het ek onderwys gegaan en ek is die einde darie jaar aangeneem. En ek was die eerste Januarie '47 toe gaan werk ek in Windhoek. Toe was ek sewentien jaar gewees, toe gaan werk ek by die polisie en toe van die polisie af het ek toe nou net so gewerk lat ek net by die weermag gewerk het. Toe het ek alles gelos, ek het nou die skool gelos, ek is nou klaar met die onderwys, die skool het ek net half gedoen. So het ek maar aangegaan met my kinderdae. En ek was baie lief vir dans, maar ek was al ook nie daai tyd was ek ook nie vir boyfriends, ek het ook nie belanggestel aan boyfriends nie, ek was net lief vir plesier, maar nie belanggestel aan darie tipe ding. Maar lateraan, toe't ek eers by hulle is, toe vang die moeilikheid vir my. Toe moes ek mos nou 'n baba onegtelik voorbring. Dit

het nou so gekom dat ek moet moet in daardie moeilikheid geval, al wil ek dit ook nie gehad het nie. So't ek maar my loopbaan aangekom en toe die kind daar is, toe het ek gebesluit om alles te los. En net voor my pa se dood het ek gebesluit ek gaan nou maar liewerster die wêreld afsien en dan gaan ek maar gereeld kerk toe, gereeld kerk toe gegaan. So't ek maar gehoor en geleer van die Woord van die Here. En toe besluit ek toe ek moet my hart vir die Here oopmaak. En op 'n aand toe praat die Here met my deur 'n droom. Het die Here my gepraat en Hy wys vir my, Hy sê vir my, Hy gee vir my die hoofstuk van Openbaring 3:20, en die Here sê vir my so mooi: Kyk, ek staan by die deur en ek klop. As iemand my stem hoor, moet die deur oopmaak. Dan sal ek binnegaan, dan sal ek jou maaltyd hou en daardie droom het vir my tot besef gebring dat ek waarlikwaar al die dinge op verkeerde pad gewees het en toe't ek my lewe vir die Here gegee. Nou is ek vry van alles af, ek rook nie, drinker was ek nie gewees, ek het 'n kwaai roker gewees, maar ek is ontslae van al darie dinge. Ek dans nie, ek rook nie, vloeker was ek ook nie, van jongmeisietyd was ek nie gewees nie, vloeker was ek nie gewees. Ons ouers was ook nie darie tipe mense nie. Hulle het nie vir ons geleer nie. Hulle het vir ons net in goddelikheid grootgemaak. Maar soos 'n kind is, dan vat ons mos maar self die lewe. En so het ek maar gegroei in die dinge van die Here. Toe het ek gegaan en ek het toe vir die predikant gevertel daar het iets in my lewe gebeur en hy moet saam met my bid. Hy en sy vrou het met my gebid en vir my gevra hoe ek nou gebesluit het, hoekom ek dan nou die wêreld gelos het en toe vertel ek nou vir hom. En toe vra hy vir my wat wil jy vir die Here maak. Toe sê ek ek wil baie vir die Here beteken, solank Hy my nou gespaar het. Toe leer ek, toe gaan vat ek 'n kursus vir 'n Bybelvrou en in dieselfde tyd dan vat ek sommer 'n kursus vir 'n leier. Toe het ek toe die altwee het ek toe geslaag. En toe gaan ek twee keer Kaap toe, daar vir ons wat verder opleiding gekry het, hoe om met mense te werk, met siek mense, met jongmense, met oumense, oumens van bejaardes wat in die ouetehuis is, hospitale, al daai tipe dinge, hoe jy moet optree as jy 'n boodskap, 'n preek moet lewer in die kerk, hoe jy jou, hoe jy moet jou vorentoe bring as jy op die preekstoel opgaan. Jy moet so ingetoë wees dat as jy daar gaan, dan moet jy weet dis 'n heilige plek. Kyk, dit is alles wat ek toe

nou geleer het. En ek kan net vandag kan ek waarlikwaar vir die Here sê ek is baie dankbaar, vandag is ek vry, ek kan vir enige ene liefword en ek kan ook darie liefde wys wat in my hart is. Soms dan voel ek so teleurgestel as ek sien hoe die mense lewe met mekaar. Hulle het nie daai skakeling van liefde nie, hulle het nie daai skakeling van blydschap nie. Nou, ek het waarlikwaar, ook deur al die beproewings, kan ek vandag vir seker waarlikwaar sê God het vir my liefde gegee, Hy het vir my vrede gegee. Ek is ontslae van alles af. So was my loopbaan gewees. Ek was waarlikwaar net op die uit van dans, ek had kerk toe gegaan, ons het gereeld kerk toe gegaan met onsie ouers, maar daar is tye wat as die music daar is die aand, dan wil ek net nie slaap nie, dan gaan ek. My ma en pa sê jy gaan nie, dan gaan slaap ek, dan spring ek deur die venster. So 'n kind was ek gewees, maar ek kan die Here regtig baie dankie sê wat Hy aan my lewe gekom doen het. Ek is vry van alles af.

V: Het Tannie vir Tannie se kinders stories vertel toe hulle klein was?

A: Nogal, nogal. Ek het mos nou net daai een meisiekind. Ek het altyd, ek het vir haar gelos by ma. Sy het 1950 gebore, sy het op my verjaarsdag gebore. Die aand, die dag wat ek verjaar het, het ek nog koek gebak, maar dit was op die plaas gewees. Ek het nog koek gebak en die aand mooi kwart oor ag toe bore sy. Net na ek die mense klaar bedien het en voor ek eers nog die koppies en goed opgewas het. Mooi op die kop kwart oor ag toe bore sy die aand, maar dit was op die plaas gewees, maar dit was so mooi, ek meen, hoe sal ek sê, daar was nie probleme gewees nie, ek het nie swaar geboorte gegee nie. Dit was waarlikwaar baie goed gegaan. En daar het ek toe vir haar net twee weke gebly, toe kom ek hiernatoe af. Daai tyd toe't ons nog nie dokters gehad het, dit was suster Elna, toe't ons nog nie dokters gehad, toe't ek net vir haar gevat en sy's net geweeg en medisynetjies gegee sodat sy nie moet later oor polio, darie het sy vir haar gegee. En sy het toe daar gebly en dit is vyftig, een en vyftig, toe kom haal dieselfde blankes vir my wat ek by gewerk het. Toe was hulle terugverplaas van Pretoria af Windhoek toe. Toe kom hulle vir my, maar toe sê hulle vir my ma, toe sê sy ek los nie

die kind, toe sê hulle sy kan saam met die kind kom en toe het ek vir haar en hulle se baba saam met myne grootgemaak in die huis. Toe daai seuntjie sewe jaar oud, hy moet nou volgende jaar skool toe gaan en mynietjie was nou vier jaar en vyf maande oud gewees, toe moes ek vir haar terugbring om daai kind skool vat, die blanke kind wat ek toe nou skool toe vat, St. George's skool toe. Want toe's die pa gesterwe, die seuntjie se pa. Toe sê hy vir my ek moet die kind in die skool gaan inskrywe, die St. George's, nie sy ma nie. Toe vat ek die ma, toe't ek en sy die kind by die skool loop ingeskryf. Dit was die geluk van my lewe, ek was baie gelukkig wat ek gewerk het, want ek het nie 'n maand gewerk en weer by ander blankes gaan werk, ek is net as daar ene kom, dan is ek net omgeruil. Ek was waarlikwaar baie gelukkig. Ek was nie die mens wat belanggestel het daai tyd wat ek vir hulle werk, om uit te gaan in die strate. Ek het wel lat hulle my lat uitgegaan, maar ek het sekere vriend gehad wat kan vir my sê moenie so maak nie. Wat nie kan vir my verder wegdrywe nie. En ons het ook nie gereeld uitgegaan en as ons miskien Saterdaggaand uitgaan as daar miskien 'n mooi dans is, gaan ons uit. Sondagoggend dan vat ons hier na die ou lokasie toe, dan vat hulle vir ons uit om in die kerk te wees Sondag en as namiddag klaar gekuier het daar by die families en dan bel ons, dan kom haal hulle weer vir ons. Ons was so twee niggies wat net so gewerk het, en ek was baie gelukkig gewees, regtig, ek was so gelukkig dat ek, dit was vir my so vry dat ek my ouers kan daar vir 'n inslaap kon laat gekom het en ek was seker die enigste wat waarlikwaar by al daai blankes wat ek gewerk het. Ek het gewerk vir 'n tronkbewaarder het ek ook gewerk en hy was baie streng gewees, hy en sy vrou albei was vreeslik streng gewees. Daar mag nie mansmense gekom het, net meisiemense. En ek was ook baie dankbaar gewees. En daar mag ook nie iemand gekom het terwyl ek nog werk nie. Kyk, dit hou my op en dit was net wat ek ook nie gehad nie. Liewerster kom kuier vir my na ek klaar gewerk het. So was ek baie gelukkig, regtig en ek is nie spyt nie. Ek het nou ses kleinkindertjies. Ek is nou al ouma van ses kleinkindertjies. Ek het storieboekies wat ek vir hulle gegee het, wat ek vertel vir hulle al die stories. Hulle hulle moet gehoorsaam wees, hoe hulle moet op die skoolloopbaan, ek vertel vir hulle darie gevaarlike dinge van die lewe. Ek het die naweek het ek die

drie kleintjies gehad. Dit was vir my weer wonderlik om hier sit en vir hulle iets vertel van die lewe. En dan los ek lat hulle maar bietjie speel.

Ek was nou weer van al ons huiskinders was ek nou die enigste wat nou meer vrymoedig, liefdevol gewees het, want almal kon vir my gevat het en my miskien plekkie toe mee gegaan het en ek was nooit te skaam en bang gewees om te gaan nie. Dan word ek weer veilig terug gebring.

Kan ek maar nog so 'n stukkie vertel van die plaas?

My pa het mos 'n ossewa gehad, daai jare het ons mos nie donkies gehad nie, net osse en perde. Nou, as dit so reën, daai '34 dan reën dit, dan's darie rivier vol. Nou kan die vrag van duskant af nie oorkant toe gaan nie. Dan het my pa die, my ma se suster die bly oorkant en ons is nou duskant. Nou dan kom staan hy net by die rivier, dan moet my pa net kom en die vrag kom laai. Dan kan hy nou nie oorgaan. Voor dit reën dan kom my pa nou met die ossewa van die kant af, hy vat agtien osse span hy in, agtien, en dan kom laai hy nou die vrag van hierdie wa af en dan span die boys nou die osse uit daarso, dan is die wa nou leeg en as dit reën dan is die vrag nie nat, dan is sy vrag nou by ons. Dit was vir my baie belangrik gewees en dit is die dinge hoe ek geleer het. Daarom kan ek nooit by my ma gewees het nie, om by die huis iets te gedoen het. Ek het toe lateraan, het ek maar eers so bietjie weer naaldwerkies gedoen, weer huiswerk gedoen en weet Juffrou, ons het baie swaar grootgeword. Na darie groot reëns is alles verspoel, die droogte het mos opgedroog. Weet Juffrou, ons het uit daardie huise uit het ons grootgeword. Ons het self die hout gedra, nie aangery nie, ons het dit gedra. Ons het uit die bome uit, daai skille, die pale gesaag en ons het darie fynbosse gevat om te dek om met darie mis te kan pleister. Dit was nie sement nie, met mis het ons gepleister. En dan vat ons hierie doringboomgom en dan meng ons nou met die mis en die klei en dit was nou die vloere wat ons mee gemaak het. En met daardie pleister ons nou daardie ronde huise, groot huise, daar is, maak 'n groot, sê nou maar soos die stoep dan kry ons 'n afkorting, maar ons maak hom ook met daardie hout, my pa en ma se

slaapkamer darie kant, ons s'n is anderkant en dan die kombuis ook. Weet Juffrou, daai tyd het ons nie stowe, hierie koolstowe nie, dis hierie oond, met die klei is hier gemaak, dit was onse bakoond vir brood, alles gewees. My pa het vir my ma in die kombuis so 'n ding gemaak wat jy kan op die stoof neersit, en hy het so ysters neergesit en as jy vuur maak, dan kom daar nie 'n rook in daardie a kombuis nie. Dit was nou die stoof gewees. Hy het dit self met ysters gemaak. En dan met blik had hy deksels gemaak soos 'n stoof. So had ons grootgeword. Dit was die mooiste stoepe met mis en vloer alles het ons gemaak daar. Ons het rondom om van hiervan tot so het ons langsaan so met daardie mis het ons so soos hierie paadjie so het ons gemaak. Dit was wonderlik. Ons het met klip het ons 'n jaart gemaak, heining gemaak. En ons het hierdie wit klei, wat hulle sê die wit grond, die het ons gevat en met water aangemaak en dan verf ons daardie klippe lat hulle wit is. En dan maak ons 'n paadjie. Waar die voetpad kan in, waar die kar of 'n wa kan ingaan. So het ons gemaak. Ons het nie mouterkar geken darie jare, dit was net die perdekar en die ossewa wat ons geken het. So het ek grootgeword. Dit was vir my baie lekker gewees. Ons het baie swaar grootgeword. Partykeer het, toe het my pa later werk gekry, toe kry hy nou die kaart en transport. Toe kan ons eers klere kry. Onse klere was van meelsakkies. Die meelsakkies het my ma altyd uitgewas en uitgekook, dit was onse rokkies. Sy het dit self gemaak, dit was onse broekietjies. Dan daai sy miskien die hemde om 'n kleur te kry, blou of so groen en dit was my pa se hemde gewees. Broekmaterials het sy altyd gekry by die (?) stukkies lappie. Dit het sy vir my pa broeke gemaak. Maar hemde het sy altyd, so't ons grootgeword. En later het my pa nou die kaart en transport gekry, toe het ons eers geleer wat is 'n rok, ordentlike rok, wat is 'n winkelrok, wat is 'n winkelskoen, maar sy't vir ons self velskoens gewerk. Jy kon gesê het dit was as't ware velskoens wat jy gekoop het. Ek het uitgesien na daardie lewe. Vandag is die lewe so duur. Darie jare was dit goedkoop gewees. Jy het material het jy gekry van 'n tien sent 'n meter, twintig sent 'n meter. Hierie suiker het jy gekry, dan kry jy tiekie se suiker, sikspens se suiker. Dit was baie lekker gewees. Ma het net vir ons gevertel van die lewe, hoe ons moet as ons nou opgroot, hoe ons moet versigtig wees. Wat beteken die lewe, daarom was ek baie versigtig. O,

ek het baie swaar gekry om darie kind te kry, vreeslik swaar, ek het gehardloop, ek het gevlug. Maar dit was op 'n plaas wat ek gewerk het vir die blankes, toe moes ek mos nou deur die bos moet ek nou huis toe gaan in die namiddag. Nou partykere dan moet ek nou die man wag tot die man kom lat ek kan sy skottelgoed was. Dan is dit al halfsewe, kwart voor sewe, wat ek eers kan huis toe gaan. Ek het baie swaar gekry. Regtig, ek het gevlug, ek was nie gewillig om (?) Vandag is ek regtig nie spyt nie. My kind die gee so baie vir my om. Darie man van haar gee ook om.

EINDE VAN ONDERHOUD

BIBLIOGRAFIE

APPEL, RENÉ; HUBERS, GERARD & MEIJER, GUUS. 1979. Sociolinguïstiek. Utrecht/Antwerpen: Uitgeverij Het Spectrum.

BAYER, MAXIMILIAN. (Vertaal deur Carstens, Peter) 1984. The Rehoboth Baster Nation of Namibia. Basel: Basler Afrika Bibliographien.

BOCK, PHILIP K. 1970. Social Structure and Language Structure. (In Fishman, Joshua A. red. Readings in the Sociology of Language. Den Haag: Mouton.)

BOTHA, J.P. 1985. Afrikaanse Sintaksis vir Voorgraadse Studente. Johannesburg: McGraw-Hill Boekmaatskappy.

BRITZ, R.G.; DE VRIES, L. & OLIVIER, A. (Samestellers) 1970. Ons Eeufees: 1870-1970. Rehoboth.

CHAMBERS, J.K. & TRUDGILL, PETER. 1980. Dialectology. Cambridge: Cambridge University Press.

COETZEE, Abel. 1951. Taalgeografiese studies I. Johannesburg: Impala Opvoedkundige Diens.

COETZEE, ANNA E. 1982. Standaardtaal. (In Van Rensburg, M.C.J. red. Kongresreferate: Linguistevereniging van Suider-Afrika.)

DE KLERK, W.J. 1968. Die aard van dialektiese verskeidenheid in Afrikaans. Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Pretoria.

DE KLERK, W.J. 1972. Dialektiese verskeidenheid in Afrikaans. (In Van der Merwe, H.J.J.M. red. Afrikaans sy aard en ontwikkeling. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk.)

DE WET, A.S. 1984. Vir-patrone in die Afrikaans van die Griekwas. (In Van Rensburg, M.C.J. red. Die Afrikaans van die Griekwas in die tagtigerjare. R.G.N.-verslag.)

DE WET, A.S. 1984. Uit die leksikon van die Griekwas. (In Van Rensburg, M.C.J. red. Die Afrikaans van die Griekwas in die tagtigerjare. R.G.N.-verslag.)

DE WET, A.S. en VAN RENSBURG, M.C.J. 1984. 'n Kontrastiewe Leksikon van Griekwa-Afrikaans en Standaard-Afrikaans. (In Van Rensburg, M.C.J. red. Die Afrikaans van die Griekwas in die tagtigerjare. R.G.N.-verslag.)

DEN BESTEN, HANS. 1986. Double Negation and the Genesis of Afrikaans. (In Creole Language Library, 1: 185-230. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Co.)

DIREKTORAAT: ONTWIKKELINGSKOÖRDINERING. 1981. SWA Bevolkingsensus 1981. Verslag 01-01. Geografiese verspreiding.

DITTMAR, N. 1978. Handboek van de Sociolinguïstiek. Utrecht/ Antwerpen: Uitgeverij Het Spectrum.

DU PLESSIS, C. 1985. Is dit nou hy of sy? (In S.A. Tydskrif vir Taalkunde. 3:3: 1-20).

DU PLESSIS, H.G.W. 1983. Taalvariasie in die Afrikaans van Johannesburgers. (In Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. reds. Taalverskeidenheid. 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans. Pretoria: Academica.)

DU PLESSIS, H.G.W. 1984. Sintaksis. (In Van Rensburg, M.C.J. red. Die Afrikaans van die Griekwas in die tagtigerjare. R.G.N.-verslag.)

DU PLESSIS, H.G.W. 1987. Aspekte van Suidwes-Afrikaans met spesiale verwysing na die Afrikaans van die Van der Merwes. RGN-verslag.

DU PLESSIS, HANS. 1987a. Variasietaalkunde. Pretoria: Serva Uitgewers.

DU PLESSIS, L.T. 1986. Afrikaans in beweging. Bloemfontein: Patmos.

DU PLESSIS, L.T. 1988. 'n Herinterpretasie van die tradisionele benadering tot die Afrikaanse taalbewegings. (In Klasgids 23:1: 79-92.)

DREYER, H.C. 1986. Die beskrywing van Kaapse Afrikaans as 'n variëteit van Afrikaans. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. U.O.V.S.

ERVIN-TRIPP, SUSAN M. 1970. An analysis of the interaction of Language, Topic and Listener. (In Fishman, Joshua A. red. Readings in the Sociology of Language. Den Haag: Mouton.)

FISCHER, EUGEN. 1913. Die Rehoboth Bastards und das Bastardierungsproblem beim Menschen. Jena: Verlag von Gustav Fischer.

FISHMAN, JOSHUA A. red. 1970. Readings in the Sociology of Language. Den Haag: Mouton.

FOURIE, J.J. 1985. Aspekte van die Afrikaans van die Riemvasmakers. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. P.U. vir C.H.O.

FRANCIS, W.N. 1983. Dialectology. An Introduction. New York: Longman.

GUMPERS, JOHN J. 1970. Types of Linguistic Communities. (In Fishman, Joshua A. red. Readings in the Sociology of Language. Den Haag: Mouton.)

HALLIDAY, M.A.K.; McINTOSH, ANGUS & STREVEENS, PETER. 1970. The users and uses of Language. (In Fishman, Joshua A. red. Readings in the Sociology of Language. Den Haag: Mouton.)

HUDSON, R.A. 1983. Sociolinguistics. Cambridge: Cambridge University Press.

JENKINSON, A.G. 1984. Morfologie. (In Van Rensburg, M.C.J. red. Die Afrikaans van die Griekwas in die tagtigerjare. R.G.N.-verslag.)

KLOPPER, R.M. 1983. Die sosiale stratifisering van Kaapse Afrikaans. (In Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. reds. Taalverskeidenheid. 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans. Pretoria: Academica.)

LABOV, WILLIAM. 1970. The Reflection of Social Processes in Linguistic Structures. (In Fishman, Joshua A. red. Readings in the Sociology of Language. Den Haag: Mouton.)

LABOV, WILLIAM. 1972. Language in the inner city. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

LABOV, WILLIAM. 1981. Sociolinguistic Patterns. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

LANSBURY, FLOYD G. 1970. Linguistics and Psychology. (In Fishman, Joshua A. red. Readings in the Sociology of Language. Den Haag: Mouton.)

LOUW, S.A. 1959. Afrikaanse Taalatlas. Pretoria: Aurora Drukkers Bpk.

LOUW, S.A. 1963. Afrikaanse spraakgebiede. (In Taalkundige opstelle van oud-studente opgedra aan prof. dr. T.H. le Roux. Kaapstad: HAUM.)

LYONS, JOHN. 1979. Introduction to Theoretical Linguistics. Cambridge: Cambridge University Press.

ODENDAL, F.F. s.j. Aspekte van Taal. Kaapstad: Nasou.

ODENDAL, F.F. 1984. Taal en die gemeenskap. (In Botha, T.J.R. hoofred. Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Pretoria: Academica.)

ODENDAL, F.F. 1984a. Afrikaanse fonetiek. (In Botha, T.J.R. hoofred. Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Pretoria: Academica.)

PETYT, K.M. 1980. The study of dialect: An introduction to dialectology. Worcester: The Trinity Press.

PONELIS, F.A. 1979. Afrikaanse Sintaksis. Pretoria: J.L. van Schaik.

PRINSLOO, S.M.C. 1982. Anaforiek in Afrikaans met spesiale verwysing na substandaardafrikaans. Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling. P.U. vir C.H.O.

RADEMEYER, J.H. 1938. Kleurling-Afrikaans. Die taal van die Griekwas en Rehoboth-Basters. Amsterdam: N.V. Swets en Zeitlinger.

RAIDT, E.H. s.j. Afrikaans en sy Europese verlede. Kaapstad: Nasou.

SCHURING, G.K. 1983. Die beginsels in 'n steekproef vir navorsing oor Pretoria-Sotho. (In Van Rensburg, M.C.J. red. Kongresreferate: Linguistevereniging van Suider-Afrika.)

STEYN, J.C. 1980. Tuiste in eie taal. Die behoud en bestaan van Afrikaans. Kaapstad: Tafelberg.

STRYDOM, S. 1963. Die Afrikaans van die Angolaboere. (In Taalkundige opstelle van oud-studente opgedra aan prof. dr. T.H. le Roux. Kaapstad: HAUM.)

VAN DE RHEEDE, I. 1981. 'n Voorlopige verkenning van die spraak van 'n proefgroep Afrikaanssprekendes. (In Sinclair, A.J.L. red. Kongresreferate: Linguistevereniging van Suider-Afrika.)

VAN DE RHEEDE, I. 1983. 'n Sociolinguistiese ondersoek na taalgebruik in Bellville-Suid. Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling. U.W.K.

VAN RENSBURG, C. 1976. Die bestudering van taalvariante in Afrikaans. (In Taalfasette 20,3: 1-15.)

VAN RENSBURG, C. 1980. Fasette van die studie van nie-standaard Afrikaans. (In Taalfasette 27,2: 71-98.)

VAN RENSBURG, M.C.J. 1983. Inleiding: die bestudering van taalvariante. (In Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. reds. Taalverskeidenheid. 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans. Pretoria: Academica.)

VAN RENSBURG, M.C.J. 1983a. Nie-standaardvorme, variasiepatrone en Afrikaans uit die vorige eeu. (In Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. reds. Taalverskeidenheid. 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans. Pretoria: Academica.)

VAN RENSBURG, M.C.J. 1984. Oranjerivier-Afrikaans. (In Van Rensburg, M.C.J. red. Die Afrikaans van die Griekwas in die tagtigerjare. R.G.N.-verslag.)

VAN RENSBURG M.C.J. & COMBRINK, J.H. 1984. Transvaalse Afrikaans. (In Botha, T.J.R. hoofred. Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Pretoria: Academica.)

VAN SCHALKWYK, D.J. 1983. Fonetiese variasie in die taal van die Rehoboth-Basters. Ongepubliseerde Proefskrif (D.Phil.). R.A.U.

VAN SCHOOR, J.L. 1983. Die Grammatika van Standaard-Afrikaans. Kaapstad: Lex Patria uitgewers.

VERHOEF, M.M. 1988. Aspekte van Oranjerivier-Afrikaans in die spontane taalgebruik van blanke boorlinge in Noord-Kaapland. Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling. P.U. vir C.H.O.

VON WIELLICH, G.R. 1925. Ons geselstaal. 'n Oorsig van gewestelike spraak soos Afrikaans gepraat word. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk.

WEBB, V.N. 1983. Die taalwetenskap as sosiale wetenskap. (In Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. reds. Taalverskeidenheid. 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans. Pretoria: Adademia.)

WEBB, V.N. & DE VILLIERS, A. 1985. Standaardafrikaans: Chomskities of Labovians? (In Grieshaber, N.J. en Venter, J.L. samestellers. Kongresreferate: Linguistevereniging van Suider-Afrika.)